# BOERDERY IN DIE SUID-AFRIKAANSE REPUBLIEK

## 1858 - 1899

Akademiese proefskrif ter verkryging
van die graad Doctor Litterarum ,
Universiteit van Suid-Afrika.

Promotor: Dr. A.E. du Toit.

deur

PETRUS NAUDÉ

1954.

# V O O R W O O R D .

Staatkundige gebeurtenisse en ontwikkelinge was vir die Afrikaner tot dusver van soveel belang,dat dit in die Afrikaanse geskiedskrywing nog steeds die meeste aandag geniet het. Die stryd vir 'n onafhanklike staatkundige bestaan was vir die Afrikaner vir 'n groot deel van sy geskiedenis 'n lewenseis.Deur die drie eeue van sy geskiedenis staan hierdie stryd in duidelike relief. Ander terreine van die volkslewe het gevolglik minder aandag geniet. Hier geld dit veral die boerderybedryf van die republikeinse burger van die negentiende eeu. Die stryd vir die stoflike bestaan het nog nie soveel aandag ontvang as die staatkundige ontwikkeling nie.Blykbaar omdat die Afrikaner tot onlangs hoofsaaklik boer was, is die behoefte om van hierdie bedryf 'n besondere studie te maak , nie so sterk gevoel nie. Veelal is aangeneem dat die geskiedenis van hierdie bedryf aan almal bekend was. Selfs die invloed wat die koms van die goudmynbedryf op die boerdery gehad het, het geskiedskrywers nog nie beweeg om hierdie saak te ondersoek nie. Dit skyn asof die persoonlike en privaat karakter van die boerderybedryf, asook die gebrek aan amptelike gegewens daaromtrent, navorsing en studie ontmoedig het.

Die geringe belangstelling en aandag wat die boerderybedryf van die Transvaler van die negentiende eeu as bron van navorsing ontvang het, blyk duidelik uit wat daaromtrent geskryf is.In etlike historiese werke is daar na die geldelike en ekonomiese toestand van die Suid-Afrikaanse Republiek kortliks verwys, met 'n algemeen breë opsommende beskouing oor die kenmerke van die boerderybedryf van voor 1899. Daar is egter van die onderwerp nog geen diepgaande studie gemaak nie.

Die vroegste pogings om enigsins 'n beeld van die staatshuishoudelike lewe van die Suid-Afrikaanse Republiek te gee het hoofsaaklik uit die weergee van reisindrukke van mense van buite die grense van die Republiek bestaan. Hierdie reisbeskrywings is fragmentaries, uiters onvolledig en gewoonlik eensydig. Die waardevolste van hierdie groep is die werk van G.Heitmann: Transvaal, das Land, seine Bewohner und seine wirtschaftliche Verhältnisse(1888). Heitmann handel dus nie oor die belangrike periode, 1890-1899, nie. Sy beskrywings van hoe dit daagliks op die boereplaas toegegaan het, mag sy waarde hê, en vir die oningeligte interessant wees, maar dit gee nie 'n verklaring van die belangrike historiese en natuurlike agtergrond van die boerderybedryf nie. Seidel het in sy werk :Transvaal, die Südafrikanische Republik, (1898) hoofsaaklik van Heitmann se beskrywing gebruik gemaak. Ook hier is dit net algemene indrukke van die boerdery van daardie tyd.

Alfred Aylward wat vir ongeveer tien jaar in Transvaal vertoef het, gee etlike interessante gegewens oor die boerderybedryf soos hy dit aangetref het, maar ook hier geen grondige studie wat dieper insig gee in die boerdery van die republikeinse burger nie.[1] Verdere algemene beskrywings van die boerelewe word gegee deur Blink,[2] Janson,[3] Mev. Heckford.[4] Eersgenoemde wend 'n poging aan om die aardrykskundige gesteldheid van Transvaalse distrikte te beskryf en om die natuurlike streke met hul besondere boerderyrigtings aan te dui. Dit is ook weer net 'n algemene opsomming van 'n terrein wat nie wetenskaplik ontgin is nie. Janson beskryf slegs die werksaamhede van 'n aantal Nederlandse boere op twee plase in die Lydenburgse distrik. Mev. Heckford beskryf haar pogings om self te boer in die Rustenburg-Pretoria-omgewing. 'n Vlugskrif

1. Aylward,A.:The Transvaal of To-day, 1878.
2. Blink,H.: Transvaal en omliggende Landen.
3. Janson,J.H.:Algemeen Verslag van den toestand der Nederlandsche Vestiging in het District Lydenburg, Z.A.R, over het jaar 1887.
4. Heckford,Mev.S.: A Lady Trader in the Transvaal, 1882.

van Frederick Rompel : De Zuid-Afrikaansche Republiek, Haar Landbouw en Veeteelt,(1901) is 'n pamfletjie van tien bladsye wat niks nuuts bevat nie. Die skrywer sê self dat dit nie sy bedoeling was om in so 'n beperkte ruimte 'n enigsins volledige beeld van landbou en veeteelt te gee nie.

Van die kant van ons eie geskiedskrywers en navorsers is ook nog geen studie van die onderwerp in sy geheel aangedurf nie.'n Aantal ongepubliseerde verhandelinge raak sekere aspekte van die onderwerp sydelings aan met meer nadruk op die ekonomiese as op die histories-landboukundige. J.G.Perry:The Social and Economic Conditions of the Transvaal from 1852 to the first Annexation in 1877, skets kortliks die ekonomiese betekenis van die boerdery vir daardie tydperk. P.Venter:Die Staatsversorging van 'n tipiese Boeregemeenskap in Suidwes-Transvaal, beskryf slegs 'n paar feite oor die tradisionele boerderystelsel in 'n beperkte omgewing.

Tydskrifartikels handel slegs ook net oor sekere onderdele van die boerderybedryf gedurende die een of ander periode. Melding kan gemaak word van H.H.Curson se artikel oor Arnold Theiler se aandeel in die bestryding van runderpes.(5) Hierdie artikel is net gebaseer op proklamasies wat in die Staats-Courant van 1896 tot 1899 verskyn het. Ander artikels in tydskrifte van na-Republikeinse dae bevat gewoonlik slegs 'n vae aanduiding van boerderytoestande van voor die Tweede Vryheidsoorlog.

Van die jonger geskiedskrywers kan die waardevolle werk van prof.H.B.Thom,Die Geskiedenis van die Skaapboerdery in Suid-Afrika,(1936) genoem word. Waardevolle feite oor hierdie deel van die boerdery in die Suid-Afrikaanse Republiek word verstrek. Professor S.P.Viljoen se hoofstuk oor „Die Boerestate tot 1870"

---

5. Curson,H.H.:„Theiler and the Rinderpest Epizootic, 1896-1903", Journal of the South African Veterinary Medical Association,Deel VII,No.4,Desember 1936.

bevat slegs ook weer net 'n paar hooftrekke van die boerderybedryf van die vroeë tydvak.[6] Prof.A.N. Pelzer het in sy werk: Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek ,Deel I :Wordingsjare,(1950) die belangrikste bydrae gelewer.Hy laat nuwe lig val op die werk en bestaanswyse van die vroegste bewoners van die Republiek,asook op die besondere omstandighede wat die boerderystelsel ten grondslag gelê het. Hy toon aan die gestadige vordering in sekere afdelings van die boerdery namate daar meer bestendigheid ingetree het en die geskikte streke ontdek is. Dit handel egter net oor die vroegste tydperk tot ongeveer 1860.

Kennis van die boerdery, die lewensbedryf van die burger van die Suid-Afrikaanse Republiek,is van groot waarde vir 'n beter begrip van die staatkundige en maatskaplik-ekonomiese ontwikkeling van die bevolking in die noordelike staat.Sekere kenmerke en verskynsels in die boerderystelsel van die twintigste eeu in hierdie noordelike provinsie kan beter verklaar word as kennis gedra word van die historiese ontwikkeling van dié bedryf in die vorige dekade.Doel van hierdie studie is om hiermee behulpsaam te wees en 'n getroue beeld te probeer gee van die boerderystelsel van die vorige geslagte.

Hoewel vrugbaar gebruik gemaak kon word van studies wat handel oor sekere aspekte van die saak oor bepaalde tydperke, moes die hele terrein ondersoek word. Daar is hoofsaaklik van argivale bronne en van die openbare pers gebruik gemaak.Die navorsing is bemoeilik deur die feit dat boerdery die privaat bedryf van die burgers was en daar in die bestaan van die Suid-Afrikaanse Republiek geen staatsdepartement vir landbou en veeteelt bestaan het nie. Gegewens moes gevolglik uit alle staatsdepartementele stukke versamel word. Die meeste nuusblaaie van republikeinse dae

---

6. Van der Walt, Wiid en Geyer: Geskiedenis van Suid-Afrika, Deel II.

het spesiale rubrieke vir boerderysake ingeruim. Die openbare pers is tewens ook 'n goeie bron waaruit die gesindheid, die denkbeelde en die vraagstukke van 'n gemeenskap geleer kan word. Van die meeste nuusblaaie wat sedert 1866 in Transvaal verskyn het, is ruim gebruik gemaak.

Uit die aard van die saak bly die ondersoek onvolledig en gebrekkig deur die afwesigheid van belangrike en insiggewende bronne.Tog is uit die verskeidenheid van materiaal wat oor 'n baie uitgebreide terrein versamel is, getrag om 'n suiwer en getroue beeld te gee van die boerderybedryf van die burgers van die Suid-Afrikaanse Republiek.

In die navorsing en die opstel van die werk was ons gelukkig om waardevolle hulp van verskeie persone en instellings te ontvang. Aanvanklik het dr. C.F.J.Muller wat as promotor opgetree het, maar weens sy vertrek na die buiteland vir belangrike navorsing die werk moes staak, veel hulp verleen by die beplanning van die navorsing en die duidelike omlyning en formulering van die onderwerp. Aan hom bring ek opregte dank toe. Aan sy opvolger,dr. A.E.du Toit, is ek baie verskuldig. Hy het te midde van veelvuldige werk homself in die onderwerp verdiep en 'n lewendige belang daarin gestel. Met ernstige toewyding en simpatieke en heldere voorligting en leiding het hy my steeds ter syde gestaan. Hy was slegs met die beste tevrede en het van sy kant die beste gegee by wyse van harde werk, gesonde ontleding en positiewe leiding. Aan hom my warme waardering.

Aan die amptenare van die Transvaalse argief is ek dank verskuldig vir die geduld waarmee my navorsing bejeën is en vir die daadwerklike hulp wat verleen is om aan my te besorg alle moontlike stukke wat enigsins maar op die onderwerp betrekking het.

Dank word ook betuig aan die personeel van die verskillende biblioteke wat oor 'n tydperk van etlike jare my met vriendelike hulpvaardigheid van diens was: die Sentrale Staatsbiblioteek in Pretoria, die biblioteek van Onderstepoort, die biblioteek van die Departement van Landbou en Bosbou, van die Departement van Onderwys,Kuns en Wetenskap, die biblioteek van die Universiteit van Suid-Afrika, en die Johannesburgse openbare biblioteek.

Ook wil ek met dankbaarheid melding maak van geldelike hulp wat ontvang is van die Nasionale Raad vir Sosiale Navorsing. Ten slotte opregte dank aan prof. S.P.E.Boshoff wat die manuskrip taalkundig nagesien en waardevolle wenke in verband daarmee gegee het.

Randfontein. P.Naudé.
Junie 1954.

# INHOUD.

## HOOFSTUK I.

### INLEIDING: Die algemene aardrykskundige gesteldheid en boerderystreke van die nuwe vaderland.

pp.

Geleentheid vir verskeie boerderystelsels. . 1

Vier hoofstreke in Transvaal: Hoëveld, Middelveld, Bosveld en Laeveld . . . . . . . . . . . 1 - 2

Vyf boerderystreke volgens natuurlike faktore:
- Droëlandsaaistreek van die plato . . . . 2 - 4
- Drakensbergweistreek . . . . . . . . . . . 4 - 5
- Oorgangsboerderystreek . . . . . . . . . . 5 - 7
- Transvaalse bosveld . . . . . . . . . . . 7 - 10
- Besproeiingsboerderystreek . . . . . . . 10 - 12

Natuurlike hindernisse:
- Veesiektes: tsetsevlieg, perdesiekte, bloutong . . . . . . . . . . 12 - 14
- Malariakoors . . . . . . . . . . . . . . . 14
- Roofdiere . . . . . . . . . . . . . . . . . 14 - 15

Naturellevolke . . . . . . . . . . . . . . . . 15 - 16

Samevatting . . . . . . . . . . . . . . . . . 17.

## HOOFSTUK II.

### BOERDERY IN DIE SELFVERSORGENDE STAATSHUISHOUDING.

Trekkers reeds in die Kaapkolonie met onderhoudsboerdery bekend . . . . . . . . . 18

Treklewe versterk hierdie element . . . . . 18

Eerste jare onbestendig en nadelig . . . . . 19 - 20

Veeboerdery benadeel deur vestiging in ongesonde streke in Transvaal . . . . . . . . 20

Beperkte akkerbou deel van onderhoudsboerdery 20 - 21

Omvang van boerdery aanvanklik beperk . . . 22 - 23

Afdelings van die boerdery:
- Beesboerdery . . . . . . . . . . . . . 24 - 28
  - Voorkeur aan beesboerdery, vier beesrasse, bemarking, pryse . 24 - 26
  - Veesiektes: longsiekte en rooiwater 26 - 27
    - Tsetsevlieg . . . . . . 27
  - Geen prikkel om groot troppe aan te hou . . . . . . . . . . . . . 27 - 28

pp.

Skaapboerdery: . . . . . . . . . . . . . . 28 - 37
Aanvanklik min aandag . . . . . . . 28
Skaaprasse . . . . . . . . . . . . 28
Afset van wol bevorder skaapboerdery 29
Skape deur ruilhandel aangeskaf . . 29 - 30
Vermeerdering van wolverkope, 1860 . 31
Wolskaapboerdery op hoëveld gevestig 31 - 32
Verbetering van wolskaapras . . . . 33 - 34
Bemarking van wol . . . . . . . . 34 - 35
Skaapsiektes . . . . . . . . . . . 35 - 37

Perdeboerdery: . . . . . . . . . . . . . 37 - 39
Perdeboerdery vir pioniers belangrik 37
Perdesiekte beperk hierdie afdeling 38
Perde uit die Vrystaat ingevoer . . 39

Bokke, varke, pluimvee . . . . . . . . . . 39 - 40

Akkerbou: . . . . . . . . . . . . . . . . 40 - 57
By eerste nedersettings is landerye op beperkte skaal aangelê . . . . 40
Eerste produkte bemark . . . . . . 41
Meel uitgevoer na Vrystaat . . . . 41
Afdelings: Koring: aanvanlik suksesvol 41 - 42
later agteruitgang 42 - 43
Mielies: aanvanlik beperkte verbouing . .. 43 - 44
Droëlandsaaiery 44 - 45
Meel uitgevoer 45 - 46
Hawer, gars, kafferkoring 46 - 47
Groente en vrugte . . .. 47 - 49
Koffieaanplanting . . . 49 - 51
Suikerrietaanplanting . 51 - 53
Katoen . . . . . . . . 53
Vlas . . . . . . . . . . 53 - 54
Tabak: aanvanlik beperk 54
Immigrante uit Kaapkolonie bevorder 54
Gehalte minderwaardig 54 - 56
Uitvoer en pryse . 56 - 57

Samevatting . . . . . . . . . . . . . . 57 - 60

## HOOFSTUK III.

### DIE GRONDBESITSTELSEL VAN DIE SUID-AFRIKAANSE REPUBLIEK


| | |
|---|---|
| Stelsel in Transvaal 'n voortsetting van die van Kaapkolonie en Natal . . . | 61 - 63 |
| Wyse van grondtoekenning in Potchefstroom | 63 |
| Ohrigstad en Soutpansberg . . . . . . . . | 64 - 65 |
| Grondregte nader omskryf . . . . . . . . | 65 - 67 |
| Die grondwet van 1858 en grondbesit . . | 67 - 68 |
| Verdere omskrywing van burgerregte . . . . | 68 - 70 |
| Staatsbemoeiing om burgers eiendomsbewyse te laat neem -burgerregerwe . . . | 70 - 72 |
| Okkupasiegronde: doel . . . . . . . . . . | 72 - 74 |
| Mapoggronde . . . . . . | 74 - 76 |
| Soutpansberg . . . . . | 76 - 80 |
| Aanteken van grondregte: landdroskantoor | 80 |
| landkommissies | 81 - 83 |
| Instelling van akteskantoor | 83 - 85 |
| Afbakening en opmeting van plase: | |
| Inspeksiekommissie . . . . . . . . . | 86 |
| Wyse van afbakening en inspeksie . . | 86 - 94 |
| Eerste landmeters en landmeter-generaal . . . | 94 - 95 |
| Grootte van plase . . . . . . . . . . | 95 - 96 |
| Algemene opmeting . . . . . . . . . . | 96 - 99 |
| Serwitute : Uitspannings . . . . . . . . . | 99 -101 |
| Watervoorsiening . . . . . . | 101 -104 |
| Samevatting . . . . . . . . . . . . . . . | 104 -105 |


## HOOFSTUK IV

### BEMARKING.


| | |
|---|---|
| Rol van openbare mark en ruilhandel . . | 106 -107 |
| Pogings om handelsbetrekkinge met die buitewêreld daar te stel . . . . . . . | 107 -108 |
| Potchefstroom eerste belangrike mark . | 108 -109 |
| Grondwet van 1858 en stigting van marke | 109 |
| Markbedrywighede te Potchefstroom . . . . | 110 -112 |
| Bemarkingsgeleenthede op diamantvelde en Oos-Transvaalse goudvelde . . . . . | 113 -114 |

| | |
|---|---|
| Bemarkingswetgewing . . . . . . . . . | 114 - 115 |
| Ontdekking van goud en bemarking . | 116 - 117 |
| Markkonsessies . . . . . . . . . . . | 117 - 122 |
| Mededinging uit ander provinsies op die Johannesburgse mark . . . . | 122 |
| Pogings om markverslae te versprei | 122 - 124 |
| Faktore wat markpryse bepaal het . | 124 - 125 |
| Vervoerprobleme en bemarking . . . | 125 |
| Organisasies vir beter bemarking: | |
| groente en vrugte . . . . . . | 125 - 127 |
| wol . . . . . . . . . . . . . | 127 - 130 |
| Die smous en bemarking . . . . . . | 130 |
| Vendusies . . . . . . . . . . . . . | 131 - 132 |
| Samevatting . . . . . . . . . . . . | 132 - 133. |


## HOOFSTUK V.

PRODUKSIE VIR DIE MARK.


| | |
|---|---|
| Geringe produksie in selfversorgende staatshuishouding . . . . . . . . | 134 - 135 |
| Diamant- en goudindustrie bring produksievraagstuk . . . . . . . . | 135 - 136 |
| Uitwerking van diamantvelde en Oos-Transvaalse goudvelde . . . . | 137 - 141 |
| Witwatersrandse goudmynindustrie en landbouproduksie . . . . . . . | 141 - 144 |
| Produksie van akkerbougewasse: | |
| Mielies : aanvraag . . . . . | 144 |
| droogtes, skaarstes, pryse, invoer . . . | 145- 151 |
| Hawer: aanvraag . . . . . . . | 151 |
| omvang en wyse van produksie . . . . . . | 151 - 153 |
| pryse . . . . . . . . | 153 - 154 |
| Koring: afname in produksie | 154 |
| Aartappels: aanvraag en pryse | 155 |
| Groente: aanvraag . . . . . . . | 155 - 156 |
| verbouing deur vreemdes | 156 - 159 |
| Vrugte : beperkte produksie - redes | 159 |
| tropiese vrugte -streke | 160 - 162 |
| Suiker en koffie: pogings om te verbou | 162 - 166 . |

pp.

Tabak: goeie mark weens goudvelde . . 166
gehalte egter swak . . . . . . 167 -168
pogings vir verbetering . . . 168

Veeboerdery: Uitbreiding ten gevolge van binnelandse aanvraag 169

Beesboerdery: pogings om ras te verbeter, invoer van opreggeteelde beeste - vereniging vir die veredeling van vee . . 169 - 174

Suiwelproduksie . . . 174 - 176

Skaapboerdery: invloed van nuwe ekonomiese orde geringer as by beesboerdery . . . . 177
Wolproduksie belangrikste oogmerk . . . . . . . 177
Wintertrek . . . . . . 178
Pogings om 'n wolfabriek op te rig . . . . . . 178 - 179
Verbetering van wolskaapras . . . . . . . . . 179 - 180

Perdeboerdery: rol van perd in volkshuishouding . . . . . 180

Pluimveeboerdery: aanvraag. . . . . . 180 - 181
stigting van pluimveevereniging 181 - 183

Samevatting . . . . . . . . . . . . . 183 - 184

## H O O F S T U K VI.

## DIE ARBEIDVRAAGSTUK IN DIE BOERDERY.

Tekort aan arbeiders reeds vanaf die vroegste nedersetting in Suid-Afrika 185

Arbeid as beskawingsmiddel . . . . . . 185 - 186

Naturelle bestem as landbou-veeteeltarbeiders . . . . . . . . . . . . . 186 - 187

Skaarste aan hulp by Groot Trek . . . 187

Vroegste nedersetters maak gebruik van naburige naturellestamme . . . . . . 188 - 190

Vroegste wetgewing in Transvaal omtrent werkvolk . . . . . . . . . . . . . 190 - 192

Moeilikhede by indiensneem van naturelle 192 - 193

Pogings om naturellegesinne onder blankes te verdeel . . . . . . . . . . 194 - 195

Inboek van naturelle . . . . . . . . . 195 - 197

Gebrek aan beplanning op die plaas 197

Diensooreenkomste . . . . . . . . . . . 198 - 199

Skaarste aan werkvolk ten gevolge van ontdekking van diamante . . . . . . . . 199

Invloed van spoorwegkonstruksie . . . . 199

Hoër lone, kontant en gewere vir arbeiders op die diamantvelde . . . . . . . . . 200 - 201

Hutbelasting en paswet-1870 . . . . . . 201 - 203

Wysiging van paswet . . . . . . . . . . 203 - 205

Paswet ondoeltreffend as gevolg van gebrek aan polisiemag . . . . . . . . 205

Terugkeer na hutbelasting . . . . . . . 205

Invloed van goudmynbedryf: . . . . . . . 205 - 206
- Neem baie naturelle in diens . . . 205
- hoër kontantlone . . . . . . . . . 205
- Oplewing in boerderybedryf . . . . 206
- Kompaniesgronde . . . . . . . . . 206

Plakkerswet: klagtes oor bestaande wette 206
- Pogings om plakkerswet toe te pas . . . . . . . . 207 - 211
- Moeilikhede omtrent lokasies 211

Verdere memories i.v.m. werkvolk . . . 211 - 212

Pogings van superintendent van naturelle 212 - 213

Verslag van Volksraadkommissie . . . . 214 - 216

Hersiening van plakkerswet . . . . . . 216 - 219

Hersiening van vorige wetgewing . . . . 219 - 220

Pligte van kapteins en opperhoofde . . 220

Nuwe pogings sonder sukses . . . . . . 220 - 222

Verdere klagtes en voorstelle . . . . . 223 - 225

Omwenteling in ekonomiese orde nie altyd deur die boere begryp nie - . . . . . . 225 - 226

Boerderystelsel oorsaak van arbeidtekort . . . 226 - 227

Samevatting . . . . . . . . . . . . . . 227 - 228.


---

## H O O F S T U K VII.

## DIE STRYD VIR DIE INSTELLING VAN 'N LANDBOUDEPARTEMENT.


Historiese agtergrond vir indiwidualisme 229

Boerdery buite beheer van owerheid . . 229 - 230

Dr. Pronk se agitasie . . . . . . . . . 230 - 234

pp.

G.R.von Wielligh en De Volksstem se pleidooi vir 'n departement. . . . . 234 - 235
President Kruger se eerste poging . . . 235 - 237
Eerste wetsontwerp voor Volksraad . . . 237 - 238
Dr.J.W.Fockens se verslag . . . . . . . 238 - 240
Memories vir instelling in 1891 . . . . 240 - 241
Memories van 1893 . . . . . . . . . . . 242 - 243
Tweede wetsontwerp verwerp . . . . . 243 - 246
Tweede poging van president Kruger . . 246
Verdere memories . . . . . . . . . . . . 246 - 247
Kommissie vir opstel van regulasies . . 247
Aanbevelings van kommissie . . . . . . . 248- 249
Volksraad keur instelling af . . . . . 249 - 250
Eerste poging Transvaalse Landbou-Unie dr.Gunning se sterk pleidooi . . . . . 250 - 253
Tweede poging van Unie . . . . . . . . . 253 - 256
Memories van 1898 . . . . . . . . . . . 256
Ondersoek na toestand van landbou . . . 256 - 257
Weereens 'n konsepwet . . . . . . . . . 257 - 258
Samevatting . . . . . . . . . . . . . . 258 - 259.

---

## H O O F S T U K VIII.

STAATSBEHEER EN STAATSLANDBOUDIENSTE.

Invloed van sosialistiese gedagte teen einde van die negentiende eeu . . . . 260
Staatshulp by toekenning van plase . . 260 - 261
Heffing van invoerregte:
    Geen noodsaak by onderhoudsboerdery 261 - 262
    Eerste invoerregte -1881 - . . . 262
    Reaksie van die Kaapkolonie . . . 263
    Periodieke vermindering . . . . 264 - 265
    Verdere agitasie deur Kaapkolonie 265 - 267
    Politieke spanning en invoertariewe 267 - 268
    Invoerbelasting op tabak . . . . 269
Hulp aan boereorganisasies . . . . . . 269 - 270
Hulp aan noodlydendes. . . . . . . . . . 270
    Invoer van mielies,1894-95 . . . . 270
    Verkoop van muile en donkies . . . 271 - 276.

pp.

Voorsiening van landboukrediet:
Vraagstuk van landboukrediet . . . 277 - 278
Nederlandsche Bank voor Zuid-Afrika 278
Behoefte aan krediet neem toe . . 278 - 280
Poging tot stigting van „Grondcrediet-Maatschappy" . . . . 280 - 281
Stigting van delgingsfonds . . . . 281
Amortisasiefonds . . . . . . . . 281 - 282
Amortisasiefonds as delgingsfonds 282 - 283
Voorwaardes van lenings . . . . . 284 - 285
Werksaamhede . . . . . . . . . . . 285 - 290
Armburgerfonds: Behoefte aan lenings by burgers wat deur runderpes verarm is 290
Stigting van fonds . . . . . . . . . 291 - 292
Voorwaardes van lenings . . . . . . 292 - 293
Werksaamhede . . . . . . . . . . . . 293 - 295
Posspaarbank . . . . . . . . . . . . . . . 295 - 296
Weeskamerfonds . . . . . . . . . . . . . . 296 - 297
Ondersteuningsfonds . . . . . . . . . . . 298 - 299
Samevatting . . . . . . . . . . . . . . . 299 - 301

---

## H O O F S T U K IX.

### BOEREVERENIGINGS EN -ORGANISASIES.

Organisasie noodsaaklik as gevolg van omwenteling met koms van goudindustrie 302
Eerste organisasie vir boere:Stigters. . . 302
Doel . . . . . . . . . . . . . . . . 302 - 303
Teenkanting teen organisasie . . . 304 - 305
Eerste landboutentoonstelling . . 305 - 307
Min belangstelling deur boere . . 307 - 308
Tweede tentoonstelling . . . . . 308 - 310
Verdere pogings . . . . . . . . . 310 - 312
Landbougenootskappe: behoefte gevoel . . 312
Voortou in Middelburg -Landdros 313 - 314
Wakkerstroomse landbougenootskap 314 - 315
Lydenburg . . . . . . . . . . . 315
Eerste tentoonstelling,Wakkerstroom 315 - 316
Pretoria,Klerksdorp en De Kaap . . 316

pp.

G.R.von Wielligh en De Volksstem se pleidooi vir 'n departement. . . . . 234 - 235
President Kruger se eerste poging . . . 235 - 237
Eerste wetsontwerp voor Volksraad . . . 237 - 238
Dr.J.W.Fockens se verslag . . . . . . . 238 - 240
Memories vir instelling in 1891 . . . . 240 - 241
Memories van 1893 . . . . . . . . . . . 242 - 243
Tweede wetsontwerp verwerp . . . . . . 243 - 246
Tweede poging van president Kruger . . 246
Verdere memories . . . . . . . . . . . . 246 - 247
Kommissie vir opstel van regulasies . . 247
Aanbevelings van kommissie . . . . . . . 248- 249
Volksraad keur instelling af . . . . . 249 - 250
Eerste poging Transvaalse Landbou-Unie dr.Gunning se sterk pleidooi . . . . . 250 - 253
Tweede poging van Unie . . . . . . . . . 253 - 256
Memories van 1898 . . . . . . . . . . . 256
Ondersoek na toestand van landbou . . . 256 - 257
Weereens 'n konsepwet . . . . . . . . . 257 - 258
Samevatting . . . . . . . . . . . . . . 258 - 259.

---

## H O O F S T U K VIII.

STAATSBEHEER EN STAATSLANDBOUDIENSTE.

Invloed van sosialistiese gedagte teen einde van die negentiende eeu . . . . 260
Staatshulp by toekenning van plase . . 260 - 261
Heffing van invoerregte:
Geen noodsaak by onderhoudsboerdery 261 - 262
Eerste invoerregte -1881 - . . . 262
Reaksie van die Kaapkolonie . . . 263
Periodieke vermindering . . . . 264 - 265
Verdere agitasie deur Kaapkolonie 265 - 267
Politieke spanning en invoertariewe 267 - 268
Invoerbelasting op tabak . . . . 269
Hulp aan boereorganisasies . . . . . . 269 - 270
Hulp aan noodlydendes. . . . . . . . . . 270
Invoer van mielies,1894-95 . . . . 270
Verkoop van muile en donkies . . . . 271 - 276.

pp.

Navorsing: . . . . . . . . . . . . . . . . 361 - 387
Veesiektes noodsaak navorsing . . 361
Eerste poging om perdesiekte te bestudeer . . . . . 361
Dr. Lingbeek, Dr. Messum, Dr. Schessinger en Transvaalse veeartsenykundige hospitaal . . . . . . . . 361 - 363
Dr. Edington se ondersoek . . . . 363
Versoek van Pretoriase landbougenootskap . . . . . . . . . . . 364
Arnold Theiler verskyn op toneel 364
Bestryding van droes vereis staatsveearts. . . . . . . . . . . . . . 365
Navorsing i.v.m. runderpes:
Theiler begin met navorsing . . . . 365 - 368
Navorsingstasie by Waterval gestig 369 - 370
Koms van Franse geleerdes Danysz en Bordet . . 371
Hul werk op Waterval . . . . . . . 371 - 375
Navorsingstasie te Belfast . . . . 376 - 379
Theiler se werk te Belfast . . . . 379 - 381
Navorsingstasie te Daspoort . . . 381 - 387
Theiler se navorsing -.pokke...... 387
Sprinkane . . . . . . . . . . . . 388 - 389
Builepes en internasionale veeartsenykundige kongres 389 - 390
Samevatting . . . . . . . . . . . . . 390 - 391

---

## H O O F S T U K XI

VEESIEKTES.

Veesiektes vyand van die boer . . . . 392
Rooiwater: Uit Natal in Transvaal ingebring 392
Voorheen nie bekend as Texaskoors 393
Texaskoors in Johannesburg, 1899 393 - 394
Bek-en-klouseer: Eerste verskyning . . 395
Uitbreking in 1892 . . . . . . . 395 - 396
Omvang van epidemie . . . . . . 396 - 398
Verwarring met klouseer . . . . 398 - 399
Runderpes: Verskyning noord van Sambesie 399 - 400

pp.

Voorbehoedmaatreëls in S.A. . . . 400 - 401
Eerste voorkoms suid van Sambesie 401 - 402
Voorsorgsmaatreëls in die Suid-Afrikaanse Republiek . . . . . 402 - 403
Verskyning in die Republiek . . . . 403
Eerste runderpeskonferensie . . . . 403 - 404
Verspreiding in die Republiek . . . 404 - 407
Wild oorsaak van besmetting . . . . 407
Boere probeer eie genees- en voorbehoedmiddels . . . . . . . . . 407
Verdere verspreiding . . . . . . . 408
Runderpeskommissaris benoem . . . . 409
Tweede konferensie ,Vryburg . . . . 409 - 410
Verskyning in Oranje-Vrystaat . . 411
Navorsing van dr. Koch . . . . . . . 412
Theiler en Franse geleerdes doen navorsing . . . . . 412
Dr. Koch maak resultaat bekend . . 413 - 414
Verdere verspreiding . . . . . . . . 414 - 415
Danysz en Bordet ontdek middel . . 415
Internasionale runderpeskonferensie 415 - 416
Laaste fase van runderpes . . . . 416 - 418
Omvang van veeverlies deur pes . . . 418 - 419

Ander siektes: Perdesiekte, droes . . 420 - 423
Mok . . . . . . . . . . . . . . . 424 - 425
Brandsiekte . . . . . . . . . . . . 425 - 428
Samevatting . . . . . . . . . . . . . . . 428 - 429

---

HOOFSTUK XII.

PLANTSIEKTES EN AKKERBOUPLAE.

Klimaat en ligging bevorder plantsiektes 430
Onkruid : Boetebossie . . . . . . . . . 430 - 435
Mieliepes en Skotse dissel . 436
Australiese boomluis . . . 436 - 439
Sprinkane: Verskyning . . . . . . . . 439 - 440
Bestryding: pogings vir gemeenskaplike bestryding . . . . . . . 440 - 441
Eksperimente in S.A.Republiek . 442

| | | pp. |
|---|---|---|
| Droogtes: | Uitwerking nie so ernstig by onderhoudsboerdery . . . | 443 |
| | Ernstiger gevolge vir boerdery vir die mark . . . . . . . . | 443 |
| | Droogte van 1889 . . . . . . | 443 - 444 |
| | Weerberigte verskyn . . . . . | 445 |
| | Droogte 1895-96 . . . . . . . | 446 - 447 |
| | Verdere droogtes . . . . . . | 448 - 449 |
| Verspeolings . . . . . . . . . . . . . | | 449 - 450 |
| Samevatting . . . . . . . . . . . . . . | | 450 - 451 |

---

## H O O F S T U K XIII.

ALGEMENE BOERDERYAANGELEENTHEDE.

| | | |
|---|---|---|
| Skutte . . . . . . . . . . . . . . . . . | | 452 - 454 |
| Omheining: | Onomheinde plase gee baie moeilikheid . . . . . . . . | 455 |
| | Droëlandsaaiery genoodsaak omheining . . . . . . . . . . | 455 - 456 |
| | Memories vir verpligte . . . | 456 |
| | Eerste konsepwet . . . . . | 456 - 458 |
| | Verdere agitasie daarvoor . | 458 |
| Grasbrand: | Van vroegste jare in gebruik | 459 |
| | Vroegste wetgewing daarteen . . . | 459 - 460 |
| | Stoomtreine veroorsaak grasbrand . | 460 - 461 |
| | Nadelige gevolge van grasbrand . . | 461 - 462 |
| Besproeiing: | Besproeibare gronde onontbeerlik vir onderhoudsboerdery . . | 462 |
| | Wyse van besproeiing . . . . . . . | 463 |
| | Aankoop van waterbore . . . . . . | 465 - 466 |
| | Voorwaardes van gebruik van bore . | 466 - 467 |
| | Resultate van borings . . . . . . | 467 - 468 |
| | Waterputte, bakkiespompe . . . . . | 468 |
| | Aandag aan besproeiingskemas . . . | 469 |
| | Snethlage se memorandum . . . | 469 - 470 |
| | Seifert se skema . . . . . . . | 470 - 472 |
| | Tennant se skema . . . . . . . | 472 - 473 |
| | Boereorganisasies dring aan . | 473 - 474 |
| | Eerste besproeiingsdam . . . | 474 - 475 |
| | Ander distrikte se aansoek . | 475 - 476 |

pp.

Bemesting . . . . . . . . . . . . . . . . 476 - 480
Boerderygereedskap . . . . . . . . . . 480 - 482
Samevatting . . . . . . . . . . . . . 482 - 483

---

## HOOFSTUK XIV.

DIE REPUBLIKEINSE BOER IN WEL EN WEE.

Eerste jare 'n tydperk van makmaak . . . 484 - 485
Groot moontlikhede vir boerderybedryf. . 485
Ontdekking van boerderystreke . . . . . 485 - 486
Isolasie in die binneland . . . . . . . 486
Omwenteling met diamant- en goudontdekking 487
Moeilike aanpassing . . . . . . . . . . 487 - 488
Noodsaaklikheid van boereorganisasies . 488
Verarming van boeregemeenskap :
Redes: Gebrek aan eie grond . . . . 488
Vry uitgifte van grond gestaak . . 489
Nalatigheid om grondreg aan te teken 489 - 490
Gronde te maklik verkoop . . . . . 490 - 491
Grondmaatskappye . . . . . . . . . 491
Verdeling van plase . . . . . . . . 491 - 494
Natuurrampe . . . . . . . . . . . 494
Runderpes . . . . . . . . . . . . . 495 - 496
Droogte en sprinkane . . . . . . . 496 - 497
Omgewingsinvloede . . . . . . . . . 497 - 501
Betekenis van die boeregemeenskap vir die volksontwikkeling . . . . . . . . . . 501 - 502

BIBLIOGRAFIE . . . . . . . . . . . . . . . 503 - 511

# BOERDERY IN DIE SUID-AFRIKAANSE REPUBLIEK

## 1858 - 1899

## HOOFSTUK I.

### INLEIDING : Die algemene aardrykskundige gesteldheid en boerderystreke van die nuwe vaderland.

Die Trekkers wat Transvaal hul nuwe tuiste gemaak het, het 'n landstreek gevind wat deur die nuutheid van sy topografie, klimaat en plantegroei belangstelling gewek het. Vandat Vaalrivier oorgesteek is, het die toneel voor die pionier voortdurend verander. Die aantreklikheid van die nuwe vaderland het juis in hierdie voortdurende wisseling van topografie en plantegroei gelê. Vir die voortsetting van die boerderystelsel waarmee die Trekkers vertroud was, was daar ruim geleentheid, maar daar was ook streke waar 'n heeltemal nuwe boerderystelsel gevolg kon word. Die natuurlike en merkbare faktore van bodemgesteldheid, klimaat en plantegroei het die moontlikhede van die nuwe gebied aan die pionier blootgelê. Hoewel die mens deur sy wetenskap en tegniek in 'n groot mate natuurkragte of -faktore kan beheer, is dit ongetwyfeld verstandig om die natuurlike omstandighede en faktore in aanmerking te neem by die bepaling van die boerderystelsel wat in 'n besondere gebied gevolg moet word. Vir die intrekker wat nog nie die wetenskap en tegniek tot sy beskikking gehad het nie, was natuurlike faktore in die pioniersomstandighede die enigste aanduiding van die verskillende boerderystreke van die nuwe gebied.

Die Trekkers uit die suide het by die oorsteek van Vaalrivier kennis gemaak met 'n hoogland wat hoofsaaklik uit boomlose grasvlaktes bestaan het. Louis Trichardt het as voorste Trekker hierdie gebied verbygetrek en op sy soektog na 'n geskikte gebied vir vestiging verder noordwaarts gegaan. Hendrik Potgieter het hom aanvanklik in hierdie gebied aan Mooirivier gevestig, maar om verskeie redes betreklik gou verder

noordooswaarts versit. Sodra die Trekkers die Witwatersrand oorgetrek en die Magaliesberge en die boloop van Olifantsrivier bereik het, het 'n tweede gebied hom aan hulle geopenbaar. Die laer ligging, geringer reënval, hoër temperatuur en veranderde topografie en grondsoorte het hierdie streek van die platogebied onderskei. Verder noordwaarts en wes van die Drakensberge het die bodemgesteldheid, die plantegroei en klimaat weer geleidelik verander. Die Trekkers was hier in die Bosveld wat die grootste gedeelte van noordwestelike Transvaal beslaan. Oos van die Drakensberge is die vierde groot streek, die Laeveld, aangetref.

Hierdie vier streke wat in breë trekke aangedui is, was die beeld wat die eerste intrekkers van Transvaal verkry het: hoëveld, middelveld, bosveld en laeveld. Hierdie indeling wat hoofsaaklik op bodemgesteldheid, plantegroei en ligging bo die seespieël gebaseer is, het egter dié gebrek dat dit nie grondsoorte en reënval in ag neem nie. Indien laasgenoemde twee belangrike natuurlike faktore ook in aanmerking geneem word, kan Transvaal in vyf groot boerderystreke ingedeel word. Hierdie indeling berus hoofsaaklik ook nog op natuurlike faktore. Die vyf streke kan as volg aangedui word : die Droëlandsaaistreek van die Transvaalse Plato, die Drakensbergweistreek, die Oorgangsboerderystreek, die Transvaalse Bosveld en die Besproeiingstreek.(1)

Indien die republikeinse boer hierdie indeling geken het en in staat was om daarvolgens sy boerdery in te rig, sou die boerderystelsel van die Trekkers in hoofsaak ooreengekom het met die hedendaagse streekindeling.Ekonomiese faktore soos verkeer en vervoer, beskikbare markte, arbeid, wetgewing en staatshulp kan wel 'n wysiging bring in die bepaalde boerderypatroon van 'n streek, maar natuurlike faktore gee die deurslag.

I. <u>Die Droëlandsaaistreek van die Transvaalse Plato:</u>

---

1. Hierdie indeling is dieselfde as wat deur die Departement van Landbou gemaak is in sy opname van die Unie se boerderystreke en wat gepubliseer is in die verskillende pamflette oor hierdie aangeleentheid, bv. Pamflet No. 270, Ekonomiese reeks 34 : <u>Agro-Ekonomiese Opname van die Unie</u>, Deel I.

Hierdie streek toon, wat topografie, temperatuur en reënval betref, ooreenkoms met aangrensende streke, maar verskil weer van hierdie streke in die grondsoorte. Die streek bestaan uit twee afdelings, nl. die Suidoos-Transvaalse Hoëveld en die Wes-Transvaalse saaistreek. Eersgenoemde afdeling sluit in die gebied met Gleyagtige podsolgrondsoorte in Suidoos-Transvaal en beslaan dele van die teenswoordige distrikte Springs, Bethal, Standerton en Ermelo.Hierdie afdeling lê van 4100 tot 5500 voet bo die seespieël en is 'n golwende landskap met uitgestrekte saaibulte. Die grondsoorte wissel heelwat. Die swaar swart kleileemgrond oorheers egter. Daar is ook dele met ligter vaalrooi sandleem.Die grond is redelik diep en vrugbaar.(2) Die Wes-Transvaalse saaistreek is die deel van Wes-Transvaal met ysterhoudende lateritiese grond wat wissel van rooibruin swaar sandleem tot 'n ligte sandleem. Die rooibruin sandleem is diep en lê op 'n betreklike swaar ondergrond van òf potklei òf ouklip of kalk. Dit besit 'n goeie waterhoudende vermoë , is vrugbaar, maar vertoon 'n gebrek aan fosfaat. Die vaalbruin sandleem is hoofsaaklik waaisand. Hierdie grondsoort is skraal en suur, maar baie koel. Die gebied sluit die grootste gedeelte van die bolope van Skoonspruit, Makwassiespruit en Hartrivier in.(3)

Die gemiddelde jaarlikse reënval vir die Suidoos-Transvaalse Hoëveld is 26.28 duim waarvan 22.12 duim tussen Oktober en Maart val. Sagte reëns kom meer dikwels voor as stortbuie. Mistigheid kom taamlik algemeen in die herfs voor, maar het min invloed op die plantegroei.(4) Die Wes-Transvaalse gebied het 'n gemiddelde reënval van 22.37 duim per jaar. Vir die vyf somermaande November tot Maart is die neerslag 17.53 duim, wat 78 persent van die totale jaarlikse neerslag is. Stortbuie kom oor die algemeen meer voor as sagte reën.(5) In albei hierdie afdelings is die somers warm, in die

2. Departement van Landbou, Pamflet No. 270, p.25.
3. Van der Merwe,C.R.:<u>Soil Groups and Sub-Groups of South Africa</u>, pp. 249-267, en <u>Pamflet No. 270</u>, pp. 109-112.
4. Pamflet No. 270, pp. 33-34.
5. Ibid., pp. 110-111.

weste warmer as in die ooste. Die winters kan baie straf wees . In die Suidoostelike Hoëveld is die winter enigsins langer .Swaar ryp kom voor vanaf die einde van April, dikwels tot in September.(6)

Hierdie boerderystreek het feitlik geen natuurlike bome nie behalwe klompies karee- en doringbome hier en daar in die westelike gedeelte.Die streek is bekend om sy grasbedekking. Die vrugbare koel grond en die redelike goeie reënval het 'n digte grasbedekking bewerkstellig. Die veld is oor die algemeen soet. Die drakrag daarvan kan afgelei word van die duisende stuks wild wat op die hoogland deur die eerste pioniers teengekom is.(7) Standhoudende strome is skaars en op die uitgestrekte vlaktes is daar min fonteine.Gedurende die somer kan die spruite sterk vloei, maar hulle loop gou af. Vaalrivier wat die oostelike gedeelte deurkruis, kon nie vir besproeiingsdoeleindes gebruik word nie, maar het wel veesuipwater voorsien.

II. Die Drakensbergweistreek.

Hierdie streek waarmee die Trekkers vanuit Natal kennis gemaak het, lê aan die westelike hange van die Drakensberge in 'n smal strook vanaf Kliprivier in die suide tot aan Steelpoortrivier en die Sekoekoenieberge in die noorde. Aan sy oostekant word die streek begrens deur die hoogtelyn van die Drakensberge, maar in die weste is die oorgang geleideliker. Hier grens die streek aan die sogenoemde Suurhoëveld en die Suidoos-Transvaalse Hoëveld. Die bodem bestaan uit bruin tot rooibruin ysterhoudende lateritiese grond; dit is 'n gryserige bruin sanderige leem met sanderige kleileem in die laagtes.(8) Die bogrond is nie diep nie.

6. Ibid.,pp.35 en 111, en
Van der Merwe, op.cit., p.250.
7.Pamflet No. 270, pp.36 en 112.
8.Pamflet No. 289,p. 6 en
Van der Merwe,op.cit., pp. 252-253.

Die streek lê deurgaans hoër as 5000 voet bo die seespieël, met bergpunte van 7000 voet en hoër. As gevolg van die hoë ligging is die streek koel. Die winters is baie koud, met af en toe sneeu in die winter of vroeë lente. Dit is 'n somerreënvalstreek , met 'n gemiddelde jaarlikse neerslag van 30 duim waarvan 85 persent gedurende die somermaande Oktober tot Maart val. In die voorsomer kom hael- en donderstorms dikwels voor. Dit is by uitstek 'n grasveldstreek. Die gras groei dig maar nie hoog nie. Die rooigras is die mees algemene grassoort. Aan die westelike grens oorheers soetgras, terwyl die hoër liggende dele meer suurgras bevat. Die grasbedekking is ten gevolge van die goeie reënval dig en het 'n hoë drakrag. Behalwe in klowe waar die grond dieper is, is die streek feitlik sonder natuurlike bosse of bome.[9]

III. Die Oorgangsboerderystreek.

Hierdie streek wat uit verskeie onderafdelings bestaan, kan beskou word as 'n oorgang van die droëlandsaaistreek na die bosveldstreke. Die ongereelde reënval en die armer grond onderskei hierdie streek van die droëlandsaaistreek. Die Noord-Transvaalse Plato, die Springbokvlakte en die verre Wes-Transvaal is onderdele van hierdie streek.Die twee gebiede in Noord-Transvaal het droëlandboerdery in 'n redelike groot mate. Hulle word omvleuel enersyds deur twee besproeiingsgebiede en andersyds deur twee bosveldstreke, en verskil in topografie, grondgeaardheid en plantegroei van die vier gebiede wat hulle omring. Die verre Wes-Transvaalse oorgangstreek wat 'n voortsetting is van die Wes-Vrystaatse Sandveld en die Stellaland-Goosen-boerderystreek, is 'n oorgang van die hoëveldse saaistreek na die bosveld.[10] Die afdelings van die Oorgangsboerderystreek lê ongeveer

9. Pamflet No. 289, pp.7-8.
10. Pamflet No. 320, p.11.

op 'n hoogte van 3-4000 voet bo die seespieël.Die somers is baie warm en die winters gematig in die noorde maar kouer in die suide.

Die grondsoorte van die drie dele verskil heelwat. Op die Springbokvlakte word die onuitgespoelde subtropiese swart kleigrond aangetref. Dit is bruinswart klei met 'n kluiterige betreklik vaste struktuur.[11] Die Noord-Transvaalse Plato bevat grys ysterhoudende lateritiese grond . Dit bestaan hoofsaaklik uit grys sand met 'n bros struktuur en rus op 'n onderlaag van ysterhoudende massas.[12]Die ysterhoudende lateritiese grond van die verre Wes-Transvaal het 'n bolaag van diamanthoudende spoelgrond met sand wat uit die Kalaharie oorgewaai het.

Die reënval van die Springbokvlakte is ongeveer 22 duim per jaar en kom in die somer in stortbuie voor. Periodes van ernstige droogte kom hier dikwels voor. Die Noord-Transvaalse Plato is enigsins koeler met 'n gemiddelde reënval van ongeveer 21.06 duim per jaar.[13]In die verre Wes-Transvaal wissel die reënval van 17 duim in die mees westelike deel tot 22 duim per jaar aan die oostelike grens.[14] Die reënseisoen neem gewoonlik in November 'n aanvang met donderstorms .Teen die einde van die reënseisoen kom meestal sagte reën voor.

Die natuurlike plantegroei van die Springbokvlakte bestaan hoofsaaklik uit grassoorte.Op die diep swart turfgronde groei net grassoorte -steekgras, rooigras, terpentyngras, dekgras, hartjiesgras en Setariasoorte.[15]Die Noord-Transvaalse Plato het meer natuurlike bos en struike met gemengde grassoorte, waaronder ook rooigras en hartjiesgras. In die Wes-Transvaalse oorgangstreek kom gemengde grassoorte voor, o.a. dekgras en steekgras. Op die rantjies kom 'n verskeidenheid van struike voor, veral

---

11. Van der Merwe, op. cit., pp.71-101.
12. Ibid., pp. 234-249.
13. Ibid., p.71.
14. Ibid., p. 250.
15. Ibid., p. 72.

vaalbos. Op die vlakte word karee- en doringbome, asook vaalbos, aangetref.

IV. Die Transvaalse Bosveld.

Dit is die grootste boerderystreek in Transvaal en bestaan uit die Pienaars-Olifantsrivierstreek, die Noordwestelike Bosveld, die gebied agter Soutpansberg en die verre Oos-Transvaalse Bosveld. Dis hoofsaaklik klimaat en plantegroei wat by hierdie streek die bepalende faktor is.[16] Hierdie gebiede lê van 1000 tot 3000 voet bo die seespieël en is gevolglik warm. Die reënval wissel van 12 tot 22 duim per jaar. Die hoogste neerslag kom voor in die verre Oos-Transvaalse Bosveld, net oos van die Drakensberge, terwyl die gebied noord van die Soutpansberge die laagste gemiddelde reënval het.

A. Die Pienaars-Olifantsriviergebied: Hierdie onderdeel van die Bosveld lê ten suide van die Noord-Transvaalse Plato en grens in die suide aan die Middelveld. Die grondsoorte wissel hier van plek tot plek. Grys sandgronde, afkomstig van graniet en sandsteen, beslaan die Pienaarsrivierstreek. Die grond is nie diep nie en onderhewig aan winderosie. Die Olifantsrivierstreek bevat meestal rooibruin gronde wat effens dieper is as die gryserige sandleem. In die westelike uithoek van die Pienaarsrivierstreek kom swart en rooi turfgronde voor.[17] In hierdie streek kom vaalboom, wilde sering, raasblaar, rooibos, maroela, huilbos en wilde kweper voor. Die grasbedekking bestaan uit growwe soorte soos suurpol, steekgras, pylgras, dekgras en terpentyngras. Op sekere plekke kom gifblaar voor.[18] Langs die riviere waar dieper grond aanwesig is, is die gras soeter en kom groter boomsoorte soos apiesdoring, tambotie en hardekool voor. Buffelgras is hier volop. Die droër bosveldgedeelte langs Olifantsrivier word gekenmerk deur die voorkoms van buffelgras en kleinbuffelgras. Doringstruike is algemeen.[19]

---

16. Pamflet No. 325, Ekonomiese reeks 40, p.3.
17. Pamflet No. 325, pp. 58-59.
18. Ibid., p.60.
19. Ibid.

B. Die Noordwestelike Bosveld: Hierdie onderdeel van die Transvaalse bosveld lê in 'n lang strook langs die Limpopo, vanaf ongeveer die Notwani in die suide tot waar die Lotsani in die Limpopo vloei. Die kort noordelike grens strek vanaf laasgenoemde punt ooswaarts tot waar die Njelele uit die Soutpansberge kom. 'n Groot gedeelte van hierdie gebied , veral die gedeelte tussen die Mogalakwena en Mogolrivier, bevat die sogenoemde Waterbergse en Soutpansbergse sandgrond.[20] Die res van die gebied, veral die strook langs die Limpopo, bevat Kalahariesandgrond op kalkklip. In die omgewing van die Dwarsberge en Witfonteinrand kom rooibruin sandleem tot sanderige kleileem algemeen voor. Meer na die noorde wissel die grond van rooibruin na bruin gruiserige leemsand of sandleem.[21]

Saam met die grondsoorte wissel die natuurlike plantegroei ook: in die suide word vaalbos, rosyntjiebos en doringbome aangetref. Meer na die noorde word die bome groter: kaffer-wag-'n-bietjie, hardekool en rooibos. Verder noord volg vaalboom, mopanie, witsering en knoppiesdoring. Die grasbedekking is soet in die grootste deel van die streek. Op die hoër liggende dele word dit effens suurder. Die gebied tussen die Matlabas en die Mogol bevat buffelgras en vingergras, asook growwer soorte. Langs die riviervalleie kom soetveld voor. In die gedeelte noord van die Noord-Transvaalse Plato en suid van die Soutpansberge is die grasbedekking goed, bestaande hoofsaaklik uit vingergrassoorte, hartjiesgras, buffel- en rooigras.[22]

C. Agter-Soutpansberg: Hierdie onderdeel lê tussen die Soutpansberge en die Limpopo, vanaf die Lotsani in die weste tot waar die Pafuri in die Limpopo vloei. Die grootste gedeelte lê slegs 2000 voet bo die seevlak en is oor die algemeen gelykliggend.Rotsblokke of klipkoppies kom oral voor en

20. Van der Merwe, op.cit., p.127.
21. Pamflet No. 325, p.65.
22. Ibid.,pp.67-68, en
Van der Merwe, op.cit., pp.103-117.

breek die eentonigheid van die topografie.Die streek is baie warm. Die reënval is nie hoër as 12 duim per jaar nie en kom hoofsaaklik gedurende die somermaande voor. Die grond bestaan hoofsaaklik uit bruin woudgrond wat in groepe voorkom. In die noordwestelike hoek is die grond baie sanderig, gryserig geel van kleur. Op die bulte word rooibruin gruiserige sandleem aangetref, met swaarder materiaal langs die laagtes. Oos van die Njelele bestaan die grond uit vlak grysbruin sandleem, met kalk in die ondergrond.[23]

Die plantegroei van hierdie gedeelte van die bosveld kan as tropiese woestyngrasveld beskryf word. Die grassoorte is meerjarig en soet, soos buffel- en bloubuffelgras. Struikgewasse soos rosyntjiebos en suurpruim kom voor. Mopanieboom is algemeen, terwyl ander soorte soos knoppiesdoring, witsering, rooibos en kanniedood voorkom. Op die oewers van die Limpopo word koorsboom en hardekool aangetref.[24]

D. <u>Die verre Oos-Transvaalse Bosveld</u>: Hierdie gebied lê in 'n breë strook langs die Portugese grens in die ooste en die Drakensberge in die weste. Dit grens in die noorde aan die Agter-Soutpansbergstreek en in die suide aan Krokodilrivier.Die grond bestaan uit bruin woudgrond wat in drie groepe voorkom, nl. gryserige bruin tot rooibruin sanderige leem, bruin kleileem en donker sjokeladebruin klei. Dit is eluviaal en betreklik vlak. In die suide word die gryserige bruin sanderige leem aangetref. Die kleur verander na die noorde tot 'n rooibruin sanderige leem.[25] Die gebied lê op 'n hoogte van 1000 tot 2000 voet bo die seespieël en is gevolglik baie warm. Die jaarlikse reënval is 21.6 duim.Die meeste van die neerslag kom voor in die somermaande en dan ook in stortbuie. Droogtes kom dikwels voor. Die plantegroei bestaan uit tropiese tot subtropiese bosse en grasvlaktes. Ten noorde van die Letaba word mopanie, knoppiesdoring, rooibos en hardekool aangetref. Tussen

23. Pamflet No. 325, pp. 83-84.
24. Ibid.
25. Van der Merwe,op.cit., pp.103-117

Olifantsrivier en Krokodilrivier is daar 'n breë oop parkstreek op turfagtige vlaktes. Knoppiesdoring en maroela is die vernaamste groot bome. Verskillende soorte buffelgras word aangetref. In die gebied grensende aan die voetgebergte van die Drakensberge kom droëbos voor waarin rooibos oorweeg , met knoppiesdoring tussenin.Die veld is hier suur.

Die bosveldstreek wat die grootste deel van Transvaal beslaan, was die tuiste van die grootwild. Die aanwesigheid van hierdie grootwildsoorte was beslis 'n goeie aanduiding vir die Trekkers dat grootvee hier besonder goed sou aard, wat die veld betref. Ongelukkig was dit ook die streek waar die gevaarlike tsetsevlieg huisgehou het.[26]

V. <u>Die Middelveld of Besproeiingsboerderystreek</u>.

Die Trekkers het in Middel-Transvaal 'n streek aangetref wat gekenmerk was deur die gebrokenheid van die terrein, die afwesigheid van uitgestrekte saaibulte of weivelde en die voorkoms van talle fonteine, spruite en riviere, met strokies bewerkbare grond langs die lope. Hierdie streek het gestrek tot so ver na die weste as die oorsprong van die Molopo en het dan ooswaarts versprei, noord en suid van die Magaliesberge en die Witwatersrand, oor die Hardeveld en die Suurhoëveld waar dit dan noord en suid uitgeskiet het al langs die Drakensberge in die Subtropiese Oos-Transvaalse laeveld, van die Komati in die suide tot aan die Motale in die noorde.[27] Afgesien van die subtropiese gedeeltes aan die noordelike hange van die Magaliesberge en die laeveldstreek in die Drakensberge, was hierdie streek onaantreklik. Vir vee was die Hardeveld tussen Gatsrand en die Witwatersrand ongeskik.Dieselfde het gegeld vir die Suurhoëveld. Hoewel die klimaat, die reënval, plantegroei en grondtipes van plek tot plek verskil het,

---

26. Kirby,P.R.: <u>The Diary of Dr. Andrew Smith</u>,Deel II, pp.29-83, en <u>Selous,F.C.: African Nature</u> Notes and Reminiscences,pp. 151-152.
27. Die Hardeveld kom voor tussen Gatsrand en die Witwatersrand.Die Suurhoëveld lê tussen die Suid-oos-Transvaalse Hoëveld en die Olifantsrivierstreek.

was die geleentheid vir besproeiing 'n faktor wat die verskillende dele saam gekarakteriseer het as 'n bepaalde boerderystreek. Nie veeboerdery of droëlandsaaiery sou hier die hoofsaak wees nie, maar die bewerking van besproeibare grond langs die riviervalleie, spruite en laagtes.

Die grondsoorte wissel. Die grootste gedeelte van die streek bestaan uit bruin en rooibruin ysterhoudende lateritiese grond. Dit vorm 'n oorgangstadium tussen die rooigronde van die tropiese laeveld en die grys ysterhoudende gronde van die bosveld. In die weste rus die bogrond op spoelgruis, met 'n sandlaag op die oppervlakte. Langs die spruite en valleie bevat die gronde meer klei en is hulle ook dieper. In 'n groot deel is daar 'n onderlaag van skalie. Die gronde wat uit hierdie skalie saamgestel is, bestaan uit 'n bruin kleierige leem. Die gronde van die Hardeveld en die Suurhoëveld is van swak gehalte. Slegs in die laer liggende dele kom vrugbaarder grond voor. Die Oos-Transvaalse laeveld bevat lateriete en lateritiese grondsoorte. In die noordelike gedeelte kom grys ysterhoudende lateritiese grond en rooigrond voor. In die omgewing van Blyderivier word die lateriete aangetref. Dit is hoofsaaklik klei en wissel in kleur van bruin tot geelbruin en rooibruin.[28] Langs die valleie, spruite en laagtes is die grond betreklik diep weens die ophoping van grond wat vanaf die hoër liggende dele afgespoel is.

Net soos die topografie van wes na oos wissel, verander die temperatuur ook. In die gebroke veld van die westelike gedeelte is die somers warm, veral aan die noordelike hange van die Magaliesberge. Op die Hardeveld en Suurhoëveld is die somers koeler en die winters straf. In die subtropiese laeveld aan die Drakensberge is die somers baie warm en die winters gematig. Die reënval deur die hele gebied is voldoende om fonteine, spruite en riviere in

---

28. Van der Merwe, C.R., op.cit., pp.182-184.

stand te hou. Die neerslag neem af van die ooste na die weste. Die Oos-Transvaalse laeveld het die hoogste jaarlikse neerslag, ongeveer 37 tot 65 duim. Dit reent hier gewoonlik 122 tot 143 dae per jaar gedurende die somermaande Oktober tot Maart. Die reën kom voor in sagte deurdringende neerslae tot hewige stortbuie. Mistige toestande het invloed op die klimaat en plantegroei. In die weste is die neerslag ongeveer 20 duim per jaar. Dit vermeerder na 24 duim langs Gatsrand tot 28 duim op die Witwatersrand. Op die Suurhoëveld is die reënval 35 duim per jaar. Die reën kom veral voor in stortbuie gedurende die somer.(29)

Die plantegroei wissel van streek tot streek. In die warm laeveld kom lang- en kortgrastipes voor, met groepies bome in die klowe. Die Suurhoëveld en die Hardeveld is hoofsaaklik boomloos. Dekgras en ander suur- en hardegrassoorte kom hier voor. Die westelike deel is by uitstek 'n graswêreld, met doring- en kameeldoringbome orals versprei. Langs die laagtes is die natuurlike bome talryker.

Uit voorgaande beskrywing van die natuurlike boerderystreke van Transvaal is dit duidelik dat die nuwe vaderland vir die blanke pioniers 'n verskeidenheid van geleenthede kon bied. Deur die aanwesigheid van streke wat skerp van mekaar verskil het ten opsigte van temperatuur veral, kon nuwe afdelings van die boerdery gevolg word wat in die Kaapkolonie onbekend was. 'n Groot verskeidenheid van gewasse kon gekweek word en sodoende kon die bevolking voorsien word van die nodige graan, vrugte en groentesoorte gedurende al die seisoene van die jaar.

Daar was egter ander natuurlike hindernisse soos veesiektes en insekteplae wat sekere gebiede minder geskik vir bewoning gemaak het. Onder hierdie struikelblokke kan die tsetsevlieg, die malariamuskiet en perdesiekte genoem word. Feitlik die hele

29. Ibid., pp. 182-202.

bosveldstreek was die tuiste van die tsetsevlieg en gevolglik ongeskik vir bees- en perdeboerdery. Etlike reisigers wat Transvaal gedurende die eerste helfte van die negentiende eeu besoek het, het tsetsevlieë teengekom in die Krokodil-Limpopo-opvanggebied. Cornwallis Harris het in 1836 die tsetsevlieg tot so ver na die suide as Krokodilrivier noord van die Magaliesberge aangetref.[30] Ander reisigers en jagters het ook die tsetsevlieg teengekom langs Krokodilrivier en die Limpopo. Die vlieg is in die Waterbergse distrik, in Soutpansberg, langs Olifantsrivier en in die Oos-Transvaalse laeveld aangetref.[31] Hierdie plaag was vir die eerste intrekkers baie gevaarlik, want in hierdie jare was die os en die perd van die allergrootste belang vir die boer en landsburger.

Afgesien van die gevaar van die tsetsevlieg, het die voorkoms van perdesiekte in die grootste gedeelte van Transvaal 'n verdere belemmerende uitwerking op die boerdery gehad. Veral in die bosveld en laeveld was die siekte gedurende die grootste deel van die

---

30. Aangehaal deur Henning: Animal Diseases in South Africa, p. 523.
31. Selous, F.C.: op.cit., pp.151-152. Hy skryf: „In 1845 Mr. William Cotton Oswell - the well-known traveller and hunter - encountered tsetse fly on the Maghaliquain river , a tributary of the Limpopo running through the Northern Transvaal, and it is an historical fact that at that tim- the whole of the Northern Transvaal lying between the Waterberg and Zoutpansberg ranges and the Limpopo, as well as a large area of country lying to the north of that river, was the haunt of great herds of buffaloes, and that the banks of every river draining this large territory, as well as many tracts of forest lying between these rivers, were at the same time infested with tsetse flies".
Selous beweer dat die uitroei en verdrywing van die buffel oorsaak was dat die tsetsevlieg teen 1886 nie meer in Noord-Transvaal te vinde was nie, behalwe in die mees ontoeganklike boswêreld.

Louis Trichardt het die tsetsevlieg aangetref onder die Soutpansberge , aan Olifantsrivier en in die laeveld oos van die Drakensberge (sien aantekeninge : 12 Maart 1837, 19 Augustus 1837, 2, 3 , 4 November 1837 en 24 Februarie 1838).

somer en die herfs erg gevaarlik. Die ruie veld, die warm klimaat en die voorkoms van bloutong het die bos- en laeveld vir die merinoskaap ontoeganklik gemaak.

'n Verdere faktor wat die besetting van groot dele van Transvaal gevaarlik gemaak het, was die aanwesigheid van die malariamuskiet. Alle laeveldstreke was die tuiste van hierdie gevaarlike insek. Die voorste Trekkers het die gevaar van malariakoors spoedig ondervind. Terwyl die geselskap in Soutpansberg vertoef het, moes Trichardt en sy mense die onaangename ondervinding opdoen dat dit nie net die tsetsevlieg was waarteen gewaak moes word nie, maar ook die malariamuskiet.(32) Die koms van die blankes het nie die toestand verbeter nie. Hulle was goeie draers van die malariaparasiet. Die distrikte Marico, Rustenburg, Waterberg en Soutpansberg was besmet met die malariamuskiet en gedurende periodes van goeie reënval het in die vyftigerjare dikwels epidemies voorgekom. In die laeveld het swartwaterkoors dikwels op malaria gevolg.(33) Hoewel die tsetsevlieg teen 1886 grootliks uit Transvaal verdwyn het, het die malariamuskiet nog gebly. Die bosveldstreek noord van die Soutpansberge was tot 'n aantal jare gelede nog ontoeganklik vir nedersetting ten gevolge van malariakoors.(34) Ons weet dat die eerste nedersetters te Ohrigstad en Schoemansdal swaar beproef is deur die voorkoms van hewige epidemies van malariakoors.

Die Transvaalse pioniers het verder te kampe gehad met roofdiere. Van die gevaarlikste roofdiere

---

32. Preller, G.S.: Dagboek van Louis Trichardt, aantekeninge op 11 en 12 Maart 1837, en 15 Maart 1837.
33. Murray, W.A.: „Die Fisieke Toestand van die Armblanke", Deel IV van die Carnegie-verslag, p.90.
34. Robertson, T.C.: „Laaste Leeus van die Limpopo", Veldtrust, Jaargang III, No.11, November 1953, pp.24-25 ; en Pelzer, A.N.: „Die Armblanke in die Suid-Afrikaanse Republiek tussen die jare 1882 en 1899", Historiese Studies, Jaargang II, No.3, Januarie 1941, pp. 142-143.

het feitlik deur die hele Transvaal voorgekom. Dit was egter in die bosryker en bergagtige streke waar die leeu, die luiperd, die jakkals en die wolf die veetroppe van die boer bedreig het. Trichardt maak dikwels melding van die verlies wat hulle aan vee gely het deur die roofsugtige leeu,luiperd en wolf.[35] Hoewel die aanwesigheid van hierdie roofdiere 'n faktor was wat die bewoning van die land kon strem, was dit nie 'n onoorkoomlike gevaar soos die tsetsevlieg en malariamuskiet nie.

'n Belangriker faktor as die aanwesigheid van roofdiere was die voorkoms van vyandige naturellestamme orals in Transvaal. Net soos in Natal en die Oranje-Vrystaat het die koms van die witman meer veiligheid en bestendigheid vir die Transvaalse naturelle gebring. Toe Trichardt en later Trekkers die gebied noord van Vaalrivier ingetrek het, was die grootste gedeelte van hierdie gebied oop vir nedersetting.[36] Die belangrikste naturellestamme het in die bergagtige streke van Noord- en Oos-Transvaal skuiling gesoek. In hierdie bergwêreld kon hulle beter weerstand bied teen aanslae van kragtige Bantoevolke uit Natal en Portugees-Oos-Afrika.

Langs die wesgrens van die Suid-Afrikaanse Republiek was die tuiste van die Betsjoeana. In die suide het die Betsjoeana onder Mahoera en Gasibon gewoon. Noord van hierdie groep was die tuiste van die Bakwena onder Setsjelie. In die noordweste het die groot stam van die Bamangwato gewoon.[37] Hierdie stamme het, nadat Moselekatse verslaan is, sterker geword en dikwels 'n dreigende houding teenoor die Boere ingeneem.[38] Die aanwesigheid van kleiner Barolongstammetjies meer na die ooste was geen hindernis by die

35. Preller,G.S.op.cit., aantekeninge op 26 Oktober 1836, 18 November 1836, 26 Desember 1836, 2 Januarie 1837, 30 Januarie 1837, 5 Februarie 1837, 13,14 en 16 Februarie 1837, 15 Junie 1837,17 Junie 1837, 1 Augustus 1837
36. Preller,op.cit. Inleiding,p.XXXVI.
37. Backeberg,H.E.W. :„Die Politieke Betekenis van die eerste Hermannsburgse Sendelinge op die Transvaalse Wesgrens", Historiese Studies,Jaargang I,No.2,Oktober 1939, p.13.
38. Wichmann,F.A.F.: „Die Wordingsgeskiedenis van die Zuid-Afrikaansche Republiek 1838-1860",Argiefjaarboek,Deel II,1941,p.124.


besetting van die land nie.[39]

Waar die nedersetters aanvanklik besonder belang gestel het in die noordoostelike Transvaal, was die aanwesigheid van gevaarlike naturellevolke in daardie geweste nie van betekenis ontbloot nie. Die Trekkers was hier genoodsaak om so dig moontlik bymekaar te woon. Die gevaarlikste naturelle hier was die Bapedi en die Bawenda. Wes van Steelpoortrivier het die Bapedi onder Sekwati gewoon. Suid van die Komati was die voorposte van die Swasies en in die berge ten ooste van Ohrigstad het die verswakte kapteinskappe van die Kaalkaffers, Knopneuse en Mapoelaners hulle bevind. Verder oos na die Laeveld het Manekose met sy Zoeloes en oorblyfsels van die Sjangaans en Knopneuse vertoef.[40] In die Soutpansbergse omgewing het die Bawenda die grootste deel van Noord-Transvaal beset. Die stam was deur aanvalle van die Zoeloes onder Songendaba uit die noordooste en van die Swasies en die Bapedi verswak en dus aanvanklik nie juis gevaarlik nie. Eers later toe die stam ten gevolge van die bestendigende invloed van die blankes sterk geword het, het die Bawenda 'n wesenlike gevaar vir die blankes in Noord-Transvaal geword.[41]

Met die intog van die eerste pioniers het Transvaal met sy verskeidenheid van natuurlike boerderystreke en sy groot onbewoonde gebiede veelvuldige geleentheid gebied om 'n boerende bevolking te huisves. Gesonde streke was feitlik onbewoon. Dit was inderdaad nie nodig om naturellevolke te verdryf ten einde hulle grond vir nedersetting in

39. Potgieter,C. en Theunissen N.H.: Hendrik Potgieter, p.133.
40. Van der Merwe,A.P.: „Die Naturelle en die Maatskappy te Ohrigstad en Lydenburg", 1845-1857, Historiese Studies, Jaargang II, Nos. 1 en 2, Julie-Oktober 1940, p.89.
41. Preller, G.S.,op.cit.,pp. XL-XLII ; Rademeyer,J.I.:„Die Oorlog teen Magato (M'Pefu)", Historiese Studies, Jaargang V,No. 2, Julie 1944, pp. 79-83.

te palm nie. Vir 'n onderhoudsboerdery was daar uitgebreide streke wat weiveld en grond vir landerye kon voorsien. Die nuwe vaderland was in staat om 'n groot boerende bevolking te dra, maar daartoe was nodig harde werk en stryd om die natuurlike struikelblokke soos siektes van mens en dier, akkerbouplae, roofdier en barbaar te oorwin.




Besproeiingsboerderystreek

Droëlandsaaistreek van die plato.

Oorgangsboerderystreek

Beesweistreke of Bosveld

Drakensbergweistreek

Oos-Drakensbergweistreek

Kaart van die Suid-Afrikaanse Republiek wat die verskillende boerderystreke aandui.

# H O O F S T U K   II.

## BOERDERY IN DIE SELFVERSORGENDE STAATSHUISHOUDING.

Die Afrikaanse boer wat aan die Groot Trek deelgeneem het en meestal afkomstig was van die grensdistrikte van die Kaapkolonie - die meeste veral van die oostelike distrikte - was reeds gewoon aan 'n boerderystelsel waar hoofsaaklik vir eie onderhoud geboer is. Deur die gebrek aan afsetmoontlikhede ten gevolge van die lang afstande na die naaste mark en van die swak aanvraag op daardie mark het die boerdery 'n middel geword om net in die daaglikse behoeftes te voorsien. Kontantinkomste uit die boerdery was so gering dat dit op sigself nie meer 'n doel by die boerdery was nie. Die maatstaf van stoflike besit was grond en vee. Periodieke verkopings van wol, velle, hamels en osse het die nodige kontantgeld voorsien of was die ruilmiddel waardeur beskawingsgoedere aangeskaf kon word.

Die selfversorgende aard van die boerdery is verder versterk met die verhuising uit die Kaapkolonie. Afsetmoontlikhede het verder ingekrimp en die geleentheid om beskawingsgoedere aan te koop is verminder. Toe die Trekker uiteindelik in die binneland aankom, het boerdery die lewensbedryf geword, 'n doel op homself, die leefwyse self.

As uiteindelike bestemming van die meeste Trekkers het Transvaal die tradisionele Afrikaanse boerderystelsel van die agtiende en negentiende eeu geërf. Dit is 'n kenmerk van die Afrikanervolk dat die Boer sy boerdery feitlik saam met hom op trek geneem het. Die boerderystelsel van die grensdistrikte van die Kaapkolonie herleef diep in die binneland. In die nuwe vaderland het daar natuurlik die nodige aanpassing by omstandighede geskied. Die Trekker wat na jare van swerwe uiteindelik sy tuiste noord van Vaalrivier gemaak het, was die grondlegger van die

republikeinse boerderystelsel van Transvaal. Vanaf die dae toe Louis Trichardt die eerste Transvaalse bodem betree het tot met die aanname van die grondwet in 1858, het jare van wisselende lotgevalle die Trekkers getref. Hierdie jare van rondtrek het die boerdery sterk beïnvloed, en selfs nadelig getref. Dit het 'n eie aard en hoedanigheid aan boerdery in Transvaal verleen.Hierdie stelsel het uit die nood van die tyd ontstaan en sou baie lank die boerdery van die Transvaler kenmerk.

Uit die aard van sy mobiliteit is dit duidelik dat die Trekker se vernaamste bron van inkomste sy veeboerdery was. Met die wegtrek uit die Kaapkolonie is die grond en ander moeilik vervoerbare besittinge verkoop. Die vee is behou, want daarmee moes die gesin gevoed en die toekomstige boerdery opgebou word. Paul Kruger verklaar dat dit sy taak op die trek was om die vee te help aanjaag en bymekaar te hou. Dit was die taak van byna alle Voortrekkerkinders , „want die swartvolk het byna sonder uitsondering in die Kolonie agtergebly, en juis in hierdie tyd, terwyl die besittings van die families heeltemal uit vee bestaan het, was hulle dienste baie nodig".[1]

Gedurende die trek het die versorging van die boerdery baie sorge opgelewer en veel skade is gely. Die Trekkers het nie as indiwiduele boere die onbekende binneland ingetrek nie, maar in geselskap van familie en vriende die trek onderneem. Dit het beteken dat daar saamgeboer moes word. Hierdie wyse van boer het baie moeilikhede opgelewer. Vee het maklik weggeraak, siektes kon nie beheer word nie en die uitmekaar hou van vee was so te sê onmoontlik.[2] Vir die groot troppe vee was nie altyd genoegsame goeie weiding beskikbaar nie, sodat die vee agteruit gegaan het en deur die trek verswak is.

1. Bredell en Grobler : Gedenkskrifte van Paul Kruger, pp.2-3.
2. Vergelyk wat Dicke skryf:„The Northern Transvaal Voortrekkers" ; Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis,Jaargang IV , Deel I, pp. 84,86.

Roofdiere en vyandige aanvalle van inboorlingstamme het verder verliese berokken. Die Natalse Trekkers het byvoorbeeld tydens die skrikbewind van Dingaan duisende stuks vee verloor. Die Potgietertrek het met die aanslae van die Matabele ontsaglik veel skade gely. Etlike gesinne is hierdeur geheel en al verarm.[3] Veesiektes het verder die veebesit verminder.

'n Ander faktor wat verantwoordelik was vir veeverliese was die feit dat die Transvaalse pioniers aanvanklik om staatkundige oorwegings hulle in die ongesonde laeveld gevestig het. In sy strewe na onafhanklikheid en die skepping van 'n eie selfstandige staat het die Boer selfs so ver gegaan om sy boerdery ondergeskik te maak aan sy staatkundige ideaal.[4] Die laeveld van Ohrigstad en Soutpansberg was vir skape en perde baie ongesond en selfs die beeste het nie vrygespring nie. Maar die Trekkers het hulle hier gevestig om 'n uitweg na 'n eie of neutrale hawe te hê ; om verbinding met die buitewêreld te kan hê sonder Britse inmenging en beheer. Feit is ook dat die subtropiese weelderigheid van die laeveld die verbeelding van die intrekkers aangegryp het en wonderlike verwagtings van die verbouing van gewasse soos koffie, suiker en katoen gewek het. Tot in die sewentiger jare en selfs later is hierdie verwagtinge nie laat vaar nie. Uitlanders en besoekers het steeds die goeie verwagtings van menige republikeinse boer laat oplewe.

Die nedersetting in hierdie streke het ook 'n ander oorweging as grondslag gehad. Dit moet nie sonder meer aangeneem word dat die Trekkers maar net die trekkende veeboere van die noordelike grensdistrikte van die Kaapkolonie was nie. Inteendeel, die meeste Trekkers was afkomstig van die oostelike distrikte van die Kaapkolonie.[5] Die inwoners van hierdie

3. Potgieter en Theunissen, op.cit.,p. 65 en Preller,G.S.: Piet Retief, p. 300.
4. Muller, C.F.J.: Die Britse Owerheid en die Groot Trek, p.75.
5. Van der Merwe,P.J.: Die Noordwaartse beweging van die Boere voor die Groot Trek, 1770-1842 , p. 374.

oostelike distrikte was nie nomadiese veeboere nie, maar het hulle tuine en landerye gehad waar vrugte, groente en graan , veral koring, vir eie gebruik verbou is. Die lewe aan die oosgrens was, afgesien van die onsekerheid ten gevolge van die invalle van die naturelle, baie meer gevestig as dié van die trekboere van die noordelike gebied. In ooreenstemming met hulle vroeër boerderystelsel het die Transvaalse pioniers hulle gevestig in die streke waar daar volle geleentheid vir die aanlê van tuine en landerye was. Selfs die Trichardttrek het tydens sy verblyf aan Brakspruit die water uit die spruit gehaal en lank en ywerig aan die watervoor gewerk. Daar is landerye aangelê om in die dringendste behoeftes te voorsien.[6] Sodra Potgieter en sy mense hulle in 1839 aan Mooirivier gevestig het, het hulle aan die werk gespring om koringlande gereed te maak. Tuine is aangelê en die water is uit Mooirivier gehaal.[7] Hier was dit die plig van elke burger om te help met die uithaal van die watervoor net soos later die geval by Ohrigstad was.[8] By die ou dorpie, Schoemansdal, kan vandag nog die watervoor wat vir besproeiing van gesaaides en tuine gemaak is, gesien word.

Die mense was ver in die binneland, honderde myle van die handelsentra van Natal en die Kaapkolonie, en moes derhalwe vir eie brood sorg. Selfs by die aanvang van hulle boerdery was hulle nie net veeboere nie, maar het onder wisselende omstandighede dadelik op beperkte skaal met die akkerbou begin.[9] Hierdie aspek van die boerdery is nie uit die oog verloor by die uitsoek van 'n plaas nie. Water vir besproeiing was belangrik en daarom is die eerste plase ook aangelê in streke waar daar met min moeite water vir die landerye beskikbaar gemaak kon word.

---

6. Preller, G.S.: Dagboek van Louis Trichardt, 27 September tot 7 Oktober 1836, p.11.
7. Potgieter en Theunissen, op.cit., pp.114-115.
8. Volksraadnotule, Andries Ohrigstad, 30 Julie 1845, art. 3 en 4 : S.A. Argiefstukke, Volksraadnotule, Transvaal, Deel I, 1845-1850, p.13.
9. Vergelyk wat Grosskopf verklaar in Verslag van die Carnegiekommissie, Deel I, p.32.

By die vestiging in 'n bepaalde streek was die omvang van die boerdery voorlopig beperk. Deur jare van swerwe en deur skade wat deur roofdier, barbaar en siektes aangerig is, het die meeste boere nie meer oor veel vee beskik nie. Weens die onveiligheid ten gevolge van dreigende naturelleaanvalle moes die mense met hulle vee so dig moontlik bymekaar hou. So konsentreer die mense aanvanklik om die nedersetting van Mooirivier en later om Ohrigstad. In laasgenoemde word daar selfs grense aangewys waarbinne die gemeenskap hom moes vestig. Die boerdery in Ohrigstad en Schoemansdal is feitlik uit die dorpies bestuur. Selfs nadat die nedersetters al dieper in die omliggende gebied ingedring het, het dorpsbewoners 'n aansienlike boerdery op die dorpsgronde aangehou.[10] Die weiveld in die onmiddellike omgewing van die gemeenskappie kon nie so baie vee dra nie en gevolglik moes weiveld verder weg gesoek word. Die oppas van vee is daardeur aansienlik bemoeilik en dit het die veeboerdery beslis nadelig getref.

Die bewerking van die grond vir verbouing van vrugte, groente en graan was onder omstandighede van konsentrasie in sekere gemeenskappies nie te moeilik nie. Die gesamentlike uithaal van 'n watervoor vir 'n gemeenskap soos dié aan Mooirivier, by Ohrigstad of aan die Soutpansberge het die voordeel gehad dat water vir besproeiing beskikbaar gestel is, iets wat anders nie deur indiwiduele persone gedoen kon word nie.

Namate daar meer veiligheid en sekerheid gekom het en nadat die burger sy plaas kon kies, het die geleidelike besetting van sekere distrikte begin en daarmee is ook 'n aanvang gemaak met die tradisionele boerderybedryf van ons land. Die feit dat aanvanklik twee plase aan 'n burger toegeken is - een 'n saaiplaas en die ander 'n veeplaas - bewys dat die akkerbou en veeteelt wesenlike elemente van die

---

10. Van der Walt, Wiid en Geyer: Geskiedenis van Suid-Afrika, Deel II, p. 219.

boerdery was. Die saaiplaas was die woonplaas, terwyl die veeplaas gewoonlik 'n tweede plaas in die warmer bos- of laeveld was waarheen die boer gedurende die wintermaande kon trek . In die pionierstydperk het die jag 'n belangrike rol gespeel en die wintertrek het dan goeie geleentheid gebied om te jag.

Seker die meeste boere moes ná hulle vestiging in Transvaal met 'n klein klompie beeste, skape en perde begin. Welgestelde boere was skaars. Die meeste moes met wat hulle oorgehou het uit die jare van onbestendige rondtrek, hulle boerdery opbou. Die volgende aanhaling uit 'n brief van 1851 gee die toestand getrou weer:

> „En wanneer de meesten onzer zwervend van het jaar 1835 tot 37 af in Afrika om; al onzen bezittingen door het moorden en plunderen der Kaffernatiën byna geheel of gedeeltelyk verlooren hebbende, en door de Godloozen Handelwyzen van het Engelschen Gouvernement gedurig verjaagd; en in de bittersten onzekerheid houden wordende, hebben wy alles verteerd, de geld middelen zyn uitgeput...." (11)

Sodra die boer sy grond uitgekies het, is 'n plek vir die opstal uitgesoek. 'n Belangrike oorweging by die keuse van 'n plaas en 'n plek vir die opstal was die moontlikheid van watervoorsiening vir landerye en vir die vee. Eers word voorsiening gemaak vir 'n voorlopige woning en sodra dit gereed is, is aandag aan die veekraal en die tuin bestee. Die kraal was nodig, omdat die diere snags nie los kon loop nie weens die gevaar van roofdiere en omdat die landerye nie omhein was nie. Grond en vee was die maatstaf van stoflike besittinge en daarmee moes die gesin onderhou word. Die bewerking van die grond is nie beskou as 'n bron van inkomste waardeur die stoflike besit vermeerder kon word nie. Elke seun het reeds vroeg begin met eie aanteelvee om later daarmee sy boerdery op te bou. Natuurlike aanwas

---

11. R.323 c/51: Volksraadkommissie aan Gebroeders Heemskerk, Knegt en Weimar ten Cate te Amsterdam, Lourenco Marques, 1 Oktober 1851.

was in die meeste gevalle die enigste wyse van vermeerdering van die veebesit. Beesboerdery , skape en perde was die vernaamste vertakkinge van die boerdery.

BEESBOERDERY: Waar kleinvee minder bestand was teen die gevare van roofdiere en klimaatswisselinge, kon beeste beter opgepas en beskerm word. Trekdiere vir die wa en die ploeg was van die grootste belang.(12) Verder was melk onontbeerlik, terwyl die velle gebrei en gelooi moes word vir allerhande noodsaaklike gebruike. Dit was ook duidelik dat die bewoonde streke geskikter was vir beesboerdery as vir skaapteelt. Beesboerdery het min arbeid vereis en daarby was die wêreld ruim en weiveld volop. Daar was ook nog nie soveel siektes wat die beesras aangepak het nie. Stuart skryf omtrent hierdie afdeling van die boerdery in die vyftiger jare :„ Het rundvee is hier in zyn element en teelt uitmuntend voort".(13) Volgens hom was daar vier beesrasse, nl. die Zoeloe- of Kafferbees wat klein was en min melk gegee het. Die ras was baie wild. Die tweede ras was die Afrikanerbees. Hierdie bees was groter as die Kafferbees en het aansienlik meer melk gegee. As derde ras noem hy die „Vaderlandsche" beesras, afkomstig van 'n kruising van die eerste twee rasse. Die Friesbees was die vierde ras en was heelwat groter en makker, met groter melkproduksie as die ander drie rasse. Heitmann maak melding van drie soorte beeste: die Fries, die Afrikaner en die Zoeloeras. Hy verklaar dat die eersgenoemde deur die boere „Mof" genoem word. Die koeie van hierdie ras gee die meeste melk. Daar kom baie kruisings van die rasse voor. Die kruising wat die geskikste bees voortbring, is vol-

12. Beesboerdery ter wille van die suiwelbedryf het eers in die twintigste eeu noodsaaklik geword. By die afwesigheid van spoorweë was die os van die uiterste belang vir vervoer.(Vergelyk Cousins, C.W.: Official Year Book of the Union of South Africa,1910-1917, p. 421.
13. Stuart,J.: De Hollandsche Afrikanen en hunne Republiek in Zuid-Afrika, p.224. Vergelyk ook Transvaal Argus, 29 Mei 1866.

gens hom die kruising tussen Afrikaner- en Zoeloebees. Hierdie ras is veral geskik weens die gehardheid van die trekosse.(14)

Dat die meeste boere omstreeks 1860 nie baie beeste besit het nie, kan afgelei word uit advertensies van boedelvendusies in die Staatskoerant van 1859.By 21 boedels was daar slegs 825 beeste betrokke.(15) Tog kan aangeneem word dat omstreeks 1860 goeie vordering met beesboerdery gemaak is. Elke mondige seun het gewoonlik sy eie boerdery gehad en gesamentlike veebesit van die familie was bepaald nie te gering nie. Beeste was in die wordingsjare 'n belangrike ruilartikel wat aan handelaars aangebied is vir die noodsaaklikste winkelware. Op hierdie wyse is jaarliks duisende slagbeeste na die Kaapkolonie gebring.(16)

Beeste was natuurlik veel makliker om te bemark as akkerbouprodukte wat per ossewa in betreklike klein hoeveelhede vervoer moes word. Beeste kon na die mark aangejaag word, al het dit heelwat tyd in beslag geneem. Die boer wat op 'n taamlik uitgebreide skaal met beeste geboer het, het slegs 'n geringe aantal koeie vir melkdoeleindes gehou. Die koeie wat nie gemelk is nie, het met hulle kalwers in die veld gebly, sodat die kalwers vinnig kon groei en sodoende gouer geskik kon wees vir trekosse of vir slagbeeste. In die winter was daar dikwels geen melk of botter op die plaas nie, veral nie op die hoëveld nie. Daar was dan geen weiding vir die koeie nie,want voer is nie gesaai nie.(17)

Wat die prys van beeste betref, blyk dat dit

---

14. Heitmann,G.:<u>Transvaal, das Land, seine Bewohner und seine wirtschaftliche Verhältnisse, p. 39</u>.
15. Pelzer, A.N. <u>Wordingsjare</u>, p.15.
16. Engelbrecht,S.P.:<u>Geschiedenis van de Nederduits Hervormde Kerk in Zuid-Afrika</u>,Deel I, Bylae L, brief van Ds. van der Hoff aan prof. Lauts. Sien ook <u>Transvaal Argus</u>, 29 Mei 1866.
17. Heitmann, op.cit., p. 39.

gewissel het in tye van oorlog en tye van vrede. In normale tye is van £4 tot £5 vir 'n os behaal, terwyl die prys in tyd van oorlog gestyg het tot £15.[18] Op die Potchefstroomse mark is in 1859 van Rds. 50 tot Rds. 80 vir osse betaal, terwyl koeie van Rds. 20 tot Rds. 40 behaal het.[19] In 1858 word Rds. 0-1-2 tot 0-4-0 vir 'n pond botter betaal en in 1859 Rds. 0-2-4 tot 0-5-2.[20] Ander artikels soos rieme, stroppe, swepe en soolleer is op die mark gebring. Daar kon dus veelvuldig van die bees gebruik gemaak word op die plaas.

Aanvanklik was longsiekte die vernaamste veesiekte wat die Transvaalse beesboer verliese besorg het. Hierdie siekte wat in 1854 sy verskyning in die Kaapkolonie gemaak het, het deur gebrek aan deeglike beheermaatreëls en deur die grootskaalse gebruik van osse vir transportdoeleindes vinnig na ander kolonies en state versprei. Dit het reeds in 1855 in die Suid-Afrikaanse Republiek voorgekom.[21] 'n Ander siekte wat dikwels las gegee het, was die sogenoemde „Boschziekte" of rooiwater. Die siekte het reeds in 1867 in Transvaal voorgekom, want in daardie jaar het die Potchefstroomse koerant, The Transvaal Argus , reeds 'n geneesmiddel aan die hand gedoen.[22] Die siekte moes teen 1873 reeds orals voorgekom het , want ook De Volksstem het 'n middel teen die siekte gehad.[23] Toe daar in 1883 'n ernstige epidemie van rooiwater in die oostelike distrikte van die Kaapkolonie uitgebreek het, wou die Koloniale veearts weet of die siekte ook in Transvaal voorkom en watter voorsorgsmaatreëls vir die bestryding daarvan aangewend word.[24]

---

18. Ibid. en Van der Walt, Wiid en Geyer, op.cit. p.220.
19. Staats-Courant, Maart tot Mei 1859.
20. Ibid.: 8 Januarie 1858, 11 Maart en 13 Mei 1859. ( 1 Ryksdaalder = 8 schellingen; 1 schelling = 6 stuivers; 1 Ryksdaalder = 1/6).
21. Henning,M.W. op.cit. ,pp. 170-171.
22. Transvaal Argus, 2 Mei 1867.
23. De Volksstem, 22 Augustus 1873.
24. R. 968/83 , telegram gedateer 6 Maart 1883.

Die Regering het geantwoord dat die siekte reeds geruime tyd voorgekom het, veral langs die transportpad na Natal. Daar was nog niks gedoen om verspreiding van die siekte te bestry nie.

Uit ondervinding het die republikeinse boer geleer om die gebiede wat met tsetsevlieg besmet was, te vermy. Die wêreld was nog ruim en oop, sodat dit nie nodig was om in die gevaarstreke, soos byvoorbeeld in die Krokodilriviervallei ten noorde van die Soutpansberge, te boer nie. Hierdie streek is sorgvuldig vermy . Ander siektes soos sponssiekte en hartwater het ook voorgekom, maar hulle was nie so gevaarlik as longsiekte en rooiwater nie.

Hoewel gunstige omstandighede soos volop weiveld en goeie beesstreke die aanteel van beeste bevorder het, het dit nie altyd so voorspoedig gegaan nie. In die tydperk van selfversorgende staatshuishouding was daar nie juis besondere prikkels wat sou lei tot intensiewe beesboerdery nie. Sonder groot stedelike sentra en met slegs 'n plattelandse bevolking, was daar nie veel geleentheid vir bemarking van slagvee en koeie nie. 'n Eie binnelandse mark vir beeste was daar so te sê glad nie. Aylward wat tien jaar lank in die Suid-Afrikaanse Republiek vertoef het, skryf:

> " I have made most minute inquiries from farmers in nearly every district , and I cannot find any who have not complaints to make of a want of success, which is equally noticeable in Natal and other S.A. Colonies. Herds, except under the most favourable circumstances , do not seem to increase in anything like a fair ratio".

Hy het baie boere direk gevra hoe hulle beeste aangeteel het. Die antwoord was sonder uitsondering: „No increase". Hierdie feit, verklaar hy, is toe te skryf aan longsiekte en veral aan siektes wat die kalwers aanval.„Still the herds have been kept up, and farmers have made a profit by the sale of oxen, and should have calculated as income the value received during these years from spans of bullocks working in the plough and the wagon". (25) Aangeneem

25. Aylward,A.: The Transvaal of To-day, p.166.

kan word dat in hierdie tydperk van landelike lewe daar nie besondere pogings aangewend is om die beesboerdery te bevorder nie. Die boer was tevrede met die ras waarmee hy geboer het en het nog nie aan invoer van volbloeddiere gedink nie.

SKAAPBOERDERY: Gedurende die lang periode van onbestendige pionierslewe in Transvaal en die aanvanklike vestiging in ongesonde laeveldstreke het skaapboerdery 'n minder belangrike item in die boerderybedryf uitgemaak. Mense wat met groot skaaptroppe die Kaapkolonie verlaat het, het met verloop van jare deur wegraak, roof en veesiektes baie van hulle skape verloor. Bereken word dat Louis Trichardt gedurende sy kort verblyf in Transvaal heelwat meer as 25 persent van sy skape verloor het.(26) Met die uittog uit die Kaapkolonie was skaapboerdery in die oostelike distrikte reeds goed gevestig.(27) Selfs die wolskaapteelt het toe reeds goeie vordering gemaak en dis waarskynlik dat van die Trekkers merinoskape op trek geneem het. Na die jare van rondtrek het daar van hierdie soort skape maar min oorgebly.

Dit blyk dat die boere in die vroeë Transvaal 'n hele paar skaaprasse aangehou het. Stuart skryf daaromtrent:

> „Er zyn ook 4 soorten van Schapen. De Vetstaarten, dus genoemd om hunne korte, breede en alleen met vet gevulde staarten. En voorts de stekelharige, de krulharige en de langharige. De 1 ste soort wordt uitsluitend voor de slagt aangefokt. De overige ook voor de wol. De stekelharige wol heeft de minste en de langharige de hoogste waarde. De wolteelt is hier minder dan in de Oranje Vrystaat..."(28)

Dat daar wolskape was, blyk ook uit 'n mededeling in die oudste Transvaalse koerant, De Oude Emigrant. Die blad verklaar dat daar aanvanklik vir wol geen mark was nie en dat dit eenvoudig weggegooi is.(29)

---

26. Dicke,B.H.:„The Northern Transvaal Voortrekkers", Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, Jaargang IV, Deel I, p.86.
27. Thom,H.B.: Die Geskiedenis van die Skaapboerdery in Suid-Afrika, pp. 330-331.
28. Stuart, op. cit..pp. 223-224.
29. Aangehaal deur Pelzer: Wordingsjare, p.181.

As slagvee het skape in hierdie vroegste jare weinig betekenis gehad en daarom was daar in 'n mate 'n verwaarlosing van die skaapboerdery. Die aanpassing van die skaapras by nuwe omstandighede is betreklik moeilik en daarom is nie veel sorg aan hierdie afdeling van die boerdery gegee nie. Die vroegste nedersettings in die subtropiese streke met ruie gras en bosse was ongeskik vir die skaapteelt. Stuart was oortuig dat die skaapboerdery beter sou vorder, indien daarvoor die hoëveld met korter veld gekies sou word.(30)

Met die koms van handelaars in die verskillende dorpies, en veral in Potchefstroom, is 'n kanaal vir die uitvoer van wol geskep en hierdie mark vir skaapwol het teen 1860 nuwe belangstelling vir die wolteelt geskep.(31) In hierdie tyd word die hoëveld, wat eers weens sy koue en gebrek aan brandhout en beskutting onbewoon gelaat is, betrek en word uiteindelik die regte streek vir die skaapboerdery ontdek. Aanvanklik word die skaapboerdery in die westelike en suidwestelike distrikte soos Bloemhof, Wolmaransstad, Potchefstroom en Lichtenburg aangetref. Omdat die reënval hier nie voldoende was nie kon die akkerbou nie beoefen word nie en het die boere hulle op veeteelt toegelê. Later het dit egter duidelik geword dat die oostelike hoëvelddistrikte geskikter vir skaapboerdery was.

Die boere van die Suid-Afrikaanse Republiek het hulle skaaptroppe aangevul met skape uit die Oranje-Vrystaat.(32) Heelwat boere wat hulle skape in die Oranje-Vrystaat laat agterbly het totdat hulle 'n permanente verblyf in Transvaal kon vind, het later hulle skape laat oorkom na Transvaal.(33) Een van die vernaamste maniere waarop skape aangekoop is, was die ruil daarvan vir landbouprodukte.

30. Stuart, op.cit., p. 224.
31. Pelzer, Wordingsjare, p.181.
32. Een Hollander : Toen en Thans, p.120.
33. Pelzer, loc.cit.

Die Vrystaatse boere kon nie voldoende graan en vrugte verbou nie en het gebruik gemaak van die geleentheid om hulle benodigde graan van die Transvalers vir skape te ruil. Ds. Dirk van der Hoff gee 'n mooi beskrywing van hierdie onderlinge ruilverkeer tussen Transvaalse en Vrystaatse boere. Aan prof. Lauts skryf hy:

„Ge moet weten dat de O.Vrystaat over het geheel genomen slechts een veehoudend land is; zy hebben behoefte aan hetgeen de grond hier oplevert, als: tabak, meel, drooge vruchten, zoolleder, enz.. Elke boer nu van hier, de eene meer, de andere minder, verzamelt zoo van alles wat zyn plaats hem oplevert, een wagenvracht of vrachtje by malkander. Hy spant er zyn tien of twaalf osjes voor en zoo gaat hy den Vrystaat doorkuyeren, overal heeft hy bekenden, vrienden en bloedverwanten; hier verruilt hy een paar rolletjes tabak, daar een mudje meel, ginds wat drooge vruchten (perziken, abrikozen, vygen, rozynen) elders een paar zooltjes enz. en dat alles voor schaapjes en wel merino". (34)

Dis interessant om uit die markverslae van die vyftiger en sestiger jare op te merk dat geen skape op die openbare mark verkoop is nie. Wol is wel daar verkoop. Almal was blykbaar gretig om skape aan te skaf. Dit was slegs by algehele uitverkopings of by boedelvendusies waar skape verkoop is. In die advertensies van sulke vendusies is skape en bokke gewoonlik saam gegroepeer. Nou en dan is melding gemaak van merinoskape.(35)

Handelaars het blykbaar 'n goeie wins gemaak met die aankoop of inruil van wol en die uitvoer en verkoop van daardie wol. Een van die Potchefstroomse handelaars het vir wol wat hy na Engeland uitgevoer het, op die Londense wolveiling een sjieling per pond gekry.„This proves that the Transvaal wool is equal in quality to any exported from the Cape Colony .It was the highest price given for Cape Wool".(36) Heelwat van die wol

34.Engelbrecht,S.P.:op.cit. Bylae L.
35. Staats-Courant der Z.A. Republiek, 27 Junie 1864.
36. Transvaal Argus, 12 Junie 1866.

wat in 1858 op die Potchefstroomse mark verkoop is, was afkomstig van die Oranje-Vrystaat.[37]

Die toenemende belangstelling in die skaapboerdery blyk ook uit waarnemende staatspresident J.H. Grobler se verwysing in sy openingsrede voor die Volksraad in September 1860. Hy het verwys na die skielike toename in wolverkope en die invoer van wolskape in die Republiek.[38] Van November 1858 tot April 1860 is 51,725 pond wol op die Potchefstroomse mark verkoop vir 'n totale bedrag van Rds. 27,181 -5- 1. Die gemiddelde prys vir genoemde tydperk was Rds. 0-4-1 of 9¾ pennie per pond.[39] Die hoeveelheid wol wat oor die verskillende maande bemark is, toon 'n stygende vermeerdering. So is van November 1858 tot April 1859 'n totale gewig van 16,455 pond bemark.Vir die tydperk November 1859 tot April 1860 is 28,795 pond wol op die mark verkoop.[40] Dit is 'n styging van 75 persent.

Die wolmark het die voordeel gehad dat dit nie afhanklik was van plaaslike aanvraag nie. Waar die mark vir beeste afhanklik was van die binnelandse aanvraag, was wol 'n uitvoerproduk waarvoor daar altyd 'n aanvraag was, al was pryse dan nie juis hoog nie. Die bemarking van wol was onder heersende omstandighede van gebrek aan spoorweë voordeliger as wat die geval met koring, hawergerwe of ander akkerbougewasse was. Daarby was dit vir die boere nie nodig om met hulle wol na die kus te gaan nie. Die winkeliers het die wol op die mark opgekoop en self die uitvoer onderneem.

Met die vestiging van die skaapboerdery op Transvaalse hoëveld het hierdie afdeling van die

---

37. Staats-Courant der Z.A. Republiek, 9 Julie 1858, Markverslag vir Mei 1858.
38. Notule van die Volksraad ,1860,Bylaag 2, Vr.467/60, gepubliseer in S.A. Argiefstukke, Volksraadnotule, Transvaal, Deel IV,p.333.
39. Pelzer, A.N.: op.cit.,p.182.
40. Ibid.

boerdery 'n nuwe tydperk ingetree. Die verskuiwing na die hoëveld het die skaapteelt aansienlik bevorder. „De schapenteelt , die van het Kaapland tot

> aan de Vaalrivier zeer veel winsten afwierp, wilde in het Transvaalsche gebied, waar het klimaat reeds te warm en vochtig is, niet goed gelukken, tot voor omstreeks 10 jaren de boeren in groote getale de tropische gedeelten van het land verlieten en zich op de hoogvlakte terugtrokken, waar tegenwoordig menige boer 2-3000 schapen bezit".(41)

In 1878 skryf Aylward in dieselfde trant: „Sheep can hardly be said to have a fair trial, it being only within recent years that the value of the Highveld as a sheep-walk has revealed itself". Hy noem die geval van 'n boer wat hom op die Hoëveld gevestig het en baie goeie vordering met sy skaapboerdery gemaak het. Sekere Cornelius van der Berg het in die winter van 1870 saam met familiebetrekkinge en vriende uit die distrik Weenen na Standerton se hoëveld verhuis. Van der Berg het twee plase gekoop - een 'n hoëveldplaas en die ander 'n winterveldplaas aan die Pongola. Aylward verklaar: „These he stocked with 170 head of cattle,

> 17 breeding mares, and 750 ewes, all in good condition...The result of this settlement is that he has lost thirty per cent of the cattle, all the horses, all the goats, but gained in eight years forty-five per cent on sheep".

Dit is ook die ondervinding van die meeste boere.(42)

Die hoëveld het nog verder die voordeel gehad dat die Oos-Transvaalse laeveld en die warm laeveld van Swasieland binne bereik vir winterweiding was. Skaapboere uit die distrikte Standerton, Ermelo, Carolina en Middelburg-Belfast kon gedurende die koue wintermaande wanneer die veld op die hoëveld skraal en waardeloos is, met hulle vee na die warmer streke trek waar veld volop was en die weer warm.(43)

---

41. Merensky, Jeppe en Mauch: De Transvaal Republiek en de Hollandsche Boeren, p.74.
42. Aylward, A.: op.cit., p.167.
43. De Volksstem, 4 Junie 1892: „Nieuws van't Hoogeveld", 'n korrespondent skryf : „'t Is winter; en de meeste menschen zyn van hier vertrokken naar 't boschveld of elders...". Sien ook De Volksstem van 17 September 1892: Middelburg: „Het gaat hier maar by het oude. De boeren zyn aan het uittrekken uit het Boschveld met hunne kudden van schapen, beesten en paarden".

Dat die merino in 'n groot mate die vetstertskaap verdring het, moet toegeskryf word aan die feit dat die aanvraag vir slagskape voor die opening van die Randse goudmyne so gering was dat die vetstertskaap geen plek in die boerdery kon regverdig nie, veral omdat hierdie skaapsoort se wol nutteloos was. Die merino het daarenteë die voordeel gehad dat daar altyd 'n aanvraag na wol was, al was die prys nie juis hoog nie. Nadat die geldelike posisie van die Republiek verbeter het, het wol 'n belangrike bron van inkomste vir die boer geword.[44] Kontantgeld wat dringend nodig was , is nou dikwels deur winkeliers aangebied by die koop van wol.

Die verbetering van die wolskaap in Transvaal het egter nie met hoë tempo geskied nie. Stoetskape kon alleen met groot moeite verkry word.[45] Kennis omtrent stoetboerdery het by die republikeinse boer ontbreek, en die kanaal vir die invoer van stoetskape deur vooraanstaande ontwikkelde en ondernemende boere of 'n landboudepartement het nog nie bestaan nie. Dit sou die taak van uitlanders word om pogings aan te wend om die skaapteelt te bevorder. Een van die doeleindes van die Mc.Korkindaleskema in Oos-Transvaal was o.a. om op die voetspoor van wat in Australië en Nieu-Seeland gedoen is, 'n omvangryke skaapboerdery op te bou.[46] Hierdie voorneme kon deur die mislukking van die Mc.Korkindale-plan nie verwesenlik word nie.

Die belangrikste onderneming in die sewentiger jare vir die verbetering van die wolskaap was die werk van Duitse nedersetters wat hulle in die omgewing van Luneburg in die distrik Vryheid gevestig het. Ongeveer in 1875 het hierdie nedersetters die Saksiese Elektoraal en die Duitse Rambouillet direk uit Duitsland ingevoer en so met hierdie rasse 'n nuwe koers

44. Heitmann,G.:op.cit.,p. 45.
45. Thom,H.B.,op.cit.p. 342.
46. Transvaal Argus, 5 Junie 1866, 'n berig.

in die skaapteelt ingeslaan.[47] Verdere invoer van volbloedskape het in 1884 geskied toe die heer H. Rabie van Luneburg vier ramme en vier ooie uit Duitsland ingevoer het. In 1885 is ook uit Frankryk volbloedskape ingevoer.[48]. Ook moet die pogings van die heer Bührman van Emigratie en van die heer Donovan van Newcastle in hierdie verband genoem word.[49]

Die invloed van hierdie progressiewe boere het natuurlik nie uitgebly nie. In 'n konserwatiewe boeregemeenskap en in 'n boerdery vir onderhoud kan nie verwag word dat radikale verbetering ten opsigte van die skaapteelt dadelik sou intree nie. Die vordering was langsaam en moeisaam. Daar was geen verenigde aksie in die verbetering van die skaapras nie, met die gevolg dat net hier en daar doelbewuste pogings aangewend en resultate verkry is.„A few of the wealthier Boers breed from imported animals, but as a rule no care is displayed in the selection of the stock, and quantity prevails over quality".[50] Tog het die wolskaapteelt op bevredigende wyse toegeneem. Omstreeks 1885 het die boere in die distrikte Marico,Lichtenburg, Bloemhof ,Potchefstroom,Ermelo, Utrecht, Standerton, Wakkerstroom, Heidelberg en Middelburg hulle meer en meer op die wolskaapteelt toegelê .[51]

'n Ernstige klagte teen die wolboere van daardie dae was die onbevredigende wyse waarop die skeer van skape waargeneem is. In 1885 het 'n ervare wolhandelaar op hierdie leemte gewys. Hy sê dat die boer wat sy wol skoon op die mark bring, nie hoër pryse ontvang as dié wat slordig met die wol te

---

47.Robertson,A.G.: „Sheep Breeding in the Transvaal", Transvaal Agricultural Journal, No.15,Deel IV, April 1906, p.550.
48. Ibid.
49. Ibid.
50. Nixon,John: The Complete Story of the Transvaal, p.6.
51. De Volksstem, 13 Augustus 1885.

te werk gaan nie.

> " A brengt goede wol ter markt, B grove met fyne door elkaar, C brengt wol met zand doormengd, D plaatst ietwat aangeklamde wol op de markt, E brengt witte en zwarte wol door elkaar; F wol van brandziekte of schurfte schapen, G wol met allerhande vuil uit de scheerplaats, H mengt zyn wol met de scheersels van doode schapen die in het veld gevonden worden, terwyl sommigen, naar de wolkoopers verzekeren, zelfs zoo ver gaan om een of meer steenen in de balen te stoppen".

Die handelaar gee dan wenke hoe skape geskeer en die wol op die mark gebring moet word. Hy is van oordeel dat die daarstel van 'n wolvereniging die saak kon verhelp.[52] Dit sou egter jare van voorligting en bearbeiding kos voordat hierdie ideaal verwesenlik sou word.

Die onbevredigende prys van wol het by denkende boere die vraag laat ontstaan of wol nie plaaslik verwerk kon word nie. In 1883 het die Volksraad reeds geredelik toegestem om aan sekere J.E.Mears 'n konsessie toe te ken vir die oprigting van 'n wolfabriek vir die vervaardiging van sekere wolgoedere.[53] Net soos dit met latere aansoeke die geval was, het van hierdie konsessie niks tereg gekom nie.

Ons sien dus dat in die tydperk van stille landelike uitbreiding die skaapboerdery geleidelik toegeneem het totdat dit een van die belangrikste afdelings van die veeteelt geword het. Met die verskuiwing na die hoëveld het 'n mate van gebiedsaanpassing plaasgevind. Die sogenoemde skaapdistrikte was ontdek en die tradisionele skaapboerdery gevestig.[54]

Dit alles het egter nie sonder terugslae gebeur nie. Gegewens omtrent skaapsiektes ontbreek feitlik geheel en al, tog is dit 'n bekende feit dat daar ook siektes was wat ernstige verliese vir die skaapboer meegebring het. Die algemeenste hiervan

52. De Volksstem, 13 Augustus 1885.
53. Notule van die Volksraad, art. 77,dd. 16 Mei 1883,EVR.19.
54. Hierdie distrikte was Heidelberg, Standerton, Bethal, Ermelo, Wakkerstroom, Utrecht en Vryheid. Sien Wallace,R.: Farming Industries of Cape Colony, p. 352.

was bloutong.[55] Hierdie siekte wat veral gedurende tye van hoë reënval in die laat somer en gedurende die herfs voorgekom het, het feitlik elke jaar sy verskyning onder die skaapkuddes van die hoëveld gemaak. Daar was nog geen voorbehoedmiddel beskikbaar nie en die enigste manier om dit te bestry was om die skape uit vleie en laagliggende terreine weg te hou en om hulle nie vroeg in die doubedekte gras te laat wei nie.[56]

'n Ander plaag wat veral die wolskaap ernstig bedreig het, was brandsiekte. Hierdie siekte het voortdurend voorgekom en by gebrek aan beheermaatreëls kon dit nie doeltreffend bestry word nie. Selfs Louis Trichardt het reeds met hierdie plaag te kampe gehad.[57] Die owerheid kon nooit daarin slaag om 'n brandsiektewet deur die Volksraad te loods nie. Natal het reeds in 1865 wetgewing vir die beheer en bestryding van brandsiekte aangeneem.[58] Die Natalse owerheid het by die Transvaalse regering aangedring om mee te werk in die beheer van brandsiekte , want daar was 'n voortdurende verkeer met skape tussen daardie kolonie en Transvaal.Slagskape is dikwels in Transvaal aangekoop en oor die grens in Natal ingebring. Gedurende die winter het Transvaalse boere met hulle skape die laeveld van Natal opgesoek en sodoende kon die siekte maklik oorgedra word.[59] Die saak van gemeenskaplike bestryding kon egter weens omstandighede van oorlog en politieke woelinge nie die nodige aandag geniet nie. Tydens

---

55. Hierdie siekte het ook in die ander kolonies voorgekom.Gedurende etlike seisoene het ongeveer 50 % van die skaapkuddes in die Kaapkolonie bloutong gekry waarvan 10-15 % beswyk het(Wallace, R.: op.cit.,p.383).
56. Henning,M.W.,op.cit. p.604.
57. Preller, G.S.: Dagboek van Louis Trichardt, aantekeninge op 13 Mei 1837.
    In die Kaapkolonie het brandsiekte jaarliks 'n verlies van £1 miljoen veroorsaak(Wallace,R., op.cit. p.367.
58. Thom,H.B., op.cit. p. 339.
59. Ibid., pp. 340-341.

die Britse besetting van Transvaal, 1877-1881, het Natal weer die saak aangeroer, maar sonder enige reaksie van die kant van die Transvaalse regering.

Die toenemende mate waarin die verskyning van die onkruid, Xanthium spinosum (boetebossie), die owerheid in die Suid-Afrikaanse Republiek verontrus het, was nie sonder rede nie. Hierdie onkruid wat teen 1860 die wolskaapteelt in die Kaapkolonie bedreig het, het na die noorde versprei en in die sewentiger jare in die Suid-Afrikaanse Republiek ernstige afmetings aangeneem.(60) Vir die wolskaap was die onkruid skadelik, want die saad wat in die wol vasgesit het, was gevaarlik vir die masjinerie wat die wol moes verwerk. Daarom is die boetebossie van die staanspoor met erns uitgeroei.(61)

Gedurende jare van onderhoudsboerdery was die skaapboerdery die afdeling wat met 'n minimum van arbeid en kapitaaluitgawe 'n inkomste verskaf het waardeur die nodige verbruiksgoedere aangekoop kon word. Ten gevolge van die slegte geldelike toestand van die Republiek tot ongeveer 1870 moes die wol gewoonlik ingeruil word vir huishoudelike benodigdhede. Later, met die verbetering van die wisselkoers in die Suid-Afrikaanse Republiek, was kontantgeld ook in sommige gevalle verkrybaar by die verkoop van wol. Met die vermeerdering van die bevolking en die versterking van die dorpsentra was daar ook 'n groter aanvraag na slagskape. Die aanbod moes rekening hou met die aanvraag en omdat laasgenoemde maar gering was, was daar nie juis 'n besondere prikkel en aanleiding tot grootskaalse skaapboerdery nie.

PERDEBOERDERY: Hoewel perdeboerdery nie op 'n groot skaal onderneem is nie, was dit tog van die allergrootste belang in 'n nuwe land waar groot

---

60. Thom, H.B., op.cit., p. 92 ;
Notule van die Volksraad, art. 551, dd. 22 Februarie 1872, EVR.10.

61. Vir besonderhede sien Hoofstuk XII, PLANTSIEKTES EN AKKERBOUPLAE , pp. 431-436.

afstande afgelê moes word en waar kommandodiens feitlik onafgebroke van die burger geëis is. Waar die skaapboerdery in die aanvangsjare verwaarloos kon word, moes die perdeteelt onder moeilike omstandighede met sorg voortgesit word. Met die perde wat uit die Kaapkolonie saamgebring is tydens die Trek, moes die boerdery aan die gang gehou word. Die „Boereperd" wat 'n produk was van kruising van die Arabiese perd met rasse uit Suid-Amerika, Noord-Amerika, Engeland en Spanje, het die beste aan die vereistes van die pionierslewe voldoen.[62] Tydens die vestigingstydperk was die perd die plaasdier wat wel nie direk tot die onderhoud van die gesin bygedra het nie, maar wat tog onontbeerlik was vir die welsyn van die gesin en van die volk as 'n geheel. Afgesien van die gebruik in tye van krygsverrigtinge , was die perd die vinnigste vervoermiddel van dié dae. Elke boer het gewoonlik gesorg dat hy 'n aantal merries vir aanteel hou, sodat daar altyd perde vir die saal, die kar en die vere-wa kon wees. In Transvaal is selde baie perde vir die mark geteel. Die rede hiervoor moet gesoek word in die voorkoms van perdesiekte. Op die hoër geleë gedeeltes van die land is pogings aangewend om perde aan te teel. Dié boerdery was egter „in a rough and ready fashion".[63]

Die Transvaalse boer was bewus van die gevaar van perdesiekte en het geweet dat die laagliggende gedeeltes van die land en selfs dele van die hoëveld gevaarlik was. Seker min boere het 'n perdeplaas aangehou soos wat Andries Pretorius byvoorbeeld gedoen het. Op sy plaas, Paardekraal, digby Krugersdorp, waar vandag nog die oorspronklike kraal vir sy perde gesien kan word, het hierdie Boereleier na sy intrek in Transvaal 'n perdeboerdery aangehou. Die toesig oor hierdie boerdery was toevertrou aan „Vaal" Marthiens Pretorius, 'n broerskind van die

62. Cousins,C.W.: Official Yearbook of the Union of South Africa, 1910-1917,p.418.

63. Nixon,John,op.cit.,p.6.

Generaal.[64]

Ten gevolge van die perdesiekte wat feitlik jaarliks talle perde afgemaai het, moes die boer dikwels sy perde aanvul met diere uit die Vrystaat.[65] In laasgenoemde provinsie was die siekte nie so straf nie en sodra die winter ingetree het, het perdeboere van die Vrystaat met groot troppe perde Transvaal besoek om die perde te verkoop. Gedurende die verblyf in die Transvaalse laeveld het baie boere al hul perde verloor. Dit was ook een van die redes waarom die boere mettertyd die laeveld verlaat het en die hoëveld vir vestiging verkies het.[66] En selfs op die hoëveld het die siekte gedurende hoë reënval-seisoene groot skade aangerig. Die gevolg was dat perde altyd duur was in vergelyking met ander plaas-diere. Gesoute perde het sommer baie hoë pryse behaal. In die tydperk van landelike uitbreiding en vestiging het die prys van ongesoute perde gewissel van £10 tot £20 en dié van gesoute perde van £30 tot £50.[67]

Die boerdery van die republikeinse boer het verder ook bestaan uit die aanhou en aanteel van bokke, varke en pluimvee. Bokke het veral goed geaard in bosryke dele waar hulle sonder sorg en arbeid aangehou kon word. Op die tentoonstelling wat in 1868 op Potchefstroom gehou is, was pragtige Angora-bokke te sien.[68] Varke is nie aangehou om te bemark nie. Elke boer het slegs 'n paar aangehou om vir eie huishoudelike gebruik te slag. Omdat varke soveel las gegee het in die tuinery, was hierdie diere nie juis baie gewild nie.[69] Pluimvee het ook deel uitge-maak van die boerdery van die gewone boer. Die doel was egter nie om daarin te spesialiseer nie, maar

64. Preller, G.S.: Andries Pretorius, p.377.
65. Heitmann, G.:op.cit.,p.55.
66. Aylward,A.:op.cit., p.18.
67. Jeppe,Fred: Transvaal Book Almanac and Directory for 1881, pp.105-106.
68. Transvaal Argus, 8 April 1868.
69. Stuart,J.: loc.cit.

om vir eie gebruik eiers te hê. Daar is dan ook nie besondere sorg aan pluimvee bestee nie.

AKKERBOU: Afgesny van die handelswêreld deur lang afstande en gevaarlike en slegte paaie , moes die Transvaalse pioniers van die staanspoor af sorg dat die bietjie saad wat hulle kon saambring, gesaai en geplant word, sodat die nodige graan en ander gewasse vir die lewensonderhoud beskikbaar kon wees. Die streke wat aanvanklik bewoon is, was gewoonlik ook geskikter vir die akkerbou as vir die veeteelt. Melding is reeds daarvan gemaak hoe die eerste intrekkers by Mooirivier, Ohrigstad en Lydenburg die water na die beskikbare landerye aangebring het en hoe tuine en landerye aangelê is. Sodra die gesin 'n herberg gehad het en die veekrale gereed was, is aandag gegee aan die braak van 'n stukkie grond vir die saai van koring en mielies en die plant van groente en vrugtebome.[70] Met die primitiewe landbougereedskap van daardie dae het dit heelwat moeite gekos om landerye aan te lê en in orde te bring. Dit was egter noodsaaklik om eie brood en graan te verbou, want geleentheid om hierdie lewensmiddele van elders te kry, was daar nie.

Die boer het gewoonlik die vrugbaarste gedeelte vir die tuin en landerye uitgesoek en die opbrings was dan ook baie goed. Die getuienisse van besoekers aan Transvaal gedurende hierdie vroegste jare dui almal op die verbasende vrugbaarheid van die bodem. Ds. Van der Hoff het in 1858 aan prof. Lauts geskryf dat die landbou goed vorder, en dan bedoel hy dat voldoende graan geoes word om in eie behoeftes te voorsien. Hy sê dat die ploeëry egter aan die naturelle oorgelaat word. „De behoefte dringt hier niet zoo om zoo eeuwig hard te werken. Men kan hier al te gemakkelyk aan de kost komen , zoodat hier eigenlyk geen arbeidende klasse of stand van menschen is, waar de een voor de ander

70. Heitmann,G.,op.cit., p.65.

werkt".[71] Uit die Potchefstroomse markverslae kan opgemerk word dat die volgende produkte reeds in 1858 op die mark gebring is: hawergerwe, kafferkoring, meel, koring, tabak , gars en bone.[72] In 'n hoofartikel in die Staats-Courant van 26 Maart 1858 word o.a. die volgende van die landbou in die Suid-Afrikaanse Republiek gesê:

> „Het heeft ons byzonder veel verm ak verschaft uit de leugenachtige Kolommen van de Bloemfonteinsche Courant te vernemen dat wy hier, in de Z.A.R. , reeds zwaar onder de verschrikkelykheden van een aannaderenden hongersnood lyden. Nu, de Waarheid is, dat wy den Almagtigen niet genoeg kunnen danken voor een ongewoon vruchtbaar saizoen.
> Er komt thans een overvloed van Koorn en Meel op onze markten, welke artikelen in groote hoeveelheden en tegen redelyke pryzen verkrygbaar zyn; een zeer duidelyk en klaar bewys, dat in een land, waar de uitvoer van zulke artikelen is, geen hongersnood hetzelve bedreigen kan... Vruchten zyn in zoo eenen overvloed, dat duizende wagenvrachten op den grond liggen te verrotten, en ons groot en klein vee, is, Hemel zy dank, overal in eene buitengewoon prachtig konditie".

Al is hierdie beskrywing moontlik oordrewe, gee die markverslae van die jare 1858-1860 'n aanduiding van die verskeidenheid akkerbouprodukte wat bemark is. Pelzer besluit dat die landbou reeds vroeg in die Suid-Afrikaanse Republiek beoefen is. Daar is by gebrek aan voldoende arbeiders, die afwesigheid van 'n binnelandse mark en van belangstelling in en kennis van die akkerbou net vir eie gebruik voorsiening gemaak. Nadat die eerste fase van die vestiging in die vyftiger jare voltooi is, het die landbou meer aandag geniet. 'n Bewys hiervan word gevind in 'n berig in De Zuid-Afrikaan van 4 Junie 1860 dat in 1859 alleen meel tot 'n waarde van meer as £8000 na die Vrystaat uitgevoer is.[73]

Koring: Verbouing van koring vir die verskaffing van die daaglikse brood was natuurlik een van

---

71. Engelbrecht, S.P., op.cit., bylae L.
72. Staats-Courant, 8 Januarie 1858.
73. Pelzer, A.N.; Wordingsjare, p.181

die belangrikste vertakkinge van die akkerbou. Elke boer het sy stukkie koringland gehad - selfs in distrikte waar vandag geen koring geproduseer word nie. Vir die verbouing van koring was die moontlikheid van besproeiing 'n belangrike faktor. Van die staanspoor af was die Mooiriviervallei en die noordelike gedeelte van die Lydenburgse distrik die vernaamste koringverbouende streke in die Suid-Afrikaanse Republiek.[74] „Lydenburg district, especially Ohrigstad and its vicinity, was famous for growing the best wheat in Africa, and the country generally thereabout , if proper sanitary measures were taken by the inhabitants , offers one of the finest fields for agricultural production".[75] Lydenburgse koring het op 'n wêreldtentoonstelling in Parys 'n eerste plek verower.[76] Ook die besproeibare gronde aan die Magaliesberge was geskik vir koring. Andries Pretorius het sy koringlande uit Magaliesrivier besproei.[77] Stuart maak melding van die wonderlike koringlande wat hy aan die Magaliesberge gesien het. In propagandistiese trant skryf hy:

> „ In Maart 1853 was ik op de plaats van Ferdinand Pieterse aan Magaliesberg. Ik zag een groot stuk lands - misschien van 4 of 5 morgen - waarop 6 jaren achter een sonder mest, jaarlyks 2 oogsten gewonnen waren en wel onafgebroken tarwe en daarna milies of Turksche tarwe. De tarwe had gemiddeld opgebracht van 1 mud 60 mud. Zy werd gezaaid in April of Mei, en was ryp in Oktober".(78)

Hoe goed die opbrings ook al mag gewees het, die afsetgebied wat die verbouing van koring op 'n uitgebreide skaal lonend moes maak, was afwesig. Daarom het die verbouing van koring geleidelik afgeneem. Baie van die koringstreke het in die laeveld gelê waar koors voorgekom het. Die gevolg was dat hierdie gebiede mettertyd verlaat is en die koring-

74. Transvaal Argus, 20 Junie 1867.
75. Aylward, A. op. cit. p.163.
76. Nixon, John: op.cit. p.5 ; en Blink, H.: Transvaal en Omliggende Landen, p.67
77. Preller, G.S.: Andries Pretorius, p.377.
78. Stuart, J.: op.cit., p. 220.

saaiery afgeneem het. Seker die belangrikste rede vir die vermindering van die koringproduksie was die feit dat 'n binnelandse mark van enige betekenis nie bestaan het nie. Koring moes gewoonlik na Natal met ossewaens vervoer word - 'n afstand van 400 myl. Die koste verbonde aan transport na Natal was gemiddeld sestien sjielings per honderd pond.(79) Dit was dus heeltemal onmoontlik om koring winsgewend uit te voer.

> „If, on the other hand, the grower attempts to perform his own carriage, thereby earning the money which would otherwise be expended on transport, he must be absent on a journey that can be reckoned by months from his homestead and family, to the great neglect of his other and perhaps better interests".(80)

Af en toe het daar geleentheid voorgekom waar 'n plaaslike afset geskep is soos byvoorbeeld gedurende krygsoperasies of by geleentheid van sogenoemde „gold rushes", wanneer daar verhoogde aanvraag ontstaan het. Hierdie sporadiese oplewing kon egter nie blywende en sekere produksie bewerkstellig nie.

> „Even if a railway is made leading to a port of shipment, there will still be considerable difficulties to be got over before the best parts of the Transvaal become the fields of waving grain that imaginative persons anticipate. There are dams to be built and lands to be enclosed at an expense of millions before corn cultivation and export can ever become of serious importance as a source of material prosperity for the dwellers north of the Vaal".(81)

Daar was dus ernstige struikelblokke in die weg van die verbouing van koring vir uitvoerdoeleindes. Die saak het dan ook nooit noemenswaardige vordering gemaak nie. Met die toename in bevolking en die ontstaan van groter dorpsgemeenskappe het dit noodsaaklik geword om meel uit Amerika en Australië in te voer. Hierdie invoer is deur die handelaars onderneem.

<u>Mielies</u>: Die mielie is deur die Trekkers na die noordelike state gebring. Omdat vrugbare gronde vir

---

79. Aylward, A.:op.cit., p.157.
80. Ibid.
81. Ibid.

die beperkte landerye uitgesoek is, het die mielieverbouing goeie oeste gelewer. Die saai van mielies het maar op 'n beperkte skaal geskied. Die vernaamste gebruik van mielies en mielieprodukte was vir menslike voedsel, hoofsaaklik vir die naturellebevolking. Louis Trichardt het byvoorbeeld gedurende sy verblyf in Noord-Transvaal drie afsonderlike tuine gehad waar hy en sy seuns mielies gesaai het en soveel geoes het dat hy ook aan sy medetrekkers kon uitdeel.[82] Waar mielies aanvanklik op besproeibare grond binne die landmuur of omheining gesaai is, was dit gewoonlik as 'n somergewas nadat die koring afgeoes is. Dit het vreemde besoekers opgeval dat dieselfde stuk grond jaarliks twee oeste opgelewer het. Die grond het spoedig egter te klein geword. Die taak om die landerye te omhein was moeilik, want draad was skaars en gewoonlik moes klipmure om die land gestapel word. In ander gevalle is garingboomheinings aangeplant. Dit was egter nie altyd doeltreffend nie.[83] Die beperkte besproeibare grond en die voorbeeld van die naturelle wat mielies op droë lande geplant het, het aanleiding daartoe gegee dat die mielielande mettertyd na die droë bulte verskuif is. As somergewas het die mielie redelik goed op hierdie grond geaard. Veral in die Oos-Transvaalse hoëveld met 'n bestendige reënval is bevredigende opbringste verkry.

Vanaf September, wanneer die eerste reëns begin val, is die lande geploeg en die mielies gesaai. Die mielies is nie geplant nie, maar nadat die akker aangevoor is , op die akker gesaai en ingeploeg. Dit was die gewoonte om tussen die mielies ook waatlemoene, pampoene en soetriet te saai.[84] Onkruid het veral op besproeibare grond veel las gegee. Die boer moes naturelle en naturellevroue gebruik om met skoffelpikke die onkruid uit te roei. Op die droë lande het die onkruid minder voorgekom.

Die mielies word geoes sodra hulle droog genoeg

82. Preller, G.S.: Dagboek van Louis Trichardt, aantekeninge van 16 Mei 1837.
83. Venter P.: Die Staatsversorging van 'n tipiese Boeregemeenskap in Suidwes-Transvaal , ongepubliseerde M.A. -verhandeling, 1944.
84. Heitmann,G.: op.cit., pp.57-58.

is om gepluk te word of sodra die eerste ryp geval het. Die mieliekoppe word op 'n hoop gery om skoongemaak te word, d.i. om die blare met die hand af te trek. Indien die mieliekoppe effens klam was, is die skoongemaakte koppe dikwels op die plat sinkdak van die huis of die stal gegooi om droog te word. Daarna moes hulle met die hand afgemaak word. Dikwels is die pitte ook met stokke van die koppe afgeslaan.

Mielielande moes weens die afwesigheid van wisselbou en gebrek aan bemesting dikwels verlê word om nuwe grond te kan ploeg. Met die loop van jare was daar op die meeste plase orals oulande waar kweekgras welig gegroei het. Die gedurige wisseling van saailande was oorsaak dat omheining en wetgewing in verband daarmee uitgebly het. Die boere se beswaar was dat hulle nie so dikwels die omheining om die lande kon verlê nie. Onomheinde mielielande was dan ook een van die sorge van die boer. Die vee moes gedurig opgepas word en snags in die krale gehou word. Mense wat met vee getrek het, moes toesien dat hulle vee nie die gesaaides langs die trekpad beskadig nie. Op die hoëveld het die beeste net voor die oestyd wanneer die veld skaars word en die wintertrek nog nie 'n aanvang geneem het nie, baie las gegee. Die boer se grootste las was egter die lande van naturelle wat op ongeokkupeerde plase geplak het en orals 'n stukkie land gehad het wat natuurlik nie omhein was nie. Droogte en sprinkane was nie onbekende plae vir die mielieboer nie. Die sprinkane moes bestry word deur persone wat gedurig deur die lande beweeg het of deur die maak van rook om die sprinkane te verdryf.

Net soos in die geval van koring was meule vir die maal van mielies nie volop nie. Groot afstande moes dikwels afgelê word om by 'n meul te kom. Potchefstroom was die middelpunt waar etlike watermeule opgerig was. President Burgers het in 1872 geskryf dat aan die „ boveneinde van de stad"

vyf watermeule gestaan het wat weekliks gesamentlik 500 mud graan gemaal het en aan die eienaars jaarliks van £300 tot £400 besorg het.[85] In 1855 reeds bied W.J.Pretorius sy meul aan M.W. Pretorius te koop aan vir £100.[86] M.W. Pretorius het ook pogings aangewend om 'n dorsmasjien aan te koop. 'n Handelsaak, Fleetwood Churchill, was gewillig om vir die helfte van die prys van die dorsmasjien koring teen heersende markprys te neem en die ander helfte in kontant.

Nie alleen koring nie maar ook mielies en mieliemeel is na die Vrystaat uitgevoer. Die Vrystaatse handelaars het dikwels mielies en meel op die Potchefstroomse mark kom koop. Op 7 Februarie 1867 berig die Transvaal Argus dat die vraag na lewensmiddele uit die Vrystaat vir die afgelope weke afgeneem het „waarschynlyk ten gevolge van de duizende mudden mielies, die vroeger van hier zyn uitgevoerd, zyn de pryzen merkbaar gedaald". Die duisende sakke mielies was waarskynlik aangekoop ten gevolge van die Basoeto-oorlog in die Vrystaat. 'n Paar maande later het dieselfde blad geskryf dat baie mielies na Bloemfontein gestuur word.[87]

Transvaalse boere het hulle oortollige mielies in die Vrystaat gaan verkoop, nie omdat hulle daar 'n beter prys gekry het nie. Inteendeel, die pryse was daar laer. Die rede vir hierdie verskynsel was dat in die Vrystaat harde geld beskikbaar was en in Transvaal nie. Die verbruiksgoedere was in die Vrystaat veel goedkoper, sodat die boer vir sy mielies 'n groter koopkrag gekry het.[88]

Hawer: Dit skyn of hawer vanaf die vroegste jare in die Suid-Afrikaanse Republiek die vernaamste voergewas gewees het. Omdat perde so dikwels vir

---

85. Burgers,T.: Schetzen uit de Transvaal, p.5
86. R.898/55,dd.17 Augustus 1855.
87. Transvaal Argus, 20 Julie 1867.
88. Ibid., 19 Februarie 1868.

vervoer gebruik is, was dit noodsaaklik dat 'n voergewas verbou word wat gedurende die droë wintermaande as voer kon dien. Hiervoor het hawer in aanmerking gekom. Hawer is meestal gesaai op gronde wat besproei kon word. As groenvoer is dit nie so dikwels gebruik nie. Sodra dit begin ryp word, is dit met die sekel afgesny , op die land laat lê om redelik droog te word en daarna in gerwe gebind. Die hawer is dan in gerwe op die mark verkoop in eenhede van 'n honderd gerwe. Dit was gewoonlik goed op prys, want dit was 'n nuttige en handige voergewas. Die gerwe kon maklik gehanteer word en op reis kon 'n klompie gerwe saamgeneem word om by die uitspanplek aan perde as voer gegee te word. In 1858 is op die Potchefstroomse mark van Rds.10 tot Rds. 15 vir 100 hawergerwe betaal. Die volgende jaar het die prys reeds tot Rds. 30 vir 'n honderd gerwe gestyg. Twintig jaar later was die prys van £3 tot £3.6.0 per honderd gerwe. Saadhawer het toe van 18 sjielings tot £1.1.0 per sak behaal.(89)

Ander Gewasse: Gars is nie so algemeen verbou nie. Dit is hoofsaaklik as groenvoer gebruik.(90) Kafferkoring het gereeld op die mark gekom. In Januarie 1858 is die prys Rds.4-5-0 ; in 1859 Rds.6-2-0 ; in 1864 van Rds. 4 tot Rds. 6 en in 1879 van £1.3.0 tot £1.5.0 per sak.(91) Die plaasvolk het gewoonlik die voorkeur gegee aan kafferkoring as die baas vir hulle geploeg het. Vinke was 'n ernstige plaag by kafferkoring , want sodra die koring in die aar begin swel het, het duisende vinke die lande oorval.

Elke boereopstal het sy groentetuin gehad. Dwarsdeur die jaar is groente geplant , behalwe in die maande Junie en Julie wanneer die tuingrond

89. Sien Staats-Courant vir daardie jare: 8 Januarie 1858, 11 Maart en 13 Mei 1859 , en De Volksstem van 25 Februarie 1879.
90. Transvaal Argus, 29 Mei 1866.
91. Sien Staats-Courant vir markverslae vir die betrokke jare.

in orde gebring is vir die nuwe seisoen.[92] Die groente was in die eerste plek bedoel vir huishoudelike gebruik en geen boer sou daaraan dink om sy groente op die mark te verkoop nie. Boontjies en ertjies is wel bemark, maar nie groen nie. In 1858 is boontjies verkoop vir Rds.0-6-0 tot Rds. 1-0-0 per emmer. Ertjies het van Rds. 1-0-0 tot Rds. 2-0-0 per emmer behaal. In 1863 het boontjies Rds. 2-2-4 per emmer gekos.[93]

Ten opsigte van aartappels was daar gewoonlik 'n goeie aanvraag. Omdat aartappels in groot hoeveelhede as groente gebruik is, kon die boer 'n goeie prys vir sy surplus kry. In 1859 het die prys gewissel van Rds. 6 tot Rds. 8 per mud. In 1864 was die prys selfs Rds.15, terwyl die prys in 1879 gewissel het van 12/6 tot £1 per sak.[94] Seisoenskommelinge in die opbrings het die prys laat wissel. Aartappels was in Potchefstroom gewoonlik goedkoper as in Pretoria. Terwyl die prys op 4 Maart 1879 van 5 tot 10 sjielings in Potchefstroom was, moes kopers op die mark in Pretoria van 12/6 tot £1 per sak betaal.[95] Die meeste van die groentesoorte is in die vroeë jare verbou. Die vrou het die groentetuin waargeneem en wortels, patats, aartappels, ertjies, boontjies, kool, en so meer geplant. Dit was ook haar werk om vrugte te droog.[96]

Dieselfde gebrek aan gegewens ten opsigte van die aanplant van groente word ook aangetref in verband met die vrugteteelt. Uit advertensies van plase wat te koop aangebied is, blyk dat daar reeds vroeg uitgebreide vrugteboorde op boereplase aangelê is.[97]

---

92. Heitmann, G.: op.cit., p. 57.
93. Markverslae in Staats-Courant: 8 Januarie 1858, 1 Oktober 1858 en 7 April 1863.
94. Markverslae in Staats-Courant, 11 Maart 1859, April 1864, en De Volksstem, 4 Maart 1879.
95. Ibid.
96. Engelbrecht, S.P. loc.cit. Sien ook Heckford, S.: A Lady Trader in the Transvaal, p.145.
97. Staats-Courant, Deel I, No.12, November 1857; 28 Julie 1863, 19 Julie 1864.

Opvallend is die groot aantal wingerdstokke wat aangegee word. Behalwe vir eie gebruik is vrugte ook gedroog en op die mark gebring. Soms is daarmee gesmous. In die Lydenburgse distrik is vrugte gebruik om 'n eie drank te stook. In die sestiger jare was vrugte in 'n groot verskeidenheid reeds beskikbaar . Selfs tropiese vrugte soos lemoene, piesangs en lukwarte was bekende vrugtesoorte in die laeveld.[98] Later het die Kaapvallei in die Barbertonse distrik opgang gemaak as 'n streek vir tropiese vrugte.

Die aanplant van lemoenbome in die Rustenburgse laeveld het reeds gedurende die eerste jare van nedersetting 'n aanvang geneem. Die Trekkers het die lemoenboom met hulle saamgebring uit die Kaapkolonie. Die eerste aanplanting van hierdie vrugtesoort het o.a. plaasgevind by De Wildt, by Elim-sendingstasie en in Wes-Transvaal.[99] Stuart skryf :„ Ik heb onder Oranje- en Citroen - in Zuid-Afrika genaamd zoete en zure limoen- boomen gewandeld, waartusschen ik geen zon meer herkennen kon, en waarvan de takken uit hoofde van de menigte vruchten gestut waren...".[100] Hy sê voorts dat die bome van stiggies geplant is. Na vier of vyf jaar het die bome 'n hoogte van ongeveer dertig voet en 'n dikte van ongeveer ses duim. Hierdie bome het hy opgemerk by die gesin Roberts. Ds. Van der Hoff skryf in sy meergenoemde brief aan prof. Lauts dat lemoenbome nie in die Potchefstroomse gebied aard nie, omdat dit daar in die winter te skerp ryp.„Achter Magaliesbergen, Mariko, Zwartruggens, daar zyn de lemoenplaatsen. Thans midden in den winter begint die vrucht ryp te worden, en van tyd komen er al eenige wagenvrachten van die vrucht naar hier".

Gewasse soos koffie, suiker en katoen het in die vroeë jare heelwat aandag geniet. Wat die aan-

98. Engelbrecht, S.P.:loc.cit.
99. Powell,C.: The Culture of the Orange and Allied Fruits, p. 38.
100. Stuart,J.: op.cit. p. 205.

plant van koffiebome betref, skyn dit asof kommandant-generaal M.W.Pretorius die baanbreker was. In 1855 het hy reeds uit Natal koffiesaad bestel van die firma W.H. Middleton van Durban.(101) Later in die jaar het hy probeer om saad van die handelaar Reid van Potchefstroom te verkry. In die sestiger jare het hy 'n aansienlike aantal koffiebome op sy plaas aan die noordelike hange van die Magaliesberge gehad. In 1875 het hy reeds 3,500 koffiebome op sy grond geplant teen 'n kapitaaluitgawe van £400. In 1858 was etlike boere reeds besig om koffiebome in die Rustenburgse distrik te kweek.(102) Die Transvaal Argus het in 1866 geskryf dat die boere baie aandag gee aan die aanplant van koffiebome. Ten einde die saak te help bevorder het die blad 'n artikel geplaas oor die geskiedenis van die koffieboom. Hy stel die vraag wanneer koffie eendag per tonnemaat uit die Suid-Afrikaanse Republiek uitgevoer sal word. „Daar de tegenwoordige koffyplantages in Natal van Braziliaansch zaad zyn aangelegd en het koffyzaad uit Natal weer op zyn beurt achter Magaliesberg is overgeplant, zoo is de Hollandsche gouverneur Hoorn de oorzaak dat de Transvaalsche boer Horn thans reeds eene fraaije koffyplantage heeft".(103)

'n Ander boer aan die Magaliesberge wat hom op koffieaanplanting toegelê het, was die heer Ras. Koffie wat deur hom geoes was, kon by die kantoor van gemelde Potchefstroomse blad besigtig word. Verder was Tys van Rooyen ook 'n geesdriftige koffieplanter. Dit was die algemene gedagte dat die noordelike hange van die Magaliesberge beroemd sou word as koffiestreek.(104) Ras het reeds op die tentoonstelling van 1867 in Potchefstroom 'n sakkie van 25 pond koffie vertoon.(105) Vir die tweede tentoonstelling van die Transvaalse Maatskappy van Landbou en Veeteelt is 'n spesiale prys van £20

---

101.R.784/55: Middleton aan Pretorius, 21 Maart 1855; R.901/55: Reid aan Pretorius, 1 September 1855 ; R.1175/74:Verklaring van landdros P.J. van Staden van Rustenburg; R 775/75: Verklaring van M.W. Pretorius,12 April 1875.
102. Lautsversameling 1292, aanwins No.13.
103. Transvaal Argus,10 Julie 1866.
104. Ibid., 4 Augustus 1868.
105. Ibid., 28 Maart 1867.

beskikbaar gestel vir die boer wat die grootste aantal koffiebome in die afgelope jaar aangeplant het. Na aanleiding van hierdie tentoonstelling het die Transvaal Argus geskryf dat twee persone reeds ongeveer 4000 koffiebome aangeplant het.[106] In Soutpansberg was dit Theodore Haenert en Fitzgerald wat hulle op koffieaanplanting toegelê het. Haenert het naby Massoukop sy koffieplantasies aangelê, maar deur die ontruiming van Schoemansdal in 1867 moes hy sy plantasie verlaat en is dit afgebrand.[107] In die sewentiger jare was daar 'n boer, sekere A. Schoch van die plaas Honeymoon naby Rustenburg, wat koffiebome aangeplant het. Met behulp van 'n klein meuletjie het hy die koffie gemaal. Hy was veral daarop trots dat hy gaste kon onthaal op 'n koppie koffie, die bestanddele waarvan alles deur homself geproduseer was.[108]

Deur gebrek aan kennis t.o.v. die bewerking van koffie en deur die afwesigheid van die nodige masjinerie sowel as die ongeskiktheid van die klimaat het van die koffieplantery nie veel gekom nie.

Met dieselfde verwagtings waarmee koffieaanplanting aanvanklik begin is, is die aanplant van suikerriet in sekere streke van die Republiek onderneem. Die meeste mense het wonderlike verwagtings van die tropiese klimaat van die laeveld gehad en reisigers het die moontlikhede van hierdie streke hoog geroem. Die natuurlike weelderigheid van die plantegroei en die vrugbaarheid van die nuwe grond was aanleiding tot sodanige verwagtings. Koffie en suiker was gesogte artikels by die Transvaalse boere en daarvoor moes duur betaal word by die dorpshandelaars. Derhalwe sou dit 'n groot uitkoms wees indien hierdie artikels op eie bodem verbou kon word. Suiker is gewoonlik deur dieselfde persone wat koffie geplant het, verbou. M.W.Pretorius het

106. Ibid., 8 April 1868.
107. Munnik, G.G.: Memoirs, p.81.
108. Kotze, Sir John: Biographical Memoirs and Reminiscences, p. 483 ;
De Volksstem, 18 Desember 1877.

blykbaar hier ook die voortou geneem met plantjies van suikerriet uit Natal. Dit was veral die Rustenburgers wat hulle met die aanplant van suikerriet besig gehou het. Tys van Rooyen het 84 stuks stiggies van suikerriet op sy erf in Rustenburg geplant in 1860. In 1867 het hy 115 pond suiker van hierdie suikerriet verkry en in 1868 al 217 pond. Van hierdie suiker wat hy op baie primitiewe wyse vervaardig het , het hy verkoop teen een sjieling per pond. Daarna het hy nog meer aangeplant.

Dit skyn of die aanplant van suikerriet suksesvoller was en dat daarmee langer volgehou is as wat die geval met koffie was. Die moeilikheid met die aanplant van suikerriet was dat die nodige masjinerie vir die pers van die riet ontbreek het. Vanaf die tagtiger jare is daar herhaalde pogings aangewend om suikerrietfabrieke op te rig, maar daar het nooit sodanige nywerheid tot stand gekom nie.(109)

Pogings is ook aangewend om katoen en vlas te verbou. Die middelpunt vir die aanplanting van katoen skyn Potchefstroom te gewees het. Die handelaar, A.Forssman, het dit goedgevind om in 1866 'n masjien vir die skoonmaak van katoen uit Engeland te bestel. Hierdie masjien is tydens die tentoonstelling van 1868 vertoon en demonstrasies is daarmee gegee. Forssman sou self die katoen wat skoongemaak is, aankoop en uitvoer na Engeland. Hy was selfs bereid om katoen teen kontant in te koop.(110) Dit het die Transvaal Argus aanleiding gegee om 'n artikel oor die verbouing van katoen te plaas. Die blad verklaar dat daar in die jongste tyd heelwat proefnemings gedoen word met die aanplant van katoen. Die plant groei welig in Transvaal , maar die afstand na die seekus is die groot struikelblok. Tog het Transvaal die voordeel dat dit nader aan die Europese mark geleë is as byvoorbeeld Indië .

---

109. Meer besonderhede word verstrek in hoofstuk V: PRODUKSIE VIR DIE MARK , pp. 162-166.
110. Transvaal Argus, 29 Mei 1866: advertensies.

Die Republiek het ook meer en goedkoper arbeiders.[111]

Iemand in Potchefstroom het selfs 'n monster van katoen wat daar gekweek is, na Londen gestuur vir keuring. Die uitspraak was dat die gewas van goeie gehalte was , „zynde hard en middelmatig fyn, en kan gelyk gesteld worden met de middel soorten van Egyptisch katoen; de waarde zal van 14d tot 15d per pond zyn".[112] Indien die kleur enigsins verbeter kon word, sou die produk 'n goeie afset vind. In dieselfde jaar het 'n monster wat deur die heer J. de Kock ingestuur is, op die landbou-tentoonstelling in Pietermaritzburg 'n eerste plek verower.[113] In Potchefstroom het die heer Charles Quin in 1867 'n plantasie van een en 'n half morge katoen langs Kerkstraat gehad. Dit het 'n sonderlinge vertoning in die ou hoofstad gemaak.[114] In die Lydenburgse laeveld is ook katoen geplant maar meer „ voor de aardigheid". Verbouing van katoen is natuurlik nooit met erns aangepak nie en die moeilikheid ten gevolge van skaarste aan arbeiders, die hoë koste verbonde aan die uitvoer, tesame met die gebrek aan deskundige kennis, het die saak laat doodloop.

Pogings is ook aangewend om vlas te verbou. Etlike Rustenburgers het proefnemings met vlasaanplanting gedoen. Op die eerste Potchefstroomse tentoonstelling van 1867 het die here M.Preller en C.J.Bodenstein pryse verower vir die insending van vlas en vlassaad. Die jaar daarop is die eerste plek verower deur die weduwee J.M.Pieterse vir vlas wat sy op haar plaas, Blyvooruitzicht, aan Gatsrand, verbou het. Sy het selfs lynolie uit die saad gepers wat nie net in haar eie behoeftes voorsien het nie, maar ook in dié van haar bure. Die aanmoediging om vlas te plant was weer afkomstig van die handelaar Alric Forssman wat selfs die saad vir die proewe

111. Ibid., 5 Junie 1866.
112. Ibid., 28 Augustus 1866.
113. Ibid., 26 Junie 1866.
114. De Potchefstroomer, 6 Mei 1885: artikel: „Terugblik oor katoenverbouing in die Suid-Afrikaanse Republiek".

kosteloos aan boere verskaf het. Die saak het egter nie gevlot nie, omdat die handel geen verdere belang daarin gestel het nie.(115)

Enkele persone het ook rys gesaai, maar kon by gebrek aan pelmeulens niks met die oes uitrig nie.(116)

Aandag moet ook gegee word aan een bepaalde gewas,nl. tabak. Aanvanklik is tabak feitlik in elke distrik van die Republiek geplant. Die vernaamste tabakverbouende distrikte was egter Rustenburg, Potchefstroom en Pretoria. Die oes was bestem vir eie gebruik en veral vir die plaasvolk. Daar is nie pogings aangewend om tabak van 'n hoë gehalte te produseer nie. Eers toe immigrante uit die Kaapkolonie hulle in Transvaal gevestig het , het die verbouing van tabak groter afmetings aangeneem.(117) Baie van hierdie persone was manne wat reeds in die Kaapkolonie ondervinding van tabakplant opgedoen het en wat geweet het wat hul vroeër bure en medeburgers in die Kaapkolonie verlang het. Hierdie inkomelinge het spoedig uitgevind dat hulle produk die „Cangotabak" ver oortref het. Hulle het gevolglik daarna gestreef om tabak van 'n hoë gehalte op die mark te bring. Die boere het dan ook goeie sake in tabak gedoen en byvoorbeeld hulle slag- en aanteelvee asook perde in die Vrystaat en die Kaapkolonie vir tabak geruil. Met die vestiging van handelaars in die dorpe van die Republiek is ook baie meer tabak deur winkeliers en spekulante geruil en opgekoop. Tabak is dikwels aangebied vir die delging van winkelskuld. Die prys was altyd afhanklik van dié wat in die Vrystaat en die Kaapkolonie gegee is.

Met die uitbreiding van die tabakverbouing het baie boere wat geen kennis van die saak gehad het nie, hulle met tabakplanting bemoei. Baie van

---

115. De Potchefstroomer,7 Februarie 1885.
116. Lautsversameling ,1292, aanwins No.13.
117. De Potchefstroomer, 15 Augustus 1883.

hierdie boere het daarna gestreef om hoeveelheid te lewer in plaas van kwaliteit. Winkeliers en spekulante het dikwels groot skade gely deurdat tabak wat hulle gekoop het, in groot hoeveelhede verrot het. Die verrotting was toe te skryf aan onkunde in die behandeling van die oes. Dikwels het oneerlike persone tabakblare wat ongeskik was, gebruik in die vervaardiging van roltabak. Winkeliers en ander kopers moes 'n uitweg vind om hulle verliese te vergoed. Die gevolg was die invoer van sogenoemde kerfmasjiene. Roltabak wat nou sleg word, word gekerf, gedroog en dan verkoop. Alle tabak is opgekoop sonder dat op gehalte gelet is. Dit het aanleiding gegee dat onkundige persone, „luiaards en bedriegers", tabakplanters geword het.(118) Die gekerfde tabak is onder allerhande „fraaije" name en in netjiese pakkies deur winkeliers en spekulante verkoop. Duisende ponde van die gekerfde tabak is by wavragte na die Vrystaat en die Kaapkolonie uitgevoer, om Transvaal van sy goeie naam te beroof. Heitmann maak ook melding van die verrotting van roltabak en die verlies wat kopers daardeur gely het. hy skryf:

> „ In Folge der schlechten Bearbeitung des Tabaks verdirbt von diesen Rollen alljährlich ein grosser Teil, wodurch viele Buren veranlasst wurden, ihre Blätter nach be-endigtem Schwitzen sofort zu Rauchtabak schneiden zu lassen, für welchen Zweck man in Potchefstroom und Pretoria durch Dampf betriebene Tabak-schneide-maschinen hat ".(119)

Nadat die gekerfde tabak op bokseile gedroog is, word dit eers weer met 'n emmer water besprenkel ten einde die gewig te verbeter. Die tabak wat te sterk was vir rook, is as pruimtabak verkoop. Swakker tabak van die hoëveld is dikwels gebruik om skaapdip te maak.

Dat die Transvaalse tabak nie juis in die smaak van buitelanders geval het nie, word nie alleen deur Heitmann beweer nie, maar blyk uit 'n

---

118. Ibid.
119. Heitmann,G.: op.cit. pp.57-60.

berig wat De Potchefstroomer oorgeneem het van die Nederlandse Handelsblad. Na aanleiding van die monsters tabak wat die Suid-Afrikaanse Republiek op die Amsterdamse internasionale tentoonstelling vertoon het, skryf gemelde blad:

> „Inderdaad wy hebben meer sympathie voor den moed, de vastberadenheid en volharding der Transvalers dan voor de tabak, die zy hier hebben tentoongesteld. Wy gunnen hun gaarne het rooken van hun product, dat slechts tot pruimen geschikt is, of voor hen, die in de pyp iets buitengewoon looierigs of nicotine-afzettends verlangen".

Die blad gaan verder en verklaar dat tabak uit drie streke van die Republiek vertoon is : uit Pretoria „zeer helder, vaal, slecht van blad" ; uit Rustenburg „zware, spichtige tabak, in bladen en rollen" en uit Potchefstroom „de zwaarste, alleen gesponnen en in rollen".[120] Daar was ook gekerfde tabak in pakkies, bedoel vir pruim of die pyp.

Tabak het uiteindelik een van die vernaamste landbouprodukte van die Republiek geword. Jaarliks is duisende ponde tabak uit die distrikte Rustenburg, Potchefstroom, Pretoria en Marico na die Kaapkolonie, Oranje-Vrystaat , Natal, die diamantvelde en selfs die naturellegebiede in die noorde uitgevoer. Teen die einde van September 1883 het sekere Richard Collins byvoorbeeld tussen 24,000 en 25,000 pond gekerfde tabak na die Kaapkolonie uitgevoer.[121]

Die prys van tabak was in 1859 op die Potchefstroomse mark van Rds. 0-4-0 tot Rds.0-6-0 per pond. In 1863 was dit Rds. 0-5-2 tot Rds. 1-0-0. In April 1864 styg die prys tot Rds. 1-2-4, maar in Desember van daardie jaar is die prys weer net Rds.0-2-0. In Februarie en Maart 1879 het dit van 5d tot 7½d per pond behaal.[122]

Solank Transvaalse tabak onbelas die buurstate kon binnekom, was daar nie rede vir die boer om bekommerd oor sy tabakoes te wees nie. Anders was dit

120. De Potchefstroomer, 3 Oktober 1883.
121. Ibid.
122. Staats-Courant :11Maart en 13 Mei 1859; 7 April 1863; De Volksstem, 4 Maart 1879, markverslae.

egter toe die Kaapkolonie invoerregte op Transvaalse tabak gehef het. Gelukkig het spoedig daarna die ontginning van die goudvelde 'n goeie binnelandse mark geskep, sodat die bedryf geen belemmering ondervind het nie.

SAMEVATTING.

Suid-Afrika se isolasie van die maatskaplik-ekonomiese strominge van die westerse wêreld van die agtiende en negentiende eeu het aan sy sosiaal-ekonomiese struktuur 'n eie kenmerk en wesensaard gegee. Waar die industriële omwenteling van die negentiende eeu met sy kapitalisme en honger na grondstowwe 'n sekere mate invloed op die lewe in Kaapstad en onmiddellike omgewing uitgeoefen het, het die binnelandse streke, grootliks afgesny deur die lang afstande, gebrek aan moderne vervoermiddele en die onsimpatieke houding van die owerheid, so te sê geen voeling gehad met die handelsgees en die geldwese wat uit daardie omwenteling in Europa gebore is nie. 'n Eie ekonomiese struktuur en maatskaplike orde kom in die binneland tot stand. Die gemeenskap ontwikkel nie die besigheidsaanleg en handelspraktyk nie, maar gaan voort met 'n eie naturaalhuishouding.

Die Groot Trek bring nog verdere isolasie en omdat die belangrikste dryfveer was die skepping van 'n eie staatkundige lewe, is die ekonomiese bestaan onderwerp aan die eise vir die verwesenliking van daardie ideaal. Met jare van selfversorgende boerdery in die grensdistrikte as ondervinding sou die opoffering ten opsigte van stoflikgeldelike belange vir die Trekker nie te veel wees nie. Geen ander oorweging kon die verwesenliking van die ideaal van 'n eie staatkundige instelling vernietig nie. Die bereiking van daardie ideaal het op sy beurt weer in homself gehou die moontlikheid om stoflik en andersins tot groter kragsontplooiing te kom. Maar die werklikheid in die nastrewe

en bereiking van daardie ideaal het anders geleer. Eenmaal in die binneland sou dit jare van afgesonderde stoflike en geestelike stryd kos om te bereik wat aanvanklik beoog is.

By die Trekker dus geen sentiment om met die moederkolonie verband te hou nie en nog minder 'n gedagte om die stoflike behoeftes van daardie kolonie te bevorder. Die skaapboere van Australië het byvoorbeeld nooit die verband met die moederland verloor nie, maar gedurig in gedagte gehad die ekonomiese behoeftes van daardie moederland waar, deur die industriële omwenteling , die voorsiening van voedsel en grondstowwe 'n taak van die kolonie geword het .

> „In South Africa the early movement of population did not try consciously and purposefully to adapt itself to the new age and to derive profit from the new populations that needed food and the machines that craved raw materials. The Boers moved inland not to found a new society and to win new wealth. Fundamental innovations in the use of land or in social practices were not easily made in their minds. They trekked in spite of the Industrial Revolution, moving away before it reached them".(123)

By die beoordeling dan van die boerderybedryf van die wordingsjare in hierdie mees noordelike Voortrekkerstaat moet die drang van omstandighede en die eise van die werklikheid in gedagte gehou word. Geen moderne boer met sy insig in die geldwese en ekonomiese skommelinge en neigings sou onder sulke omstandighede meer tot stand gebring het as die baanbrekers en die landskoonmakers nie. Deur politieke en staatkundige verwikkelinge in Suid-Afrika was die pionier van die staanspoor genoodsaak om onafgebroke te waak en te stry vir die behoud van sy staatkundige selfstandigheid; vir die behoud van lewe en eiendom teenoor wilde diere en barbaar en 'n onbewoonde land bewoonbaar te maak en orde en reëlmaat op die daaglikse lewe te stel. Onder sulke omstandighede moes die boer sy weg vind in die noordelike republiek.

123. De Kiewiet,C.W.: <u>A History of South Africa, Social and Economic</u>, p.58

Om dan onder voornoemde omstandighede te verwag dat die Trekkers na verloop van een enkele geslag volwaardige landbouers en veetelers sou wees, bekend met die ingewikkelde aspekte van die moderne ekonomiese orde, sou onbillik wees en 'n bewys van onkunde ten opsigte van die wordingsgeskiedenis van hierdie staat. Aylward sê in hierdie verband:

> „Men cannot conceive how the proprietors of vast lands and owners of flocks and herds have advanced so little in the acquisition of the comforts and luxuries of European civilization. They look for farmers where they should expect only to find wealthy peasants; and so they see no evidence around them of the wanderings, fights, fevers, agonies of long travel and suffering through which these poor people have passed, they are but too ready to accuse them of unprogressiveness and want of enterprise, where really the enterprise has been exceptionally great, and the progress remarkable, under the circumstances".(124)

Nadat aanvanklik die moeilikhede van 'n jong nedersetting oorwin is, kon die boerderybedryf moontlik tot groter werksaamheid gekom het. Maar die faktore wat stimuleer en lei tot groter kragsinspanning en aanwending van menslike energie en vernuf was nie aanwesig nie. Deur isolasie in die binneland het die eise vir die daaglikse behoeftes nie toegeneem nie, maar het die selfgenoegsaamheid in 'n eenvoudige lewenstyl deurslaggewend geword. Die verheffende invloed van intellektuele prikkels en die ambisie, gebore uit omgang met 'n hoër lewenspeil, het ontbreek. Daarby moet dan nog gereken word die histories-politieke, ekonomiese en aardrykskundige faktore wat invloed het op die wording van hierdie volk. Die gemeenskap was ten volle selfversorgend, veral omdat die behoefte aan en eise vir verbruiksgoedere gering was. Hoe onontbeerlik geld ook al was, dit was nie die maatstaf vir stoflike besit nie. Juis deur die gebrek aan weë en middele om kapitaal te verkry, is die hele bestaan aangepas by 'n naturaalhuishouding. Hierdie bestaanswyse is nie opsetlike agterlikheid

124. Aylward,A.: op.cit.,p.21.

en gebrek aan ambisie nie, maar is die histories-geworde lewenstyl. As sekere onontbeerlike voorwaardes vir vooruitgang eenmaal daargestel is - afsetmoontlikhede, vervoergeriewe en kapitaal - dan kom daar verandering. Maar selfs dan kon kapitaal en afsetkanse nie die struikelblok van arbeidstekort en ongunstige'natuurlike kontrole' oorwin nie.

# H O O F S T U K   III

## DIE GRONDBESITSTELSEL VAN DIE SUID-AFRIKAANSE REPUBLIEK.

Dit is ongetwyfeld waar dat die vooruitsig om goeie en genoegsame grond te bekom, een van die dryfvere vir die Groot Trek was.[1] Dit is heel natuurlik dat die klompie Trekkers wat na veel ontbering en opoffering hulle in die gebied noord van Vaalrivier gevestig het, aanspraak sou maak op genoegsame grond. Nadat die grond in die nuwe staat verkry is, was daar geen sprake daarvan dat die Trekker die grond wat hy vir sy boerdery nodig gehad het, van die staat sou koop nie. Die beskikking oor grond in Potchefstroom, Ohrigstad en Soutpansberg getuig van die gedagte dat elke Trekker reg gehad het op die besit van grond.

Die wyse waarop grond aan burgers beskikbaar gestel is gedurende die wordingsjare van die Republiek, is in 'n sekere mate 'n voortsetting van die stelsel wat in die Kaapkolonie in swang was. Hierdie stelsel is gebore uit omstandighede en deur sekere faktore gelei. Die eerste van hierdie faktore is

1. Muller verklaar in hierdie verband: „Dit is egter duidelik dat die finansiële en filantropiese faktore in die Britse beleid die veeboere voldoende goedkoop grond - binne sowel as buite die Kaapkolonie - ontsê het. Die normale behoefte aan grond is dus in die vyftien jaar onmiddellik vóór die Groot Trek minder bevredig as waarskynlik ooit tevore. Waar die Britse owerheid die Afrikaanse boer reeds arbeid en kapitaal ontneem het, het voldoende goedkoop grond nou juis absoluut onontbeerlik geword. Gebrek aan grond moes dus 'n rol gespeel het om sommige Voortrekkers tot trek te beweeg" (Muller, C.F.J.: Die Britse Owerheid en die Groot Trek, pp.54-55.) Vergelyk ook wat Van der Merwe beweer: „Dwarsdeur die loop van die pioniersgeskiedenis het die boere oor gebrek aan goeie plase gekla" ( Van der Merwe, P.J.: Die Noordwaartse Beweging van die Boere voor die Groot Trek, 1770-1842, p.383. Sien ook van dieselfde skrywer: Die Trekboer in die Geskiedenis van die Kaapkolonie, 1657-1842, pp.153-155. )

ongetwyfeld die ekonomiese beleid van die Nederlands-Oos-Indiese Maatskappy. Sonder om nou op die besonderhede van daardie beleid in te gaan, kan hier verklaar word dat die grondhonger van die pionier in die Kaapkolonie toegeskryf moet word aan die gebrek aan 'n vry en oop mark en versekerde afsetmoontlikhede.[2] Die intensiewe akkerboubedryf waarmee die nedersetting begin is, het spoedig oorgeslaan na 'n ekstensiewe boerderybedryf en daarmee ontstaan ook die behoefte aan groot plase om op te boer. Die tweede faktor wat in noue samewerking met die voorgaande die grondbesitstelsel beïnvloed het, was die natuurlike gesteldheid van die Suid-Afrikaanse bodem. Onvoldoende reënval, onvrugbaarheid van die grond en die skaarste aan bewerkbare grond het die ekstensiewe boerderystelsel in die hand gewerk en 'n grondbesitstelsel vereis waar feitlik onbeperkte grond tot die beskikking van die boer kon wees.[3]

Die derde faktor wat hier genoem kan word, is die gebrek aan doeltreffende beheer en administrasie van die kant van die owerheid. Die leningplaasstelsel het in 'n groot mate die boer 'n vry hand gegee by die uitsoek en besetting van plase. In 'n uiters dun bevolkte en uitgestrekte gebied kon van staatsweë nie altyd ingegryp word nie, sodat die pionier gewoon geraak het aan 'n hoë mate van selfbeskikking oor grond wat hy nodig gehad het. Die pionierslewe het ook 'n gesindheid gekweek waar die Boer homself beskou het as die geroepene om die Christelike beskawing in 'n donker wêrelddeel in te dra. Hierop het hy sy aanspraak op grond gebaseer. Die grond was tot sy beskikking in die uitvoering van sy roeping. Hierdie aanspraak, gegrond

2. De Kock,M.H.: Selected Subjects in the Economic History of South Africa, pp.18-19.
Van der Walt,Wiid en Geyer:Geskiedenis van Suid-Afrika, Deel II, pp.167 en 181.
3. Vergelyk : Van der Merwe,P.J.: Die Trekboer in die Geskiedenis van die Kaapkolonie,1657-1842, pp.8-23, en 47-48.

op die skoonmaak- en beskawingsproses, was vir hom 'n natuurlike reg.[4] Met hierdie gedagte het die Trekker sy nuwe vaderland beset.

Daar moet egter nie sonder meer aangeneem word dat die Trekker sy eie belang bo dié van die gemeenskap gestel het nie. Die beslissing oor grondregte in die Voortrekkerstate het by die volksvergadering of die volksraad berus.[5] Hierdie liggaam het van die standpunt uitgegaan dat alle burgers wat deelgeneem het aan die Trek, geregtig was om kosteloos grond of plase in besit te neem. Trollope sê van hierdie stelsel:

> „Now the land in the Transvaal generally has never been sold, and yet it has almost entirely become the property of private occupiers. The Dutchmen who came into the country brought with them ideas and usages as to the distribution of land from the Cape Colony, and following their ideas and usages they divided the soil among themselves adjudging so much to every claimant who came forward as a certified burgher".(6)

Uitgaande van die bekende metode van grondtoekenning het die eerste nedersetters grootliks daardie grondslag in hulle eie vaderland toegepas.

A. TOEKENNING VAN PLASE.

Wat die uitgee van plase in die eerste nedersetting langs Mooirivier betref, weet ons baie min. Ons kan met sekerheid aanneem dat elke Trekker die reg gehad het om ten minste een plaas in besit te neem. Potgieter self het twee plase gehad, 'n woonplaas, Witstinkhoutboom, en 'n veeplaas, Hartebeestfontein.[7] Toe die Potchefstroomse gemeenskap in 1845 na Ohrigstad versit het, het die Volksraad van die staanspoor af, blykbaar na aanleiding van wat

---

4. Muller, C.F.J., op.cit., p.22; en Van der Merwe, P.J.: op.cit. pp.135-137.
5. Breytenbach, J.H.: „Die Grondstelsel van die Voortrekkers in Natal", Historiese Studies, Jaargang II, Nos. 1 en 2, Julie-Oktober 1940, p.76.
6. Trollope, A.: South Africa, Deel II, p.108.
7. Potgieter en Theunissen: Andries Hendrik Potgieter, pp.114-116.

wat in Natal gedoen was, bepalings gemaak ten opsigte van grondregte in die gebied rondom Ohrigstad.[8] Hier het die Volksraad by 'n openbare samekoms aan die belanghebbendes verskeie planne voorgelê om op eg demokratiese wyse uit te vind „welke voorstel de aannemelykste was om de plaatzen op de regvaardigste wyze aan de versoekers toe te kennen, wyl het blykt dat er meer dan een persoon op een plaats aanspraak maakt...".Die publiek het toe besluit dat aansoekers in elke streek, d.i. langs elke rivier, afsonderlik opgeroep sou word om aan die „Boekhouder" skriftelik hulle aansoek vir 'n plaas in te dien met vermelding van die ligging daarvan. Nadat die skriftelike aansoeke ingekom het, sou die boekhouer in die teenwoordigheid van die belanghebbendes die aansoeke oopmaak. Alle aansoeke waar daar geen botsing van aanspraak was nie, sou dadelik toegestaan en bekragtig word. Waar daar meer as een aansoeker vir dieselfde plaas was, moes 'n skikking binne verloop van een dag getref word en indien geen ooreenkoms bereik kon word nie, moes geloot word.

Die gebied waar plase uitgesoek kon word, was vasgestel, omdat die gevaar van die kant van die naturelle groot was. Tot dusver was daar egter nog nie deur die Volksraad bepaal wie op grond geregtig was nie. Met die aankoms van persone uit Natal en elders het dit noodsaaklik geword om die reg van aanspraak op grond noukeuriger vas te stel. By die sitting van 16 Desember 1847 het die saak van die regte van weduwees ter sprake gekom. Die Volksraad het besluit dat die weduwee van elke burger wat op grond geregtig was, die reg van haar oorlede man sou kry. Selfs as sy deur omstandighede genoodsaak was om die gebied te verlaat, kon sy met die grond handel na sy verkies.[9]

8. Volksraadnotule, Andries Ohrigstad, art. 1, dd. 2 Augustus 1845: Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Deel I,1845-1850, pp.14-15.
9. Ibid., art.10, dd. 16 Desember 1847: Suid-Afrikaanse Argiefstukke,Deel I, p.76.

Met die wegtrek van mense uit die ongesonde omgewing van Ohrigstad het die veiligheid van die agterblywendes in gevaar gekom. Pogings moes aangewend word om die mense te dwing om terug te keer. Die Volksraad het besluit dat diegene wat getrek het voor 1 Mei 1846, na hulle plase moes terugkeer. By versuim om hieraan gehoor te gee, sou hulle grondregte verval.(10) Baie min mense het hieraan gehoor gegee en toe Potgieter en sy volgelinge in die eerste helfte van 1848 na Soutpansberg verhuis het, was baie vervalle grondregte beskikbaar vir agterblywendes en nuwe inkomelinge.(11)

Kort na hierdie besluit het die Volksraad dit nodig geag om nader te bepaal wie op staatsgrond geregtig was. Die Raad het besluit dat grond eers net aan persone bo agtien jaar en wat nog geen grond gehad het nie, toegeken sou word. Indien 'n getroude man en 'n ongetroude seun vir dieselfde plaas aansoek doen, sou die getroude man die voorkeur kry.(12) Verder is geleentheid aan getroude grondeienaars gegee om, indien hulle plase meer as vier uur te perd vanaf Ohrigstad geleë was, sulke plase te laat verval en nuwe plase binne die straal van vier uur rondom Ohrigstad te laat aanteken. Dan is ook bepaal dat alle persone wat toe nog in die Ohrigstadse Republiek gewoon het en daar wou bly, die reg sou verkry vir die aanteken van 'n tweede plaas. Die datum waarop 'n tweede plaas aangeteken sou kon word, sou later bekend gemaak word. Op 1 Junie 1848 sou verdere plase oopgestel word vir aantekening deur seuns van sestien jaar en ouer.

Nadat die mense uit Ohrigstad na Lydenburg verhuis het , het die vraag ontstaan of uitlanders grond mag besit. By die Volksraad het twee memories met 79 naamtekeninge ingekom waarin versoek word dat Engelse en Duitsers nie grond in die Republiek mag

---

10. Ibid.,art. 4, dd. 20 Januarie 1846: <u>Suid-Afrikaanse Argiefstukke</u>, Deel I,pp.27-28.
11. Ibid., art. 1, dd. 4 April 1848:<u>Suid-Afrikaanse Argiefstukke</u>,Deel I, p.80.
12. Ibid., art.1,dd. 21 April 1848: <u>Suid-Afrikaanse Argiefstukke</u>,Deel I, p.82.

besit nie.[13] Slegs Hollanders en Portugese is deur die Raad gemagtig om grond te besit. Niemand kon grond aan uitlanders verkoop nie. Slegs wanneer uitlanders drie jaar en langer in die land gewoon het en getoon het dat hulle eerlik en „braaf" was, of wanneer hulle hul besonder verdienstelik gedra het, kon die Raad grondbesit deur hulle goedkeur. Uitlanders wat toe reeds grond gehad het, kon nie meer grond bykoop nie.

Die reg op twee plase is later ingekort. In 1853 het die Volksraad besluit dat persone wat Transvaal binnegekom het na 1842, geen reg op meer as een plaas sou hê nie.[14]

Omtrent die toekenning van grond aan burgers wat hulle in Soutpansberg gevestig het onder die Potgieterbestuur, het ons ongelukkig geen aanduiding in die argiefbronne nie. Die feit dat Hendrik Potgieter die gemeenskap nie deur 'n volksraad bestuur het nie, was aanleiding dat blykbaar geen skriftelike besluite beskikbaar is nie. Daar is dan ook geen boek vir die aanteken van plaasregte uit hierdie tydperk te vind nie. Seker is egter dat die intrekkers by hul aankoms in Soutpansberg hulle voorlopig bymekaar gehou het en meestal in die dorpie gevestig het. Dit was uiters noodsaaklik dat hulle hul saamvoeg om beter weerstand teen die menigvuldige naturellevyande te bied.[15] Hier en daar het mense hulle egter ook op plase gevestig.[16] Hierdie plase het die nedersetters hulself toegeëien, soos die geval was by die nedersetting aan Mooirivier. Blykbaar was daar aanvanklik geen aantekening van plase nie. Die gemeenskap was nog ongeorganiseerd

13. Volksraadnotule, Lydenburg, art. 5, dd. 20 Mei 1850: Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Deel I, p.124.
14. Ibid., art. 70, dd. 23 September 1853: Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Deel II, pp.158-159.
15. Preller, G.S.: Oorlogsoormag, p.154.
16. Ibid.

en die wêreld was wo~~es~~ en uitgestrek. Gebrek aan grond was daar beslis nie.

Met die vereniging van die verskillende gemeenskappies in Transvaal en die daarstel van 'n grondwet is die toekenning van grond op vaster en bevredigender wyse gereël. Voor 1858 word nêrens by die toekenning van grond van leningsplase melding gemaak nie. Na die in-werking-tree van die grondwet in 1858 het die Volksraad besluit om wel so 'n onderskeid te maak. In artikel 7 van die grondwet word bepaal dat die gronde wat nog nie uitgegee was nie, die eiendom van die staat was. Die grond was egter nog vir die publiek beskikbaar. Niemand onder sestien jaar sou op grondregte aanspraak kon maak nie. Later het die Volksraad besluit dat, behalwe 'n eiendomsplaas, burgers ook een of meer „rekwes-" of leningsplase kon besit.(17) Hierdie instelling van „leningsplase" was ongetwyfeld 'n skok vir die republikeinse boer en daarom was daar ook verset teen so 'n stap.(18) Die Volksraad het hierdie instelling gemaak om 'n bron van inkomste vir die staat te skep.(19) Grond was volop en daar was persone wat gebruik sou maak van die reg om meer grond in te palm. Die staatskas sou daarby baat, want die belasting of rekognisie op so 'n plaas sou aansienlik hoër wees as die belasting op eiendomsplase. Dat persone daarvan gebruik gemaak het, blyk uit die verkopings van leningsplase. Die staat was genoodsaak om leningsplase waarvan die eienaars geen belasting betaal het nie, te verkoop.(20) In 1887 is so 'n verkoping van plase in die distrik Waterberg gehou. Daar was eienaars wat tot 24 leningsplase besit het. Hierdie opening om leningsplase te laat aanteken, het aanleiding daartoe gegee dat 'n landdrosklerk, Johannes Vos, van Marthinus Wesselstroom, vir hom 120 plase laat aanteken het.

---

17. Volksraadnotule, art. 28, dd. 22 September 1858, Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Deel III, p. 199 ; en art. 75, dd. 22 September 1859, Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Deel IV, p. 28
18. R.1395/57: Memorie van J. Bezuidenhout e.a., Waterkloof, 17 Maart 1857.
19. Volksraadnotule, art. 28, dd. 22 September 1858.
20. Byvoegsel tot die Staats-Courant, 9 Februarie 1887.

Op elkeen het hy rekognisie van Rds. 25 betaal.[21] Deur hierdie reg om meer as een leningsplaas te laat aanteken , is spekulasie in grond aangemoedig.

Die grondwet het egter nie die reg van indiwiduele burgers gekwalifiseer nie, met die gevolg dat mense in onsekerheid verkeer het ten opsigte van hulle aanspraak op plase. So rig D.J.Struwig, J.L.Opperman en C.Stoop vanaf Schuylhoek op 25 November 1859 'n memorie aan die Uitvoerende Raad waarin hulle verklaar dat hulle verstaan het dat die grondwet die reg van twee plase aan elke burger gee. Nou verneem hulle dat hulle net op een reg het. Hulle het die reg reeds verkoop „om de naaktheid en hongerigheid van onze vrouwen en kinderen". Hulle is deur die groot kapok verarm en kan nie grond koop nie.[22] Na aanleiding van meer sulke navrae en versoeke het die Regering besluit om aan die Volksraad voor te stel:„ Doordien nog geene vaste documenten

> daaromtrent onder de vroegere gouvernements papieren kunnen vinden zoo wordt door ons besloten en goedgedacht om dit tydperk te bepalen- dat is dat alle Emigranten in dezen staat ingekomen tot en met het einde van het Jaar 1852 geregtigd zullen zyn voor twee Plaatzen van het Gouvernement te ontvangen en wel Een Zaai en Een Vee Plaats".(23)

Die veeplaas was dikwels 'n plaas in die bosveld of laeveld.

In die jare van woeling en onrus wat op die aanname van die grondwet gevolg het, is nie verdere bepalings omtrent grondregte gemaak nie. Eers na die herstel van inwendige rus en vrede toe die geldskaarste die land swaar gedruk het, is weer aandag aan die toekenning van burgerregte gegee. Op 26 Oktober 1866 besluit die Volksraad

> „ dat aangezien er misbruik wordt gemaakt van publieke gronden door nieuwe inkomelingen, zoo besluit de Raad, dat van nu voortaan geene burgerregten tot het nemen van eene plaats aan eenige nieuwe inkomeling meer zal worden toegekend , en dat aan ZHEd.

21. R.728/66:M.W.Pretorius aan Vos, 23 Julie 1866.
22. R.3265/59: memorie dd. Schuylhoek, 15 November 1859.
23. R.4039/60: Brief van die goewermentsekretaris aan die Volksraad,Pretoria, 20 September 1860 en Volksraadnotule,art. 149,dd. 28 September 1860, <u>S.A.Argiefstukke</u>, Deel IV,p.79.

den President wordt opgedragen een voorstel van wet bekend te maken, regelende de wyze hoedanig burgerregten verkregen worden".(24)

Gedurende 1868 het president M.W.Pretorius na aanleiding van die tekort van £15,000 aan die hand gedoen dat die belasting op plase verhoog word. Die Volksraad het toe besluit om alle burgers wat volgens die bestaande bepalings op 'n eiendomsplaas geregtig was, te versoek om daardie reg te laat aanteken. Almal wat na verloop van twaalf maande na finale kennisgewing nie van die reg gebruik gemaak het nie, sou daarna nie meer op 'n plaas geregtig wees nie. Die plase wat nie hiervolgens geregistreer word nie, sou as leningsplase aangemerk word.(25)

Die kennisgewings het nie die gewenste uitwerking gehad nie. In 1871 het die Volksraad tot die gevolgtrekking gekom dat die aangeleentheid van die aanteken van grondregte nie onder volle beheer was nie. Daar is toe besluit om die aanteken van grondregte bepaald te sluit. Die doel hiervan was „om de hulpbronnen van den Staat met voordeel tot algemeen nut te kunnen ontwikkelen, het crediet van den Staat te herstellen , en de regten der burgers voor de toekomst op eenen vasten voet beter te beschermen en te verzekeren".(26) Daar is besluit dat grondbriewe nie uitgereik sou word nie ten opsigte van gronde waarvan inspeksie juis toe aan die gang was, behalwe waar aangetoon kon word dat die aantekening van die betrokke grondregte volgens wet geskied het.

Hierdie besluit was nie vir almal duidelik nie, sodat die Uitvoerende Raad die Volksraad moes versoek om die bepalinge nader te omskryf.(27) By die oorspronklike besluit is toe bygevoeg dat die in-

---

24. Notule van die Volksraad, art. 566, dd. 26 Oktober 1866,EVR.6.
25. Notule van die Volksraad, art. 318, dd. 26 November 1868, EVR.8.
26. Ibid., art. 75,dd. 20 September 1871, EVR.9.
27. Besluite van die Uitvoerende Raad, art. 25, dd. 10 Oktober 1871.

speksies wat toe aan die gang was, gestaak moes word totdat die Volksraad die voorsiening in die vorige besluit vasgestel het; dat inspeksies wat in 1867 en 1868 gestaak moes word weens omstandighede buite beheer van die aanspraakmakers, nou kon voortgaan volgens wet. Ten opsigte van inspeksies van later aangetekende regte sou deur die Volksraad in die komende sitting nadere bepalings gemaak word.[28]

Met die besluit van 20 September 1871 is die toekenning van grondregte finaal gesluit. Die stryd van die owerheid om persone wat grondregte gehad het, te beweeg om eiendomsbewyse of grondbriewe uit te neem, het egter so pas begin. Reeds in 1870, voor die staking van die toekenning van grondregte, het die Volksraad wetgewing aangeneem om persone te verplig om eiendomsbewyse te verkry.[29] Hierdie wetgewing het die verval van grondregte by versuim om grondbriewe uit te neem, aanvaar. Tog was daar nog talle persone wie se gronde geïnspekteer was, maar wat nog nie grondbriewe aangevra het nie. Die Regering was lankmoedig en het die strafbepalinge van die wet nie toegepas nie. Ongeveer dertien jaar later het die Volksraad weer wetgewing aangeneem wat grondeienaars verplig het om binne nege maande na publikasie van die wet eiendomsbewyse te bekom.[30]

Behalwe die oogmerk om die grondstelsel op 'n gesonde grondslag te plaas, was hierdie wetgewing bedoel om persone wat op grond geregtig was, te beweeg om van hulle reg gebruik te maak, die eiendomsbewys daarvan te verkry en moontlik die grond te bewoon en te bewerk. Baie van die persone wat op grond geregtig was, het nie van hulle reg gebruik gemaak nie en eers later toe die gewone reg van

28. Notule van die Volksraad, art. 151, dd. 12 Oktober 1871, EVR.9
29. Ibid., arts. 99-103, dd. 18 Mei 1870, EVR.8, en Locale Wetten der Z.A.Republiek,1849-1885, p.375, Wet No. 6 van 1870.
30. Wet No. 4 van 1883: Locale Wetten der Z.A. Republiek,1849-1885, p.1184.

een plaas nie meer erken is nie, aansoek gedoen vir sogenoemde „burgerregte".[31] Na beëindiging van die eerste Britse besetting het die Volksraad nogeens aan burgers geleentheid gebied om hulle eiendomsbewyse uit te neem.[32] Selfs toe het baie persone, nieteenstaande die feit dat versuim om dit te doen strafbaar was, nie gehoor gegee nie.

Toe die toekenning van grondregte finaal gesluit is, het daar nog aansoeke vir grond by die Regering ingekom. Die memorialiste het in baie gevalle sertifikate van grondregte gehad, maar nie volgens wet die grond verkry en laat oordra op hul naam nie. Die Regering het by die Volksraad aanbeveel dat kompensasie aan sodanige persone gegee moes word. Nadat die Volksraad hiertoe ingestem het, het die Regering kennis gegee dat aansoeke ingestuur kon word. Die eerste verslag oor hierdie saak is aan die Volksraad in 1890 voorgelê.[33] Die aansoeke wat ingekom het, is in drie groepe ingedeel:

1. Burgers wat voor of in 1866 die land ingekom het, was geregtig op twee regte;
2. burgers wat voor 1866 die land ingekom het en toe op 26 Oktober 1866 reeds 16 jaar oud was, was geregtig op een burgerreg;
3. burgers wat in die Suid-Afrikaanse Republiek gebore was en voor of op 21 September 1871 reeds 16 jaar oud was, was geregtig op een burgerreg.

Tot op 2 Julie 1890 was toe reeds 5,300 navrae ontvang. Dit was egter duidelik dat alle aanvrae nog nie ingestuur was nie en daarom het die Volksraad die sluitingsdatum na 30 Oktober 1890 verskuif.[34]

In 1891 het 'n kommissie uit die Eerste Volksraad verslag gedoen van sy ondersoek na die aansoeke om burgerregte.[35] Die kommissie het die aantal

---

31. R.7689/89.
32. Notule van die Volksraad, art. 343, dd. 15 Junie 1883, EVR.22.
33. Ibid., art. 1157,dd. 31 Julie 1890, EVR.43.
34. Ibid., art.1159, dd. 31 Julie 1890,EVR.43.
35. Besluite van die Uitvoerende Raad, art. 244, dd. 30 April 1891 en Notule van die Eerste Volksraad, art. 44, dd. 9 Mei 1891 en art. 144, dd. 26 Mei 1891, EVR.43.

wettige aansoeke op 4,500 gestel. Hy beveel aan dat die persone vergoed word vir hulle regte met watererwe van 120 voet by 240 voet, en droë erwe van dubbel hierdie grootte. Van belang is die aanbeveling dat, indien daar uitvalgronde geleë was grensende aan die grond van 'n aanspraakmaker, so 'n aansoeker vergoed moes word met nie meer as 100 morge grensende aan die bestaande eiendom. Die Volksraad het besluit dat, indien daar uitvalgrond aan die eiendom van die aansoeker geleë was, en die grond meer as 100 morge groot was, die aansoeker 100 morge as burgerreg sou kry en die reg sou hê om die res van die uitvalgrond te koop op voorwaarde dat die toegekende en die aangekoopte grond saam nie groter as 400 morge sou wees nie.[36]

Die finale verslag wat in Augustus 1893 aan die Volksraad voorgelê is, het aangetoon dat daar 4,110 wettige aansoeke was. Hiervan was 280 vir 247 stukkies grond. Daar was o.a. ses aanvrae vir eilande in Vaalrivier; ses vir dorpsgrond wat nie erwe was nie. Daar het ook 'n tiental aansoeke vir kompensasie in geld ingekom. Die Volksraad het bepaal dat aansoeke vir erwe of grond in die distrikte buite dié waarin die aansoeker woon, oorweeg sou word tot op 30 November 1893.[37]

Uit voorgaande blyk dat die meeste aansoekers „burgerregerwe" ontvang het; dat die aantal wat vergroting van bestaande plase gekry het, maar gering was en dat die vergroting self klein was. Die groot aantal wettige aansoeke gee 'n aanduiding van die oorsake van grondloosheid onder die republikeinse boere. Hulle het die reg besit om 'n plaas in besit te neem, maar het om die een of ander onverklaarbare rede versuim om dit te doen.

B. OKKUPASIEGRONDE.

In elke land wat nuut bewoon word, is daar streke

36. Notule van die Eerste Volksraad, art. 154, dd. 27 Mei 1891, EVR. 43.
37. Ibid., art. 1230, dd. 29 Augustus 1893,EVR.49.

wat om die een of ander rede minder dig bewoon word. Dit was byvoorbeeld die geval in streke in die Suid-Afrikaanse Republiek wat weens die voorkoms van malariakoors en die tsetsevlieg nie bewoon kon word nie. Die gebied aan die wesgrens van die Republiek het weer voortdurend naturelleonluste beleef. Dit was uiters wenslik dat hierdie gebied met inwoners versterk word, sodat dit doeltreffend verdedig kon word. In sy openingsrede voor die Volksraad in 1870 het president M.W.Pretorius verklaar dat die uitgee van plase aan die westelike grens noodsaaklik was ten einde die orde te handhaaf en Mahoera in toom te hou.(38) Na aanleiding hiervan het die Uitvoerende Raad besluit om goedkeuring van die Volksraad te verkry vir die uitgee van sogenoemde okkupasieplase in die gebied tussen Vaalrivier en Hartsrivier, aan die suidwestelike kant van Bloemhof. Burgers sou hier plase kon laat aanteken op voorwaarde dat so 'n plaas binne 'n tydperk van ses maande na toekenning geokkupeer word. Gebeur dit nie, sou boete gehef word en uiteindelik ontvreemding van die grond.(39) Hierdie voorstel is deur die Volksraad goedgekeur.(40)

Dit skyn of hiervan nie gebruik gemaak is nie. Op hierdie tydstip was die aanbod seker nie te gunstig nie , veral weens die naturellebedreiging uit die weste, die onsekerheid omtrent die beskikking oor grond met die oog op die Keate-uitspraak, die droogtes wat hier dikwels voorgekom het en die feit dat die Regering die uitsluitlike reg op die delf van edelgesteentes voorbehou het.

In 1881 het sekere J.W. Ferreira en 35 ander persone uit Utrecht 'n memorie aan die Volksraad voorgelê waarin o.a. gevra word dat 'n okkupasiewet aangeneem word. Die motief vir so 'n versoek moet gesoek word in die las en ongerief wat boere aangedoen is deur talle grondeienaars en grondmaat-

38. Art.18 van die „Aanspraak", EVR.8.
39. Besluite van die Uitvoerende Raad, art. 9, dd. 1 Junie 1870.
40. Notule van die Volksraad, art. 159, dd. 7 Junie 1870, EVR.9.

skappye wat etlike plase besit het, maar dit nie bewoon het nie of dit deur naturelle laat bewoon het tot ergernis van die aangrensende boere. Die Volksraad was van oordeel dat die tyd vir so 'n wet nog nie ryp was nie.(41)

Die gedagte om okkupasieplase uit te gee vir die een of ander nasionale doel kon eers prakties toegepas word met die uitgee van die Mapoggronde. Nadat die Mapogoorlog in Julie 1883 beëindig is met die oorgawe van Mampoer en Niabel, het die Volksraad besluit dat die Mapogstam verbrokkel moes word ten einde verdere onluste te voorkom. Die stam sou nie meer 'n onafhanklike bestaan op die oorspronklike woongebied voer nie, maar versprei word oor die Republiek. Die naturelle kon ingeboek word by burgers van die Republiek onder sekere voorwaardes.(42) Daar moes egter beslis word wat van die grond sou word. Besluit is dat die Mapoggronde in okkupasie aan burgers gegee sou word wat persoonlik deelgeneem het aan die stryd teen Mapog.(43) Die voorbereiding vir die toekenning van grond is aan die Regering opgedra in samewerking met die kommandant-generaal.

Omdat die beskikbare grond maar ongeveer 12,000 tot 15,000 morge beslaan het, d.w.s. omtrent 5 gewone plase, was dit nie moontlik om vir elke burger 'n plaas te gee nie. Indien die grond verkoop sou word, sou dit in besit van persone kom wat dit nie sou bewoon nie en dus nie sou voldoen aan die doel wat die Regering met die grond gehad het nie. Die kommandant-generaal beveel derhalwe aan dat die grond opgemeet word en dat persele van nie groter as 8 morge aan burgers onder okkupasie toegeken word. Die gronde wat nie vir bewerking geskik was nie, sou as gemeenskaplike weivelde dien.(44)

41. Ibid., art.127,dd. 18 Oktober 1881, EVR.14.
42. Ibid., art.855, dd. 20 Julie 1883, EVR.22.
43. Ibid., art. 982,dd. 31 Julie 1883,EVR.22.
44. Verslag van die kommandant-generaal: Locale Wetten der Z.A. Republiek,1849-1885, pp. 1230-1231.

Nadat die grond geïnspekteer was en 'n verslag oor elke plaas uitgebring is, was alles gereed vir die okkupasie van die grond. Op 17 Oktober 1883 is die grond „gerush".(45) Uit die verdere verloop van sake is dit duidelik dat die beheer oor die gronde nie te deeglik was nie. Spekulateurs het hulle verskyning gemaak en sommige burgers het uiteindelik meer as een perseel besit. Landmeter-generaal G.R. von Wielligh het teen die einde van 1885 verklaar dat baie mense meer as een perseel besit het en dat die nedersetting sy doel mis, aangesien baie van die grond in die hande van spekulateurs oorgaan.(46) Die persele is later vergroot tot 12 morge . Uiteindelik is daar 147 persele deur burgers geregistreer. Die gemeenskaplike weivelde was ongeveer 38,000 morge groot.(47) Die burgers wat persele geneem het, was meestal arm. Dit is heel natuurlik dat burgers wat wel grond besit het of 'n ander heenkome kon vind, nie hier 'n stukkie grond sou neem om daarmee 'n buffer tussen die beskaafde gebied en die gevaarlike barbaredom te vorm nie.(48) Die bewoners van die persele het self verklaar: „En meest alle arme menschen zynde wien zich hier ter woon gevesticht heeft".(49) In 'n later versoekskrif aan die Regering sê hulle dat „memorialisten meestal tot den armen stand behooren".(50)

Dit was egter nie die oogmerk van die Regering om die gronde 'n nedersetting vir armes te maak nie. Feit is dat die uitgee van hierdie gronde aan etlike arm burgers 'n verblyf gebied het. Die traagheid waarmee die owerheid die nedersetting se dienste georganiseer het, dui daarop dat hy geen inmenging in die aangeleenthede van die eienaars wou onderneem

45. R.5033/83: notule van die kommissie vir die uitgee van die gronde, en De Volksstem, 16 November 1883.
46. R.4616/85: Von Wielligh aan staatsekretaris, 2 November 1885.
47. Verslag van die Departement van Lande, 1926-1927, U.G. 17-1928, p.186.
48. Vergelyk die uitspraak van die Transvaal Advertiser, 8 September 1883.
49. R.1504/84 by R.9583/94: Versoekskrif, dd. 22 November 1883.
50. R.2437/87, dd. 7 April 1887.

nie. Hulle moes volwaardige selfstandige boere bly.

Dieselfde oogmerk wat die owerheid met die uitgee van die Mapoggronde gehad het, het ook aan die skepping van okkupasieplase in Soutpansberg ten grondslag gelê. Op 17 Mei 1886 het die Uitvoerende Raad besluit om van die Volksraad goedkeuring te verkry vir die uitgee van okkupasieplase in die distrik Soutpansberg. President Kruger het tydens sy rondreis deur die oostelike en suidelike distrikte die plan aangekondig en orals is dit goedgekeur.[51] Die doel van die uitgifte was die versterking van die blanke bevolking aan die noordgrens waar naturelle-onluste voortdurend voorgekom het. Die plase met hulle blanke bewoners moes 'n buffer wees tussen blankes en naturelle.[52]

Die Volksraad het die plan goedgekeur en die Regering opdrag gegee om 'n voorstel van wet in hierdie verband op te stel.[53] Hierdie opdrag is uitgevoer en in Junie is die besonderhede van die skema aan die Volksraad voorgelê.[54] Die belangrikste bepaling van die voorstel was dat in die distrik Soutpansberg, en indien die Uitvoerende Raad dit nodig ag, ook die noordelikste gedeelte van die distrik Waterberg, goewermentsgrond geïnspekteer en in kleiner plasies verdeel sou word. Hierdie plase sou van 500 tot 1500 morge groot wees. Die grond word kosteloos uitgegee in die volgende orde: eers aan burgers van die Suid-Afrikaanse Republiek en daarna aan persone wat die Republiek binnegekom het of nog sou binnekom, hoewel hulle nog geen burgers mag wees nie. Seker die belangrikste voorwaarde was die bepaling dat elkeen wat 'n plaas ontvang, dit in persoon self moes bewoon of deur 'n weerbare blanke laat bewoon. Geen persoon sou meer as een plaas ontvang nie. Elke nuwe eienaar moes die voorwaardes

---

51. Notule van die Volksraad, art.217,dd. 17 Mei 1886, EVR.29.
52. Ibid., art.909,dd. 14 Julie 1886,EVR.30.
53. Ibid., art. 218, dd. 17 Mei 1886, EVR.29.
54. Ibid., art. 745, dd. 30 Junie 1886, EVR.30.

nakom en indien dit nie gebeur nie, kon die plaas onteien word met 'n moontlike vergoeding vir verbeteringe.

By die bespreking van die wetsvoorstel het etlike lede van die Volksraad beweer dat 500 morge te klein was vir 'n boerdery. Die mark vir enige produk was baie ver en daarom sou die okkupeerders hulle met veeboerdery moes besig hou en daarvoor was 500 morge te klein. Die heer Birkenstock het egter daarop gewys dat Soutpansberg nie vir veeteelt geskik was nie, maar vir akkerbou en die aanplant van plantasies. Op 500 morge sou die landbouer meer verdien as 'n veeboer op 'n groot plaas. Die doel was om die gebied te bevolk. President Kruger het gesê dat die grond in die wyk Spelonke geskik was vir koffieplantasies. Die veeboer kon 'n plaas kies wat groter was en geskikter vir veeteelt.[55] Die Volksraad het die wetsvoorstel goedgekeur en die saak is op die gewone wyse in die Staatskoerant bekend gestel.

In Januarie 1888 het die Uitvoerende Raad die verskillende aansoeke vir okkupasieplase oorweeg.[56] Daar is toe 'n kommissie benoem om die aansoeke noukeurig na te gaan en 'n vorm van oordrag op te stel en 'n akte van toekenning uit te maak. Hierdie kommissie moes veral nagaan of die gronde waarvoor aansoek gedoen is, wel staatsgrond was en om in gevalle waar meer as een persoon vir dieselfde grond aansoek gedoen het, die toekenning te maak. Die werk het so stadig gevorder dat 'n tweede kommissie benoem is om die aansoeke vir die wyke Marabastad en Renosterpoort na te gaan en verslag uit te bring.[57] Die verslag van die eerste kommissie het voor die Uitvoerende Raad gedien op 12 Oktober 1888.[58] Die Raad het die verslag aanvaar en die registrateur van aktes opgedra om die nodige stukke vir die oordrag uit te

55. Ibid., art. 758, dd. 30 Junie 1886, EVR.30.
56. Besluite van die Uitvoerende Raad, art. 78, dd. 27 Januarie 1888. Lede van die kommissie was die waarnemende staatsprokureur, die registrateur van aktes en die waarnemende landmeter-generaal.
57. Ibid., art.147,dd. 7 Maart 1888, en R.2094/88: landmeter Rissik aan Uitvoerende Raad.
58. Ibid., art. 558, dd. 12 Oktober 1888.

maak teen betaling van koste van inspeksie en seël-regte.Daarmee het die okkupasie van plase begin en weldra was die blanke bevolking in hierdie noordelike streek aansienlik versterk. Vanaf Desember 1887 het die aansoeke reeds by die Regering ingestroom. Opmerklik is dat baie van die aansoeke afkomstig was van persone wat voorheen in die Oranje-Vrystaat gewoon het, maar nou reeds burgers van die Suid-Afrikaanse Republiek was.(59)

Net soos met die geval by die okkupasie van die Mapoggronde, was die meeste aansoekers vir okkupasiegronde in Soutpansberg burgers sonder grond en in baie opsigte ook werklik arm. Die mense sou 'n uiters verbete stryd moes voer om hier stand te hou. Die gebied was afgesonder van die beskaafder dele van die Republiek en het geen verbinding met 'n winsgewende afsetgebied gehad nie. Die koors het jaarliks talle slagoffers geëis. Daarby was daar altyd die gevaar van roof en moord deur die omringende naturellestamme. 'n Verdere belemmerende faktor vir die ontginning en ontwikkeling van die gebied was die gebrek aan kapitaal en die bepaling van voortdurende okkupasie. Kapitaal was moeilik bekombaar, omdat geen verband op die okkupasiegronde gegee kon word nie.

Daar was spoedig grondspekulateurs wat kans gesien het om grond so te sê kosteloos in te palm en die okkupasievoorwaardes op twyfelagtige wyse na te kom. Die Regering het deur die Okkupasiekommissie reeds gou al berig ontvang van etlike plase waarvan die grondbriewe uitgereik was, maar wat nie bewoon is nie.(60) Die Uitvoerende Raad het na aanleiding hiervan besluit dat die name van die plase wat nie bewoon word nie, gepubliseer sou word, met die kennisgewing dat die eienaars aan die Regering binne 'n vasgestelde tyd 'n bevredigende verduideliking sou gee waarom die gronde nie geokkupeer word nie. So 'n lys van plaasname is byvoorbeeld in die Staatskoerant van 25 Februarie 1891 gepubliseer. Onder die name van eienaars kom o.a. voor die naam van dr. Leonard

59. Vergelyk R.8817/87,R.8819/87, en R.8820/87: Aansoeke vir okkupasiegronde.
60. Besluite van die Uitvoerende Raad, art. 81, dd. 17 Februarie 1891.

Meyes wat eienaar was van elf plase.[61]

Die voorwaarde van voortdurende okkupasie het die bewoners van hierdie plase swaar getref, omdat dit hulle die geleentheid vir transportry en jag ontneem het. Daar het spoedig memories by die landdros van Soutpansberg ingekom waarin die Regering versoek word om die wet ten opsigte van voortdurende okkupasie enigsins te wysig.[62] Die Uitvoerende Raad het 'n toegewing gemaak, nl. dat 'n eienaar van 'n okkupasieplaas nie op die grond hoef te woon nie, indien so 'n eienaar die plaas bewerk en in die wyk woon waarin die okkupasieplaas geleë was.[63] Die Eerste Volksraad het hierdie toegewing aanvaar en verder bepaal dat, indien 'n okkupeerder sy plaas tydelik verlaat, hy toestemming van die Uitvoerende Raad moes hê.[64]

Die Regering het voortdurend klagte ontvang in verband met die nie-bewoning van die plase, sodat die Eerste Volksraad in 1893 aan die owerheid opdrag gegee het om toe te sien dat die wet nagekom word. Eindelik is 'n kommissie benoem wat die klagtes onpartydig moes ondersoek.[65] In 1896 het eienaars van okkupasieplase die Volksraad versoek om die okkupasieplase as gewone eiendomsplase te laat verklaar.[66] Die doel was om meer vryheid vir eienaars te verkry ten opsigte van die ontwikkeling van die grond. Die Volksraad het die saak ernstig oorweeg. Etlike lede van die Raad het beweer dat die doel van die okkupasieplase reeds verwesenlik was, nl. die beteueling van die naturelle en dat die gevaar uit die weg geruim was. Die eienaars kon weens die beperkende bepaling van die wet nie geld leen of die grond as sekuriteit aanbied nie. Daar is o.a. gesê dat, indien aan die versoek voldoen word, die eienaars die grond sou verkoop. Die

---

61. Sien ook <u>Staats-Courant</u>, 12 Oktober 1898, kennisgewing gedateer 22 September 1898.
62. R.1856/92: landdros van Soutpansberg aan staatsekretaris.
63. Besluite van die Uitvoerende Raad, art.190, dd. 17 Februarie 1892.
64. Notule van die Eerste Volksraad, art. 508, dd. 2 Junie 1892, EVR.46.
65. Ibid., art. 344, dd. 14 Junie 1893 en art. 432, dd. 22 Junie 1893, EVR.48.
66. EVR 441/96;EVR 1277/96 en EVR 1278/96.

Die Volksraad was bevrees dat die gronde in die hande van ongewenste persone sou val en het die aansoek van die hand gewys.[67]

Die saak was egter nog nie finaal afgehandel nie. Voortdurend was daar versoeke om die okkupasiegronde om te skep in lenings- of eiendomsplase. In 1898 was daar weer versoeke voor die Volksraad.[68] Hiervan was vyf memories met 315 naamtekeninge wat versoek dat die okkupasieplase as leningsplase aan die okkupeerders toegeken word. Vier eendersluidende memories met 288 naamtekeninge het gevra dat die wet herroep word en dat die okkupasiegronde as eiendomsplase toegeken word. Die Volksraad het besluit om die okkupasiewet sodanig te wysig dat 'n okkupasieplaas waarvan die eienaar as okkupeerder gesterf het, tot 'n leningsplaas verklaar kon word ten bate van die erfgename van die oorlede okkupeerder; en om okkupasieplase wat twintig jaar lank voortdurend bewoon is, as leningsplaas te verklaar.[69]

Uit die voorgaande oorsig oor die grondstelsel van die Suid-Afrikaanse Republiek moet die navorser tot die gevolgtrekking kom dat tot en met 1871 grond maklik bekombaar was. Dit is daarom des te meer onverstaanbaar waarom so baie burgers nie van hulle regte en die geleenthede gebruik gemaak het om 'n eie stukkie grond te verkry nie. Die owerheid het van sy kant verskeie pogings aangewend om die burgers te beweeg om grond op hulle naam te laat aanteken. Tog het duisende versuim om dit te doen en as grondlose boere later die staat veel kommer besorg.

## C. AANTEKEN VAN GRONDREGTE.

Namate veranderde omstandighede eise gestel het, moes die beheer oor gronde daarby aangepas word.

---

67. Notule van die Eerste Volksraad, arts. 909 en 910, dd. 14 Julie 1896, EVR. 61. (Verklaring van Tosen).
68. EVR 271/98, 272/98, 273/98, 274/98, 962/98, 696/98, 877/98, 878/98 en 879/98.
69. Notule van die Eerste Volksraad, art. 402, 1898, EVR. 72.

Met die loop van jare moes veral die landdroste 'n praktiese metode ontwerp vir die aanteken van eiendomsbewyse in verband met plase. Gaandeweg het die administrasie verbeter en eindelik die hoogtepunt bereik waar dit met dié van ander beskaafde state gunstig vergelyk het.[70] Dit het die staat egter jare van eksperimenteer gekos voordat hierdie belangrike diens bevredigend gereël en georganiseer was.

Aanvanklik was die gemeenskap betreklik klein in getal en grond was volop. Daarom het die registrasie van eiendomsbewyse dikwels op 'n losse voet toegegaan. Die geleidelike verbetering van die stelsel van registrasie van grondregte is 'n interessante aanduiding van die mondigwording van die Suid-Afrikaanse Republiek. Die belangrike werk van die boekstawing van eiendomsregte het aanvanklik by die landdros van elke distrik berus. Die eerste poging om plase aan te teken vind ons in die stukke van die volksraad van Ohrigstad. In Ohrigstad was daar ongetwyfeld Natallers wat na die anneksasie van daardie republiek hulle in Transvaal gevestig het en wat bekend was met die stelsel van aantekening van plase in Natal.[71] Dieselfde stelsel sou ook in Ohrigstad toegepas word. Die Volksraad het 'n sogenoemde „boekhouder" benoem wat die aansoeke van die burgers sou aanteken en verder verslag van plase en hul eienaars sou byhou.[72] Die boekhouer, Johannes Hermanus Grobler, moes by die aanteken van plaasregte aan elke persoon 'n uittreksel gee van die aangetekende grondreg en daarvoor die bedrag van Rds. 1 invorder, waarvan hy self ses pennies kon neem en die balans in die staatskas moes stort.[73]

Daar was spoedig botsende belange en die betrokke partye het hulle toevlug na die Volksraad

70. Kotze, Sir John: op.cit., p.410. Hy roem die goeie werk van die eerste registrateur van aktes, die heer J.J.Meintjies.
71. Breytenbach,J.H.:op.cit., p.76.
72. Volksraadnotule,Andries Ohrigstad,arts. 1 en 4, dd. 2 Augustus 1845, S.A. Argiefstukke, Deel I, pp.14-15.
73. Ibid.

geneem. Die Raad het besluit dat geskille oor plaasregte verwys sou word na 'n kommissie van ondersoek wat moes trag om'n vreedsame beslegting van die geskille te bewerk.[74]

Nadat die aansprake op grond aangeteken was, moes die plaas geïnspekteer word ten einde die bakens vas te stel. Eers wanneer dit gedoen was, kon grondbriewe uitgereik word. Grondbriewe is uitgereik aan persone wat volgens volksraadbepalinge grondregte besit het. Indien gronde wat so verkry is, verkoop word, moes 'n oordrag van eiendomsreg uitgemaak word. So 'n transportakte moes deur die verkoper gelewer word en hy moes die koste in verband daarmee dra.[75] Die uitmaak van die transportakte en die afgee van grondbriewe was die taak van die landdros van die distrik waarin die grond geleë was. Die inspeksieverslae het ook in die kantoor van die landdros tereggekom. Die feit dat daar voor 1866 nie 'n sentrale kantoor was waar die grondbesit van die burgers geregistreer kon word nie, het tot baie teenstrydige aansprake en tot verwarring gelei. Soveel moeilikhede in verband met botsende aansprake is ontvang dat die Volksraad in 1853 bepaal het dat 'n Landkommissie aangestel moes word om die sake uit te wys.[76]

Na die instelling van die grondwet van 1858 het die Volksraad voortgegaan met die benoeming van landkommissies vir die beslegting van geskille ten opsigte van grondregte.[77] Vir elke distrik is so 'n kommissie benoem, bestaande uit drie lede. Daar is ook instruksies vir die kommissies opgestel en gepubliseer. Artikel 2 van die instruksies stel die plig van kommissies as volg: „Deze Commissie is belast met het onderzoeken en beslissen van alle kwesties van plaatsen". Persone wat die hulp van so

---

74. Ibid., art. 7, dd. 16 Mei 1846. p.53.
75. Ibid., Potchefstroom, art. 72, dd. 15 Junie 1852, S.A. Argiefstukke,Deel II, p.81.
76. Ibid., art. 128, dd. 21 November 1853, S.A.Argiefstukke,Deel II,p.191.
77. Ibid., arts. 63-65, dd. 21 September 1859, S.A.Argiefstukke,Deel IV, p.26.

'n kommissie wou inroep, moes dit skriftelik doen. Die kommissie teken dan die aansoeke aan in die volgorde van die datum van ontvangs daarvan en handel die sake in daardie orde af. Waar vorige skikkinge bestaan het, moes die kommissie daarby hou en waar 'n hof reeds uitspraak gegee het, moes die kommissie ondersoek instel en sy bevinding aan die Hooggeregshof meedeel, by wie die finale beslissing berus het.[78]

In 1870 is die instruksie vir landkommissies hersien. Die magte van sodanige kommissies en hulle samestelling is breedvoeriger omskryf.[79] In artikel 14 word bepaal dat die voorsitter van die landkommissie binne agt dae na afloop van 'n ondersoek verslag moes indien by die landdros van die distrik waarin die landkommissie opgetree het. Artikel 15 bepaal dat die landdros twee agtereenvolgende maande 'n kennisgewing in die Staatskoerant moes laat publiseer om te sê dat sodanige verslag in sy kantoor vir insae lê. Binne twee maande na publikasie kon deur die belanghebbendes appèl aangeteken word teen die beslissing van die landkommissie. Voorgaande instruksies is verder gewysig en aangevul deur wet No.4 van 1875. Later in 1885 is bepaal: „De Landcommissie is belast met het onderzoeken en beslissen van alle kwestiën betrekkelyk bakens, lynen en verdeeling van plaatsen of gronden, alsook van protesten tegen gepubliceerde kaarten".[80]

Hierdie stappe vir die beslegting van sogenoemde grondkwessies moes gedoen word, omdat daar nie 'n doeltreffende administrasie was wat van die begin af sulke botsende aansprake kon uitskakel nie. Die praktyk het uitgewys dat 'n sentrale registrasiekantoor noodsaaklik was en daarom is daar in 1866 voorsiening gemaak vir 'n kantoor vir die registreer van aktes.[81] In hierdie maatreël is reëlings getref

78. Locale Wetten der Zuid-Afrikaansche Republiek, 1849-1885, p.124.
79. Notule van die Volksraad, arts. 72-82, dd. 12 en 13 Mei 1870, EVR.8; en Locale Wetten der Z.A.Republiek, 1849-1885, pp.369-371, Wet No. 4 van 1870.
80. Wet No.6 van 1885: Locale Wetten, p.1370.
81. Wet No. 3 van 1866, Locale Wetten, p.253.

vir die samewerking tussen die verskillende landdroskantore en die kantoor van die registrateur van aktes. Wat die registrasie van grondregte en transportaktes betref, is bepaal dat private oordrag, d.i. waar grond byvoorbeeld aangekoop word, in opdrag van die landdros uitgemaak kon word deur notarisse. Die landdros moes in sulke gevalle die transportakte onderteken en vir finale ondertekening en registrasie aan die registrateur van aktes deurstuur.[82] Grondbriewe, d.w.s. oordrag van grond uit krag van 'n burgerreg, kon nie deur 'n landdros uitgemaak word nie. Vir burgerregte waarvoor geen grondbriewe verleen was by die in-werking-tree van hierdie wet nie, sou grondbriewe deur die staatspresident uitgereik en onderteken word.[83] Verder is geleentheid gebied vir grondeienaars om hulle transportaktes deur grondbriewe wat deur die staatspresident onderteken is, te laat vervang.[84]

Die eerste registrateur van aktes wat aangestel is, was die heer J.J.Meintjies.Hierdie amptenaar het geen opleiding vir sy werk gehad nie en tog het hy werk van onskatbare waarde verrig. Kotze´ sê van hom:

> „He set to work in right earnest, communicated with the landdrosts of the various districts, with whom up to then title-deeds had been registered, and took over from their lists and books. But these were often unsatisfactory and incomplete. This led Mr. Meintjies to correspond with each individual owner; and, having thus obtained all necessary documents, he was eventually able to frame full and accurate lists of all original titles and subsequent transfers of land, and of existing servitudes, and other encumbrances thereon. He opened proper registers in book form , and within a year he had established the simplest and safest method of registration of rights and title to, and of encumbrances on, immovable property in any civilized country...".(85)

Die moeilikhede met grondregte was met die instelling van 'n akteskantoor nog nie uit die weg geruim nie. Die landkommissies moes voortbestaan

82.Artikel 4 van Wet No. 3 van 1866.
83. Artikel 18 van Wet No. 3 van 1866.
84. Artikel 19.
85. Kotze´,Sir John: op.cit., p. 410.

om die moeilikhede te probeer oplos. Daar was ook nog traagheid aan die kant van die burgers om hulle grondregte deur middel van grondbriewe te laat registreer. 'n Verdere moeilikheid was die gevalle waar die oorspronklike eienaars nie meer te vind was vir die verlening van oordragte van eiendomsregte nie. Sulke persone was dikwels reeds dood of het die land verlaat. Om hierdie belemmering uit die weg te ruim het die Volksraad gelyktydig met die instelling van 'n akteskantoor wetgewing aangeneem waardeur transportaktes wel aan sodanige kopers verleen kon word. Hierin is voorsiening gemaak vir 'n kommissie van drie lede wat die saak moes ondersoek en aan die staatspresident rapporteer wat betref die geldigheid van die aanspraak van elke koper.[86]

Gedurende die Volksraadsitting van 1866 is ook besluit dat die staatspresident twee vorme van grondbriewe sou uitreik, nl. een vir plase wat geïnspekteer was maar nie opgemeet nie, die ander vir plase wat deur 'n goewermentslandmeter opgemeet was.[87] By eersgenoemde moes die rapport van die landkommissie ingesluit word. By laasgenoemde moes gemeld word dat daar 'n kaart van die plaas of grond deur die goewermentslandmeter vervaardig was. 'n Akte van oordrag kon nie uitgereik word as die hereregte nie betaal was nie.[88]

D. AFBAKENING EN OPMETING VAN PLASE

By die afbakening en opmeting van plase word dieselfde gebrek aan doeltreffendheid en deeglikheid ondervind as wat die geval met die eerste jare van administrasie was. Die pionier het hier sy eie metode en prosedure ontwerp, gebaseer op wat hy in die Kaapkolonie geleer het. Dit is veral ten opsigte van hierdie twee sake, t.w.afbakening en opmeting, dat daar veel verwarring ontstaan het. Feitlik tot aan

86. Notule van die Volksraad, arts. 479-481, dd. 19 Oktober 1866, EVR.7A.
87. Ibid., art. 297, dd. Oktober 1866,EVR.7A.
88. Ibid., art. 428, dd. 26 Junie 1883, EVR.20.

die einde van die bestaan van die Suid-Afrikaanse Republiek moes daar verbetering en hersiening van gedane werk plaasvind. Geleidelik is manne gevind wat vir die werk opgelei was en daarmee het die toestand gaandeweg verbeter. Aanvanklik moes die afbakening van plase deur die beskikbare onopgeleide amptenare en kommissies gedoen word. Die pionierstaat het egter die stelsel ontwerp wat onder omstandighede die maklikste was. Soos in etlike ander afdelings van die staatsbestuur moes die burger ook hier sy aandeel neem.

Dit was heel natuurlik dat die jong staat aanvanklik sou terugkeer tot wat bekend was uit die dae van die leningsplase in die Kaapkolonie. Die stelsel vir die bepaling van die grootte van plase en die wyse van die vasstelling van die bakens wat by die vroegste nedersetters in Transvaal gevolg is, toon 'n mate van ooreenkoms met dié waarmee die Trekker in die Kaapkolonie kennis gemaak het. Daardie stelsel het uit eie ondervinding en gebruik gespruit.[89]

Ons kry die eerste aanduiding van die wyse waarop plase aangelê is in die Ohrigstadse volksraadnotule. Plase aan Spekboomrivier , van sy oorsprong tot waar dit in Steelpoortrivier loop, sou nie groter wees as „ drie kwartier uurs gaans" nie. 'n Plaas wat nie aan 'n rivierfront geleë was nie, kon „ $\frac{5}{4}$ uur gaans" groot wees, indien daar geen fonteine benadeel sou word waar 'n plaas aangelê kon word. Plase aan Dorpsrivier sou nie kleiner wees as „drie kwartier uuren gaans langs de waterloop".[90] Uit voorgaande moet afgelei word dat die front aan die waterloop die sy was van 'n vierkantige of reghoekige plaas. Plase wat nie aan 'n rivier geleë was nie, sou vierkantig wees met sye een-en-'n-kwart uur te perd soos die gewoonte met die afry van die

89. Botha,C.G.: Early Cape Land Tenure,p. 5.
90. Volksraadnotule,Andries Ohrigstad, art. 2 , dd. 2 Augustus 1845, S.A.Argiefstukke,Deel I, p.15.

grootte van plase was.[91] Nader aanduiding van die wyse van die bepaling van die grootte van plase en van die wyse van afbakening kry ons nie. Blykbaar het die Volksraadslede onder wie daar etlike Natallers was, die stelsel wat in die Republiek Natal in swang was, ook in Ohrigstad van toepassing gemaak en was dit so algemeen bekend dat verdere omskrywing in die besluite nie as noodsaaklik beskou is nie. Die instruksies vir inspekteurs van plase in Natal was gedurende die bestaan van die Adjunkraad ook geldig in Potchefstroom. 'n Verdere verwysing vind ons by die besluite van die Volksraad in die sitting te Elandsrivier op 15 Januarie 1851 waar opdrag gegee word vir inspeksie van aangetekende plase. Daar is bepaal: „Een veltcornet met 2 getuigen sal de inspektie verrigten, een halfuur afgereden worden en verder naa oude instruktie naar de outste regt...".[92] Waarskynlik word met „een halfuur afgereden worden" bedoel dat van die middelpunt of „ordonance" van die plaas 'n halfuur in elke rigting gery sou word om die middelpunt van elk van die vier sye van die plaas vas te stel. Spoelstra sê van die afry van 'n plaas die volgende:

> „As die plek aangewys is (d.w.s. die ordonance), word hier 'n kruishout opgerig en met behulp van die kompas word die arme van die kruis gedraai totdat hulle die rigtinge - van Oos na Wes en van Suid na Noord aanwys. Is die rigting van die lyne bekend, dan mag en moet sestig minute gevat word om die lyn af te ry".(93)

Hierdie „lyn" wat sestig minute moes wees, was die twee lyne wat reghoekig gekruis het by die middelpunt van die plaas. Die instruksies vir inspekteurs van plase wat in 1860 opgestel is, bepaal ook: „Elke

---

91. Breytenbach, op.cit., p.83; en Van der Merwe, P.J.: Die Trekboer in die geskiedenis van die Kaapkolonie, 1657-1842, pp.83 - 106.
92. Breytenbach, J.H.: loc.cit. Artikel 11 van die Volksraadnotule van 2 Februarie 1841 in Pietermaritzburg geneem, bepaal: „De Regulatiën voor het inspecteren der plaatsen alhier bestaande zal in het district Potchefstroom mede tot een rigtsnoer moeten dienen".
93. Spoelstra, B.: Ons Volkslewe, p.1.

plaats is bepaald en toegelegd groot te zyn een uur gaans over kruis..."[94]

Dit was die gedagte dat plase vierkantig moes wees en indien dit onmoontlik was, is bepaal dat plase nie langwerpiger moes wees nie as „¾uur gaans in de grootste lengte", d.w.s. 45 minute vanaf die middelpunt.[95] Sulke plase was bereken om ongeveer 3000 morge groot te wees. Hierdie grootte is ook in die grondwet van 1858 vasgestel.[96] Dit was ook nie nodig om die „kenmerk" wat op die uittreksel van die plaas aangegee is, presies as middelpunt van die plaas te neem nie. By inspeksie kon die „kenmerk" tot 600 treë verskuif word. Daar moes net gesorg word dat dit binne die plaas geleë bly.[97] In die instruksies vir landkommissies is in 1870 bepaal dat die gang van die perd by die afry van die grense van die plaas 300 Rynlandse voete per minuut moes wees.[98]

Gedurende die vroegste jare was daar in die Suid-Afrikaanse Republiek geen landmeter beskikbaar nie. Die aanwysing van bakens volgens die wyse wat hierbo beskrywe is, moes deur die inspekteurs van plase gedoen word. Dit was 'n langsame proses om in 'n jong land, met uitgestrekte grondgebied en 'n betreklik geringe aantal bewoners, die bodem op te meet. Daar was dan ook gevalle waar plase 'n tien-

94. R.4046/60: Instructien voor de Inspecteurs van Plaatsen na welke zy gehouden zullen zyn zich te regelen by het inspecteeren der Plaatsen gelegen in de Z.A.Republiek, art. 1.
95. Vergelyk art. 2 van die instruksies vir inspekteurs van plase; ook R.4843/61 : Inspeksieboek van veldkornet J.G.H. v.d. Schyff, 12 Desember 1861, distrik Wakkerstroom: „No.1., Geinspecteerd op den 12 December 1861 voor den burger Josua Joubert,J.Zoon, de plaats genaamd Rietfontein 45 minuten Zuid,15 minuten Noord, 45 minuten West en 15 minuten Oost van het middelpunt de hoekbakens is aangewezen".
96. Art. 7 van die grondwet van 1858.
97. Art.8 van die instruksies vir inspekteurs van plase.
98. Art.13 van die instruksies vir landkommissies, 1870, Locale Wetten der Z.A. Republiek,1849-1885,p. 370.

tal jare lank as burgerreg aangeteken was sonder dat sulke plase geïnspekteer is. Inspeksie is gewoonlik gedoen, omdat daar tussen bure verskil ontstaan het omtrent die weiveld en die waterregte. Plase wat nie geïnspekteer was nie, kon moeilik verkoop word, omdat grondbriewe vir sulke gronde nie uitgereik kon word nie. Die staat het inspeksie ook noodsaaklik geag vir die heffing van grondbelasting en rekognisie (die sgn.„rekonie").

Reeds in 1846 word melding gemaak van inspeksie van gronde. Op 16 Mei 1846 het voor die Volksraad van Ohrigstad 'n memorie gedien van sekere R.Jansen „versoekende om een commissie van inspectie op zyn gevraagde plaats aan de Dorpsrevier. Is benoemd in commissie de heeren H.A.(sic) Potgieter, Frans Schut en J.J. Burger om de inspectie op Woensdag eerst komende te doen".[99] Ons kan aanneem dat die stelsel van die Republiek Natal ook hier nagevolg is waar die Volksraad, en later ook die landdroste, inspekteurs van plase benoem het.[100]

Van inspeksie van plase in die Republiek Ohrigstad het waarskynlik maar min tereggekom. Van staatsweë verneem ons die eerste keer van inspeksie van plase tydens die sitting van die Volksraad te Elandsrivier op 16 Januarie 1851. Die Raad het hier besluit om die plase te laat inspekteer ten einde verdere moeilikhede in verband met grondeise te voorkom. Die landdroste het opdrag ontvang om wyk na wyk te laat inspekteer deur die veldkornet en twee getuies.[101] Daar is nie instruksies vir inspekteurs van plase opgestel nie, maar die Volksraad het besluit dat daar „naar de oude instruktie" gehandel moes word. Dit verwys blykbaar na die instruksies vir Natal en Potchefstroom.[102] Dat daar inspeksie van plase in Potchefstroom plaasgevind het

---

99. Notule van die Volksraad, Ohrigstad, art.6, dd. 16 Mei 1846, S.A. Argiefstukke, Deel I, p.53.
100. Breytenbach,J.H.:op.cit.,p.85.
101. Volksraadnotule,art.61, dd. 16 Januarie 1851, S.A.Argiefstukke, Deel II, pp.15-16.
102. Infra p.87.

voordat bogemelde besluit van die Volksraad geneem is, blyk uit die volgende inspeksierapport van veldkornet T.F.Dreyer:

> „Op den 12 de Decetsember 1850 is geinspekteert voor den burger J.P. Delport den plaatsje Brakspruyt gelegen aan Schoonspruit toegekent aan de Noorde Kant 17 minuten
> Aan de Oostekant 15 minuten
> Aan de Zuyde kant 17 minuten
> Aan de Westekant 20 minuten
> by verzoek en aangetrokken 15 minuten aan De Oostekant".(103)

In 1853 is die eerste instruksies vir inspekteurs van plase uitgevaardig.[104] Dikwels is daar vir elke veldkornetswyk inspekteurs van plase benoem, gewoonlik die veldkornet met twee betroubare burgers.[105] Dit was die taak van die inspekteurs om 'n plaas af te ry, soos hierbo verduidelik is, en om die bakens aan te wys. Soms is in so 'n inspeksierapport ook kommentaar gemaak oor 'n plaas wat geïnspekteer is, byvoorbeeld „goed voor Zaaien van alle graanen - goed voor beesten - voorsien van water en hout en omtrent 5½ uur te paard van Lydenburg".[106] In die instruksies vir inspekteurs van plase in die Republiek Lydenburg moes gesê word „voor welk gebruik sulk een plaats geschikt is, en van hoeveel spruiten water hy voorzien is, en zoo ook van hout of niet".[107]

Na die in-werking-tree van die grondwet van 1858 is die instruksies vir inspekteurs van plase effens gewysig. Artikel 12 van die nuwe instruksies het bepaal dat uitvalgrond tussen plase vir die goewerment geïnspekteer moes word.[108] Na die verskyning van die Staatskoerant in 1857 is kennisgewings van voorgenome inspeksies gepubliseer, sodat belanghebbendes teenwoordig kon wees om hulle aan-

---

103. R.245/50.
104. Locale Wetten der Z.A.Republiek,1849-1885, pp.26-27.
105. R.395/52:Verslag van veldkornet T.F.Dreyer, Mooirivier,11 Februarie 1852.
106. Supplementêre stukke,SS.37/61,No.30, dd. 2 Augustus 1845.
107. Artikel 30, dd. 22 April 1858, Locale Wetten der Z.A.Republiek,1849-1885, pp.79-83.
108. Ibid.,p.146.

sprake te verdedig.[109] Op 27 Januarie 1859 het die goewermentsekretaris, die heer C.Moll, in die Staatskoerant kennis gegee dat alle plase in die Suid-Afrikaanse Republiek binne verloop van drie maande geïnspekteer moes word deur die veldkornet en twee betroubare manne; dat 'n verslag van die inspeksie na afloop daarvan in die Staatskoerant gepubliseer moes word, sodat belanghebbendes die geleentheid kon hê om binne drie maande na publikasie besware teen die inspeksie in te dien.[110] Spoedig hierna het verskeie landdroste aan die veldkornette opdrag gegee om met die inspeksies te begin.[111] Die veldkornette het op hulle beurt weer kennis gegee van voorgestelde inspeksies.[112]

By die instruksies vir inspekteurs van plase wat in 1869 van krag geword het, word ook aandag gegee aan die in-kaart-bring van geïnspekteerde plase. Daar was toe reeds gekwalifiseerde landmeters werksaam met die opmeet van plase in die Republiek en die kantoor van die registrateur van aktes was reeds redelik goed georganiseer. Dit was derhalwe nodig om bepalings te maak vir inspekteurs van plase om verslae op te stel wat van 'n skets van die plaas vergesel gaan:

> „Tot meerdere naauwkeurigheid in de beschryvingen van geinspecteerde landeryen, zal de commissie van elke plaats zoo juist als mogelyk is, eene schets maken, en aan het rapport annexeeren, aantoonende de differente lynen, fonteinen, of andere waterstroomen, bergen en andere kenbare merken, en aangrenzende plaatsen of Gouvernements gronden, de wegen en de ligging van de woonstede..."(113)

In artikel 14 van hierdie instruksies is bepaal dat inspekteurs 'n noukeurige beskrywing van die grond moes gee, byvoorbeeld die ligging, veronderstelde grootte en die geskiktheid vir weiding en akkerbou en die aard van die watervoorsiening.

Verdere aanvulling is in 1872 deur die Uit-

---

109. R. 2418/58: A.F. du Toit aan president M.W. Pretorius, 11 November 1858.
110. Staats-Courant, 28 Januarie 1859.
111. Ibid., 18 Februarie 1859 en 4 Maart 1859.
112. Ibid., 25 Junie 1859.
113. Artikel 15 van instruksies van 1859, Locale Wetten der Z.A. Republiek, 1849-1885, pp. 327-328.

voerende Raad gemaak en deur die Volksraad bekragtig.(114) Kragtens hierdie bepalings was inspekteurs van plase verplig om die bakens van 'n plaas wat deur hulle geïnspekteer is, aan die eienaar te wys of aan sy verteenwoordiger . Die Lydenburgse instruksies het bepaal dat die inspekteurs die hoekbakens moes aanwys en dat die bakens dan onmiddellik opgerig moes word.(115) Die feit dat bakens van plase dikwels nie opgerig was nie of dat hulle op 'n onbevredigende wyse opgerig was, het aanleiding daartoe gegee dat sulke bakens later nie gevind kon word nie. Die Volksraad het gevolglik later besluit om wetgewing aan te neem vir die oprigting en instandhouding van bakens. In die sitting van Oktober 1866 is sodanige wetgewing aangeneem.(116) Grondeienaars moes daarvolgens binne twaalf maande vanaf die publikasie van die wet op bakens die bakens van hulle plase behoorlik oprig - met klip messel of 'n klip inplant - sodat die baken ten minste drie voet bokant die oppervlakte van die grond uitsteek. Sulke bakens kon nie deur 'n landmeter verskuif word nie en waar daar geskille omtrent bakens ontstaan het, moes die landkommissie uitspraak doen.

Omdat landmeters slegs plase wat alreeds geïnspekteer was, kon opmeet, het opmeting deur landmeters aanvanklik nie die grootte van plase beïnvloed nie. As 'n plaas dus groter as 3000 morge was, moes dit so bly. Die eienaar sou egter 'n hoër rekognisie moes betaal.(117) Landmeters was derhalwe verplig om deeglik kennis te neem van die inspeksieverslag van elke plaas wat opgemeet word.

Hierdie verbeteringe in die bepaling van die grootte en ligging van plase het egter nog nie

114. Besluite van die Uitvoerende Raad, art. 197, dd. 18 Januarie 1872 en Volksraadnotule, art. 80, dd. 12 Julie 1872, EVR.11.
115. Artikel 6 van die instruksies, Locale Wetten der Z.A.Republiek,1849-1885, p.81.
116. Notule van die Volksraad, art. 519, dd. 22 Oktober 1866, EVR.7A.
117. Artikel 13 van die Bakenwet van 1866. Sien ook artikel 216 van die grondwet van 1858.

klagtes uitgeskakel nie. Voortdurend het die Uitvoerende Raad klagtes oor inspeksies en opmeet van plase ontvang. Dit het maar al te duidelik geblyk dat inspeksies onbetroubaar was. Die Uitvoerende Raad het probeer om meer akkuraatheid te verkry en 'n reeks besluite in Augustus 1873 geneem. Daar is bepaal dat voorlopig geen inspeksies sou plaasvind indien die landdros van die distrik nie as voorsitter van die inspeksiekommissie kon optree nie.(118) Om verdere versekering van noukeurige inspeksies te verkry, is bepaal dat die ouditeur-generaal geen eise vir koste van inspeksie sou uitbetaal „tenzy de inspecteurs zich schriftelyk verbinden tot het terugbetaling van alle gelden voor enige Inspectie ontvangen, indien het bevonden mogt worden dat zoodanige inspecties foutief zouden zyn".(119) Ten opsigte van spesiale inspeksies is bepaal dat sodanige inspeksies vergesel moes wees van 'n goewermentslandmeter wat die gronde moes opmeet.(120)

Dit is duidelik dat daar teenstrydighede sou wees as die grondwet bepaal dat plase nie groter as 3000 morge moes wees nie en die maatstaf by die vasstelling van daardie grootte die gang of spoed van 'n perd was! Die ongerymdhede sou nie aandag ontvang het nie as daar nie persone was wat die diens van landmeters ingeroep het om die grootte van hulle plase vas te stel nie. Die gewone boer het hom nie veel oor die juiste grootte van sy plaas bekommer nie solank hy geweet het dat die bakens deur inspeksie vasgestel was en die plaas of grond nie kleiner as een uur oorkruis was nie. Maar die toestand kon nie so voortduur nie. Van staatsweë moes meer akkuraatheid en sekerheid verkry word en kopers van gronde, veral uitlanders, was nie tevrede met die vae en onsekere groottes wat volgens die ou stelsel vasgestel is nie.

---

118. Besluite van die Uitvoerende Raad, art. 136, dd. 12 Augustus 1873.
119. Ibid., art. 137.
120. Ibid., art.138.

Die eerste landmeter wat in die Republiek toegelaat is, was 'n sekere Fatham wat in Julie 1864 deur die Uitvoerende Raad toegelaat is om as landmeter op te tree[121] 'n Tydjie daarna kla D.Erasmus van die plaas „Wonderboomspoort" by die Regering dat die heer Lys, eienaar van die plaas „Daspoort", 'n landmeter het wat die plaas opmeet en die bakens versit in Erasmus se grond.[122] Dit was die begin van klagtes oor landmeters. Die reg om 'n landmeter se diens te gebruik vir die opmeet van plase is in artikel 216 van die grondwet van 1858 vasgelê. In 1868 is die eerste instruksies vir landmeters opgestel en dié is weer in 1870 deur ander vervang.[123]

Toe landmeters nou plase begin opmeet, het dit noodsaaklik geword dat 'n landmeter-generaal benoem word om die kaarte na te sien en te kontroleer. Gelyktydig met die aanstelling van 'n registrateur van aktes is ook 'n landmeter-generaal benoem. Die man wat die eerste hierdie betrekking beklee het, was Magnus Forsman.[124] In artikel 3 van die instruksies vir die landmeter-generaal word sy taak as volg gestel: „De Landmeter-Generaal is belast met alles wat tot landmeting en het in kaart brengen behoort..." Sodra hy met sy werk begin het, het hy die noodsaaklikheid van duideliker instruksies vir landmeters besef. In die instruksies wat daarop deur die Uitvoerende Raad opgestel is, word duideliker tegniese vereistes gestel.[125] Gaandeweg het daar dan ook meer vastigheid gekom in die inspekteer en opmeet van plase en is meer en meer gebruik gemaak van die dienste van landmeters. By verdeling van geïnspekteerde plase moes die dienste van 'n landmeter ingeroep word en hiervoor is deur die landmeter-generaal ook instruksies opgestel.

121. R.627/64: Fatham aan Volksraad, 22 Augustus 1864.
122. R.828/64; R.990/64, 21 September 1864 en 2 November 1864.
123. Wet No. 5 van 1870, Locale Wetten, pp. 371 ; en R.1668/70.
124. R.69/67 by R. 861/67: eerste verslag van die landmeter-generaal,Magnus Forsman, dd. 21 Augustus 1867. Hy meld dat tot op 21 Augustus 1867 reeds 53 plase deur landmeters opgemeet is, t.w. 13 in Mooirivier, 4 in Pretoria,8 in Rustenburg, 2 in Lydenburg, 3 in Heidelberg, 19 in Wakkerstroom en 4 in Utrecht.
125. Uitvoerende Raadsbesluite, art. 13,dd.9 September 1870, en Locale Wetten, pp.418-420.

Dit het later vir die landmeter-generaal duidelik geword dat daar plase was wat die grootte van 3000 morge baie ver oorskry het. Talle grondeienaars het groter plase besit as wat die algemene bepaling was. Die Volksraad het die saak in 'n ernstige lig beskou en in 1881 ingegryp deur te bepaal dat voorlopig geen kaarte van plase as wettig aanvaar sou word in gevalle waar die plase meer grond bevat het „dan 60 minuten lang en breed elk".[126] Hierdie bepaling sou van krag bly tot die daaropvolgende sitting wanneer die Regering wetgewing moes voorlê vir die nodige wysiging van die bepalinge ten opsigte van die grootte van plase.

Hoe die Raad die grootte van plase wou beperk tot ongeveer 3000 morge sonder opmeting deur 'n landmeter, is nie duidelik nie. Toe die saak dan ook in die sitting van die volgende jaar bespreek is, is die noodsaaklikheid van opmeting ingesien en is bepaal dat toekomstige inspeksies vergesel moes wees van 'n landmeter.[127] Intussen het die Uitvoerende Raad kragtens Volksraadbesluit van 7 November 1881 die hele saak van plaasgroottes ondersoek en aanbevelings aan die Volksraad voorgelê. Die Uitvoerende Raad het tot die gevolgtrekking gekom dat die Volksraad nooit bedoel het dat plase groter as 60 minute oorkruis sou wees nie, wat, as dit gemeet word, ongeveer 3750 morge beslaan. Maar daar is ook die bepaling dat die bakens van geïnspekteerde plase nie verskuif mag word nie. Daarby kom nog dat daar wetgewing was dat plase wat deur landmeters groter bevind word as 3000 morge, hoër rekognisie moes betaal, wat 'n stilswyende erkenning van sulke plase was.[128] Daarom skyn die bepaling van die vorige jaar, nl. onwettigverklaring van die kaarte van plase wat groter as 3750 morge is, onbillik. Die Uitvoerende Raad het o.a. die volgende redes gegee vir die onraadsaamheid van deurvoering van

126. Volksraadnotule, art.352,dd. 7 November 1881, EVR.15.
127. Ibid., art. 741, dd. 7 Julie 1882, EVR.18.
128. Ibid., art.118, dd. 24 Mei 1875, EVR.12.

genoemde besluit:

1. Die eienaars van etlike groot plase is reeds in besit van die grondbrief waardeur aan hulle die reg gegee word op 'n bepaalde grootte van grond volgens bakens wat deur die goewermentsamptenare aangewys is, as synde die wetlike grense van hul plase ;
2. Indien 'n eienaar weier om sy plaas te laat opmeet, kon nie vasgestel word of so 'n plaas te groot was nie;
3. In baie gevalle is so 'n plaas alreeds verdeel, die dele is opgemeet en in kaart gebring. Die som van die dele sou groter wees as die wettige grootte van die plaas.

Die aanbeveling van die Uitvoerende Raad was om die volgende belangrike wysiginge en byvoeginge by bestaande instruksies vir die landmeter-generaal, die landmeters en inspekteurs van plase te maak : indien 'n landmeter bevind dat daar 'n verskil is tussen sy opmeting en die inspeksieverslag, moet so 'n landmeter 'n breedvoerige verslag aan die landmeter-generaal voorlê, met vermelding van besonderhede van gegewens waarop hy die bakens aangeneem het. Op sy beurt moet die landmeter-generaal sulke gevalle aan die Uitvoerende Raad rapporteer. Van besondere belang is die feit dat die Uitvoerende Raad 'n „Generale Opmeting" van alle ongemete plase voorstel.[129]

Met die aanname van hierdie aanbevelings is die beginsel van 'n generale of algemene opmeting aanvaar en het die saak van die afbakening en opmeet van plase in die Suid-Afrikaanse Republiek 'n laaste en finale stadium binnegegaan. Die wetsontwerp op die generale opmeting is aan die Volksraad voorgelê in die sitting van 1884. Nadat 'n kommissie benoem was om daaroor te rapporteer, is die wetsontwerp goedgekeur as wet No. 2 van 1884.[130] Die wet het voorsiening gemaak vir 'n tweeledige opmeting van die Republiek, nl. 'n opmeting in besonderhede waardeur die juiste grense van alle opgemete en

---

129. Besluite van die Uitvoerende Raad, art. 251, dd. 5 Julie 1882 en arts. 743-755, dd. 7 en 8 Julie 1882.
130. Notule van die Volksraad, art. 443, dd. 10 September 1884 en art. 1096, dd. 30 Oktober 1884, EVR. 24 en 25.

foutief gemete privaat en staatsgronde bepaal sou word en 'n trigonometriese meting van die hele Republiek waardeur topografiese kaarte van elke distrik en van die Republiek as 'n geheel vervaardig kon word. Vir die doel van hierdie ondersoek sal net aandag aan die eerste doel van die opmeting geskenk word, d.i. die opmeet van plase.

Die wet op generale opmeting maak voorsiening vir die indeling van die land in meetdistrikte. Die plase binne elke meetdistrik sou deur 'n landmeter opgemeet word. Daarvan sou vooraf in die Staatskoerant kennis gegee word. Die landmeters wat met die taak belas word, moes hulle by die bestaande bakens en inspeksierapporte hou. Artikel 11 van die wet bepaal dat by elke opmeting en vervaardiging van 'n kaart die Kaapse of bestaande maat gebruik moes word. Die bestaande maat was die sogenoemde Rynlandse wat dieselfde was as die Kaapse maat. Later is ook bepaal dat die woord „Kaapsche" instede van „Rynlandsche" gebruik word.[131] Grondeienaars wie se grond onder die generale opmeting gemeet word, kon die koste daarvan in jaarlikse afbetalings van £2.10.0 per plaas maak.[132] Waar daar nog geskille oor bakens was, sou in elke wyk bakenkommissies aangestel word om daardie geskille uit die weg te ruim voordat die opmeting begin. Die wet het ook bepaal dat grondeienaars verplig was om bakens van ongemete sowel as van gemete plase op te rig binne 'n vasgestelde tyd. Artikel 30 het bepaal dat plase wat nog nie geïnspekteer was nie, nie groter as 3750 morge gemeet kon word nie.[133] Die perd se spoed moes dus reg wees, eintlik standaardspoed!

Op 27 November 1884 het die staatspresident per proklamasie bekend gemaak dat die generale opmeting 'n aanvang sou neem ses maande na datum van die uitvaardiging van die proklamasie. Hierna is

131. Locale Wetten der Z.A.Republiek,1849-1885, p. 1308.
132. Artikel 15 van Wet No. 2 van 1884.
133. Artikel 30 van Wet No. 2 van 1884.

etlike proklamasies uitgevaardig ten einde die saak so doeltreffend moontlik te reël. Gaandeweg is die saak sistematies en doelbewus aangepak. Per goewermentskennisgewing No. 366 van 12 Desember 1884 word aan veldkornette opdrag gegee om toe te sien dat in hulle wyke die eienaars van alle geïnspekteerde plase die bakens volgens wet oprig of opgerig het. Daar moes deur die veldkornette pogings aangewend word om geskille oor bakens te skik. Dit was egter nodig om uitvoering te gee aan artikel 18 van die wet op generale opmeting en daarom het die Regering instruksies vir die aanstelling en werking van sogenoemde bakenkommissies uitgevaardig. Hierdie bakenkommissies moes in gevalle waar bakens onbekend was of verlore geraak het, sodanige plaas weer inspekteer en die bakens vasstel. Bakens wat deur die kommissies vasgestel is, moes aan die landmeter gewys word nadat vooraf kennis gegee is van die dag van aanwysing of oorhandiging van die bakens aan die landmeter.[134]

Namate die algemene opmeting gevorder het, moes verdere en bykomstige bepalinge omtrent die saak gemaak word. Alles dui op die voorneme van die Regering om nou eenmaal tot 'n finale afronding van inspeksie en opmeting van plase te geraak. Sake het egter nie so gou gevlot as wat die Regering verwag het nie. Die goudkoors wat kort na 1884 die Republiek oorval het, het ongetwyfeld die aandag afgelei. Daarby moet ook genoem word dat gebrek aan geld die deurvoering van die saak vertraag het. Op 17 Februarie 1890 is weer 'n proklamasie uitgevaardig waarin die begin van die generale opmeting aangekondig is.[135] Die Volksraad het ook 'n kommissie benoem om wysiginge in die wet op generale opmeting aan te bring. Hierdie wysiginge is op 23 Julie 1891 deur die Eerste Volksraad goedgekeur as wet No.9 van 1891.[136] Intussen het landmeter-generaal G.R.

---

134. Goewermentskennisgewing No. 369, 22 Desember 1884 en No. 212, 20 Oktober 1885.
135. Locale Wetten der Z.A. Republiek, 1890-1893, pp.87-88.
136. Volksraadnotule, art. 441, dd.19 Junie 1891, en artikel 1075, dd. 23 Julie 1891, EVR.45.

von Wielligh op 17 September 1890 reeds kennis gegee van die vyftig meetdistrikte waarin die Republiek verdeel is. Instruksies vir die landmeter-generaal en die landmeters is ook gepubliseer.[137]

Ten einde grondeienaars by te staan en sodoende die generale opmeting te laat spoed, het die Eerste Volksraad die Regering gemagtig om grondeienaars geldelike hulp te verleen by wyse van lenings onder sekuriteit van vaste eiendom.[138]

Die generale opmeting het met verloop van tyd etlike foute in bestaande kaarte aan die lig gebring. Tydens die sitting van die Eerste Volksraad in Julie 1896 het talle memories voor die Raad gedien waarin melding gemaak word van foutiewe kaarte wat deur landmeters gemaak is.[139] Sulke foute was gemaak deur landmeters wat nie in verband met die generale opmeting gestaan het nie. Op hierdie wyse het die generale opmeting foute en gebreke ontdek, sodat die belangrike saak van opmeting van gronde in orde gebring kon word. By die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog was die generale opmeting nog in volle gang. Die saak was nou op die regte grondslag geplaas en verdeling en onderverdeling van plase wat toe reeds in die meeste distrikte aan die gang was, kon veel juister en beter geskied.

E. SERWITUTE OP GROND.

Namate sekere voorbehoude by die uitgee van grond noodsaaklik geword het, het die wetgewers daartoe die nodige stappe gedoen. Een van die eerste stappe wat gedoen is, was die uithou van uitspannings. Dit was van die staanspoor af noodsaaklik

---

137. Locale Wetten der Z.A. Republiek,1890-1893, pp. 158-182.

138. Volksraadnotule, art.1040, dd. 21 Julie 1891; en Besluite van die Uitvoerende Raad, art. 346, dd. 3 Julie 1893 ; en Notule van die Eerste Volksraad, art. 574, dd. 7 Julie 1893, EVR.49.

139. Notule van die Eerste Volksraad,art. 860, dd. 8 Julie 1896,EVR.61 : bespreking van memories.

om aan die transportpaaie gronde uit te hou vir uitspannings. Die gedagte was dat die reisiger of transportryer nie reg gehad het om uit te span of te oornag op die grond van 'n plaaseienaar nie. Derhalwe moes vir uitspannings spesiaal grond aangewys en gereserveer word. Toe grond volop was en die wêreld oopgelê het, kon sulke uitspannings van die bestaande oop gronde afgemeet of afgebaken word. Dit was dan aanvanklik nie nodig dat die grondeienaar van sy grond sonder vergoeding moes afstaan nie. In die instruksies wat vir inspekteurs van plase opgestel is in 1853, word bepaal:„de Inspecteurs zullen langs de publieke wegen op de geschikste plaatsen uitspanningen bepalen tot de grootte van 1,000 morgen...". Verder word bepaal dat 'n grondeienaar wat hierdeur van sy grond verloor, na 'n ander kant grond kon bysny, sodat hy ten volle vergoed word vir wat hy moes afstaan vir 'n uitspanning. Artikel 13 van hierdie instruksies het bepaal dat aan die „groote trekwegen van de binnelanden naar de Drakensberg alsmede na de Magaliesberg" uitspannings van 'n volle plaasgrootte uitgehou moes word.[140]

Die grondbrief of akte van eiendomsreg het ook die bepaling bevat dat die eienaar van grond 'n uitspanning en weiveld moes gee vir die vee van reisigers.[141] By 'n later wysiging van die grondbrief is aan die eienaar die reg gegee om self te bepaal waar die uitspanning gegee sou word.[142] In 1869 is reeds 'n ordonnansie opgestel vir die beheer van reisigers in die Suid-Afrikaanse Republiek. Dit het in 1870 in werking getree. Hierin word die vereistes vir 'n publieke uitspanning as volg gestel:die weiveld wat vir die vee afgestaan moes word, moes ten minste 500 tree wyd aan een van beide kante van die pad wees; die vee van die reisiger kon water drink in enige rivier, spruit of kuil, behalwe uit gemaakte

---

140. Locale Wetten der Z.A. Republiek,1849-1885, p.27.
141. Notule van die Volksraad , art. 569, dd. 26 Oktober 1866, EVR.7A. Hier is die vorm van die grondbrief vasgestel.
142. Ibid., art. 155, dd. 5 Junie 1869,EVR.8.

damme of uit 'n waterloop wat vir besproeiing gebruik word.[143]

Dit het later geblyk dat al die uitspannings nie nodig was nie. Sulke gronde waarvoor die eienaar vergoeding ontvang het by wyse van vergroting aan 'n ander sy van sy plaas, sou egter die eiendom van die staat bly.[144] Uitspannings wat volgens Wet No. 13 van 1870 daargestel was, sou 'n onvervreemdbare deel van die plaas bly en gevolglik die eiendom van die plaaseienaar.[145]

'n Tweede saak waarin die regering die gemeenskaplike belange van grondeienaars moes beskerm, was dié van waterregte. Vir 'n boer moes 'n plaas volop water hê, want nie alleen moes sy vee drinkplek hê nie: daar was tuine en landerye wat besproei moes word. Net soos in die Kaapkolonie, het die boer van die Suid-Afrikaanse Republiek sy plaas gekies waar water beskikbaar was uit 'n rivier, 'n spruit of fontein. Omdat dit in daardie dae die enigste waterbronne was, moes die regte van die grondeienaars van die staanspoor af bepaal word, veral waar die waterbronne gemeenskaplik besit of gebruik is.

By die uitgee van plase in die Ohrigstadse Republiek is reeds sekere beginsels vasgelê. Die Volksraad het die moontlikheid besef dat dit vir 'n eienaar aan 'n rivier of spruit onmoontlik kon wees om water vir besproeiing op sy plaas uit te haal uit so 'n bron, en derhalwe is bepaal dat die „bovenste buurman aan de water" verplig sou wees om verlof toe te staan aan so 'n eienaar om 'n dam op sy grond te bou en 'n watervoor daarvandaan uit te haal. Die onderste eienaar wat van so 'n vergunning gebruik maak, moes egter sorg dat die dam en watervoor afgekamp word, sodat dit geen las en belemmering

143.Ibid., art. 209, dd. 21 Junie 1870,EVR.9
144. Ibid., art. 853,dd. 20 Julie 1883, EVR. 22.
145. Ibid., art. 857, dd. 13 Oktober 1884, EVR.25.

vir die boonste buurman bied nie.[146]

Die instruksies van 1853 het aan inspekteurs van plase die verpligting opgelê om toe te sien dat die fonteine wat tussen plase geleë was, verdeel word. Artikel 3 van daardie instruksies bepaal dat, indien 'n plaas aan drie kante sy volle lengte het en aan die vierde sy twee fonteine gehad het, die eienaars van plase grensende aan daardie vierde sy, hulle grenslyne so kon reël dat elkeen 'n fontein vir buitewater kon hê. Die oudste versoeker sou egter die aanspraak op uitvalgrond met 'n fontein hê. In artikel 4 word bepaal dat eienaars van plase wat aan 'n rivier geleë is en ook uit fonteine water kry, aan beide kante van die rivier die fonteine kon insluit in die grond van die oudste versoeker. Dit blyk dus dat aanvanklik alles in die werk gestel is om plase van water te voorsien.

Daar was egter nog nie voorsiening gemaak vir gemeenskaplike gebruik van water nie, want aanvanklik was die plase baie groot, daar was nie uitgebreide landerye wat besproei moes word nie, en water was volop. Namate boere hulle langs 'n bepaalde waterstroom gevestig het, het die noodsaaklikheid vir beheer van sulke water onontbeerlik geword. In 1859 het die Regering dit nodig geag om regulasies op te stel vir die gebruik van leiwater uit Skoonspruit.[147] Daarvolgens mag elke plaas slegs een watervoor uit die spruit uithaal . Waar 'n uitkeerdam in die spruit gebou word, kon die wal nie hoër as die walle van die spruit gemaak word nie. Die nagwater moes presies met sonsondergang met 'n voor in die spruit ingekeer word. Elke grondeienaar aan Skoonspruit moes sorg dat syferwater uit sy watervoor nie die ander eienaars skade aandoen nie.

Met die aanbou van spoorweë in die Republiek moes voorsiening gemaak word vir water vir gebruik

---

146. Notule van die Volksraad, Ohrigstad, arts. 6 en 7, dd. 2 Augustus 1845, S.A. Argiefstukke, Deel I,p.15.
147. Goewermentskennisgewing van 28 Oktober 1859: Locale Wetten der Z.A.Republiek, 1849-1885, pp. 128-129.

deur die spoorwegowerheid. Die spoorwegoutoriteite het die reg verkry om water uit natuurlike bronne met goedkeuring van die Regering te gebruik sonder vergoeding aan die eienaar in wie se grond die waterbron geleë was.[148] Indien die water verkry is uit 'n bron wat deur die eienaar van die grond daargestel is, moes vergoeding vir die gebruik daarvan gegee word. Daar moes egter gesorg word dat die hoeveelheid water wat die eienaar vir huislike gebruik , vir landbou en suiping van vee nodig gehad het, nie aangeraak word nie.

Die eerste wetgewing in verband met die gebruik van water uit publieke strome is eers in 1894 aangeneem.[149] Oor privaat water is geen beheer uitgeoefen nie. Onder privaat water is verstaan „wanneer de fontein of loop niet standhoudend is of niet geschikt is voor eenige verdeeling, of niet in een bepaalden loop naar de plaatsen van anderen afloopt".[150] Die eienaars van gronde aan publieke strome kon die water gebruik vir huislike behoeftes of vir besproeiing op voorwaarde dat sulke regte op redelike wyse uitgeoefen word. Om van sulke water gebruik te maak het die eienaars die reg gehad om watervore uit die stroom te haal. Eienaars aan publieke strome waarvan beide oewers in die Suid-Afrikaanse Republiek geleë was, kon 'n uitkeerdam bou in die stroom, ook al het die grond aan die ander oewer nie aan die ondernemende eienaar behoort nie. So 'n uitkeerdam moes egter so gebou word dat dit geen skade vir ander grondeienaars besorg nie. Wil die eienaar aan die ander oewer van die uitkeerdam gebruik maak vir huislike gebruik en vir landboudoeleindes, kon hy 'n watervoor uithaal op voorwaarde dat hy die helfte van die bedrag wat aangegaan is by die bou van die dam, betaal. Hierdie ooreenkoms moes binne verloop van twee jaar as 'n serwituut aangeteken word op die grondbriewe van albei plase. Artikel 10 van die wet op gebruik

148. Locale Wetten der Z.A.Republiek,1890-1893, p.620.
149. Wet No.11 van 1894, Locale Wetten der Z.A.Republiek,1894, pp.97-99.
150. Sien artikel 2 van genoemde wet.

van publieke strome het verder bepaal dat 'n watervoor uit 'n publieke stroom nie buite die grense van die plaas waarop dit uitgehaal is, geneem kan word nie, behalwe waar 'n volgende eienaar van dieselfde voor gebruik wil maak.

SAMEVATTING.

As veeboere het die Trekkers wat hulle in die nuwe geweste gevestig het, dieselfde behoefte aan voldoende weiveld gehad was wat die geval was met die trekboer in die Kaapkolonie in die agtiende eeu. Die plaashuishouding van die Transvaalse gemeenskap was gegrond op vee- en grondbesit. Hierdie besittinge het die status van die boer bepaal en meegewerk by die skepping van 'n gemeenskap met sy landelike selfstandigheidsgevoel. Die plaas met sy weiveld, sy landerye en sy vee was die bedryfseenheid waar die volkspatroon vorm aangeneem het. Die pionier wat na die besit van een of meer groot plase gestreef het, wou daardeur nie soseer sy produksie verhoog of sy winste vermeerder nie. Sy strewe was om die dinge te besit wat karakter gegee het aan 'n lewensorde. Die boerelewe as sodanig was belangriker as die geld en winste wat verkry kon word.

In die nuwe vaderland met sy uitgestrektheid, sy ruimte en onbeperkthede kon aan die burgers aanvanklik grondbesit na hartelus toegestaan word. Die kwalifikasie om grondeienaar te word was eenvoudig en baie billik. Geen ekonomiese of geldelike stryd was betrokke by die verkryging van grond nie. By die afwesigheid van 'n ekonomiese stryd wat verband gehou het met verkryging van grond, is voorregte en geleenthede verwaarloos. Menige burger het geluk en tevredenheid gevind in die plaaslewe, selfs al was dit as bywoner. Met veranderde omstandighede as gevolg van die koms van die mynbedryf en algemene industrialisering, die instroming van vreemdelinge en die opkoms van 'n spekulasiegees het grondbesit 'n ekonomiese waarde gekry. Mettertyd het dit van die grootste belang geword in die geldhuishouding van die nuwe era . Gebrek aan grondbesit het afhanklik-

heid gebring en uiteindelik verarming.

Aanvanklik was die administrasie van en beheer oor grondregte gebrekkig en ondoeltreffend. Jare van verwarring het gevolg. Met die ontwikkeling van die jong Republiek het ook verbetering gekom , sodat 'n stelsel in die lewe geroep is wat aan die eise van die tyd voldoen het.

Waar die owerheid in die Suid-Afrikaanse Republiek alles in sy vermoë gedoen het om elke getroue vaderlander van grond te voorsien, het hy egter opening gegee vir die ontstaan van sogenoemde „grondkapitalisme". Inpalming van grond, hetsy deur aanvraag van leningsplase of die aankoop van private of staatsgrond deur kapitaalkragtige persone en maatskappye, was ongetwyfeld oorsaak van verhoging van grondpryse en grondloosheid by republikeinse burgers. In 1896 het 'n kwart van die grondgebied in die Suid-Afrikaanse Republiek aan uitlanders behoort.(151) Hierdie verskynsel het by menige denkende persoon die vrees laat ontstaan dat die duurgekoopte onafhanklikheid van die Republiek uiteindelik ook uit die hande van die oorspronklike grondleggers sou gly.(152)

---

151. Verslag van die registrateur van aktes vir die jaar 1896, Publikasies van die S.A.Republiek, Deel 79, No. 6. Vergelyk ook Van der Walt, Wiid en Geyer: Geskiedenis van Suid-Afrika, Deel II, p.218.
152. In 1892 het Hoofregter Kotzé gewys op die dreigende gevaar dat burgers hulle grond kwytraak. „Wat stelt ons in staat thans het bestuur van het land te handhaven? M.a.w. waaraan is het toe te schryven dat de burgers van het land nog heden de Regeering van het land in handen hebben? Deze vraag laat maar één antwoord toe. De burgers van het land zyn thans nog de grondbezitters van het land". (Byvoegsel tot die Staats-Courant, 30 November 1892, p.21: Kotzé se antwoord op 'n rekwisisie vir kandidaat vir die presidentsverkiesing).

---

# H O O F S T U K  IV

## B E M A R K I N G.

In 'n ongeorganiseerde boeregemeenskap is die landbouer in 'n groot mate afhanklik van die openbare mark vir die afset van sy produkte. Die openbare mark word beheers, wat pryse vir landbouprodukte betref, deur die beginsel van vraag en aanbod. Waar die aanbod nie beheer word nie, volg periodes van oorvoering van die mark, met gevolglike daling van pryse. Die enigste rol wat die staat hierin speel, is die daarstel van die markgeriewe. Dit was die toedrag van sake in die Suid-Afrikaanse Republiek waar daar geen georganiseerde boerderystelsel was nie en waar die boer feitlik geen beheer oor pryse gehad het nie. Die republikeinse boer was in sy ongeorganiseerde toestand grootliks van die mark op die dorp afhanklik. Dit was die enigste inrigting wat deur die staat in die lewe geroep is waarvan hy gebruik kon maak.

Die distribusie van landbouprodukte is egter in 'n selfversorgende staatshuishouding gering.(1) Elke inwoner voorsien in eie behoefte en 'n verkeer van produkte tussen inwoners onderling vind selde plaas. Daarom was daar in die tydperk van onderhoudsboerdery geen omvangryke bemarking van produkte nie. Dit wil egter nie sê dat daar geen behoefte aan die koop en verkoop van produkte bestaan het nie. Daar was dikwels 'n surplus van produkte wat vir afset beskikbaar was. In sodanige gevalle was 'n afsetgerief noodsaaklik. Dan was daar ook mense wat in hulle eie omgewing en boerderystreek sekere noodsaaklike produkte nie kon produseer nie en wat daarvoor van die bemarking van sulke produkte afhanklik was. In aanmerking moet ook geneem word dat sekere produkte as grondstowwe nie plaaslike verwerk kon word nie en gevolglik bemark moes word. 'n Goeie voorbeeld

---

1. Vergelyk Van der Walt, Wiid en Geyer: Geskiedenis van Suid-Afrika, Deel II, pp. 218-219.

hiervan was die afset van wol. Hoewel die opbrings van wol aanvanklik gering was, was dit 'n gereelde uitvoerproduk wat deur die tussenkoms van handelaars van die hand gesit is. Ander produkte soos velle, gedroogte vrugte en so meer is nie alles deur die huishouding opgeneem nie en moes bemark word. Die hoofdoel van bemarking van produkte op die openbare mark was ongetwyfeld om kontantgeld in hande te kry. Sonder 'n bietjie kontant kon die boer nie oor die weg kom nie, selfs nie in 'n selfversorgende huishouding nie. Alles kon nie deur ruilhandel verkry word nie.[2] Hardegeld was in groot aanvraag maar baie skaars. Die ruilhandel het hoofsaaklik deur middel van handelaars en smouse en sogenoemde spekulante plaasgevind. Deur hierdie ruilhandel is benodighede soos klerasie, kruideniersware en selfs ammunisie aangeskaf.

Dit is dus duidelik dat daar twee kanale was waardeur boerderyprodukte van die hand gesit is, nl. die openbare mark en die ruilhandel. Ons bepaal ons eers by eersgenoemde afsetgerief. By die vestiging in die Oorvaalse gebied het die Trekker die moontlikheid van handelsverkeer met die buitewêreld as 'n noodsaaklikheid in gedagte gehad en die nedersettings in ongesonde en gevaarlike streke soos Ohrigstad en Soutpansberg moet hoofsaaklik aan hierdie besef toegeskryf word. Die Trekkers wou in die eerste plek noodsaaklike artikels soos klerasie en ammunisie bekom, maar daar was tog ook die gedagte dat hierdie noodsaaklike dinge geruil kon word vir produkte wat die gemeenskap sou lewer. Aanvanklik is die hoop op 'n handel met die buitewêreld gevestig. Die gevare van die pionierslewe en die beweeglikheid en wisselvalligheid van die eerste nedersettings het die daarstel van handelsbetrekkinge en ondernemings in die gemeenskap self verhinder. Die handelsverkeer moes dus direk met die buitewêreld aangeknoop word. Dit was die taak van die Volksraad. Die owerheid moes die gewenste handelsverkeer open onder uiters moeilike omstandighede. Die pogings vanuit Ohrigstad

---

2. Vergelyk Pelzer, A.N.: Wordingsjare, pp. 22-23.

is byvoorbeeld gedwarsboom deur natuurlike hindernisse soos gebrek aan 'n begaanbare pad en die aanwesigheid van vyandige naturellevolke tussen die nedersetting en die Portugese hawens. Van belang is ook die feit dat die jong gemeenskap weinig produkte kon lewer wat uitgevoer kon word en waarna daar 'n aanvraag was. Hierdie gebrek aan uitvoerprodukte in genoegsame hoeveelhede , tesame met ander faktore, het die verskeie pogings van J.A. Smellekamp laat misluk en die taak wat die Volksraad op hom geneem het, sonder sukses laat doodloop.[3] Hierdie pogings was die eerste stappe wat gedoen is om eie produkte van die hand te sit deur middel van 'n staatsbeheerde mark.

Die mislukking van etlike pogings vanuit Ohrigstad, Lydenburg en Soutpansberg om 'n handelsverkeer met die Portugese hawens te open, het ook die produksie van boerdery ontmoedig. Aan akkerbou is min gedoen en jag met sy produkte aan ivoor, velle en volstruisvere het hoofsaak geword. Tog was daar in verskeie sentrums in die Republiek behoefte aan uitruiling van produkte. Veral met die vestiging in en rondom Potchefstroom het die behoefte aan markgeriewe toegeneem. Vanuit hierdie meer suidelik geleë deel van die Republiek was handel met die Kaapkolonie en Natal nie so moeilik as vanuit die noordelike deel van die land nie. Potchefstroom was 'n sentrum waar handelaars uit die suide die boer vanuit die noorde ontmoet het. Dit verbaas ons dan ook nie dat in die begin van 1850 reeds 'n mark van owerheidsweë ingestel is nie. Wanneer die mark presies begin is, kan nie met sekerheid vasgestel word nie. Op 23 Januarie 1850 besluit die Volksraad egter dat daar markregulasies opgestel moes word.[4] Uit hierdie regulasies blyk

3. Kruger, D.W.: „Die weg na die see", Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, Deel I, 1938, pp. 132-133 ;
Pelzer, A.N.:op.cit. pp.174-175;
Van der Merwe,A.P. : „Die Ekonomiese en Maatskaplike ontwikkeling van Ohrigstad en Lydenburg",1845-1857, Historiese Studies, Jaargang II, No. 4, p. 208;
Van der Walt, Wiid en Geyer:op.cit. pp. 220-222.
4. Notule van die Volksraad, Potchefstroom, 23 Januarie 1850, art. 44, S.A. Argiefstukke, Deel I, p.119.

dat op elke weeksdag, behalwe kerklike feesdae, mark gehou is tussen 8-10 vm. en van 3 tot 4 in die namiddag.[5]

Van die Potchefstroomse mark is goed gebruik gemaak en wat ookal tot geld gemaak kon word, is op die mark te koop aangebied. Dit skyn uit die onvolledige verslae in hierdie vroegste jare dat weekliks 'n hele aantal waens die mark besoek het. In 1852 stort markmeester Otto reeds Rds. 31-2-4 as kommissie in die staatskas.[6] Die volgende jaar versoek hy die Volksraad om aan hom 'n skaal en gewigte te voorsien. Die aansoek is toegestaan op voorwaarde dat dit uit die inkomste van die mark aangekoop word.[7] Die mark het ongetwyfeld handelaars uit Natal en die Kaapkolonie getrek. Die ekonomiese oplewing in die Kaapkolonie in die vyftiger jare het geld in omloop gebring en spekulateurs en handelaars die geleentheid gebied om sake te doen met Potchefstroom, die destydse handelsentrum van Transvaal. Die koms van die handelaars het weer die markbedrywighede vermeerder.

Nadat daar meer vastigheid in sake gekom het met die aanname van die grondwet, het die vertroue van handelaars in die handelsmoontlikhede met die Republiek sterker geword. Dit is dan ook vanaf hierdie jare dat daar meer gegewens beskikbaar is oor die mark in Potchefstroom en ander dorpies. Die grondwet van 1858 het voorsiening gemaak vir 'n markmeester in elke dorp van die Republiek.[8] In artikel 178 word bepaal dat 'n kommissie van 1 % op die verkoopprys van goedere betaalbaar sou wees aan die landskas. Binne die dorpsgrense mag persone nie produkte uit die hand verkoop voordat sulke produkte nie eers op die mark

5.Landdrosstukke, Potchefstroom, No.154.
6.R.395/52:Verslag van die markmeester tot 18 Oktober 1851: Transvaalse Argiefstukke,1850-1853,p.195.
7. Notule van die Volksraad,Potchefstroom, 1 Desember 1853, art.92: S.A. Argiefstukke,Deel II, p. 185.
8. Artikel 174 van die grondwet,1858: Locale Wetten der Z.A. Republiek,1849-1885, p.61.

opgeveil en teruggehou was nie. Vir die opveiling moes Rds. 1-5-2 per vrag betaal word.[9] In die regulasies wat in 1858 opgestel is vir dorpe in die Suid-Afrikaanse Republiek, word die beheer oor die plaaslike mark verder omskryf.[10] Die mark moes in die somer om seweuur en in die winter om agtuur in die môre begin en aanhou totdat alle produkte opgeveil is. In instruksies wat kort hierna vir markmeesters opgestel is, word bepaal dat markmeesters verplig was om hulle te hou aan artikels 25 en 26 van die dorpsregulasies. 'n Verdere bepaling was dat slegs 1 % kommissie geëis kon word teen betaling van 'n halfkroon per vrag.[11] Van belang was die bepaling dat markmeesters nie vir hulself kon bie nie. Die moontlikheid van enige bedrog is daardeur bestry.[12]

Uit beskikbare verslae uit die Staatskoerant kan afgelei word dat die Potchefstroomse mark druk besoek is deur voornemende kopers. Onderstaande tabel gee 'n indruk van die gebruik wat van die mark gemaak is:

| TYDPERK | AANTAL WAENS WAT DIE MARK BESOEK | WAARDE in RDS. |
|---|---|---|
| 3 tot 17 April 1858 | 55 | 8819 - I- 1 |
| 19 April tot 8 Mei 1858 | 62 | 6489 - 7 -5 |
| 8 Mei tot 8 Junie 1858 | 85 | 6350 - 3- 0 |
| 8 Julie tot 8 Augustus 1858 | 49 | 4397 - 7- 3 |
| 8 Augustus tot 8 Sept. 1858 | 64 | 15,559 - 7- 5 |
| 1 Nov. tot 1 Desember 1858 | 124 | 12,513 - 5- 2[13] |

9. Artikels 179 en 180 van die grondwet.
10. Locale Wetten der Z.A. Republiek,1849-1885, pp.88-89.
11. Instruksies vir markmeesters, arts. 3 en 7.
12. Artikel 9 van die instruksies vir markmeesters: Locale Wetten der Z.A. Republiek,1849-1885,p.113.
13. Staats-Courant: 30 April 1858, 14 Mei 1858, 11 Junie 1858, 13 Augustus 1858, 10 September 1858, 24 Desember 1858.

Vir die maande April,Mei, Julie, Augustus, September en November het 439 waens die mark besoek en is goedere ter waarde van Rds. 54,131-0-4 van die hand gesit. Hierdie bedrag sluit nie goedere in wat uit die hand verkoop is nie. Gemiddeld het tydens genoemde maande ongeveer 88 waens per maand die mark besoek. By die verslag wat strek oor die tydperk 8 Mei tot 8 Junie 1858 word ook gemeld dat baie wol wat van die Oranje-Vrystaat gekom het, op die mark aangebied is. Die feit dat reeds in 1858 talle handelaars hulle in Potchefstroom gevestig het, het 'n mark selfs vir Vrystaatse wol voorsien.(14)

Vir die tydperk 28 Februarie tot 4 Augustus 1859 het 416 waens die Potchefstroomse mark besoek en goedere ter waarde van RDS.53,796-2-4 verkoop.(15) Die volgende artikels is gewoonlik op die mark aangebied: botter, blesbokvelle, brandhout, hawergerwe, kafferkoring, boermeel, koring, mieliemeel, mielies, rieme, swepe, stroppe, velskoene, vet, seep, wol, gars, bone, brandewyn, volstruisvere, kameelvelle, koeie, osse, wildebeesvelle, erte, eende, hoenders, makoue, ganse, kalk, aartappels, appelkose, tabak, perde, varke, eiers, perskes, pampoene.(16)

In November 1859 het markmeester C.Botha nadere verduideliking van die instruksies vir markmeesters gevra, aangesien die ondervinding geleer het dat daar leemtes in die bestaande instruksies was.(17) Hy wou weet watter gedragslyn hy moes volg as daar op die mark waens aankom met produkte tot 'n waarde van Rds.100 tot Rds. 1000 en daar maar verkoop word vir 'n klein bedraggie, terwyl die res teruggehou word. Watter kommissie moet die verkoper betaal? Die antwoord was dat ½% ingevorder moes word. Verder is gereël dat op brandhout wat teruggehou word, geen

14.Vir 'n lys van handelaars sien Pelzer, A.N.: <u>Wordingsjare</u>, pp.177-178.
15.<u>Staats-Courant</u>:19 Augustus 1859.
16.Pelzer, A.N.op.cit.p. 183.
17.R.3221/59: C.Botha aan M.W.Pretorius, Potchefstroom, 1 November 1859.

geen kommissie gevra moes word. Die owerheid wou nog nie toestem dat die markmeester vir eie gebruik op die mark koop nie. Hy moes iemand anders kry om vir hom goedere te koop. Dit blyk ook dat die markmeester moeilikheid ondervind het in verband met die tyd van die aanvang van die mark. Hy vra volgens watter uurwerk hy sy tyd moes neem - sy eie of dié van die publiek! By hierdie geleentheid het hy ook aansoek gedoen vir 'n klok en 'n markhuis in geval van ongunstige weer.

In November 1858 het Pretoria ook 'n mark gekry.(18) Die markmeester moes onder moeilike omstandighede sy pligte waarneem. In 1887 moes hy nog kla dat hy nie die vereiste mate en gewigte ontvang het nie.(19) Hier was dit die gewoonte dat die markmeester van wa tot wa gaan om die produkte op te veil. Die goedere is gewoonlik nie van die wa afgehaal nie. Groente was die eerste aan die beurt. Later is egter bepaal dat vee die eerste onder die hamer moes kom.(20)

Die omvang van die markbedrywighede is aansienlik uitgebrei deur die bepaling in artikel 180 van die grondwet: „Niemand zal het regt hebben om, nadat hy met zyne producten binnen de dorpsgronden gekomen is, deze te verkoopen vóór dezelve op de markt gebragt zyn...". Alle handelaars en smouse wat binne die dorpsgronde produkte van die boere wou koop, moes gevolglik hulle aankope doen op die publieke mark.

> „All produce as Meal, Corn, Mealies, Kaffer Corn, Tobacco, Vegetables, Leather, Soles, etc., etc. in fact everything brought in by the Boers, is sold by public auction on the market: either for cash or 'half and half', i.e. half the amount in goods and the other half in Cash".(21)

---

18. R.2418/58 : A.F. du Toit aan M.W. Pretorius, Pretoria, 11 November 1858.
19. R.7152/87.
20. Ibid.
21. Transvaal Argus, 5 Junie 1866, artikel oor „Towns and Villages".

Met die ontdekking van diamante aan die suid-westelike grens van die Republiek het die verhoogde aanvraag na brandhout en die noodsaaklikste lewens-middele die stroom van waens weswaarts laat koers neem, na Kimberley se mark. Die toeloop na Potchef-stroom het tydelik verminder.[22] Die nuwe mark het veral die boere in die distrikte Potchefstroom, Lichtenburg en Marico te goede gekom. „Potchefstroom sent down wagon loads of Boer meal and mealie meal, dried fruit, cut and roll tobacco, as well as forage, all of which found a good and ready market".[23] Tog het die mark in Potchefstroom die vernaamste afset-gebied gebly vir 'n aansienlike aantal jare. In sy verslag aan die Uitvoerende Raad vir die jaar 1867 skryf markmeester F. Muller dat die omset van daardie jaar £11,296.2.11½ was en die gedeelte wat as kom-missie die staat ten goede gekom het, £152.8.2. „Deze som zoude meer dan dubbel zyn geweest ware het niet om de langdurige commando's die gedurende het jaar in het veld zyn geweest...", verklaar hy.[24] Hy beveel aan dat die kommissie tot 2½ % verhoog word.

Met die ontstaan van die Kaapse goudvelde het mark-bedrywighede in Barberton aansienlik toegeneem. Die markmeester het hier voor die probleem te staan gekom dat die meerderheid van die kopers Engelsspre-kend was. Die landdros het dit in 1887 nodig gevind om by die Regering te kla dat die markmeester nie die „landstaal" gebruik nie, maar in Engels bie en in Hollands verduidelik. Die boere kon nie volg wat met hulle produkte gebeur nie.[25] Staatsekretaris, Eduard Bok, het opdrag gegee dat die markmeester in Hollands moes bie en vir die Engelssprekendes in Engels verduidelik. Die markmeester het tot ver-dediging gesê dat die meerderheid van persone wat die môremark besoek het, Engelssprekend was. Hy kla

---

22. De Potchefstroomer, 27 Mei 1885. Iemand skryf as volg: „maar de hoofdzaak was, dat er zich opeens eene prachtige markt ontsloot, waar gereeld geld voor onze boeren produkten verkregen werd..."
23. Badenhorst en Jenkins: Potchefstroom, 1838-1938, p. 276.
24. R.2678/68, dd. 6 Februarie 1868.
25. R.2678/87: Landdros van Barberton aan staat-sekretaris.

ook dat hy reeds verplig was om die hulp van die polisie in te roep ten einde 'n sekere Weber te verhinder om verkopinge op die markplein te hou.

Die ontdekking van goud in die Oos-Transvaalse laeveld het ook die boere van die distrik Lydenburg ten goede gekom.

> „Het dorp Lydenburg, de hoofdplaats van het district van denselfden naam, is sedert de ontdekking en opening der goudvelden, die niet verre van daar zyn verwyderd, zeer levendig geworden...Tans is op dit dorp eene voorname markt, en hebben de landbouwers daar een uitmuntend vooruitzicht".(26)

Bemarking van produkte in hierdie bergagtige gedeelte van Oos-Transvaal was 'n moeilike en duur proses. Produkte moes van ver aangebring word met die ossewa en oor paaie wat onbegaanbaar was. Tog het die boere van die koopkrag van die goudsoekers gebruik gemaak. Pryse was hoog en 'n vergelyking van pryse te Pretoria, Johannesburg en Barberton toon dat die boere te Barberton aansienlik hoër pryse vir hulle produkte gekry het.

Soos met alle ander openbare instellings, moes die bemarking ook verandering ondergaan om tred te hou met die ontwikkeling van die Republiek. Na die eerste Britse besetting is die bemarkingswet hersien ten einde voorsiening te maak vir groter bedrywighede van die verskeie markte. Wet No.5 van 1883 het voorsiening gemaak vir die beheer van markte deur stadsrade waar dié bestaan het.(27) Artikel 4 van hierdie wet het duidelik bepaal dat veilinge in die Hollandse taal moes geskied. Die hele aangeleentheid van boekhouding, kontrole en administrasie is verbeter en uitgebrei. Die staat sou 2½ % van die opbrings as inkomste ontvang. Ook is bepaal dat goedere wat op die markplein gebring is, nie uit die hand verkoop kon word alvorens die produkte eers deur

---

26. Merensky,Jeppe en Mauch: De Transvaal Republiek en de Hollandsche Boeren, voetnoot op bl.61
27. Locale Wetten der Z.A.Republiek, 1849-1885, p.1185.

die markmeester opgeveil was nie. Wat van belang is by hierdie nuwe markwet, is die feit dat die eenhede waarin die produkte aangebied en verkoop moes word, vasgelê is. So moes meel en koring per mud van 200 pond verkoop word; mielies, pansout, gars, hawer, rog, kafferkoring, bone, lensies en kalk per sak van agt emmers ; hawergerwe en ander groenvoer per gerf; lemoene en appels per honderd; wol, ivoor, volstruisvere, botter en droë vrugte per pond. Ten einde die kwaliteit van meel, graan, botter, patats, wol, asyn, aartappels en wyn te kon vasstel, moes die verkoper voor die aanvang van die veiling aan die markmeester 'n monster van sulke produkte voorsien. „Geen kooper zal het gekochte behoeven te ontvangen wanneer het slechter is dan het monster". By verskil oor die gehalte moes die markmeester beslis.

Die koper is tegemoet gekom deur die bepaling dat die verkoper die produkte by die koper se huis of besigheid moes aflewer. Ten einde diefstal teen te gaan, het artikel 18 van hierdie wet bepaal dat die markmeester die reg sou hê om die verkoop van goedere te weier, indien hy redelike grond gehad het om te vermoed dat die aangebode produkte nie die eiendom was van die persoon wat sulke produkte op die mark gebring het.Dit was veral nodig in die geval van kalk en brandhout, want hier was diefstal uiteraard moontlik. Persone sonder eie grond moes bewys van die oorsprong van genoemde twee artikels by bemarking lewer.

Die behoefte aan 'n organisasie waarin boere nader kennis kon maak en waar landbouaangeleenthede bespreek kon word, het die redakteur van De Potchefstroomer in 1885 aanleiding daartoe gegee om iets oor 'n jaarmark te skryf. Nadat hy verduidelik het wat 'n jaarmark is, wys hy op die voordele daarvan. So 'n jaarmark wat ten minste agt dae moet duur, bied nie alleen die geleentheid vir bemarking van die boer se produkte nie, maar ook om saad uit te ruil, aanteelvee te koop of uit te ruil en landbou-

gereedskap te demonstreer. Daar kan ook geleer word hoe om wol te sorteer. Waardevolle besprekinge kan gehou word oor sake van landboukundige belang, soos verbetering van die veestapel deur voorkoming van grasbrand; inkuil van groenvoer ; invoer van opreggeteelde vee; die verbouing van tabak; boomaanplanting en die voorkoming van die uitroei van bosse. 'n Jaarmark was volgens die redakteur een van die vernaamste middele om belangstelling op te wek vir bosbou en bewaring van natuurlike plantegroei.(28) Sy pleidooi het egter nie tot iets gelei nie.

Die „dooie rus" wat volgens die redakteur van De Potchefstroomer oor die boerderybedryf sedert 1868 toegesak het, is egter deur hernude belangstelling verdring as gevolg van die ontdekking van goud op die Wiwatersrand. Die groot aanvraag na die boer se produkte het spoedig 'n lewendige mark geskep. Die markmeester het binne korte tyd met 'n drukke verkeer te kampe gehad. Hierdie drukte het nie net op die Johannesburgse mark geheers nie, maar is ook in Potchefstroom gevoel:

> „ Wy leven thans inderdaad in een tyd van vooruitgang. Dat het handelsverkeer te Potchefstroom in den laatsten tyd aanmerkelyk is toegenomen, is ontegenzeggelyk het geval. Neemt byvoorbeeld den toestand van onze morgenmarkt van heden in vergelyking met dat van een jaar of zelfs korteren tyd geleden. Waar er vroeger slechts weinige wagens met producten op de markt ter koop werden aangeboden, vindt men nu enorm veel meer. Op laastleden Dinsdag waren er niet minder dan 38 wagens met allerlei producten, brandhout, enz. ter markt".(29)

Ook uit Rustenburg het berig gekom van toenemende markbedrywighede. Slegte paaie en vol riviere was egter ernstige belemmerende faktore by die bemarking van die produkte. 'n Korrespondent skryf aan De Volksstem dat die boere gedurende die somer van die Johannesburgse mark afgesny is. „Zy die hunne producten ter

28. De Potchefstroomer, 7 Oktober 1885.
29. Ibid., 25 Junie 1887, hoofartikel.

markt wenschen te brengen moeten dagen lang voor de rivieren blyven liggen en door de onkoste veroorzaakt door dit tydverlies zyn zy in staat slechts weinig of geen geld naar huis te brengen".[30] Hy verklaar verder dat dit die plig van die regering is om brugge oor die riviere te bou. Ook uit Middelburg het daar tyding gekom dat die markbedrywighede toeneem. Die landdros het aansoek gedoen vir die aanbou van 'n markhuis, aangesien die omvang van sy werk aansienlik toegeneem het. Die aansoek word ook gesteun deur 'n memorie van inwoners van die distrik.[31]

By die groter sentra soos Pretoria en Potchefstroom was daar 'n sogenoemde „buitemark" en 'n „binnemark". Vragte produkte soos hawer, mielies en koring is op die markplein verkoop waar die markmeester van wa tot wa die veiling gehou het. Dit was die buitemark. In 1889 het die boere die markplein van Johannesburg so met hulle waens oorval dat die gesondheidskomitee moes ingryp en die boere belet om op die markplein uit te span terwyl hulle vir die veiling gewag het.[32] Produkte soos groente en vrugte is onderdak verkoop, die sogenoemde binnemark. In 1888 het die Regering in verband met die binnemark ook die beginsel van konsessies aangeneem.[33] Met maatskappye en indiwidue is ooreenkomste aangegaan om markhuise op te rig vir die verkoop van groente, verversinge en ander lewensmiddele .

In Klerksdorp, Pretoria en Johannesburg is konsessies toegeken aan maatskappye vir die oprigting van markgeboue op die markplein en vir die beheer van markbedrywighede.[34] Die ooreenkomste het bepaal dat die kontraktante geboue sou oprig op 'n deel van die markplein. In sodanige markgeboue kon

30. De Volksstem, byvoegsel , 5 Maart 1888.
31. R.2437/88: landdros aan staatsekretaris.
32. R.1285/89.
33. R.5855/88. Vergelyk ook Erasmus, J.L.P.: Die Rand en sy Goud, p.46.
34. Sien konsessie-ooreenkomste soos gepubliseer in die Staats-Courant, 15 Januarie 1890, 16 April 1890 en 20 Desember 1893.

goedere bemark word waarvan die volle wins na die kontraktant gaan. Die gewone buitemarkbedrywighede sou egter kon voortgaan en die publiek was vry om produkte op die buitemark aan te bied. In die geval van die Johannesburgse Markgebouemaatskappy is bepaal dat die buite- en binnemark onder beheer van die maatskappy sou staan. Die Regering sou die markmeester aanstel op aanbeveling van die maatskappy. Van die 2½ % wat gehef sou word op alle verkope binne die markgebou, sou die Regering 1% ontvang en uit die oorblywende 1½% moes die maatskappy die markmeester en die assistente betaal.(35) In artikel 4 van die ooreenkoms is bepaal dat die geboue gebruik sou word as markhuis vir blankes en gekleurdes afsonderlik. Teen die begin van April 1891 was die markgeboue in Johannesburg voltooi en is die eerste veilinge daar gehou.(36)

Daar was egter gou klagtes oor die mark op Johannesburg. Die eerste klagte het in verband gestaan met die groentemark. Groenteboere het baie moeite gehad om 'n tafel vir die uitstalling van hulle groente te kry. Die Markgebouemaatskappy het hier 'n stelsel van kaartjies vir verkryging van tafels ingevoer. „Daar hy(die groenteboer) meestal buiten de stad woont moet hy zeer vroeg in den morgen opstaan om tegen 5 uur op de markt te zyn , wanneer de kaartjies voor de tafels uitgegeven worden".(37) Die uitgee van kaartjies het deur loting geskied. Hierdeur is die volgorde van die aansoekers bepaal. Die wat eerste tafels gekry het, was die beste daaraan toe, aangesien die pryse van groente op die later tafels wanneer 'n groot aantal kopers verplig was om die mark te verlaat, laer was.Etlike persone het agente aangestel om die kaartjies te kry en hierin was die boer wat van buite gekom het, weer die

35. Staats-Courant, 20 Desember 1893; en Besluite van die Uitvoerende Raad, art. 666, dd. 17 Oktober 1889.
36. The Star, 2 April 1891.
37. De Volksstem, 19 Januarie 1892.

lydende party. Die agente het gewoonlik aansoek gedoen vir 'n tiental of meer persone, of hulle nou al groente wou bemark of nie. By loting het sulke agente dan wel 'n paar kaartjies vir vroeë verkoping gekry. Hierdie kaartjies is dan aan groenteboere wat nie kon wag vir tafels nie, verkoop. Die agent het vir hierdie diens 5% van die opbrings van die produkte ontvang. Die tweede klag was dat boere eers na twee-uur in die middag uitbetaal word vir hulle produkte. Nie alleen moes die verkopers dan onnodig lank wag nie, maar ook die kopers is opgehou. Die kopers wat nie lank op die mark kon vertoef nie, was gewoonlik die blankes. Hulle koop gevolglik die eerste en teen hoë pryse. Daarna neem die Koelies hulle kans, koop groente teen bespotlik lae pryse en gaan smous daarmee teen hoë pryse. Dieselfde klagte het ook van die mark in Pretoria gegeld, behalwe dat daar nie kaartjies uitgereik is nie.[38]

Spoedig hierna het memories vanuit die omgewing van Pretoria en Witwatersrand by die Volksraad ingekom. Daarin word gevra dat die beheer van die „Concessie Markt" verander word na een onder direkte regeringsbeheer.[39] Die Volksraad het hierdie versoek toegestaan. Aan die Regering is opdrag gegee om die verandering deur te voer. Die Regering het dit egter onmoontlik geag om die konsessie te herroep. In Pretoria het hy die reg gehad kragtens 'n Volksraadbesluit van 1890 om 'n tweede markplein aan te lê.[40] Hiervan is egter ook nie gebruik gemaak nie.

Die klagtes teen die konsessiemark het daarmee nie opgehou nie. In 1897 was daar weer 'n memorie van 78 handtekeninge van persone uit Johannesburg voor die Tweede Volksraad waarin versoek word dat geen verdere grond van die Johannesburgse markplein per konsessie afgestaan word nie en dat die Regering

---

38. Ibid.
39. Notule van die Eerste Volksraad, art.1032, dd. 2 Augustus 1892, EVR.47.
40. Notule van die Volksraad, art. 229, dd. 3 Junie 1890, EVR.42.

die beheer oor die Johannesburgse mark in eie hande moes neem.[41] Terselfdertyd het 'n ander memorie gevra dat geen verandering in die markbestuur aangebring moes word nie. Uit die besprekings in die Tweede Volksraad het geblyk dat die vernaamste klagte teen die Markgebouemaatskappy was dat hy die groenteboere verdruk het deur byvoorbeeld toe te laat dat tafels wat vir die groenteboere bestem was, deur Jode beset word wat juwele en ander handelsartikels daar van die hand sit.[42] Die Tweede Volksraad het besluit dat die saak by die Eerste Raad tuishoort.[43] Die Eerste Raad het die memories na die Tweede Raad terugverwys vir afhandeling.[44] Aangesien die Tweede Volksraad te doen gehad het met twee memories wat presies die teenoorgestelde versoek bevat het, het die Raad 'n kommissie benoem om op die klagtes in te gaan.[45]

Op Dinsdag, 14 September 1897, het die kommissie sy verslag aan die Volksraad voorgelê.[46] In die verslag word gesê dat daar 'n gegronde grief was, naamlik dat stalletjieshouers handelsartikels verkoop het op die pakplekke wat vir die produkte van die boere bestem was. Hierdie handel in artikels soos tabak, pype, ens., moet kragtens artikel 3 van die konsessieooreenkoms deur die Regering goedgekeur word. Die kommissie kon egter nêrens bewys van so 'n goedkeuring vind nie. Die kommissie was van oordeel dat, indien die Regering wel goedkeuring verleen het, hy te blameer was dat kantiene in die markgebou toegelaat is. Die kommissie spreek sy afkeuring uit oor die toelating van drie kantiene en 'n biljartkamer in die markgebou. Hierdie toestand het aanleiding daartoe gegee dat jong mense van buite

---

41. Notule van die Tweede Volksraad, art. 147, dd. 18 Mei 1897.
42. Ibid., art. 148, dd. 18 Mei 1897.
43. Ibid., art. 149.
44. Notule van die Eerste Volksraad, art. 259, dd. 4 Junie 1897, EVR. 66.
45. Notule van die Tweede Volksraad, art. 611, dd. 9 Julie 1897.
46. Ibid., art. 1158.

hulle suurverdiende geld aan drank en biljartspeel bestee. In artikel 4 van die verslag word gesê dat daar genoegsame bewys was dat daar goedere verkoop word waarvan die Regering nie sy regmatige aandeel gekry het nie. Die kommissie rapporteer egter dat die Markgebouemaatskappy in baie opsigte alles in sy vermoë doen om klagtes en griewe van die burgers uit die weg te ruim. So is byvoorbeeld 'n adviserende kommissie van twaalf lede uit die burgers benoem om in oorleg met die konsessiehouers klagtes en griewe te ondersoek en, indien moontlik, uit die weg te ruim.(47)

By die bespreking van die verslag het die lid vir Waterberg, die heer F.Boshoff, o.a. gesê dat die stalletjies ongewens was:

> „Spreker meende, het veel beter zou zyn verdere tafels in het marktgebouw op te richten, zoodat er gelegenheid bestond voor het fatsoenlyk publiek om afgescheiden te blyven van de vuile koelies, joden, enz. met wie het nu in aanraking moest komen".(48)

Die produkte sou volgens hom teen beter pryse verkoop word en sodoende die boerebevolking bevoordeel, maar soos sake nou was, word die publiek deur Arabiere verdring wat die winste maak wat in die sak van die landbouers moes kom. Uit verdere bespreking het geblyk dat die Koelies die vernaamste kopers van produkte was.

Die Raad het die verslag aangeneem en besluit om aan die Regering op te dra om toe te sien dat die bepalings van die konsessieooreenkoms behoorlik nagekom word, dat die kantiene en die biljartkamer uit die markgebou verwyder word.(49) Die Eerste Volksraad wat die besluit aanvaar het, het verder besluit dat produkte van buite die dorpe waar konsessiemarkte was, eers op die buitemark opgeveil moes word voordat produkte van groentestalletjies

---

47. Artikel 6 van die verslag.
48. Artikel 1169, dd. 15 September 1897.
49. Artikel 1173, dd. 15 September 1897.

in die dorp op die oop mark geplaas word.[50] Hierdie besluit is waarskynlik geneem om die boere tegemoet te kom in die mededinging met smouse en uitlanders.

Die besluit van die Tweede Volksraad t.o.v. die verwydering van kantiene uit die markgebou was in 1898 nog nie deur die Regering uitgevoer nie. Belanghebbendes het dit raadsaam geag om per memorie die Tweede Volksraad te versoek om genoemde besluit teen kantiene terug te trek.[51] Die Raad het egter sy vorige besluit gehandhaaf.[52]

In 1899 het die Regering dit nodig geag om nadere regulasies vir die binnemark van Pretoria vas te stel.[53] Hierdie regulasies wat betrekking gehad het op die verkoop van produkte op die verskillende tafels, is daargestel om so billik moontlik teenoor boereprodusente te wees en om die veiling so vlot en doeltreffend moontlik te laat verloop. Die vorige wanpraktyk van inpalming van gunstige posisies is uitgeskakel. Artikel 9 van die regulasies het bepaal dat blankes aan die een kant van die marktafel moes staan en die nie-blankes aan die ander kant.

Die toename van markbedrywighede deur die ontdekking van goud het ook die aandag van die produseerders buite die Republiek getrek. Die boere van die Oranje-Vrystaat het gaandeweg hulle produkte op die Johannesburgse mark gebring. Na voltooiing van die spoorwegverbinding oor Vereeniging het hulle meer en meer meegeding op die Johannesburgse mark. Selfs uit die Kaapkolonie was daar belangstelling. In 1887 het die afdeling landbou onder die koloniale sekretaris versoek dat die Suid-Afrikaanse Republiek elke laaste Saterdag van die maand daardie kantoor telegrafies kennis gee van die markpryse op die

50. Notule van die Eerste Volksraad, art. .381, dd. 4 Oktober 1897, EVR. 69; en arts. 679, dd. 23 Julie 1897 en 699, dd. 27 Julie 1897, EVR.67.
51. Notule van die Tweede Volksraad, art. 347, dd. 6 Junie 1898.
52. Ibid., art. 349, 6 Junie 1898.
53. Besluite van die Uitvoerende Raad, art. 60, dd. 19 Januarie 1899; Staats-Courant, 25 Januarie 1899, kennisgewing No.49.

Johannesburgse en Pretoriase mark ten opsigte van sekere produkte. Die Regering het hierdie versoek toegestaan. Die inligting sou per kode versend word, byvoorbeeld A vir koring, B vir boeremeel, ens.(54) Van hierdie diens het nie veel tereggekom nie.

'n Jaar later het die direkteur van die staatsdrukkery aan die Regering voorgestel dat markpryse weekliks in die Staatskoerant gepubliseer word.(55) Die Regering het toegestem en die landdroste en mynkommissarisse opdrag gegee om toe te sien dat die markmeesters die gegewens op die voorgeskrewe vorms instuur. Die direkteur het egter net van die belangrikste marksentra opgawes verlang, soos byvoorbeeld van Pretoria, Potchefstroom, Heidelberg, Zeerust, Johannesburg, Barberton , Malmani, Kaapsehoop en Klerksdorp. Hierdie dorpe was die belangrikste „markplaatsen". Die oogmerk was natuurlik om aan produsente besonderhede van verskillende markte beskikbaar te stel, sodat boere kon vasstel waar die hoogste pryse op 'n gegewe tydstip verkry kon word. Vir voornemende kopers het dit ook nuttige inligting bevat. Die publikasie het in Januarie 1890 begin. Slegs hoogste en laagste pryse is aangegee. Die hoeveelheid produkte aangebied en die gemiddelde prys is nie genoem nie. Van Malmani, Zeerust en Kaapsehoop het geen gegewens ooit verskyn nie, terwyl die gegewens uit Heidelberg skraal en sporadies ingekom het. Later is gegewens van die Krugersdorpse mark verstrek, terwyl dié van Heidelberg uitgelaat is.

Die publikasie van markpryse is net vir die jaar 1890 volgehou. Omdat die meeste nuusblaaie wat daagliks of weekliks verskyn het, pryse van die plaaslike mark gepubliseer het, was die publikasie in die Staatskoerant seker nie so doeltreffend nie. Aan die ander kant was die publikasie van markverslae deur die nuusblaaie van groot waarde vir die

---

54.R.5800/87.
55.R.6991/88. 6 Augustus 1888.

boere wat geleer het om die neigings van die mark te volg, veral in 'n tyd toe bemarking op die munisipale markte die vernaamste afset was.

Van staatsweë is niks gedoen om oordeelkundige distribusie en bemarking te verseker nie. Alles is aan die boer oorgelaat en omdat daar ook geen georganiseerde boeregemeenskap was nie, het tye van oorvoering van die mark gelei tot 'n ernstige daling van pryse. Die enigste metode waardeur pryse redelik hoog gehou kon word, was die beperking van die produksie. Hierdie prosedure om die pryse hoog te hou, is ook deur die Regering in die hand gewerk deur die beskerming van die boer se eie produkte deur die heffing van invoerregte op produkte van buite die Republiek. Met die koms van die spoorweë en doeltreffender vervoer van produkte van buite die Republiek het die beperking van die plaaslike produksie as middel om pryse hoog te hou, sy waarde grootliks verloor. Johannesburg, die vernaamste verbruikersentrum, was nie net van nabygeleë produseerders afhanklik nie. Die redakteur van die Goldfield News and Barberton Herald het in 1895 dit nodig geag om die boere aan te moedig om meer te produseer „for they will find the railway will put an end to the fancy prices they have hitherto been able to command by studiously keeping down the supply".(56) Dit was veral die Vrystaatse boere wat van die goeie mark op die Witwatersrand gebruik gemaak het. Kragtens 'n ooreenkoms met die Oranje-Vrystaat het produkte van daardie susterrepubliek onbelas Transvaal binnegekom. Baie slagvee en produkte is na die

56. Uitgawe van 15 Februarie 1895.
The Star van 14 Januarie 1895 het in hierdie verband geskryf: „The average Dutch farmer grows a certain amount with the object of making a certain profit. If prices decline, he tries to produce a little more, and still obtain his fixed minimum. If the prices appreciate, he takes a little less trouble and grows a little less, still pocketing the same profit".

Johannesburgse mark gebring. In baie gevalle was Johannesburg nader aan die Vrystaat as wat dit was vanaf die veedistrikte van die Suid-Afrikaanse Republiek.

Omdat daar op die Witwatersrand gewoonlik 'n tekort aan die meeste lewensmiddele was, was pryse bevredigend en was daar nie 'n sterk behoefte om beheer oor die aanbod uit te oefen nie. Die vernaamste faktor wat bemarking bemoeilik het, was groot afstande, slegte paaie en gebrek aan binnelandse spoorweë en waterweë. Nog groter moeilikhede het bestaan voor die ontdekking van goud toe boere met bemarkbare produkte selfs na Pietermaritzburg moes gaan om hulle produkte te bemark. Hulle kon dit nie bekostig om die plase 'n paar maande lank te verlaat nie en buitendien was die koste aan transport na Pietermaritzburg so hoog dat alle wins daardeur opgeneem is. Aylward skryf: „It cost sixteen shillings a hundredweight to send corn by wagon to Maritzburg. If this course was not pursued, a man had to be away from his property for months while making the journey".[57] In 1889 het die Rustenburgse korrespondent van De Volksstem berig van die vooruitgang in daardie dorp en distrik deur die oprigting van 'n stoommeul. „Zoo is dan ook hier weder een teeken van vooruitgang te zien en we hopen het zal niet lang meer duren of goede wegen en bruggen over de rivieren zullen onze landbouwers in staat stellen om met meer voordeel hunne producten naar de markt te brengen".[58] Slegte paaie het dus dikwels bemarking bemoeilik en produksie beperk.

Die aanleg van spoorweë het natuurlik die toestand in 'n paar streke van Transvaal verbeter, maar groot afstande het vir die meeste boere onoorkoomlike struikelblokke gebly. Die boere wat tropiese vrugte vanuit die Kaapvallei na Johannesburg gestuur het, het ondervind dat die produkte onderweg ver-

57. Aangehaal deur Perry: The Social and Economic Condition of the Transvaal from 1852 to the first annexation in 1877", ongepubliseerde verhandeling, Universiteit van S.A., 1931.
58. De Volksstem, 21 Januarie 1889.

traag word en dat daar iemand moes wees om by die aankoms op Johannesburg die produkte in ontvangs te neem en behoorlik te hanteer. Hierin het die boere spoedig probeer voorsien. Onder beskerming van De Kaap-landbougenootskap is in 1895 'n sogenoemde „Fruit Grower's Association" in die lewe geroep deur die bemoeiing van 'n sekere heer Dyce.(59) Die doel van hierdie vereniging was om boere behulpsaam te wees by die daarstelling van doeltreffende verbinding met die Johannesburgse en Pretoriase mark. Deur bemoeiing van hierdie vereniging sou die Nederlands Suid-Afrikaanse Spoorwegmaatskappy beweeg word om laer tariewe vir landbouprodukte in te stel. Die vernaamste oogmerk van die vereniging was die aanstel van agente in Pretoria en Johannesburg om die vrugte wat vir bemarking gestuur word, in ontvangs te neem en te verkoop. Lede van die vereniging sou nie nodig hê om vrugte en produkte te pak, weg te stuur of korrespondensie te voer nie. Hierdie werk sou deur die sekretaris van die vereniging gedoen word. Produseerders moes net kratte maak en 'n bietjie gereedskap bring, o.a. ook 'n skaal. Die sekretaris sou op 'n bepaalde dag elke maand rekenings uitreik en uitbetalings maak. Die vereniging het reeds daarin geslaag om die „Kalk Bay Syndicate" te kry om as agent in Johannesburg op te tree. Hierdie firma het oor koelkamers beskik en daar is veel van die nuwe organisasie verwag:

> „With an increasing population here and a large market for tropical fruits(and certain vegetables in the winter) at the Rand this association has it in its power to secure immense benefits for its members, as, through its agency, and by combining together,large quantities of fruit and vegetables can be sent direct by rail to other points where good prices can be obtained in the winter...".(60)

Hoe hierdie vereniging in werklikheid sy taak

---

59.The Goldfield News and Barberton Herald, 19 Februarie 1895.
60.Ibid., 22 November 1895.

verrig het, kan deur gebrek aan verdere gegewens nie vasgestel word nie. In 1896 het die verslag van die landbougenootskap van De Kaap gemeld dat die takspoorlyn na Barberton in gebruik geneem is en dat landbouers wat daarvan gebruik gemaak het om produkte soos tamaties en ertjies op die Johannesburgse mark aan te bied, baie teleurgestel was, aangesien die treinvervoer vertraag is en vragpryse te hoog was.[61] Nadat hieroor vertoë tot die Regering gerig is, het die Nederlands Suid-Afrikaanse Spoorwegmaatskappy gereël dat landbouprodukte direk na hul bestemming moes gaan en is 'n klein verlaging in die tarief ingestel.

Afgesien van die poging van boere in De Kaapvallei om 'n organisasie daar te stel vir beter bemarking van hulle produkte, het die uitvoerende komitee van die Vereniging van Transvaalse Landbougenootskappe ook probeer om inligting aan die boere te verstrek omtrent die beste mark vir die koop en verkoop van vee, graan en saad.[62] Die gebrek aan 'n eie landboukundige tydskrif het hierdie hulpdiens egter beperk.

Teen die einde van die negentiende eeu skyn dit dus of bemarking meer aandag geniet het van die kant van die boeregemeenskap en sy organisasies. Dit was egter maar nog in geringe mate. Die bemarking van produkte waarna daar plaaslik 'n sterk aanvraag was, het nie soveel moeilikhede gelewer as wat die geval met wol, die uitvoerproduk van die skaapboer, was nie. Van die vroegste jare was winkeliers die enigste kopers van wol. Eers het hulle die wol op die openbare mark op die dorp aangekoop.[63] Later het hulle die reg gehad om direk met die boer te onderhandel sonder tussenkoms van die markowerheid.

---

61. R.110/97 by R.6548/97: verslag vir 1896, gedateer 29 Desember 1896.
62. Publikasies van die Suid-Afrikaanse Republiek No.135: „Notulen van eene vergadering van Transvaalsche Landboukundige Genootschappen gehouden te Johannesburg, op Zaterdag, 6 Mei 1899".
63. Instruksies vir die markmeester, artikel 3 : Locale Wetten der Z.A. Republiek, 1849-1885, p.112.

Die handel in wol was hoofsaaklik 'n ruilhandel, d.w.s. in plaas van kontantgeld vir sy wol te ontvang, het die boer die waarde van sy wol in winkelware geneem.(64) Geen skaapboer het soveel wol geskeer dat hy dit self kon uitvoer nie. Daar was nog geen onderlegde en opgeleide boer wat in die sakewêreld kon optree by die invoer van landboubenodighede of die uitvoer van boerderyprodukte nie. Dit was byvoorbeeld een van die struikelblokke in die veeteelt dat geen boer die invoer van volbloedvee kon onderneem nie. Hiervoor was sakekennis en ervaring nodig.

Handelaars wat die boer se wol gekoop het, het gewoonlik groot winste gemaak, veral omdat die boer geheel en al van hulle afhanklik was vir die afset van wol en ook van ander produkte soos velle en graan. Die wins is gewoonlik op bedekte wyse gemaak deurdat die winkelier 'n lae prys vir wol betaal, maar die verbruikersgoedere wat hy as betaling daarvoor aanbied teen hoë pryse aanslaan. Hierdie toestand het voortgeduur totdat die wolproduksie op die Transvaalse hoëveld so toegeneem het dat dit in baie gevalle die enigste kontantproduk van die boer was. In die tagtiger jare het skaapboerdery in die distrikte Ermelo, Wakkerstroom, Utrecht, Middelburg en Heidelberg met rasse skrede vooruitgang gemaak.(65) Waar die handelaars van Potchefstroom eers die kopers van wol was, het die winkeliers van die Oos-Transvaalse hoëveld wolkopers geword, met die opgang van die wolskaapteelt in hierdie streek. Dit was die gewoonte om te skeer sodra die skape aan die einde van die winter uit die laeveld of winterveld teruggekeer het. 'n Korrespondent skryf in 1889 uit Ermelo: „De Boeren zyn terug uit het boschveld; eenigen hebben al hun schapen geschoren en de wol verkocht, anderen zyn bezig, en nu is er dagelyks wolverkoping voor de winkels".(66)

---

64. Sien byvoorbeeld advertensie in die Staats-Courant, 6 Februarie 1866: Pavey en Reid. Ook advertensie van H.M.Struben in die Staats-Courant, 13 Maart 1866.
65. De Volksstem, 13 Augustus 1885: hoofartikel oor wolteelt; Transvaal Argus, 17 Julie 1866.
66. De Volksstem, 4 November 1887.

'n Ander korrespondent uit Amsterdam (Oos-Transvaal) skryf dat die meeste boere met hulle wol na New Castle, Marthinus Wesselstroom, Ermelo en ander plekke gegaan het vir beter pryse, want die winkeliers in Amsterdam is te ryk en wil nie goeie pryse vir wol gee nie.[67]

Dat die winkeliers munt geslaan het uit die ongeorganiseerde wolhandel en die afhanklikheid van die boere, ly geen twyfel nie. De Volksstem skryf in 1889 dat die gebrek aan wolfabrieke in Suid-Afrika wolpryse laag hou. Die metode van bemarking van wol deur die boer is die vernaamste rede vir die ongunstige pryse. „De Koopman by wien de Boer dikwyls diep in't kryt zit, geeft gewoonlyk voor goede en slechte wol al vry hetzelfde om geen aanstoot te geven...".[68]'n Ervare handelaar het reeds in 1885 die oortuiging uitgespreek dat die onbevredigende behandeling van wol, gebrek aan sortering en goeie verpakking, oorsaak was van die swak prys wat wol behaal.[69] Die middel teen hierdie euwel was „het daarstellen van eene Transvaalsche of Zuid-Afrikaansche Wolvereeniging, welke ten doel heeft eene reformatie van den wolhandel". Met die uitbreiding van die wolskaapteelt in die oostelike Transvaal het wolverkope die belangrikste bron van kontantinkomste van die boere geword en die noodsaaklikheid van voordeliger bemarking het dringender geword.

Die voortou in die beweging vir beter bemarking van skaapwol is deur die boere van Volksrust geneem. 'n Aantal skaapboere het hier besluit om 'n vergadering van wolboere te belê „om het oprichten eener Wolmarkt te bespreken".[70] In die oproep tot die vergadering word o.a. gesê;„Veeboeren aan u allen behoort deze nuttige zaak. Komt als een man op...". Die saak was egter nie so eenvoudig nie en die voorgestelde

67. Ibid., 14 November 1889.
68. Ibid., 17 Junie 1889.
69. Ibid., 13 Augustus 1885: hoofartikel.
70. Ibid., 26 Januarie 1892.

organisasie kon nie gestig word nie, omdat dit te veel kapitaal vereis het en ook nie winsgewend sou wees nie.[71] Daar is op die samekoms op 23 Februarie 1892 besluit dat 'n wolmark in eenvoudiger vorm gehou sou word. Die gedagte was dat 'n wolveiling op 'n publieke vendusie gehou sou word nadat vooraf kennisgewings uitgestuur is en ondersteuning belowe is. In Januarie 1893 sou hierdie publieke veiling gehou word. Vooraf sou lyste in die verskillende distrikte opgemaak word van dié boere wat hulle skeersel na die veiling sou bring. Die kommissie in beheer van die veiling kon dan vooraf deur advertensies die wolkopers uitnooi. Indien die poging slaag, sou dit die begin wees van 'n groter organisasie.

Hoe dit met die wolveilings gevaar het, kan deur gebrek aan gegewens nie vasgestel word nie. Daar was ongetwyfeld maar 'n skraal hoop om hoër pryse te bekom, want die veiling was vir kopers weer van die handelaars van die omgewing afhanklik. Die regte organisasie sou eers baie jare later in die lewe geroep word. Die buitelandse wolkoper was onontbeerlik, en dan ook beter versorging van skaaptroppe en die skeersel. Die noodsaaklikheid van 'n organisasie van boere waardeur die buitelandse wolkoper getrek kon word en die gehalte van die wolskeersel verbeter kon word, is egter in die negentiger jare reeds sterk gevoel. Die eenheidsbesef het geleidelik toegeneem en die bekwame en ervare leiers sou later ook volg.

'n Ander wyse van afset van produkte was die opkoop daarvan deur besoekende smouse.[72] Dit spreek

71. Ibid., 2 Maart 1892.
72. Besoekende handelaars moes reeds vanaf 1846 voorsien wees van 'n lisensie om handel te dryf. Hulle was verplig om onmiddellik na hulle aankoms in 'n distrik en voor hulle met die gemeenskap handel dryf, 'n lisensie by 'n beampte uit te neem. In 1850 is daar onderskeid gemaak in die lisensiegelde wat lede van die „Maatskappy" en vreemde handelaars moes betaal. (Sien Volksraadnotule, art. 2, dd. 21 Januarie 1846, S.A. Argiefstukke, No.I, p.2. Ook artikel 47, dd. 27 Mei 1850, S.A. Argiefstukke, No.I, p.138; Voortrekkergedenkboek van die Universiteit van Pretoria, p.112.)

vanself dat hierdie metode van verkoop van plaasprodukte 'n baie beperkte wyse van bemarking was. Die besoekende smous het gewoonlik met negosieware die verafgeleë distrikte besoek en in ruil vir sy ware, wol,velle, ivoor en volstruisvere geneem. Gewoonlik is net die produkte geruil wat deur uitvoer daarvan aan die smous 'n goeie wins kon oplewer. In die Suid-Afrikaanse Republiek wat ver van hawens of handelsentrums van die Kaapkolonie geleë was, het die smous aanvanklik 'n belangrike rol gespeel by die afset van boerderyprodukte. Die smous ry met sy waens van plaas tot plaas, laat sy osse wei in die boer se spaarveld sonder enige verpligting en skiet ook nog wild vir sy naturellehelpers. Hy bring nuus en dikwels briewe en word vriendelik en gasvry ontvang. By die uitruil van ware probeer smous en boer elk om die beste daarvan af te kom. Die boer is egter die afhanklike en trek gevolglik aan die kortste ent. Slegs wanneer daar in 'n bepaalde gebied 'n aansienlike aantal smouse in die omgang was, was pryse vir die boer gunstiger.[73]

Die boer wat met sy produkte self op 'n smoustog gegaan het, het gewoonlik met vrugte of graan die distrikte besoek waar genoemde produkte moeilik verkrybaar was. Die Rustenburgse lemoenboer het byvoorbeeld sy lemoene versmous in die distrikte van die verre Wes-Transvaal waar skaapboerdery die vernaamste bron van bestaan was. Al gaandeweg het so 'n lemoenboer op sy smoustog 'n klompie skape versamel wat aangedryf is saam met die wa. Hierdie slagskape kon weer in die Rustenburgse wêreld vir kontant van die hand gesit word. Produkte soos tabak, boermeel, gedroogte vrugte en oorleer is dikwels in die Vrystaat vir wolskape verhandel.[74] Spekulateurs uit die Kaapkolonie het in die Suid-Afrikaanse Republiek slagosse opgekoop en met honderde oor Vaalrivier teruggekeer.[75]

---

73. Van der Walt, Wiid en Geyer,op.cit.,p. 225 ; Een Hollander, Toen en Thans, p.23; Heckford,Mev.S.: A Lady Trader in the Transvaal, p. 252.
74. Engelbrecht,S.P.,op.cit. Bylae L.
75. Vergelyk van der Walt, Wiid en Geyer, op.cit., pp.225-226.

Vir die veeboerdery was hierdie wyse van bemarking egter nie so algemeen as die vendusie nie. Reeds in die vyftiger jare het voortdurend advertensies van publieke veilinge in die Staatskoerant verskyn. Daaruit kan afgelei word dat dit 'n taamlik algemene gebruik was om vee en ander eiendom per vendusie van die hand te sit. In 1852 het die Volksraad dit raadsaam geag om te bepaal dat niemand sonder 'n lisensie 'n vendusie kon hou nie. So 'n lisensie was verkrybaar teen betaling van Rds. 40 per jaar. Die kommissie op die verkope wat 'n afslaer kon neem, moes nie hoër as 5% van die verkoping wees nie. Daarvan moes 1% in die landkas gestort word. Vir hierdie gedeelte wat die staat toegekom het, moes die venduafslaer 'n waarborg gee en na afloop van die vendusie binne drie weke die vendusierol by die landdros indien.[76] Artikel 182 van die grondwet van 1858 het ook die reg om vendusies te hou, erken. Die landdros kon aan elkeen wat om 'n lisensie aansoek gedoen het en aan die verdere bepalings ten opsigte van borgstelling voldoen het, 'n lisensie uitreik. In 1871 is die lisensiegeld vir 'n venduafslaer gestel op £7.10.0 per jaar.[77] Verdere wetgewing is aangeneem in 1885 toe bepaal is dat 'n venduafslaer by die verkoop van roerende goedere 2½% moes afstaan en by onroerende goedere 1% van die koopsom. So 'n venduafslaer moes maandeliks die vereiste verslag van wat verkoop is, aan die landdros voorlê.[78]

SAMEVATTING.

Gedurende die jare van suiwer onderhoudsboerdery was bemarking van produkte slegs 'n bysaak in die boerdery, want die hoofdoel was om die eie lewensmiddele te produseer en nie om die produkte tot geld te maak vir finansiering van die bedryf nie. Vir die omvang van bemarking van produkte was die plaaslike

76. Notule van die Volksraad, Potchefstroom, 15 Junie 1852, art. 70, S.A.Argiefstukke, Deel II, p.81
77. Locale Wetten der Z.A.Republiek, 1849-1885, p. 429, Wet No. 2 van 1871.
78. Ibid., pp.1322-1325, Wet No.1 van 1885.

openbare mark in 'n groot mate heeltemal doeltreffend. Dit was meer die groot afstande wat na die mark afgelê moes word wat bemarking en gevolglik ook produksie in die weg gestaan het. Met die geleidelike omvorming van die boerderybedryf tot 'n bedryf wat op produksie vir die mark gerig was, het die behoefte aan 'n voordelige bemarkingstelsel meer en meer aktueel geword. Die feit dat die aanvraag altyd die aanbod oortref het, het leemtes in die bemarkingstelsel in 'n sekere mate minder belangrik gemaak. So lank as wat spoorweë vanuit ander state en kolonies nog nie die vernaamste afsetgebied bereik het nie en so lank die owerheid invoerregte op die meeste landbouprodukte gehef het, was daar nie gevaar vir 'n grootskaalse daling van pryse nie. Die snelle tempo waarmee die blanke en nie-blanke bevolking op die Witwatersrand toegeneem het, tesame met die vermeerderde koopkrag ten gevolge van die goudmynbedryf, het verseker dat die aanvraag na die boer se produkte lewendig bly. Hoewel daar dikwels pryswisseling plaasgevind het, veral ten gevolge van wisseling in die aanbod, was daling van pryse nooit sodanig dat dit produksie ontmoedig het nie.

In 'n boerderystelsel waarin geen of baie min kapitaal belê was, waar dit nie noodsaaklik was om kapitaal uit die opbrings terug te wen nie, het die boer hom nie veel oor die bemarking van sy produkte bekommer nie. Met 'n lewenstandaard van die binnelandse pionier, het die boer sy eie lewensonderhoud gereël na wat hy uit die boerdery kon verdien. Anders was dit egter toe die beskikbare geld vir beskawingsgoedere direk afhanklik was van die pryse wat die boerderyprodukte behaal het. Bemarking het meer en meer die brandpunt van die boerdery geword. Die tydperk van oorproduksie ten gevolge van intensiewer boerderymetodes het egter nog nie aangebreek nie. Na die gewone boerderyprodukte was daar 'n goeie aanvraag. Slegs wat wol betref, is die behoefte aan beter bemarking sterk gevoel. Wat die ander produkte betref, was moeilike omstandighede van vervoer die belangrikste struikelblok.

-----------

# H O O F S T U K  V.

## PRODUKSIE VIR DIE MARK.

Die taak van die boerdery in die huishouding van 'n volk waarvan die lede almal boere is, is nie ingewikkeld nie, veral as die huishouding in die afgesonderdheid van die binneland sy patroon aangeneem het. Feitlik die hele huishouding van so 'n jong land word gedra deur die bydrae van die boerderybedryf en slegs in geringe mate kom die bydrae van ander bedrywe as 'n element van die volksbestaan daarby te pas. Hierdie toestand het voorgekom in die tydperk van landelike uitbreiding in die Suid-Afrikaanse Republiek. Die homogeniteit van die landelike bevolking het nie ingewikkelde ekonomiese verhoudings geskep nie. Die proses van produksie en bemarking het nie 'n hoë mate van spesialisasie vereis nie. Waar die hele bevolking by die boerderybedryf betrokke was, het die distribusie van produkte gewoonlik sonder tussenkoms van enige kapitaal geskied.

Die geringe verskil in die behoeftes van so 'n homogene volksgroep beperk ook die onderlinge goedere- en produkteverkeer. Gewoonlik geskied die verkeer in landbouprodukte tussen die boer en die nie-produserende deel van die gemeenskap. In die Suid-Afrikaanse Republiek was daardie verkeer gering, omdat die dorpsgemeenskappies die enigste kopers was van landbouprodukte wat bemark is. In baie gevalle was hierdie gemeenskappies ook deeltydse boere wat grootliks in hul eie behoeftes voorsien het.[1] Dikwels was dit net die sakemense van die dorp wat kopers van boerderyprodukte was. Die aanvraag na landbouprodukte uit eie midde was gevolglik baie klein.
'n Ietwat beter aanvraag was daar vir produkte wat as uitvoerartikels van die hand gesit kon word. Die kanaal waarlangs hierdie uitvoer gegaan het, was die smous en die handelaar wat die boer se produkte deur

---

1. Van der Walt, Wiid en Geyer: op.cit.p.219.

ruilhandel opgeneem het vir distribusie. Die enigste aanmoediging vir meerdere produksie was ten aansien van die produkte deur middel waarvan die boer sy beskawingsgoedere kon bekom. Die vraag na hierdie goedere was op sy beurt ook gering, omdat die algemene lewenseise nie hoog was nie.

Die behoefte aan differensiasie van beroep was gering en die moontlikhede daartoe nog skraler. Die ontstaan van meer beroepe sou geleidelik saam met die vermeerdering van die bevolking en sy behoeftes geskied het. Daarmee sou 'n uitbouing en uitbreiding van ekonomiese aktiwiteite ook geleidelik plaasgevind het. Dit sou 'n groter deel van die bevolking afhanklik van die boer gemaak het vir voorsiening van sekere lewensmiddele. So sou die verkeer en distribusie van boerderyprodukte gestadig toegeneem het. Die langsame vermeerdering van die bevolking voor die ontdekking van goud en die koms van industrieë het geen besondere prikkel vir verhoogde produksie verskaf nie. Die ontdekking van goud het egter in 'n betreklike kort tydjie 'n nuwe ekonomiese orde aan die boer opgedring. Die uitwerking van hierdie omwenteling in die ekonomiese lewe van die boeregemeenskap van Transvaal wil ons nou naspeur.

> „The shock of falling earth in the diamond mines , and the blast of dynamite in the goldmines , were felt in farmhouse and kraal",

skryf De Kiewiet.[2] Die nuwe ekonomiese orde het dan ook werklik met 'n skok gekom en die gang van sake in die Republiek versnel en afgelei in onbekende bane. Dit het as 'n skok gekom, omdat die eis wat dit aan die republikeinse boer gestel het, sodanig was dat dit van hom 'n nuwe oriëntering binne enkele jare geëis het.

Met die intrede van industrieë in die Suid-Afrikaanse Republiek in die vorm van die ontginning van die goudvelde het hierdie op die landbou be-

---

2. De Kiewiet,C.W.: A History of South Africa, social and economic, p.120

rustende volkshuishouding 'n instroming van immigrante en kapitaal ondervind wat 'n skielike en radikale verandering in die ekonomiese stelsel van die land gebring het. Binne 'n jaar na die opening van die Witwatersrandse goudmyne het die bevolkingsaanwas met buitensporige tempo toegeneem en het kapitaal sy verskyning gemaak. Die uitwerking hiervan was dat die landbou-veeteelt wat alleen langs die weg van langtermynopbou in die behoeftes van die vermeerderde aanvraag kon voorsien, onvoorbereid voor 'n onbegonne taak van voedsel- en grondstowwevoorsiening geplaas is. Uit hierdie ongewone proses van industrialisering het sekere wanverhoudings in die ekonomiese lewe ontstaan. Die uitwerking op die boerdery was veral opvallend.

Die opening van die diamantmyne op die grens van die Republiek; die ontdekking en ontginning van goud in die Lydenburgse distrik en daarna in Barberton en op die Witwatersrand het met die instroming van vreemdelinge die verbruik van landbouprodukte geweldig verhoog. Die aanvraag in die geval van die Witwatersrandse goudmyne het gelei tot die opening van 'n binnelandse mark wat alle beskikbare produkte kon verbruik. Die ontstaan van 'n winsgewende mark was vir die boerderybedryf die belangrikste gevolg van die ontwikkeling van die goudmynbedryf in die Suid-Afrikaanse Republiek. In teëstelling met die ruilhandel deur middel van die winkeliers was kontantgeld nou beskikbaar.

Die uitwerking van die koms van industrieë is deur die republikeinse boer reeds in 'n mate ondervind met die ontginning van die diamantmyne op die suidwestelike grens van Transvaal. Hoewel nie alle distrikte dieselfde mate van voorspoed uit die diamantvelde verkry het nie, het sekere produkte deur die hele land 'n sterk aanvraag geniet en hoë pryse behaal. Dit was byvoorbeeld die geval met tabak wat geredelik opgeneem is op die diamantvelde en teen goeie pryse. Veral die nabygeleë distrikte in die westelike uithoek van die Republiek

# H O O F S T U K   V.

## PRODUKSIE VIR DIE MARK.

Die taak van die boerdery in die huishouding van 'n volk waarvan die lede almal boere is, is nie ingewikkeld nie, veral as die huishouding in die afgesonderdheid van die binneland sy patroon aangeneem het. Feitlik die hele huishouding van so 'n jong land word gedra deur die bydrae van die boerderybedryf en slegs in geringe mate kom die bydrae van ander bedrywe as 'n element van die volksbestaan daarby te pas. Hierdie toestand het voorgekom in die tydperk van landelike uitbreiding in die Suid-Afrikaanse Republiek. Die homogeniteit van die landelike bevolking het nie ingewikkelde ekonomiese verhoudings geskep nie. Die proses van produksie en bemarking het nie 'n hoë mate van spesialisasie vereis nie. Waar die hele bevolking by die boerderybedryf betrokke was, het die distribusie van produkte gewoonlik sonder tussenkoms van enige kapitaal geskied.

Die geringe verskil in die behoeftes van so 'n homogene volksgroep beperk ook die onderlinge goedere- en produkteverkeer. Gewoonlik geskied die verkeer in landbouprodukte tussen die boer en die nie-produserende deel van die gemeenskap. In die Suid-Afrikaanse Republiek was daardie verkeer gering, omdat die dorpsgemeenskappies die enigste kopers was van landbouprodukte wat bemark is. In baie gevalle was hierdie gemeenskappies ook deeltydse boere wat grootliks in hul eie behoeftes voorsien het.[1] Dikwels was dit net die sakemense van die dorp wat kopers van boerderyprodukte was. Die aanvraag na landbouprodukte uit eie midde was gevolglik baie klein. 'n Ietwat beter aanvraag was daar vir produkte wat as uitvoerartikels van die hand gesit kon word. Die kanaal waarlangs hierdie uitvoer gegaan het, was die smous en die handelaar wat die boer se produkte deur

1. Van der Walt, Wiid en Geyer: op.cit.p.219.

het die stimulerende uitwerking van die verhoogde aanvraag en winsgewende pryse deeglik ondervind:

> „It is no exaggeration to say that the foundation of the diamond industry at Kimberley, with its market, was one of the most potent and stimulating factors in the embryonic stage of South African Agriculture. It showed the farmer that he could produce goods besides wool and a few other commodities which had a high value to others".(3)

Uit die distrik Potchefstroom het die boere van die goeie mark gebruik gemaak en wavragte boeremeel, mieliemeel, gedroogte vrugte, voer en gekerfde sowel as roltabak daarheen geneem. Die aantreklikheid van die nuwe afsetgebied was daarin geleë dat hardegeld verkry kon word, iets wat destyds baie skaars in Transvaal was. Ander distrikte soos Lichtenburg en Marico het voordeel getrek uit die goeie winste wat op die diamantvelde gemaak kon word. Die boere het die geleentheid gekry om kontantgeld te verdien, want voorheen was die Vrystaat die enigste mark en die handel daarmee was in goedere en nie in hardegeld nie.[4] Die goeie pryse en die kontantgeld wat nou verkry is, het ook 'n verlewendiging van die handel bewerkstellig en daardeur meer geld in omloop gebring.[5]

Voordat die spoorweg na die diamantvelde die Karoo oorspan het , kon Transvaalse boere feitlik enige prys vir hulle produkte op die Kimberleyse mark vra. Die afwesigheid van spoorweë voor 1885 het 'n goeie geleentheid geskep vir die verkoop van trekosse, perde en muile en van voer vir die diere. Die prys van osse het skielik gestyg van £3 tot £12.[6] Hoewel transportry en die verkoop van brandhout uit westelike Transvaal ook sy nadeel gehad het, het die geld wat in omloop gekom het , 'n verlewendiging van die plaaslike ekonomiese lewe gebring.

---

3. Leppan,H.D.: The Agricultural Development of the Arid and Semi-Arid Regions with special Reference to South Africa, p.14.
4. De Potchefstroomer, 27 Mei 1885.
5. Een Hollander: Toen en Thans, p.17.
6. De Kiewiet,C.W. op. cit., p. 120 ; en Van der Horst,Sheila: Native Labour in South Africa , p. 62.

Die boer se koopkrag het vermeerder en dit het op sy beurt die handel ten goede gekom en sodoende die ekonomiese bedrywigheid aangespoor. Die prys van essensiële landbouprodukte het in Transvaal gestyg ten gevolge van die afleiding van produkte vanaf die plaaslike markte na die diamantvelde. Uit die westelike distrikte van die Republiek het die mense byvoorbeeld gekla oor die hoë pryse wat vir graan en lewensmiddele betaal moes word en dikwels ook onverkrygbaar was, omdat die boere eenvoudig die plaaslike mark vermy het en hulle produkte na Kimberley vervoer het.

Die onderstaande opgawe van pryse op die diamantvelde in Desember 1873 gee 'n goeie denkbeeld van die pryshoogtes wat bereik is.[7]

| | | | |
|---|---|---|---|
| Boeremeel (per sak) | £2. 5. 0 | tot | £3. 7. 6 |
| mieliemeel (per sak) | £2. 2. 6 | tot | £2. 7. 0 |
| kafferkoringmeel (per sak) | £2. 2. 6 | tot | £2. 7. 0 |
| mielies (per sak ) | £1.10. 0 | tot | £1.16. 0 |
| aartappels (per sak) | £3. 0. 0 | tot | £3.15. 0 |
| vars botter (per pond) | £0. 6. 0 | | |
| eiers (per dosyn) | £0. 4. 6 | | |
| hoenders (per stuk) | £0. 4. 6 | | |
| Varke(per stuk) | £1. 0. 0 | tot | £1. 5. 0 |
| hawerhooi (per gerf) | £0. 1. 3 | tot | £0. 1. 9 |
| slagosse (per stuk) | £7. 0. 0 | tot | £10.0. 0 |

Vergelyk bostaande pryse met dié op die Potchefstroomse mark 'n tiental jare vroeër. Slegs die hoogste prys word gegee.[8]

| | | |
|---|---|---|
| Boeremeel (per sak) | Rds. 34, | d.i. £2.11. 0 |
| mielies (per sak) | Rds. 11, | d.i. £0.16. 6 |
| aartappels (per sak) | Rds. 15, | d.i. £1. 2. 6 |
| botter(per pond) | Rds.0-5-2. | d.i. £0. 1. 0 |
| hoenders (per stuk) | Rds.1, | d.i. £0. 1. 6 |
| hawer(per 100 gerwe) | Rds.40, | d.i. £3. 0. 0 |
| osse (per stuk) | Rds.100, | d.i. £7.10. 0 |

In hoeverre die verbeterde aanvraag en hoër

7. De Volksstem, 13 Desember 1873.
8. Staats-Courant, 12 September 1863.

pryse die uitbreiding van graanverbouing, vrugteteelt, groenteverbouing en die veeteelt tot gevolg gehad het, kan by afwesigheid van gegewens nie vasgestel word nie. Soos reeds gesê is, kan 'n verbetering van die landbou nie in 'n betreklik kort tydperk bewerkstellig word nie. Die tempo van die omset in die landboubedryf is langsaam , veral in 'n nuwe en woeste land waar baie voorbereidende werk noodsaaklik is. Slegs deur gestadige verhoging van produksie, met 'n vermeerdering van inkomste en kapitaal, kan uitbreiding plaasvind.

Waar die diamantvelde goeie geleenthede vir die bemarking van die boer se produkte gebring het, het hulle ook terselfdertyd die arbeidsvraagstuk bemoeilik. Die boer wat onder aansporing van die aanloklike pryse sy produksie wou verhoog, het daarvoor meer plaasarbeiders nodig gehad. Maar juis uit die Suid-Afrikaanse Republiek het duisende naturelle hulle na die diamantvelde begeef waar hulle vir beter lone in kontant en selfs vir gewere diens kon aanvaar. Dat die opkoms van die diamantnywerheid dus ongekende opbloei vir die boerdery beteken het, kan nie sonder meer beweer word nie. Hoewel 'n uitmuntende mark vir die Transvaalse boerderyprodukte geskep is, was die boere traag om van die geleentheid gebruik te maak om harder te werk. Daar het 'n groot vraag na grond ontstaan, maar nie na grond om te bewerk nie en te verbou nie maar om mee te spekuleer. „De Transvaal is een heerlyk land voor de boerdery en toch boert er haas niemand in den waren zin des woords".[9]

Die ontdekking van goud in die Lydenburgse distrik in 1872 en daarna het, met die vermeerderde bevolking en die beskikking oor geld, 'n tweede oplewing in die stoflike aangeleenthede van die boerebevolking gebring. Ook hier was dit meestal die naby geleë distrikte wat onmiddellik daarby gebaat het. In 'n bergwêreld geleë, was die gouddelwerye van Pelgrimsrus moeilik bereikbaar en gevolglik was die lewenskoste hier baie hoog. Hoewel die stormloop hier nie van groot omvang was nie,het die instroming van nuwelinge 'n aansienlike vermeerdering

9. De Volksstem, 17 Oktober 1873.

van die bevolking van daardie gewestε meegebring. Al het die ontdekking van goud hier nie gelei tot 'n omvattende industrialisering nie, het die ekonomiese toestand van die Republiek tog verbeter. 'n Beperkte afsetgebied vir boerderyprodukte is geskep en kapitaal het vir die eerste maal die land ingekom.[10] Spekulasie in grond het voorgekom en grondpryse het begin styg.[11] Die republikeinse boer het hier die voorsmaak gehad van wat met die ontginning van die goud van die Witwatersrand sou gebeur.Die dreigende hongersnood op die Lydenburgse gouddelwerye in 1873 as gevolg van die snelle toestroming van immigrante uit byna alle dele van die wêreld en die swaar droogte, gevolg deur sprinkane , het die vervoer van lewensmiddele belemmer. Die uitbreek van rooiwater onder die beeste van Natalse boere het die transport feitlik tot stilstand gebring . Die gevolg was dat pryse vir lewensmiddele geweldig gestyg het.[12] Na aanleiding hiervan het De Volksstem op die noodsaaklikheid van die uitbreiding van die landbou gewys. Die boere moet 'n les leer uit wat in Kalifornië en Australië met die ontdekking van goud gebeur het. Daar moet voldoende vir die goudvelde geproduseer word: „ De boeren die in de onmiddellyke nabyheid der Goudvelden wonen, ja de gansche landbouwbevolking alhier, hebben er dus het allergrootste belang by om te saaijen en te planten zooveel als mogelyk is en dus doende in de goudvelden een ryke bron van inkomen te vinden".

Die blad meen dat die skaarste aan arbeiders verhelp kon word deur hoër lone en 'n humane behandeling van die naturelle. Hy eindig :„De tyd van dommelende rust is voorby. Wy moeten wakker zyn en werken, of - alles verliezen".[13]

Met die verdere goudgrawery in die Barbertonse omgewing het die aanvraag na die boer se produkte

---

10. Perry,J.G.: The Social and Economic Condition of the Transvaal from 1852 to the first annexation in 1877, ongepubliseerde verhandeling, Universiteit van Suid Afrika, 1931.
11. Sien Penning,W.H.: A Guide to the Gold Fields of South Africa, p.66.
12. Theal: History of South Africa,1873 to 1884, Deel I, pp. 248-249.
13. De Volksstem, 22 Augustus 1873.

toegeneem. Dit was hoofsaaklik die boere van die omgewing van Lydenburg en Middelburg wat die landbouprodukte voorsien het. Die afwesigheid van spoorweë het die goudvelde byna ontoeganklik gemaak. Die pryse van produkte op die Barbertonse mark was in hierdie vroeë jare altyd baie hoër as dié op Johannesburg, Pretoria en Kimberley. Dit was eers met die koms van die Oosterspoorlyn en die taklyn na Barberton dat pryse gedaal het.

Die ondervinding van die boeregemeenskap met die ontstaan van 'n lonende mark op die diamantvelde en die Lydenburg-Barbertongoudvelde het die boer enigsins voorberei vir die koms van die Witwatersrandse goudmyne. Die gerugte van gouddraende grond het sedert jare reeds groot verwagtings by die gemeenskap opgewek. Na jare van politieke moedeloosheid en ekonomiese depressie het die burger van die Suid-Afrikaanse Republiek na die herwinning van sy onafhanklikheid in 1881 nuwe moed geskep. En toe kom die ontdekking van goud op die Witwatersrand , met die daarmee gepaard gaande toestroming van duisende vreemdelinge. Die uitwerking hiervan op die ekonomiese lewe en die boerdery in besonder was spoedig merkbaar. In September 1886 was Johannesburg reeds 'n dorp en het dit die middelpunt van ekonomiese bedrywigheid in Suid-Afrika geword. Kapitaal het die Republiek ingestroom en binne enkele maande was duisende immigrante van die boerende gemeenskap afhanklik vir belangrike lewensmiddele soos meel, mielies en vleis. Kontant vir die aankoop van hierdie produkte het nie ontbreek nie en pryse was hoog. Feitlik alles wat die boer kon produseer, kon teen hoë pryse verkoop word. Boerdery het 'n groot aanmoediging gekry. Met 'n lonende binnelandse mark kon die boer nou geld verdien.

Die saak was egter nie so eenvoudig en maklik nie . Om die produkte op die mark te bring moet hulle eers verbou word. Produksie vir die mark verskil wesenlik van produksie vir eie gebruik . Die boer wat sy boerdery inrig vir produksie vir die

mark , onderneem iets wat dikwels baie twyfelagtig en onseker is. Van sy eie verbruik is hy seker, maar hoe die afset aan andere sal verloop, is nie altyd vooraf te bepaal nie. Verhoging van sy produksie bring spesiale inspanning en koste mee. Dit lewer vraagstukke van arbeid, vervoer en bemarking. Vir die boer was dit ingrypende veranderinge. In 'n jong staat soos die Suid-Afrikaanse Republiek het die verhoogde aanvraag in so 'n uiterste graad voorgekom dat die ideale harmoniese ontwikkeling waar die boerdery tred hou met die nywerheidsontwikkeling, versteur is. 'n Moderne nywerheid met sy kapitaal en koorsagtige produksietempo het die boerderybedryf heeltemal onklaar oorval. Die selfonderhoudende boerdery het glad nie die eise van harde werk en onverbiddelike volharding en deeglike beplanning geken nie. Die eise van die nuwe toestand het in baie gevalle radikale veranderinge in die boerdery noodsaaklik gemaak.

Ongeorganiseerd soos die tradisionele ekstensiewe boerdery was, kon dit nie onmiddellik of heel spoedig reageer op die nuwe aanvraag nie. Daar was 'n gebrek aan kennis en ondervinding van die praktyk om vir die mark te produseer. Die nodige organisasie en kanale waarlangs die nuwe aktiwiteite gelei en gerig moes word, het ontbreek. Die immigrante met hulle meerdere kennis en ervaring van besigheidsbeginsels, geld- en finansiewese het hulle nie op die boerdery toegelê nie. Die boer moes self probeer om 'n eie insig en deursig in die transaksies van kapitaalvoorsiening, produksiebeheer en bemarking te ontwikkel. Hy moes kennis maak met 'n geldhuishouding en sy sake daarby inskakel sonder voorafgaande ervaring of insig daarvan.

Daar was dus talle ernstige vraagstukke verbonde aan verhoogde produksie. Die eerste hiervan was die uitbreiding van grondbesit. Die bywoner of seun wat saam met die eienaar van 'n plaas 'n boerdery vir eie onderhoud aangehou het, kon onder omstandighede van beperkte grond- en veebesit nie deel

hê aan die nuwe rigting en geleenthede nie. In baie gevalle het die plaaseienaar nou self die grond nodig gehad ten einde sy bedryf uit te brei. Grondeienaars het dikwels gevind dat hulle graag nog weiveld en saaigrond sou wou bykoop om van die voorreg van goeie markpryse ten volle gebruik te kan maak. Grondskaarste het dus voor 'n dag gekom. Daarom het grondpryse gestyg. Baie uitlandse maatskappye het duisende morge grond opgekoop en daardeur grond van die mark onttrek en pryse opgejaag. Vir die aankoop van eie grond of vir die vergroting van bestaande grond moes kapitaal beskikbaar wees. Die boer wat dus grond gekoop het, het daarin kapitaal belê voordat hy 'n enkele sooi geploeg het.

Die verandering van 'n ekstensiewe na 'n intensiewe boerderybedryf het beteken dat geldbesteding vir die aankoop van meer plaasgereedskap soos ploeë, egge, waens en trekgoed en van trekdiere om meer grond onder die ploeg te bring, nou noodsaaklik geword het. Geld moes bestee word vir omheining, die bou van krale, skure, stalle en melkkamers; vir die aankoop van saad en vir die verbetering van die veestapel. Vir arbeid moes ook meer betaal word. Hierdeur word die grondslag van die natuuralhuishouding verander na 'n gekommersialiseerde boerderybedryf. Geld kon nou alleen verkry word deur vooraf geld te belê en te bestee. Die afhanklikheid van geld vir die behartiging van sy bedryf bind die boer se wel en wee aan die vermoë om nie net sy oorspronklike kapitaal te verdien nie, maar daarby ook 'n wins te maak. Daarmee het die boerderybedryf die karakter van 'n sakeonderneming aangeneem. Waar daar voorheen feitlik geen produksiekoste by die boerdery betrokke was nie, het die boer nou uitgawes aangegaan in die vertroue om daaruit geld te verdien. Misoeste en vrekte onder die vee, tesame met ander terugslae, beteken meer en meer verlies van kapitaal. Die boerderybedryf word gevolglik veel gevoeliger vir voorspoed en teëspoed . Die verhoogde lewenstandaard is net so gevoelig vir terugslae want dit het sy selfstandigheid verloor. Gebrek aan kennis en

voorligting het verdere struikelblokke gelewer. Die nuwe orde het 'n moderne boerderystelsel vereis van 'n gemeenskap wat nie langs die normale en natuurlike ontwikkelingsproses kennis van die nuwe opgedoen het nie. Dit het egter nietemin groot moontlikhede geskep wat die boerderybedryf in verhoogde snelheid na alle kante toe laat uitbrei het. Dit het beloning gebring vir die hardwerkende, progressiewe en toegewyde boer; dit het 'n worstelstryd om 'n bestaan vir minder bedeeldes gebring. Verskil in geldbesit het die maatskaplike verdeling in die lewe geroep.

Dit was veral in verband met die akkerbou, die produksie van noodsaaklike gewasse, waar die nuwe aanvraag baie verskil het van die behoeftes aan eie onderhoud. Dit was ook nie net die vermeerderde aanvraag deur die toename in die blanke bevolking wat 'n verskerpte produksiepoging vereis het nie, maar die toestroming van etlike duisende naturelle het die vraag na landbouprodukte, veral na mielies, aansienlik verhoog. Omdat kontantlone betaal is op die myne, kon die naturel meer koop en so is die vraag na die boer se produkte verskerp. Die verbouing van graan op veel omvattender skaal was dus onontbeerlik.

<u>Mielies</u>: Die graansoort wat die meeste aandag geniet het, was mielies. As voedsel vir die naturel het dit 'n belangrike rol gespeel in die ontginning van die goudmyne. Waar daar 'n afname was in die produksie van koring deur die moeilikhede verbonde aan besproeibare grond en en deur die uittog uit die laeveld na die hoëveld, het die verbouing van mielies toegeneem deur die verskuiwing vanaf die waterleigronde na die droëland op die bulte. Omdat die hoëveld nie so waterryk was nie, was die boer genoodsaak om gebruik te maak van buitelande, d.w.s. lande wat nie besproei kon word nie. Omstreeks 1883 was die oorgang na droëlandsaaiery reeds in volle swang. Die mielieproduksie is daardeur aansienlik verhoog. Tog kon daar nog nie in die aanvraag ten volle voor-

sien word nie.[14] Vroeër sou geen boer dit waag om, soos die naturelle, graan op die droë lande te verbou:

> „Hy zaaide op zynen Akker, die hy benatten kon; het gevolg was dat het cultiveeren van mielies, pompoenen, enz. veel moeite kostte; de landen door het onophoudelyk waterleiden en den mieliebouw uitgeput, vereischten mest; hy die ryk aan vee was, bragt die stof uit zyne kralen op het land, en met die mest ontelbare zaden van allerlei ontuig, zooals knapzakkervel, wikke:, roode bloempjes, onderscheidene soorten van mistbreedies, den doornappel en honderd andere planten, om niet van klitsgras te spreken, die spoedig zyne mielies of andere kultuurplanten die hy gezaaid of geplant had, zouden verstikt hebben, als hy ze had laten doorgroeijen; maar wat nood! men kon goedkope arbeiders krygen; en als de akkers, 't zy met mielies, pompoenen of tabak bep[illegible]nt, twee- of driemalen waren geschoffeld, was alles behouden".(15)

Dit was, volgens die redakteur van <u>De Potchefstroomer</u> die toedrag van sake onder die ou bedeling. Die ontdekking van diamante het egter 'n einde gemaak aan goedkoop arbeid:

> „Toe[illegible] er een groote massa menschen, en inboorlingen als werkvolk, op de velden aanwezig was, werd de vraag naar onze landbouwprodukten uiterst levendig, en onze landbouwers verdubbelden hunne werkzaamheden, ook zonder de hulp van goedkoopen arbeid, lieten voor den mieliebouw het oude systeem varen en ploegden in den ryken grond waar men geen water leiden kon; bespaarden tyd; moeite en kosten van het wieden (schoffelen) en wonnen honderdmaal meer van dat soort graan dan ze op het gewone zaailand hadden kunnen winnen".[16]

Omdat daar op die droëlande geen moeilikheid met bestryding van onkruid ondervind word nie, is dit veel goedkoper en winsgewender. Na drie of vier jaar kan die grond laat lê word en 'n ander stuk land aangelê word. Die mielieoes lewer die kontant vir die meel vir brood en kan vir vark- en pluiveevoer gebruik word.

Die toename in bevolking was van so 'n aard dat die landbouproduksie nie kon tred hou in die voorsiening van die nodige voedingstowwe nie. Die

---

14. <u>De Volksstem</u>, 7 November 1883.
15. <u>De Potchefstroomer</u>, 15 Julie 1885: artikel oor „Onze Drooge Plaatsen".
16. Ibid.

vordering in die een of ander besondere rigting in die boerdery is gewoonlik langsaam, omdat natuurlike faktore so 'n belangrike rol speel in die boerdery. Gedurende die eerste tien jaar van die goudmynbedryf op die Witwatersrand moes daar jaarliks groot hoeveelhede mielies ingevoer word. Die Transvaalse boer kon weens ondoeltreffende vervoerfasiliteite en ander faktore nie genoegsaam produseer vir die plaaslike verbruik nie. Eers teen 1896 het die produksie min of meer in die aanvraag voorsien. Die jaarlikse verbruik van mielies op die Witwatersrand was toe ongeveer 800,000 sak.[17] Die groot hoeveelhede mielieprodukte wat deur die myne verbruik is, het selfs aanleiding daartoe gegee dat die boere van die Kaapvallei hulle aanvanklik nie op die verbouing van tropiese gewasse toegelê het nie, maar probeer het om mielies te verbou ten einde te voorsien in die groot plaaslike aanvraag.[18]

'n Aanduiding van die vermeerderde aanvraag na landbouprodukte word gevind in die haglike toestand waarin die Republiek, en die goudvelde in die besonder, in 1889 tydens 'n droogte verkeer het. Waar die land voorheen droogtes makliker te bowe kon kom, het hongersnood in 1889 gedreig . Pryse van voedselware het ongekende hoogtes bereik. In Oktober van daardie jaar was die nood so hoog dat die Kamer van Mynwese in Johannesburg die Regering versoek het om die spesiale invoerbelasting op die belangrikste voedselware tydelik op te hef, sodat die nodige mielies en meel ingevoer kon word.[19] Die Regering het navraag gedoen in al die distrikte na die toestand en baie onstellende gegewens ontvang. Die landdros van Rustenburg het laat weet dat mielies deur spekulante opgekoop is teen £3 per sak en dat daar niks meer te kry was nie. Uit Smitsdorp het 'n antwoord gekom dat daar geen

17. De Kock,M.H.:Selected Subjects in the Economic History of South Africa, pp.176-177.
18. The Goldfields News and Barberton Herald, 15 Februarie 1895: artikel aangehaal uit die Pretoria Advertiser.
19. R10949/89; R.10963/89 en R.11028/89.

enkele pit mielies te kry was nie. Potchefstroom het ook geen mielies gehad nie.[20]

Die Regering het besluit om die spesiale invoerregte op mielies, meel en kafferkoring op te hef en probeer om uit die Oranje-Vrystaat mielies en meel te kry.[21] Ook is £5000 aan die mynkommissaris van Johannesburg gewaarborg vir die aankoop van transportdiere.[22] In sy dankbetuiging aan die Regering vir die tegemoetkoming insake die invoer van noodsaaklike voedselware het die „Barberton Mining and Commercial Chamber" geskryf: „The scantiness of the internal supply especially of mealies , was felt with special severity by the mining community".[23]

Onderstaande tabel , opgestel uit beskikbare gegewens omtrent die pryse op die verskeie markte, toon die uitwerking van die skaarste op die prys van mielies. Eers met die oes van die herfs en winter van 1890 het pryse weer gedaal. Slegs die gemiddelde hoogste prys word aangegee:[24]

| MAAND | PRETORIA | JOHANNESBURG | POTCHEF-STROOM | KLERKSDORP |
|---|---|---|---|---|
| Januarie | £1.19. 2 | £1.11. 2 | £1.12. 0 | £1.11. 4 |
| Febr. | 2. 0. 6 | 1.13. 0 | 1.12. 0 | 1.11. 4 |
| Maart | 1.13. 6 | 1.10. 6 | 1. 7. 4 | 1. 9. 0 |
| April | 1.10. 0 | 1. 8. 0 | 1. 4. 0 | 1. 7. 6 |
| Mei | 1. 1. 6 | 1. 6. 0 | 1. 3. 0 | 1. 5. 0 |
| Augustus | 1. 3. 6 | 1. 1. 0 | 0.18. 0 | 1. 5. 0 |
| September | 1. 3. 6 | 1. 0. 0 | 0.19. 4 | 0.18. 3 |
| Oktober | 1. 3. 8 | 1. 4. 9 | 1. 3. 6 | 0.19. 4 |
| November | 1. 2. 3 | 1. 5. 0 | 1. 3. 6 | 0.17. 6 |
| Desember | 0.19. 6 | 0.18. 0 | 1. 3. 6 | 0.17. 6 |

Bostaande gegewens is vir 1890 en daaruit blyk dat die prys op Pretoria, Johannesburg, Potchefstroom en Klerksdorp hoog was gedurende Januarie en Februarie

20. Ibid.
21. Besluite van die Uitvoerende Raad, art. 672, dd. 17 Oktober 1889; en R. 11066/89.
22. Ibid. en art. 675, dd. 21 Oktober 1889.
23. R.11321/89.
24. Prysopgawe in die <u>Staats-Courant</u> vir die betrokke maande, 1890. Die prys op die Barbertonse mark was konstant, nl. £2.15.0.

en daarna weer gedaal het.

Die prys het redelik hoog gebly tot in 1893. Die hoogste prys in Desember 1892 was £1.4.6 vir geel mielies en £1.7.6 vir wit mielies. Vir dieselfde maand in 1893 was die hoogste prys £1.0.0 vir geel en 13 sjielings vir wit mielies. Die daling in prys het ook by die ander produkte voorgekom, behalwe vir aartappels en uie. Die daling moet ook toegeskryf word aan die goedkoper vervoer per spoor. Onthou sal word dat die spoorlyn uit die suide teen die einde van 1892 die Rand bereik het. In 1892 is 80,516 sak mielies ingevoer en in 1893, 89,293 sak.[25]

Kort na die opheffing van die spesiale invoerregte het die reën in etlike distrikte begin val en kon die mieliesaaiery begin.[26] Dit is interessant om op te merk dat vir die eerste keer weerberigte opgestel is. Afgesien van telegramme uit verskeie distrikte oor reën en weersgesteldheid, word weerberigte bekend gemaak deur sekere Sprawson. Die berigte bevat o.a. die windrigting, sterkte van die wind, bewolkte of onbewolkte lug en die reënval.[27] Hulle gee hierdie besonderhede nie net van plekke in die Suid-Afrikaanse Republiek nie, maar ook van plekke in die Kaapkolonie, Natal en Oranje-Vrystaat.

In 1895 het 'n kwaai droogte en die las van sprinkane weer 'n dreigende tekort aan lewensmiddele, veral mielies, veroorsaak. Die Regering het aan die inspekteur-generaal opdrag gegee om die toestand in die verskillende distrikte te ondersoek. Uit hierdie ondersoek het geblyk dat mielies orals skaars was.[28]

---

25. De Volksstem, 24 Januarie 1894, oorgeneem uit The Star.
26. Ibid., 4 November 1889. 'n Korrespondent uit Ermelo skryf dat dit op plekke baie droog was, „doch nu kunnen wy weder Zingen: 'Juich aarde, juich met blyde galmen', daar wy gezegende regens hebben gehad".
27. R.10961/89, 18 Oktober 1889.
28. R.10958/95, 15 November 1895: staatsekretaris aan inspekteur-generaal, antwoorde van distrikte: Nylstroom, 21 Nov. 1895; Vryheid, 27 Nov. 1895; Ermelo, 21 en 29 Nov. 1895; Rustenburg, 25 Nov. 1895; Lichtenburg, 23 Nov. 1895 en Zeerust, 26 November 1895.

Die landdros van Nylstroom het getelegrafeer :„Geen mielies in dit district te verkrygen en de sprinkanen zyn door het geheele district". Dieselfde berig het gekom van Vryheid,Ermelo,Rustenburg en Lichtenburg. Van belang is die antwoord wat van die landdros van Zeerust ontvang is. Hy telegrafeer op 30 Desember 1895 dat die plaaslike handelaars mielies en graan opkoop by groot hoeveelhede teen £1.5.0 per sak. „Heb ook uit goede bron vernomen dat eene maatschappy pakhuizen heeft gebouwd tusschen hier en Johannesburg , hunne agenten ook in dit district rondgaan om alle verkrygbare mielies, graan en haver op te kopen"(29) Hierdie berig dui waarskynlik op die voorbereiding vir die Jameson-inval.(30)

Na aanleiding van die berigte van skaarste aan mielies het die Regering besluit om self mielies aan te koop.(31) Die toestand het egter nie gou verbeter nie. In die eerste helfte van 1896 het van verskeie distrikte berigte van 'n swak mielieoes gekom. Droogte en sprinkane en die „onrustbarenden toestand van oorlog" was verantwoordelik vir die skaarste.(32) Ook landdros Schutte van Pretoria het 'n donker beeld van die toekoms geskets.(33) In Lydenburg was die mielieoes in 1895 slegs 5,200 sakke. Die veldkornet van wyk Lydenburg-dorp het op 24 Maart 1896 aan die landdros van sy distrik geskryf dat die mielies nog op die land staan, maar hy twyfel of die gesaaides behoue sal bly, „aangezien evenwel wyd en zyd berichten komen van vernieling der mielies door sprinkhanen, en ook de aanhoudende droogte...".Uit die wyk Dullstroom het die veldkornet berig dat daar nie mielies was nie en weens sprinkane en droogte niks te wagte was nie. Van talle ander plekke het dieselfde droewige tyding van droogte en sprinkane gekom. Die Regering het uiteindelik met die toeneem

29. Ibid., 30 Desember 1895.
30. Van der Poel, Jean: The Jameson Raid, p.58.
31. Hierdie saak word breedvoerig bespreek in hoofstuk VIII, Staatsbeheer en staatslandboudienste.
32. R.10958/95:Brief van landdros van Zeerust aan staatsekretaris, 11 April 1896.
33. R.10958/95, 29 Januarie 1896.

van die nood mielies ook van oorsee laat invoer.

Die skaarste aan mielies is veral op die goudmyne gevoel. Die Kamer van Mynwese het daagliks 1000 sak mielies en mieliemeel verbruik. Hiervan was 300 sakke mielies en die res mieliemeel.[34] Volgens gegewens wat deur die markmeester van Johannesburg verstrek is, was die voorsiening van mielies vir die maande Julie tot November swakker as voorheen. Hy skryf dit toe aan droogte. Die gemiddelde prys vir mielies per sak vanaf 14 tot 30 September 1895 was £1.5.2. Op die Pretoriase mark is vir die tydperk 15 Oktober tot 15 November 1894 nog 2268 sakke mielies verkoop teen 10/6 tot 13/6 per sak. Vir dieselfde tydperk in 1895 is 2896 sakke verkoop teen 28/6 tot 29/- per sak.[35] Die invoer van mielies vir die tydperk 1 Januarie tot 31 Oktober 1894 het 'n totaal van 185,210 sak bedra. Vir dieselfde tydperk in 1895 is 222,622 sak mielies ingevoer. Die prys het veral vanaf 1 Julie 1894 gestyg. Vir die vier maande Julie tot Oktober 1894 is alleen 70,835 sak mielies ingevoer, terwyl vir die ooreenstemmende tydperk in 1895 weer 112,740 sak ingevoer is. Gedurende die eerste vyf maande van 1895 is gemiddeld 16,350 sak mielies ingevoer. Daarna het die invoer gestyg: gedurende Junie is 28,100 sak ingevoer; vir Julie 33,195; vir Augustus 33,065; vir September 18,100 en vir Oktober 28,330 sak mielies.[36]

Uit bostaande gegewens is dit duidelik dat die aanvraag die aanbod ver oortref het en dat die prys van mielies gedurende tye van skaarste baie gestyg het. Die moeilikheid verbonde aan die vervoer van mielies het daartoe bygedra dat nie genoeg verbou is om in die verbruik te voorsien nie. Die mielies wat tot 1895 ingevoer is, het meestal uit die Kaapkolonie en die Vrystaat gekom. In November 1895 het die Vrystaat, volgens opgawe deur die hoofdoeane-

34. Ibid., Verslag van die inspekteur van invoerregte, 26 November 1895.
35. Ibid., 14 November 1895.
36. Ibid.

beampte verstrek, nog 300,000 sak mielies beskikbaar gehad en 'n oes van 600,000 sak verwag vir die oestyd 1895-96.[37]

Die ondersoek van die inspekteur van invoerregte het verder aan die lig gebring dat die meeste mielies verbruik is deur die goudmyne van die Witwatersrand, Heidelberg, Klerksdorp en Barberton; die steenkoolmyne en die groter dorpe van die Republiek. Waar die Vrystaat vroeër 'n belangrike verbruiker van Transvaalse mielies was, het die posisie teen 1890 verander. Gedurende een enkele dag in Mei 1891 was daar byvoorbeeld 33 waens met produkte op die Johannesburgse mark waarvan 14 waens afkomstig was uit die Vrystaat met boeremeel, koring, semels en mielies.[38] In die jare 1893 en 1894 het die pryse van produkte ongeveer dieselfde peil gehandhaaf, behalwe mielies wat in Desember 1894 die hoogte ingeskiet het.[39] Na 1895 het die prys van mielies hoog gebly , veral ten gevolge van die onbestendige politieke toestand wat deur die Jameson-inval geskep is; die verwoesting van trekdiere deur die runderpes en die sprinkaanplaag wat in die laaste jare van die Republiek 'n ware ramp geword het.

Hawer: 'n Akkerbougewas wat in toenemende mate verbou is, was hawer. Transportry het 'n belangrike aandeel gehad in die land se bedryfslewe, veral sedert die ontginning van goud op die Witwatersrand. Al het die uitbreiding van spoorweë uit die Kaapkolonie oor die Vrystaat, uit Natal en Portugees-Oos-Afrika, die transportry vanaf die kus uitgeskakel, was die vervoer in die binneland hoofsaaklik van trekdiere afhanklik.Hawer het gevolglik as 'n voergewas van belang gebly. Die verkeer tussen die verskeie dorpe, veral die pos- en passasiersverkeer, het met die perdekoets, perdewa en perdekar geskied. Hierby het hawer as 'n voergewas van pas gekom.

37.Ibid. 16 November 1895.
38.The Star, 26 Mei 1891.
39. Ibid., 14 Januarie 1895.

Hawer is selde gedors om as saadhawer bemark te word. Gewoonlik is die hawer op besproeibare grond gedurende die winter en die vroeë somer verbou. Hawer het as winterweiding vir skape nog nie posgevat nie. Koring en hawer is soms langs mekaar gesaai en teen Januarie was die oes dan verby.[40] Hier en daar is pogings aangewend om hawer op droëland te verbou. Die bestuurder van die „Northern Transvaal Lands Company", die heer P.B.Eastwood, het in 1894 in die Waterbergse distrik suksesvolle proewe gedoen en bevredigende resultate behaal met hawer as 'n somergewas op droëland.[41] Op die hoëveld is hawer gedurende die negentiger jare ook as somergewas verbou. Die wintertrek met vee het wel voortgeduur, maar mettertyd kon nie al die vee na die laeveld gebring word nie. Vir perde en 'n paar koeie moes voer gesaai word.

Die bekende handelaar, Izak Haarhoff van Pretoria, het op 19 Oktober 1896 aan die Regering geskryf dat runderpesregulasies waardeur verkeer feitlik tot stilstand gekom het, die boere swaar tref deurdat honderde burgers nie in staat is om saadhawer te bekom nie, „en dus niet in de positie om als naar jaarlyksche gewoonte zomers haver te zaaien...". Hy vra dat die Regering die boere tegemoet moet kom deur, net soos met mielies, ook die saadhawer met muilwaens te laat vervoer, „zoodat de Hoogevelds Districten ook de gelegenheid mag hebben om hun eigen oogst te hebben". Hy sê dat hy ongeveer 1000 sak hawersaad het om te verkoop.[42] Ongeveer dieselfde tyd skryf 'n sekere C.Robertson van Ermelo dat hy 300 sakke hawersaad uit Australië vir die boere bestel het, omdat plaaslik geen saadhawer te kry was nie. Hy vra vrystelling van die spesiale invoerbelasting van vyf sjielings per honderd pond. Hierdie aansoek is toegestaan.[43] Dit blyk dus dat die saai van hawer van belang was vir die boere.

40. De Volksstem, 20 Januarie 1890.
41. Boerenvriend, 7 Julie 1894.
42. R.14520/96, 19 Oktober 1896.
43. R.14610/96, 12 Oktober 1896.

Gemelde Izak Haarhoff het in 1899 verklaar dat hy gedurende die afgelope twaalf maande 617,856 gerwe hawer gekoop het wat alleen uit die distrikte Pretoria en Rustenburg gekom het.(44) Die hoeveelhede hawergerwe wat op die Johannesburgse mark gebring is, gee enigsins 'n aanduiding van die omvang van hawerverbouing in die Suid-Afrikaanse Republiek. In 1892 is op daardie mark alleen 3,097,943 gerwe verkoop en in 1893 selfs 4,508,401. Gedurende dieselfde twee jaar is 7,525 en 6,716 sakke hawersaad respektieflik verkoop.(45) In die week eindigende 13 Januarie 1898 is alleen 53,775 gerwe hawer op die Johannesburgse mark verkoop.(46) Die hoogste prys vir hawer in Desember 1892 was £2.10.0 per 100 gerwe , beste gehalte, en £1.10.0 vir swakker gehalte. In Desember 1893 was die hoogste prys £2.5.0 vir die beste gehalte en £1.0.0 vir swakker hawer. Vir saadhawer is die volgende pryse behaal: vir gewone hawer 16 sjielings per sak, vir Boerehawer £1.0.0 per sak in 1892. In 1893 was die prys 15 sjielings vir gewone en 18 sjielings vir Boerehawer.(47)

Uit 'n vergelyking van pryse blyk dat hawer gewoonlik in Desember , d.w.s. in die somer, laag was en in Junie en Julie (die wintermaande wanneer die aanvraag betreklik groot was) weer hoog. Op 30 Julie 1898 is £2.5.6 per 100 gerwe behaal, terwyl die prys op 22 Desember van dieselfde jaar £1.0.0 was. Daar was natuurlik ook abnormale tye wanneer die aanvraag so groot was dat fabelagtige pryse betaal is. Op die Barbertonse goudvelde het 'n Lydenburgse boer in 1889 vir 2,800 gerwe die mooi bedrag van £140 ontvang, d.i. £5 per 100 gerwe.(48) Net na die Jameson-strooptog toe die land 'n tydperk van onrus belewe het, is hawer verkoop teen £15 per 100 gerwe.(49)

---

44. De Volksstem, 11 Julie 1899.
45. Ibid., 24 Januarie 1894 - oorgeneem uit The Star.
46. The Star, 13 Januarie 1898.
47. De Volksstem, 24 Januarie 1894.
48. Grosskopf, J.F.W.: „Plattelandse verarming en Plaasverlating", Deel I, Verslag van die Carnegie-kommissie, p. 50.
49. The Star, 3 Januarie 1896.

Hawer was die voergewas wat verreweg die meeste aandag geniet het. Dit was hoofsaaklik 'n kontantgewas, want die grootste persentasie van die oes is op die mark gebring. Die spoorweë het ongetwyfeld die aanvraag na hawer as voergewas verminder, maar nie in so 'n mate dat die prys aansienlik gedaal het nie. In Transvaal was dit eers in die twintigste eeu dat die motor die perd verdring het en hawerverbouing as voergewas afgeneem het.

Koring: Gegewens ten opsigte van die verbouing van koring gedurende die laaste tientaljare in die Suid-Afrikaanse Republiek ontbreek in so 'n mate dat daar geen bepaalde beeld gevorm kan word van die rigting wat hierdie afdeling van die graanproduksie geneem het nie. Die uitbreiding van die spoorweg vanuit aangrensende state na Transvaal het goedkoper koring op die markte gebring. Die Transvaalse boer kon nie koring teen dieselfde prys as die Vrystaat produseer nie. Die Vrystaat wat geskikter was vir koringbou en onder die ooreenkoms tussen daardie staat en die Suid-Afrikaanse Republiek koring en meel belastingvry in Transvaal kon invoer, het baie gou gebruik gemaak van die mark op die goudvelde. In die negentiger jare het Vrystaatse produkte al meer en meer die weg na die Johannesburgse mark gevind: 60 tot 70 waens het weekliks uit die Vrystaat die Johannesburgse mark besoek.[50] Die Transvaalse boere was bevrees dat met die opening van die spoorlyn deur die Vrystaat na Transvaal pryse sou daal, want dan kon koring in groot hoeveelhede uit die Vrystaat op Transvaal se beste mark gebring word.

Met die vermeerdering van stoommeulens in die Republiek is meer koring gemaal en gevolglik is meer meel verkoop as koring. In 1892 is byvoorbeeld 15,164 sak boeremeel op die Johannesburgse mark verkoop teenoor 3,558 sak koring. In 1893 is die getalle 20,511 sak meel en 3800 sak koring. Dit blyk dat Kleinkoring, Wolkoring en Elskoring die vernaamste soorte was wat gesaai is.[51]

50. The Star, 26 Mei en 14 Desember 1891.
51. R.4319/94 en R.9581/95: pryslyste van landboutentoonstellings.

Aartappels: Die aanplant van aartappels het nie op uitgebreide skaal geskied nie, sodat die produksie nooit in die aanvraag kon voorsien nie. Deurgaans was die aanvraag lewendig en pryse hoog. Veral op die Barbertonse goudvelde was aartappels duur. In Januarie 1887 word die prys op die mark in Pretoria aangegee as van 8 tot 16 sjielings per sak. 'n Paar maande later is die prys in Barberton van 27 tot 45 sjielings, terwyl dit op die Witwatersrand van 8/6 tot 10/- per sak gewissel het.[52] In die week 16 tot 24 Augustus 1887 is die prys van aartappels op die verskeie markte soos volg: Pretoria: £1.12.0; Johannesburg: £1.5.0 ; Barberton:£2.15.0 en Kimberley 15 sjielings per sak.[53] Die prys op die Johannesburgse mark was gewoonlik in Desember die laagste, met 'n styging daarna. In Desember 1890 is dit van 12 tot 20 sjielings per sak, terwyl dit in Augustus 1891 van 33/6 tot 35/6 behaal het.[54] Gedurende 1896 was die prys hoog, veral na die Jameson-inval.

In 1892 is op die Johannesburgse mark 28,819 sak aartappels verkoop teen 'n gemiddelde hoogste prys van 10/- per sak. In die volgende jaar is 30,715 sak bemark teen 'n gemiddelde hoogste prys van £1.5.0 per sak.[55] Dit is moontlik dat nie alles wat hier bemark is, in die Suid-Afrikaanse Republiek verbou is nie. Dis egter seker dat die verbouing van aartappels nie met veel erns aangepak is nie. Daar was dikwels 'n skaarste aan hierdie groentesoort. Uit 'n pryslys van die landboutentoonstelling wat in 1895 in Potchefstroom gehou is, blyk dat „English Blue, „German Blue" , „Magnum Bonum" en „King of the Earlies" die bekendste soorte was.

Groente : Dit was hoofsaaklik die stedelike bevolking wat verbruikers van groente was, en met die toestroming van mense na die Witwatersrand het die aanvraag meteens vermeerder. Deur die afwesigheid

52. De Volksstem, 6 Januarie en 29 Maart 1887.
53. Ibid., 25 Augustus 1887.
54. The Star, 22 Desember 1890 en 25 Augus tus 1891.
55. De Volksstem, 24 Januarie 1894.

van doeltreffende vervoer kon die verafgeleë distrikte nie gebruik maak van die geleentheid om groente te bemark nie. Slegs die boere in die onmiddellike omgewing van Pretoria en Johannesburg was in staat om vir die verhoogde aanvraag te produseer. Groenteverbouing vereis intensiewe bewerking van die grond, indien 'n redelike hoeveelheid voorsien moet word. Daarvoor het die boer wat aan sy ekstensiewe boerderystelsel gewoon was, nie sin gehad nie. Dit wil egter nie sê dat die Boere glad nie groente gekweek het nie. Uit die pryslyste van landboutentoonstellings blyk dat 'n groot verskeidenheid groente gekweek is: beet, groenboontjies, boerbone, ertjies, seldery, geelwortels, kool, blomkool, komkommers, kruie, groenmielies, radyse, blaarslaai, uie, tamaties, verskillende soorte pampoene, rubarber, rape en mangelwortels.[56]

Die taak om groente vir die stedelike markte te kweek het hoofsaaklik op die vreemdelinge gerus. Soos dit gewoonlik met die ontstaan van groot stedelike gebiede gaan, het daar rondom Johannesburg spoedig 'n kring van melk- en groenteboere te voorskyn gekom. Deur die daaglikse behoefte aan vars melk en groente kan hierdie produkte nie van verafgeleë distrikte aangevoer word nie, nog minder met die stadige vervoermiddels van die republikeinse dae. Hierdie produkte wat vars in omloop gebring moes word, en gevolglik in die nabyheid van die verbruikers geproduseer moes word, het besondere kennis en ondervinding vereis om daarvan 'n sukses te maak en aan die eise van die verbruikers te voldoen. Naby 'n stad is plase gewoonlik kleiner en grond baie duur. Die neiging vir sulke plase is om voortdurend kleiner gesny te word, sodat geen ekstensiewe boerdery daarop beoefen kan word nie. Met die ontdekking van goud het baie boere op die Witwatersrand hulle grond verkoop, omdat hulle goeie pryse kon kry en elders grond wou koop om met die tradisionele ekstensiewe boerdery voort te gaan.

56. R.4319/94:Verslag van die Middelburgse landboutentoonstelling van 1894; en R.9581/95: Verslag van die Potchefstroomse landboutentoonstelling , 1895.

Die gewone boer het geen neiging aan die dag gelê om op klein stukkies grond groente en vrugte te verbou nie. Die gebied van die Witwatersrand is ook nie beskou as 'n streek wat geskik was vir enige vorm van boerdery nie.(57)

Dit was hoofsaaklik mense uit die nuwe bevolking van die Witwatersrand wat op klein stukkies grond in die omgewing van Johannesburg hulle op groenteverbouing toegelê het. Dit skyn nie of daar ooit enige skaarste aan groente was soos wat die geval soms met graan was nie. The Star het in 1899 verklaar dat die grootste persentasie produkte afkomstig was van plase digby Johannesburg. Die goeie aanbod op die mark was toe te skryf aan die groter ywer van die nuwe inkomelinge en nie aan die inspanning van die boere nie:

> „Boer farming, as far as the surrounding districts of Johannesburg are concerned, is now almost a thing of the past. The Boers have in many instances let their lands to syndicates or individuals who, with enterprise and energy, have got their allotments under cultivation with a good output as the natural, inevitable, sequence".(58)

Hierdie uitspraak van The Star kan nie vir honderd persent as juis aanvaar word nie, omdat dit die mondstuk was van uitlanderagitasie wat deurgaans 'n baie vyandige houding teenoor die Transvaalse boerebevolking ingeneem het. Geheel en al ontbloot van die waarheid is dit tog ook nie. De Volksstem het in 1894 na aanleiding van 'n artikelreeks wat in The Star verskyn het omtrent tuinbou en vrugteteelt, die volgende geskryf: „Niettegenstaande alle omstandigheden vyandig zyn aan de groentekwekery, is het verwonderlyk dat de Johannesburg markt zoo overvloedig voorzien is als thans het geval pleegt te zyn. Een bezoek aan het marktgebouw zou een ieder verbazen die zyn denkbeelden over het voortbrengings-vermogen had gegrondvest op het dorre en drooge voorkomen der omstreken van Johannesburg.Het legio aantal tuinlieden die zich naby Johannesburg gevestigd hebben moeten wel de beschikking hebben over vruchtbaren grond en onbeperkte hoeveelheden water om zulk een groote quantiteit groenten dagelyks te kunnen te koop aanbieden...".(59)

---

57.Wilson,David:Behind the Scenes In the Transvaal, p. 24; en Een Hollander : Toen en Thans, p.112.
58.The Star, 14 Augustus 1899.
59.De Volksstem, 18 Julie 1894.

Die blad verklaar voorts dat die pryse op die mark so billik is dat baie huisvrouens self na die mark gaan in plaas van „aan hun deuren van koelies te koopen", en dat hulle goeie bediening kry. Die aanbod oortref die aanvraag en pryse is laag. Die markmeesters kan slegs met die meeste spoed hulle werk in verband met die verkoop van groente afhandel in die voormiddag.„Wanneer de Boeren over het algemeen maar een tiende van de energie der tuinlieden ten toon spreidden, zouden alle soorten van produkten voortdurend in overvloed verkrygbaar wezen en zouden de Vrystaters elders een markt moeten zoeken".

Hierdie „tuinlieden" was gewoonlik immigrante wat ondervinding gehad het van kleinboerdery en wat op geskikte stukkies grond wat hulle gehuur of gekoop het, hulle met die tuinbou besig gehou het.Italiane en Portugese het in die omgewing van Johannesburg die nodige groente verbou en daaruit 'n goeie bestaan gemaak.(60) 'n Verdere aanduiding van wie hierdie tuiniers was, word gevind in 'n memorie wat in 1897 aan die Regering gerig is deur sekere Tomaselli, Lucki, Edwards, Belli, Moni, Chicca, Galli, Baldocchi, Newland en Steyn.Hulle was afkomstig van die plaas Cyferfontein en omstreke , naby Johannesburg. In die memorie verklaar gemelde persone dat hulle tuiniers is, ongeveer ses tot agt myl van Johannesburg af; dat hulle slegs kan bestaan deur die verkoop van groente en ander gewasse wat hulle verbou, en van melk en botter. Hierdie produkte moet na die Johannesburgse mark vervoer word en deur die runderpesregulasies word hulle nou verhinder om met ossewaens die produkte na die mark te bring. Muile het hulle nie. Hulle vra verlof om met wa en osse hulle produkte na Johannesburg te bring.(61)

Dit skyn dus asof die goeie afsetkanse vir groente en die tydperk van algemene geldelike voorspoed die gewone boer nie beïnvloed het om meer groente te kweek nie. Dit was die taak van die

60. Wilson,David: op.cit., p. 262.
61. R.6273/97:versoekskrif aan die Uitvoerende Raad.

vreemdelinge om die groente vir die stedelike bevolking te kweek en te bemark.[62]

Vrugte: Wat die vrugteteelt betref, het die ywer van die vroeëre jare toe groot vrugteboorde aangelê is, enigsins verslap. Een van die redes hiervoor moet gesoek word in die strewe om produkte te verbou, die surplus waarvan teen goeie pryse van die hand gesit kon word. In die nuwe omstandighede waar verbouing van kontantgewasse die hoofdoel was, is nielonende afdelings van die boerdery meestal laat vaar. Hoewel daar nooit ten volle voorsien kon word in die aanvraag na vars vrugte op die Johannesburgse mark nie, het die boere nie probeer om van die moontlikheid van winsgewende afset van vrugte gebruik te maak nie. Die vernaamste rede hiervoor was die moeilike en ondoeltreffende vervoer. „Zie maar onze vruchtentonnen waarvan door gebrek aan transport vergaan, daar wy per wagen die nooit op de markt kunnen bezorgen", word in 'n pleidooi vir 'n spoorweg na Noord-Transvaal gesê.[63] 'n Ander rede vir die verwaarlosing van die aanplant van vrugtebome was die feit dat daar geen sekondêre nywerheid vir die verwerking van vrugte was nie. Gewone somervrugte het dikwels gelê en verrot onder die bome, omdat dit nie tot geld gemaak kon word nie. Daar is wel vrugte gedroog, maar omdat geskikte arbeiders vir hierdie werk nie te vind was nie, is slegs klein hoeveelhede , meestal vir eie huislike gebruik, gedroog. Van belang was die poging wat deur die eienaars van die „Irene Estates" aangewend is om vrugte te kweek. Hierdie tuinery het van die beste vrugte op die Johannesburgse mark gelewer.[64] Toe die

---

62. The Press skryf hieromtrent: „Few people have as yet turned their attention to the development of the agriculture of the country. They who have done so, have succeeded beyond expectation. I have visited a market garden worked by a gentleman busily engaged in commerce in Johannesburg, situated a few miles outside the town, which furnishes remarkable testimony to the wealth that awaits those who engage in such an industry", The Press, 16 Maart 1897.
63. De Boerenvriend en Zoutpansberg Advertiser, 15 Junie 1895.
64. The Star, 31 Januarie 1894.

heer Samuel Marks 'n konfytfabriek in Pretoria geopen het, moes hy ondervind dat hy nie genoegsame voorrade vrugte kon kry vir verwerking nie. Die distrikte wat die vrugte kon voorsien, was te veraf geleë om die vrugte na Pretoria te vervoer.(65) Slegs die naby geleë distrikte kon aan die fabriek vrugte voorsien.

In teenstelling met somervrugte het die kweek van tropiese vrugte goeie vordering gemaak. Die streke vir hierdie vrugtesoorte het hulle in die negentiger jare duidelik uitgewys. In die vestigingsjare is pogings aangewend om lemoene en subtropiese vrugte in distrikte soos Klerksdorp, Potchefstroom en Lichtenburg te kweek. Hierdie pogings moes laat vaar word, omdat hierdie streek nie geskik was vir sulke vrugtesoorte nie. Met die koms van die gekommersialiseerde boerdery kon met hierdie proewe nie voortgegaan word nie. Dit was nie winsgewend nie. Waar die vrugte wel geaard het, is mettertyd aanplantings op 'n redelike groot skaal begin. Rustenburg, noord van die Magaliesberge, het spoedig die tuiste van die sitrusvrug geword. Hier het enkele vooruitstrewende inkomelinge die voortou geneem en aansienlike boorde aangeplant. Die Soutpansbergse laeveld is ook geskik gevind vir sitrusverbouing, maar die gebied was te dun bevolk, te ver verwyder van enige mark om aanplanting op 'n groot skaal moontlik te maak.

Tropiese vrugte was net soos somervrugte vir afset afhanklik van 'n nabygeleë mark of van snelle vervoer. In hierdie opsig het die goudmynbedryf in die Barbertonse omgewing die geleentheid aan voornemende vrugtekwekers gebied om nie net vir eie gebruik nie, maar ook vir die myngemeenskap vrugte te kweek. Die Kaapvallei het dan ook in Transvaal die voortou geneem met die kweek van tropiese vrugte. Hier was dit nie die tradisionele boer wat 'ie nuwe rigting ingeslaan het nie, maar meestal Engelse setlaars wat met kapitaal en ondernemingsdurf die saak aangepak het. Die vrugbare grond en die volop water het hierdie

65. The Press, 6 Maart 1897.

streek geskik gemaak vir die landbou en in die besonder vir die kweek van tropiese vrugte.[66] By die opening van die landboutentoonstelling in Februarie 1892 het generaal Piet Joubert verklaar dat daar ses jaar gelede net gouddelwerye was , maar dat hy nou orals boere gesien het en dat die landbou 'n belangrike rol begin speel het in hierdie omgewing.

Die verskeidenheid en hoeveelheid vrugte wat in die Kaapvallei gekweek is, was merkwaardig. Hierdie gebied sou vir die toekoms 'n florerende nywerheid daarstel en die boere in staat stel om met gunstige gevolg mee te ding met die Kaapkolonie en Natal in die voorsiening van vrugte, veral tropiese vrugte soos piesangs, mango's en pynappels.[67] Die landbougenootskap van De Kaap het die belangrikheid van die vrugteteelt ingesien en jaarliks 'n tuinboukundige tentoonstelling georganiseer.[68] By die tentoonstelling van Januarie 1895 was die groot vordering wat die aanplant van vrugtebome gemaak het, duidelik sigbaar. Van die beste vrugte wat by daardie geleentheid vertoon is, is aan president Kruger en lede van die komitee wat met die verdeling van die staatsubsidies aan landbougenootskappe belas was, gestuur „to enable those gentlemen to see what could be grown in the Kaap Valley". In sy dank aan die genootskap vir die geskenk het president Kruger die hoop uitgespreek dat, sodra die taklyn na Barberton gereed was, die vrugte van die Kaapvallei sou kon meeding op die Pretoriase mark met vrugte uit Natal.[69] In dieselfde jaar het die landbougenootskap besluit om die aandag van die Republiek op die moontlikhede van die Kaapvallei as vrugtestreek te vestig deur van die vrugte op die landboutentoonstellings van Pretoria en die Witwatersrand ten toon te stel. Dit is ook gedoen en die poging was baie suksesvol, want dit het werklik bewondering uitgelok.[70]

---

66. Barberton Herald, 9 Februarie 1892.
67. R.13723/93, 12 Oktober 1893.
68. Goldfields News and Barberton Herald, 11 Januarie 1895.
69. Ibid., 29 Januarie 1895: verslag van die landbougenootskap.
70. Ibid., 15 Maart 1895.

Met die afname in die mynbedryf het die Kaapvallei naam gemaak ten opsigte van tuinbou en vrugteteelt. „The rich soil found in the numerous valleys that run down towards the Queen's and Kaap Rivers is only equalled by one country that we know of in the world, and that, curiously, is one which, like the De Kaap, owed its early fame and place in history not to agriculture or horticultural products, but to that of gold. We refer, of course, to California..."[71] Hierdie gunstige bodem- en klimaatsgesteldheid het die Kaapvallei bevoordeel bo menige ander streek in die Transvaalse laeveld. Ook hier was dit meestal Engelssprekendes wat baanbrekerswerk ten opsigte van die aankweek van tropiese gewasse gedoen het. Die goeie vooruitsigte vir die bemarking van hulle vrugte na voltooiing van die Oosterspoorlyn en die taklyn na Barberton het die belanghebbendes in daardie omgewing beweeg om 'n organisasie in die lewe te roep vir doeltreffender bemarking van hulle produkte. Die stigting van 'n sogenoemde „Fruit Growers' Association" getuig van die belangrikheid van die vrugteteelt in die Kaapvallei.[72] Na voltooiing van die spoorweg het die boere gebruik gemaak van die sneller vervoer om hulle produkte na die groot marksentra te stuur. Die pryse was aanvanklik teleurstellend , omdat die vraggeld te hoog was en die versending per spoor nie so vinnig gegaan het as wat vermoed was nie. Na 'n persoonlike besoek aan Barberton het die heer Middelberg, bestuurder van die N.Z.A.S.M. , 'n toegewing gemaak, sodat landbouprodukte teen verminderde tarief en sonder oponthoud vervoer kon word.[73] Vanaf 1 Oktober 1896 het dit toe beter gegaan en die boere het bevredigende pryse op die mark in Johannesburg gekry.

Die gedagte dat ander tropiese gewasse soos suiker en koffie in dele van die Republiek voordelig verbou kon word, is selfs na aanvanklike mislukkings

71. Ibid., 15 Februarie 1895.
72. Besonderhede van hierdie onderneming word verstrek in hoofstuk IV, pp. 126-127.
73. R.110/97 by R.6548/97: verslag oor die jaar 1896.

nie prysgegee nie. Die saak het nuwe belangstelling gewek toe sekere J.A.Steyn in 1891 aansoek gedoen het vir 'n konsessie vir die fabriseer van suiker uit suikerriet.[74] In sy **aansoek het** Steyn verklaar dat die publiek nog kon voortgaan met die maak van suiker „op de thans bestaande gewoonte", indien die konsessie aan hom toegeken word. Nadat die aansoek goedgekeur is, is die voorwaardes daarvan etlike kere gewysig, sodat die heer Steyn uiteindelik ook 'n uitgestrekte stuk grond wou hê waar die suikerriet verbou kon word.[75] Die grond waarvoor hy aansoek gedoen het, was geleë „Oost van de geproclameerde lyn van Barberton tot aan de Portugeesche lyn oost, en van de geproclameerde lyn van Barberton noord naar de Olifantsrivier, altyd ten oosten van den Drakensberg".[76] Dit was dus nie 'n plaas nie maar 'n hele gebied waar Steyn sy suikerplantasies wou aanlê.

Na publikasie van die konsessieooreenkoms het daar 'n memorie by die Eerste Volksraad ingekom waarin J.H.G.Davel, D.J.Grové en sestig ander persone van Vryheid beswaar maak teen die toekenning van die konsessie aan Steyn.[77] Tydens die debat oor hierdie saak het die staatspresident in die Volksraad verklaar dat die oprigting van 'n fabriek op daardie grond die boere in die omgewing 'n mark sou bied vir hulle suikerriet. Die heer Burger het verklaar dat hy in Barberton suikerriet sien groei het net so goed as in Natal. Verskeie persone het beweer dat hulle op 'n groot skaal suikerriet sou aanplant, indien daar nie 'n konsessie vir die oprigting van 'n suikerfabriek toegestaan word nie. Die voorsitter van die Volksraad het gesê dat daar reeds sedert 1884 getrag is om 'n suikerfabriek tot stand te bring en dat daar tot nog toe niks bereik was nie.[78] Word 'n fabriek

---

74. R.2026/91, Pretoria, 18 Februarie 1891.
75. Notule van die Eerste Volksraad, art. 568, dd. 24 Junie 1891, EVR.44.
76. R.2026/91; en Staats-Courant, 1 Februarie 1893, goewermentskennisgewing No. 19.
77. Notule van die Eerste Volksraad, art.1107, 16 Augustus 1893, EVR.49.
78. In 1881 is reeds 'n konsessie aan Nellmapius verleen vir die oprigting van 'n fabriek wat suiker uit mielies sou vervaardig, sien R.4176/84.

nie opgerig nie , sou niemand suikerriet aanplant nie. „Tien jaar geleden had men aldaar (Rustenburg) groote suikerplantages maar ze zyn te niet gegaan omdat men geen goed markt had voor het suikerriet", het hy verklaar. Die heer Maré het gesê dat suikerrietplantasies as 't ware uit die grond sou verrys, indien die Selatispoorlyn voltooi word. Die Volksraad het besluit om die Regering te versoek om 18,000 of 20,000 morg grond in die bedoelde streek beskikbaar te stel aan enige persoon of perone wat suikerriet wou aanplant en suikerfabrieke daar wou oprig. Die Uitvoerende Raad moes regulasies opstel vir die uitgee van sulke gronde, en die volgende voorwaardes moes daarin vervat wees, nl. dat die grond vir tien jaar beskikbaar gestel word en dat binne vyf jaar 'n fabriek in werkende toestand opgerig word.[79]

By die bekendmaking van hierdie besluit het verdere aansoeke vir toekenning van grond by die Volksraad ingekom. Sekere Paul Nel doen namens A.Johnstone aansoek vir 10,000 morg grond langs Elandsrivier in die distrik Lydenburg vir die aanplant van suikerriet en ander geskikte gewasse.[80] Ook sekere J.C.M.Hager wou 6000 morg grond in die Rustenburgse distrik hê vir die aanplant van tee en koffie.[81] In sy aansoek sê Hager dat hy 'n bona fide-planter en landbouer is. Hy wil die eerste jaar 25,000 boompies plant en dit jaarliks vermeerder. Hy is van voorneme om die kultuur aan sy buurlandbouers bekend te maak en plantjies teen billike prys aan hulle te verkoop. 'n Ander aansoek het gekom van J.Jagger en B.Jagger vir 'n stuk grond aan Komatirivier in die laeveld.[82] Hulle doel was „ proefnemingen te doen in het kweeken van Suiker, Thee, Koffie,Cocao, Kastor Olie, Tabak, Ryst, Vruchten,Mielies en Produkten in het algemeen". Ook sou proefnemings met veselgewasse soos katoen, vlas, manilla en juut gedoen word. Die voorwaarde

79. Notule van die Eerste Volksraad, arts. 1107-1113, dd. 16 en 17 Augustus 1893, EVR.49.
80. R.13451/93,19 Oktober 1893.
81. R.15682/93.
82. R.12737/93, 20 September 1893.

was o.a. dat hulle Koeliearbeiders vry van belasting kon invoer. Hulle beweer dat ander arbeiders nie vir die werk geskik is nie. Die mynkommissaris van Barberton het die aansoek gesteun, want as die proefnemings sou slaag, sou die weg gebaan wees vir die ontwikkeling van streke waar die tsetsevlieg tot nog toe die verblyf onbestaanbaar gemaak het. Die Regering het geantwoord dat hy geen mag gehad het om sodanige grond uit te gee nie.

In 1894 het by die Volksraad verdere versoeke ingekom vir grond om koffieplantasies aan te lê. Macgregor Woodburn wil twintig okkupasieplase tussen Calivin- en Krokodilrivier hê vir die aanplant van koffie en tee. Hendrik Frederik van Dyk wil 'n goewermentsplaas in Magaliesberg, Waterberg of Soutpansberg hê vir koffieplantasies. A.Tom en Jan Francois Schutte ,jnr., doen aansoek om 20,000 morg grond in Soutpansberg vir die aanlê van koffieplantasies.[(83)] Daar het selfs 'n aansoek gekom van Henning Nicolaas Pretorius om grond om katoen aan te plant. Nog 'n aansoeker wou grond hê vir die verbouing van tabak.[(84)]

Hierdie aansoeke is deur die Volksraad na die Regering verwys ten einde ondersoek in te stel na moontlike voorwaardes vir toekenning van grond vir gevraagde doeleindes.[(85)] In die Eerste Volksraad het die heer Meyer verklaar dat die grond net vir spekulasiedoeleindes aangevra word. Die heer A. Wolmarans het beweer dat koffieplantasies meer werd was as 'n departement van landbou. Die aansoek van A.J. Farmer om 'n stuk ongebruikte grond vir verbouing van tabak is toegestaan.

Nadat die Regering die voorwaardes vir die verpagting van gronde vir genoemde doeleindes opgestel het, het die Eerste Volksraad hierdie regulasies in

83. R.4304/94 , R.7075/94 , R.9649/94 en R.11388/94.
84. R.1171/94.
85. Notule van die Eerste Volksraad, arts. 1560-1562, dd. 3 September 1894, EVR.54; en Notule van die Tweede Volksraad, art. 976, dd. 21 Augustus 1894.

1896 finaal goedgekeur.[86] Daarvolgens kon 10,000 morg grond aan enige persoon of persone vir dertig jaar verpag word met die doel om koffie, suiker, katoen en ander tropiese gewasse te verbou. Binne twee jaar na toekenning moes ten minste 10 morge uit elke 1000 beplant wees en binne vyf jaar moes 'n fabriek vir verwerking van die produk of produkte in werkende toestand opgerig wees. Die pagsom was £1 per 1000 morge per jaar.

Hoewel daar heelwat aansoeke om sulke gronde ingekom het, het daar nooit iets van enige plantasie tereggekom nie. Hoe mooi die voornemens ookal geklink het, die uitvoering daarvan was geheel en al 'n ander saak.[87]

Tabak: Die tabaknywerheid het met die ontstaan van die verskillende mynsentra 'n goeie geleentheid vir onbelemmerde ontwikkeling gekry. Baie van die Transvaalse tabak is op die Kimberleyse mark teen goeie pryse van die hand gesit. Met die heffing van invoerregte op produkte uit die Kaapkolonie in 1881 het dit van die regering van die Kaapkolonie 'n weerwraakmaatreël ontlok. Transvaalse tabak is in 1884 swaar belas in die Koloniale mark. Hierdie stap was 'n gevoelige slag vir die Transvaalse tabakboere, veral omdat dit saamgeval het met die jare van 'n algemene depressie. Daar was mense wat die Transvaalse handelwyse as onwys beskou het: „Onze tabak is, dank onze eigene kortzigtigheid om de produkten onzer Koloniale buren te belasten, uit de Koloniale mark geweerd door een buitensporig hoog invoerregt", het De Volksstem geskryf.[88]

Die ontginning van goud op die Witwatersrand en die skepping van 'n eie plaaslike mark vir tabak het net betyds gekom om die tabaknywerheid van

---

86. Notule van die Eerste Volksraad, art. 2238, dd. 4 Desember 1896, EVR. 64.
87. Die moontlikheid van suikerriet- en koffieplantasies in Transvaal het verdere aandag geniet tot ongeveer 1899. In 1896 wou die Franse konsul-generaal inligting hê omtrent die moontlikheid van 'n suikerraffinadery in die Suid-Afrikaanse Republiek. Ook die Regering het verder navraag gedoen. (Sien R.A.4957/96 ; R.110/97 by R.6548/97; R.16399/97 en R.13256/97).
88. De Volksstem, 9 April 1885.

algehele agteruitgang te red.[89] Met die nuwe aansporing wat tabakverbouing hierdeur verkry het, is hierdie gewas geleidelik uitgebrei in streke wat vir tabakbou werklik geskik was. Die Rustenburgse distrik het heel spoedig die voortou geneem en Magaliesbergse tabak het dwarsdeur Suid-Afrika bekendheid verwerf.[90] Die vernaamste struikelblok in die tabaknywerheid was gebrek aan deskundige kennis omtrent die verbouing en bemarking van tabak. Dat die bewerking van Transvaalse tabak swak was en die nywerheid skade aangedoen het, blyk ook uit wat die heer P.C.Baerveldt, die verteenwoordiger van die Suid-Afrikaanse Republiek, geskryf het na aanleiding van die uitstalling van Transvaalse tabak op die internasionale tentoonstelling in Antwerpen in 1894. Hy sê dat Transvaalse tabak geredelik 'n mark in Europa sou vind, indien die regte soort geplant word en die behandeling meer wetenskaplik geskied. Hy doen aan die hand dat die Regering die boerebevolking moet bystaan in die verbetering van die tabaknywerheid. Dit sou die moeite loon om 'n bekwame tabakplanter uit Nederlands-Indië te laat kom „welke door het geven van inlichtingen hetzy persoonlyk , hetzy in geschriften, die ruim verspreid moeten worden, hetzy door inspectiereizen de Boeren als het ware onderricht geeft in eene meer wetenschappelyke wyse van tabak-planten".[91]

Die swak behandeling en bewerking van Transvaalse tabak het veral voorgekom nadat die stoel of plant afgesny is.Daarna moes veel sorg aan die verdere prosesse bestee word en dit is juis nie gedoen nie. Veral gebrek aan doeltreffende skure het die tabak se waarde verminder. Baie boere het byvoorbeeld hulle tabak aan perske- of wilgerbome gehang om droog te word.[92] Daar het geleidelik verbetering in die bewerking van tabak gekom. Reeds in 1889 was daar in die Rustenburgse distrik 'n paar manne wat hulle besig gehou het met „rationeele

89.Ibid., 27 Mei 1885.
90.De Kock,M.H.:op.cit., p. 205.
91.RA 356/94:verslag oor die tentoonstelling in Antwerpen.
92. De Potchefstroomer, 6 Januarie 1886.

tabakskultuur". Dit was baie wenslik „want hoewel de Magaliesberg tabak de beste kan zyn wordt er toch weinig aan gedaan om een product op de markt te brengen dat wezenlyk goed is".(93) In 1890 het die saak 'n stoot vorentoe gekry toe die Utrechtse Landboumaatskappy vanuit Nederland 'n deskundige gestuur het om tabakaanplanting in Transvaal te lei. Hierdie deskundige, die heer H.F.Kothe, was van oordeel dat daar 'n goeie toekoms vir tabakplanters in die Republiek was. Die gewas moes egter met meer sorg behandel word en die saad moes oordeelkundig gekies word. Kothe was bereid om na sy ondersoek sy bevinding aan die boere mee te deel.(94)

Behalwe in die Rustenburgse distrik , is in die negentiger jare ook aandag aan tabakplanting in die distrikte Waterberg, Soutpansberg, Barberton en Piet Retief gegee. Die donker tipe wat geskik was vir rol- en rooktabak, het die voorkeur geniet. Mettertyd het plaaslike verwerking van tabak vordering gemaak. Op die eerste landboutentoonstelling wat in 1891 in Pretoria gehou is, was 'n goeie insending van tabak te sien:

> „One of the most interesting features of what can with justice be styled the first show of the Transvaal , which is to come off on the 13th proximo, at the Capital, will be the exhibits of native tobacco and manufactured tobacco from imported leaf. The Johannesburg Cigar factory, and the Pretoria factory of Messrs de Villiers and von Wielligh, will be strongly represented by tobacco in all its varying forms, states and combinations. A strong show from Rustenburg and Magaliesburg, the home of tobacco in the Transvaal, will also be in evidence." (95)

Wetenskaplike tabakverbouing sou egter eers in die twintigste eeu in Transvaal in beoefening gebring word. Solank die binnelandse verbruik sodanig was dat daar geen vrees vir mededinging van buite bestaan het nie, was die aandag van boere meer op hoeveelheid as op gehalte gevestig.

93. De Volksstem, 21 Januarie 1889.
94. Ibid., 27 Maart 1890.
95. The Star, 21 April 1891.

VEEBOERDERY: Die algemene belangstelling in en verlewendiging van die boerderybedryf deur die skepping van 'n binnelandse mark en die beskikbaarstelling van kontant, het ook op die veeboerdery invloed gehad. Veeboerdery het as belangrikste afdeling van die ekstensiewe boerderybedryf minder arbeid nodig gehad as die bewerking van die grond en kon met minder kapitaal op groot plase ontwikkel word as wat die geval met akkerbou was. Waar gebrek aan spoorweë en binnelandse vervoer dit haas onwinsgewend gemaak het om die akkerbou uit te brei, kon die veeboer meer direk die waarde van die verbeterde aanvraag benut. Die bemarking van wol kon sonder doeltreffende en ekonomiese vervoer beter geskied as byvoorbeeld die verkoop van groente en vrugte. Slagvee en trekosse kon makliker vanaf afgeleë distrikte aangebring word as wat die geval was met mielies en ander graansoorte. Die aanvraag na dierlike produkte kon dan ook beter bevredig word as wat met akkerbougewasse die geval was.

Gedurende die tydperk van onderhoudsboerdery is weinig kontantgeld uit die veeboerdery verkry. Die vernaamste kontantproduk was wol en selfs daarvoor is nie altyd kontant ontvang nie. In die veeboerdery was ook weinig kapitaal belê. Min is gedoen vir die verbetering van die veerasse. Die strewe was meestal om groot kuddes te hê en nie juis om puik diere aan te hou nie. Die groot plase kon groot troppe beeste en skape onderhou sonder uitgawes aan voergewasse en skure. Anders was dit egter met die nuwe belangstelling wat die veeboerdery deur die algemeen verhoogde ekonomiese bedrywigheid verkry het. Die noodsaaklikheid van beter veerasse en versorging van plaasdiere het langsaam begin posvat.

Beesboerdery: In 'n betreklike kort tyd het daar 'n sterk aanvraag na trekosse ontstaan deur die omvang wat transportry aangeneem het. Voor die koms van spoorweë was duisende trekosse nodig om die belangrike materiaal, lewensmiddele, uitrusting en masjinerie vir die myne en nywerhede van die kus af aan te voer na die binneland. Hieruit het baie

mense 'n bestaan gemaak. Pryse van osse het gestyg en nuwe belangstelling in beesboerdery is gaande gemaak. Die aanvraag na vleis en suiwelprodukte het binne 'n paar jaar groot afmetings aangeneem en waar voorheen nie aan bemarking van hierdie produkte gedink is nie, het dit nou 'n vername bron van kontantinkomste geword. Daarom is nou meer sorg aan die beesboerdery bestee.Die uitbreiding van die saailande wat onder die ploeg gebring is,, het ook op sy beurt die vraag na osse verhoog. Dis dan ook opvallend dat die runderpes die boere die swaarste getref het deur hulle van hul osse vir wa en ploeg te beroof.

In hierdie nuwe tydperk waarin elke boer probeer om iets op die mark te bring en tot geld te maak, is aanvanklik nie aandag aan gehalte gegee nie. Geleidelik het dit tot menige boer deurgedring dat die beesras verbeter kon en moes word. Daar was meer bepaalde doeleindes om na te streef , byvoorbeeld die teel van goeie osse, slegbeeste en melkrasse. Een van die middele om die beesras te verbeter was die landboutentoonstellings wat in die negentiger jare in byna elke distrik gehou is. Hoe min waarde hierdie tentoonstellings ookal andersins gehad het, het hulle die liefde vir mooi en goedversorgde vee by menige boer gewek. Die begeerte om veerasse te verbeter kom verder ook aan die lig in die taak wat die voorstanders vir die instelling van 'n landboudepartement aan sodanige staatsdepartement gestel het. Dis opvallend dat die grootste persentasie van die voorstanders van 'n departement vir die behartiging van die boerderybedryf van oordeel was dat die owerheid die invoer van opreggeteelde vee moes onderneem. Die groot struikelblok in hierdie verband was dat die boer geen handelsverbindings gehad het om die gewenste stoetvee in te voer nie. Indien die boer meer ontwikkeld was en ondervinding van die sakewêreld gehad het, sou daar beslis meer gedoen gewees het aan die verbetering van sy veerasse.

In 1884 het die redakteur van <u>De Volksstem</u> in sy pleidooi vir die deelname van die Republiek aan die tentoonstelling in Amsterdam een van die voordele van so 'n stap beskryf as sou dit die republikeinse boer

die geleentheid gee om met puik diere kennis te maak:

> „Men zie ons melkvee en vergelyk dat by de Hollandsche melkkoeijen meer in't byzonder de Groninsche en Friesche. Waar hier een dagelyksche opbrengst van 8 á 10 bottels zeer hoog wordt geacht, is ginds eene koe die 20 bottels per dag geeft niet eens van de beste en het behoort zelfs niet tot de uitzondering dat eene Hollandsche goede koe tot dertig bottels melk per dag geeft".(96)

Dit sou egter nie lank duur voordat daar daadwerklik pogings aangewend sou word vir die invoer van volbloedbeeste nie.

Dit skyn asof daar in 1887 'n begin gemaak is met die verbetering van die beesras. In Februarie van daardie jaar het die heer J.D.Celliers van Pretoria geadverteer dat hy binnekort 'n aantal opreggeteelde bulle, koeie en verse aan voornemende kopers sou kon aanbied.(97) Hierdie diere was afkomstig van die ingevoerde bulle „Jan", „Prince" en „Sultan" No. 242. Die advertensie meld verder „De Koeijen en Vaarzen zyn allen gedekt door „Sultan" en zullen in een paar maanden tyds kalven". Volgens die redakteur van De Potchefstroomer was dit die eerste stap wat gedoen is vir die verbetering van die beesras.

In die programme van die landboutentoonstellings van die negentiger jare word besondere aandag aan die beesboerdery gewy. Die pryslys vir die Wakkerstroomse tentoonstelling van 1891 maak voorsiening vir 33 pryse vir die afdeling beesboerdery. In dieselfde jaar het die Nederlands-Suid-Afrikaanse Landboumaatskappy op die tentoonstelling in Pretoria die eerste plek verower vir die beste ingevoerde Friesbul. A.H. Nellmapius se ingevoerde Friesbul „Wilhelm IV " het die tweede plek verower. Die heer C.F.Ziervogel van Pretoria het die eerste en tweede plek verower vir die beste ingevoerde Frieskoeie. Vir die beste Frieskoei wat in die Suid-Afrikaanse Republiek geteel is, het Nellmapius die eerste plek

---

96. De Volksstem, 25 Maart 1884.
97. De Potchefstroomer, 26 Februarie 1887:advertensie.

verower met 'n koei „Nancy". Meintjies en Goldswain van Pretoria het die eerste plek verower in die afdeling beste Korthoringbul in Suid-Afrika geteel, met 'n bul „Stanley".[98] By die opening van die tentoonstelling in Pretoria in 1895 het president Kruger daarop gewys dat by die invoer van volbloeddiere die aandag gevestig moet word op die invoer van goeie bulle, ramme en hingste, want hierdeur kon 'n stoetery baie gouer en goedkoper opgebou word. Hy het die vertroue uitgespreek dat die landbougenootskap die saak in hande sou neem.[99]

In dieselfde jaar het die saak verdere vordering gemaak toe in Pretoria 'n „Maatschappy tot veredeling van Vee" tot stand gekom het. Hoe die saak begin is, kan nie vasgestel word nie. Op Saterdag, 23 Februarie 1895, is 'n vergadering op Babsfontein deur die here P.J. Ferreira, S.Eloff, R.G. Ockerse, S.P. Erasmus en ander gehou met die doel om 'n vereniging van opreggeteelde vee in die lewe te roep.[100] By geleentheid van daardie vergadering is die statute reeds goedgekeur en 'n aantal aandele ingeskryf. Die plan was om, sodra die aandele opgeneem was, die eerste bestelling te plaas, sodat in Mei of Junie die eerste landing in Delagoabaai kon plaasvind. As voorlopige direkteur is benoem die heer Ockerse en as waarnemende sekretaris die heer S.Eloff. Saam met die heer S.P.Erasmus moes hulle sorg vir die uitvoering van die besluite van die vergadering en namens die maatskappy optree en sake behartig. Die Regering het sy goedkeuring geheg aan die doel van die maatskappy en beloof om by die Volksraad aan te beveel om die stigting jaarliks 'n subsidie toe te ken.[101]

Wat hierna van die onderneming geword het, kon ongelukkig nie vasgestel word nie. Dis egter duidelik

98. Publikasies van die Suid-Afrikaanse Republiek No. 135: „Proceedings and Balance Sheet of Het Pretoria Landbouw Genootschap".
99. De Volksstem, 6 Maart 1895.
100. Ibid., 26 Februarie 1895.
101. Ibid.

dat die saak aandag geniet het en al was daar miskien nie baie volbloeddiere aangekoop of ingevoer nie, het die gedagte goed posgevat. In die verslag van die landbougenootskap oor die jaar 1894 word melding gemaak van die afvaardiging van verteenwoordigers na die vergadering van die Suid-Afrikaanse Landbou-Unie wat in Johannesburg gehou is. By geleentheid van daardie vergadering het die Unie besluit

> „tot het houden van een Stam Boek by het Hoofd Kantoor van de Unie te Port Elizabeth, en boeren van de Z.A.Republiek die wenschen een speciale ras ingeschreven te hebben, kunnen zulks in dit boek, dat als officieële voor geheel Z.A. zal erkend worden, gedaan krygen".(102)

Die departement van landbou in die Kaapkolonie het in 1898 aan die staatsekretaris van die Suid-Afrikaanse Republiek 'n pamflet gestuur wat besonderhede bevat het van opreggeteelde vee wat in die Kaapkolonie ingevoer is. Die departement wou weet of die tyd nie aangebreek het vir die saamstel van 'n Suid-Afrikaanse Stoetboek nie. Die Regering het geantwoord dat in die Suid-Afrikaanse Republiek nog geen landboudepartement bestaan het nie en dat hy van oordeel was dat die tyd om handelend op te tree, nog nie aangebreek het nie.(103)

Teen die einde van 1898 het die Nederlands Suid-Afrikaanse Landboumaatskappy etlike volbloeddiere vanuit Holland ingevoer. Die besending het bestaan uit 22 Frieskoeie en sewe bulle. Twee van die bulle is in die Heidelbergse distrik geplaas, terwyl die ander na die maatskappy se plaas Sesmylspruit gestuur is.(104) Voor die Tweede Vryheidsoorlog het generaal Louis Botha, generaal Piet Joubert en kommandant Erasmus van Pretoria reeds Friesbulle ingevoer. Die doel van hierdie stap was om die Afrikanerbeesras met Friese te kruis.(105) Die kruising is gedoen, omdat

---

102. R.1816/95: verslag vir 1894, dd. Pretoria, 15 Augustus 1895.
103. RA. 25/98,dd. 30 Desember 1897.
104. The Star, 27 November 1898.
105. Botha, Gen. Louis: „The Importation of Friesland Cattle ", Transvaal Agricultural Journal, Deel IV, No.14, Januarie 1906, p. 280.

Afrikanerbeeste deur inteel al kleiner en swakker geword het en minder melk gegee het. Die resultaat van die kruising was 'n ras wat swaarder was en wat meer melk gegee het. Volgens 'n verklaring van generaal Botha het 'n derde van die beesboere die kruising gedoen.

Die groei van stedelike sentra het die vraag na suiwelprodukte verskerp. Stedelike inwoners, veral vreemdelinge wat aan suiwelprodukte gewoon was, kon sonder melk, botter en kaas nie klaarkom nie. Gevolglik was daar 'n goeie geleentheid om hierdie produkte winsgewend van die hand te sit. Die produksie deur boere in die omgewing van Johannesburg kon nooit in al die behoeftes voorsien nie en daarom is daar voortdurend gekondenseerde melk, asook botter en kaas, ingevoer.

In die nabyheid van Pretoria was daar twee melkerye wat probeer het om in die behoeftes van die hoofstad te voorsien, nl. dié van die „Irene Estates", die landgoed van die heer Nellmapius en sy opvolgers, en die melkery van die Nederlands Suid-Afrikaanse Landboumaatskappy by Sesmylspruit. In die omgewing van Johannesburg het talle melkerye ontstaan. Die gesondheidskomitee het dit nodig gevind om in 1895 regulasies op te stel vir toesig en beheer van melkerye in en om Johannesburg.[106] Kort na die bekendmaking van hierdie regulasies het die Regering se kommissaris versoek dat die regulasies gewysig word. Die gesondheidsinspekteur en die stadsgeneesheer het daarop gewys dat boere buite die jurisdiksie van die gesondheidskomitee vervalste melk kon verkoop onder die ou regulasies. Die gesondheidskomitee het versoek dat sulke persone ook die regulasies moes nakom.

Die regulasies wat deur die Uitvoerende Raad goedgekeur is, het bepaal dat alle persone wat 'n melkery gehad het of in melk handel gedryf het en wat binne 'n sirkel van ses myl, met die markplein as middelpunt, gewoon het, by die gesondheidskomitee

106. R.1832/95.

geregistreer moes word. Daarvoor moes 'n registrasiegeld betaal word. Die regulasies handel verder oor die higiëniese hantering van melk.[107] Aan die einde van daardie jaar is die regulasies verder gewysig om vir spesifieke gevalle voorsiening te maak. Na die Jameson-inval het versoeke by die Regering ingekom om die melkregulasies tydelik op te hef. Die memorialiste wat hulself melkboere en melkverbruikers noem „wonende buiten de jurisdictie van het Gezondheids Comité te Johannesburg", het beweer dat die regulasies die „ heirscharen van arme blanken" in en om Johannesburg sou vermeerder en bydra tot die stigting van 'n oppermagtige melkmaatskappy wat die boere sou onderdruk.[108]

Die Regering het gehoor gegee en die regulasies vir 'n onbepaalde tyd buite werking gestel.[109] Die gesondheidskomitee het geprotesteer teen die opskorting van die regulasies, maar die Regering was van oordeel dat die saak moes oorstaan totdat Johannesburg 'n stadsraad gekry het. Na die instelling van 'n stadsraad is die regulasies weer in werking gestel.[110] L. Geldenhuys, J.J. Malan en ander het weer beswaar gemaak teen die uitbreiding van die jurisdiksie van die stadsraad van Johannesburg tot 'n omtrek van ses myl vanaf die markplein van Johannesburg. Die Uitvoerende Raad het eers op 16 Februarie 1899 sy goedkeuring gegee aan die in-werking-tree van die regulasies.[111] Weer het die heer J.J. Malan en ander die Regering versoek om die regulasies op te skort. Op 23 Mei 1899 het die burgemeester aan die Regering getelegrafeer dat meer as honderd melkboere kragtens die regulasies by die stadsraad geregistreer het, 'n bewys dat die meerderheid van die boere ten gunste van die regulasies was. Die regulasies is egter later weer buite werking gestel, hangende die beslis-

107. Besluite van die Uitvoerende Raad, art. 319, dd. 9 Mei 1895; en Staats-Courant, 15 Mei 1895, goewermentskennisgewing No. 103.
108. R.1832/95 : memorie van J.J. Malan en S.J.Lieben-berg, 13 Januarie 1896.
109. Besluite van die Uitvoerende Raad, art. 8, dd. 14 Januarie 1896.
110. Staats-Courant, 16 Maart 1898.
111. Besluite van die Uitvoerende Raad, art.186.

sing van die Eerste Volksraad.[112] Daardie beslissing sou egter nie gegee word nie, want die oorlog was op hande.

Weens die afwesigheid van doeltreffende snelle vervoer kon die boere wat digby Johannesburg gewoon het, nie varsmelk bemark nie. Selfs botterbereiding het nie veel toegeneem nie en kaasbereiding was onbeduidend.[113] By geleentheid van die tweede kongres van die Transvaalse Landbou-Unie in Potchefstroom gehou in 1898, het 'n sekere V. de Waegenaere 'n lesing gehou in verband met die oprigting van 'n nasionale melkinrigting in die Suid-Afrikaanse Republiek.[114] In Pretoria is ook pogings aangewend om so 'n inrigting te stig vir die invoer van melkbokke uit Portugal.[115] Dit lyk nie of die saak juis gevorder het nie. Die land van die Voortrekkers het seker nog genoeg beeste besit om in die melkbehoeftes te voorsien. Wat nodig was, was beter versorging van koeie gedurende die winter. Op die hoëveld het die boere gewoonlik baie min melk geprodiseer gedurende die winter. Dikwels was daar vir eie gebruik nie genoeg nie, omdat geen voorsiening vir wintervoer gemaak is nie. In 1889 het De Volksstem na aanleiding van die groot hoeveelhede vleis en botter wat ingevoer moes word, gevra wanneer die boere sou leer om hulle groot kuddes af te skaf en hulle toe te lê op 'n kleiner maar goedversorgde veestapel. Die blad was van oordeel dat die Regering beter beesrasse moes invoer om 'n loop aan die saak te gee. Die boere moes met memories die Regering uit sy slaap wek.[116]

---

112. Staats-Courant, 24 Mei 1899, goewermentskennisgewing No. 245.
113. In die Kaapkolonie het die owerheid in 1892 'n sekere Alexander Macdonald na Europa gestuur om 'n studie te maak van die nuutste ontwikkelinge in die suiwelbedryf. As gevolg hiervan is twee demonstrasie-eenhede in die lewe geroep, een vir die westelike provinsie en die ander vir die oostelike deel. Hierdie reisende suiwelboerderye het baie daartoe bygedra om botter- en kaasvervaardiging in die Kaapkolonie te verbeter (Wallace, R.: Farming Industries of Cape Colony, p. 270 ).
114. De Volksstem, 15 Maart 1898.
115. Z.A.R.No.135: Notule van die tweede landboukongres gehou op Potchefstroom, 1898.
116. De Volksstem, 21 Maart 1889: hoofartikel.

Skaapboerdery: Afgesien van die moontlikheid om skaapvleis te bemark vir voorsiening in die behoeftes van die stedelik-industriële bevolking, het die skaapboerdery nie die mate van aanmoediging met die koms van die goudmyne en aanverwante nywerhede en sakeondernemings gekry as wat die geval met die beesboerdery was nie. Die vernaamste prikkel tot groter bedrywigheid in die skaapteelt was die afset van wol. Voordat die spoorweë uit die verskillende oorde Johannesburg bereik het, kon die skaapboer maar weinig gebruik maak van die winsgewende handel in vleis. Dit was onprakties en onwinsgewend om skape vanuit die veraf geleë distrikte na die hoofmark aan te dryf. Die bemarking van wol was daarenteë veel geriefliker, want die wol kon by die naaste winkelier verkoop of verruil word. As uitvoerartikel het wol egter nie altyd bevredigende pryse behaal nie en daarom is daar in die negentiger jare pogings aangewend om die bemarking van wol te verbeter. Een van die ideale van die wolboere was die oprigting van wolfabrieke in die Republiek, want daardeur sou 'n nywerheid ontstaan wat in belang van boer en verbruiker was. Hierdie ideaal is egter nooit verwesenlik nie.

Die vernaamste moeilikheid in verband met die bemarking van wol was die feit dat die boere van die plaaslike handelaars gebruik moes maak om hulle wol te koop. Die nadeel van hierdie metode van bemarking was nie net dat die winkelier na willekeur vir die wol kon bied wat hy wou nie, maar dat hy vir goeie en swak wol ongeveer dieselfde prys betaal het, en sodoende die begeerte om beter wol te produseer, ontmoedig het.[117] Hoe ernstig die boere van die Oos-Transvaalse hoëveld ookal vir die totstandkoming van 'n eie afsetorganisasie vir wol geywer het, was die tyd vir koöperatiewe bemarking nog nie ryp nie. Die wolteelt het ook nog nie die nodige sorg en aandag geniet nie.[118]

---

117. De Volksstem, 17 Junie 1889.
118. Hierdie aangeleentheid word breedvoeriger bespreek in hoofstuk IV, pp. 129 -130.

Sonder ander moeilikhede was die skaapboer ook nie. Dikwels is ernstige verliese aan skape gely deurdat 'n ontydige koue die hoëveld getref het kort nadat die boer van die winterveld teruggekeer het of nadat hy geskeer het.Die gebrek aan skure, bosbeskuttings en wintervoer was oorsaak van veel skade. 'n Korrespondent uit Middelburg skryf:

> „ Het gaat hier maar by het oude. De boeren zyn aan het uittrekken uit het Boschveld met hunne kudden van schapen, beesten en paarden.Elken dag ziet men eenige trekken passeeren. Telkenmale wanneer ik een trek zie ryst by my de gedachte op: Zou het niet voor de boeren die zes maanden in het jaar van huis zyn met hun vee beter zyn indien zy te huis zouden blyven en schuren maken voor hun vee, alsook boomen te planten, in plaats van elk jaar naar het Boschveld te trekken en daar niets te doen".(119)

Die meeste boere het twee plase of meer gehad, een waarvan ten minste in die warm laeveld geleë was. Gedurende die winter het hulle dan met vee, soms ook met die gesin, na die laeveld versit. Die boere wat nie sulke plase besit het nie, het gebruik gemaak van weiregte wat hulle in Swasieland verkry het of van grond wat hulle van die goewerment gepag het.

Die landbougenootskap van De Kaap wou graag die hoëveldse skaapboere te hulp kom by die verkoop van wol en daarom het die genootskap gewoonlik in Junie wanneer die Ermelose skaapboere in die Barbertonse distrik vertoef het, 'n tentoonstelling gehou met die oogmerk om die wolboere die geleentheid te gee om hulle wol daar ten toon te stel en om 'n verkoping of wolveiling vir die boere te reël. Die boere was begerig om hiervan gebruik te maak, maar die vertraging van die taklyn na Barberton het sommige boere laat afsien van die voorneme om na Barberton se laeveld te kom. Die pogings van die landbougenootskap het dan ook nie veel sukses gehad nie.

Gedurende die laaste tien jaar van die Suid-Afrikaanse Republiek was daar voortdurend sprake

---

119. De Volksstem, 13 September 1892. Vergelyk ook: Heckford,Mev.S: A Lady Trader in the Transvaal, p.97 ; en Een Hollander: Toen en Thans, p.118.

van die oprigting van die een of ander wolfabriek. Vanaf 1889 toe die eerste aansoeke vir konsessies vir die vervaardiging van wolstowwe by die Volksraad ingekom het, is gesoek na 'n gepaste voorwaarde vir die toekenning van konsessies. Daar is oorweging geskenk aan monopolies, beskermregte en premies. Uiteindelik is besluit om 'n premie uit te loof vir 'n paar jaar ten einde die oprigting van 'n wolfabriek aan te moedig. Aan 'n sekere Adolf Kraut van Duitsland is in 1893 sodanige premie uitgeloof. Telkens moes verlenging van die ooreenkoms met die Regering toegestaan word omdat Kraut nie die nodige kapitaal vir sy wolfabriek wat in Belfast opgerig sou word, kon vind nie. Op 20 Junie 1899 het die Regering verneem dat 'n Belgies-Duitse sindikaat die fabriek sou oprig met 'n kapitaal van vier miljoen Mark.[120] Kort hierna het die oorlog uitgebreek en daarmee het die saak geëindig.

Die verbetering van die wolskaap wat in 'n vorige hoofstuk beskryf is, het na die opkoms van die goudmynbedryf en die algemene oplewing van die boerdery voortgegaan. Die gehalte van die wol het geleidelik verbeter. Die aandag was meestal gerig op die fynwoltipe.[121] Die persentasie boere wat hulle kuddes planmatig verbeter het, was egter maar klein:

> „The present method has been for the farmer to purchase a ram which he believes will satisfy his requirements, irrespective of breed or type. He has tried to get quantity rather than quality. He has not studied the requirements of the wool-buyers.He has not studied the proper marketing of his product. He has found a country endowed in a marvellous manner for growing sheep, and unthinkingly, he has been drifting on the wave of past prosperity".(122)

---

120. R.10388/89 ; R.10397/89 ;
Notule van die Volksraad, art. 347, dd. 5 Junie 1889, EVR. 39 ;
Besluite van die Uitvoerende Raad, art. 629, dd. 27 November 1894;
RA. 1636/95 en R. 12147/90.
121. Report of the Director of Agriculture: Annual Report for the year ending, June, 30th., 1904: verslag oor veeteelt.
122. Robertson,A.G.: „Sheepbreeding in the Transvaal", <u>Transvaal Agricultural Journal</u>, Deel IV, No.15, <u>April 1906</u>.

Skaapboerdery het veral vooruitgang gemaak in die distrikte Wakkerstroom en Ermelo.[123] Teen die einde van die negentiende eeu was skaapboerdery die vernaamste afdeling van die boerderybedryf in laasgenoemde distrik. Te oordeel na die items in die pryslyste van landboutentoonstellings was Merino en „Kaapse" skape die vernaamste rasse waarmee geboer is.

Perdeteelt: Perde was nie minder van belang en waarde gedurende die laaste tien jaar van die Suid-Afrikaanse Republiek nie. Die groter behoefte aan vinnige verkeer het die vraag na perde lewendig gehou. Die belangrike aandeel wat die perd in die ekonomiese en militêre bedrywighede van die land geneem het, blyk uit die besondere aandag wat van allerweë aan die bestryding van verskeie perdesiektes soos droes, papies en perdesiekte gegee is. By die perdeteelt is egter nie gebruik gemaak van ingevoerde volbloeddiere nie. Die boer was met sy perderas blykbaar tevrede en het gewoonlik self 'n paar merries aangehou om die verliese aan te vul. Van staatsweë is baie perde gebruik en die pogings wat in die werk gestel is om siektes by perde te bestry, is gedurende die laaste aantal jare met erns voortgesit.

Pluimveeboerdery: Die ontstaan van stedelike gebiede en die instroming van vreemdelinge het net soos die geval van suiwelprodukte ook 'n sterk aanvraag na pluimvee geskep. Uitlanders het onder omstandighede van kamplewe baie gebruik gemaak van eiers en pluimvee. Daar is dan ook groot hoeveelhede eiers op die Johannesburgse mark verkoop. Die boere wat in die veraf geleë distrikte gewoon het, het hoofsaaklik net vir eie gebruik hoenders en ander pluimvee aangehou. Die wat egter nader aan die digbewoonde dorpsgebiede gewoon het, het meer aandag aan pluimveeboerdery geskenk. Omdat die plantelandse boer nie vir spesifieke doeleindes geproduseer het nie, het die mense gewoonlik 'n hele paar hoendersoorte op die

123. R.8484/99, 8 Junie 1899: verslag oor die jaar 1897-1898, landbougenootskap van Ermelo.

plaas aangehou. Die inskrywings in die afdeling pluimvee van die verskillende landboutentoonstellings bring 'n baie groot verskeidenheid van hoenders aan die lig. In 1891 is die volgende soorte by die Pretoriase tentoonstelling ingeskryf: Cochin China, Bramapoetra, Swart Spaanse, Dorking, Leghorn, Blackbreasted, Red Game, Barndoor, Bantam.[124] De Volksstem het in 1893 verklaar dat daar 'n goeie toekoms vir pluimveeboerdery was, maar dat dit nog nie met sukses gedryf word nie:

> „My dunkt eieren en pluimvee het eenige artikel waarop de Transvaalsche Regeering nog geen belasting gelegd heeft. De stoombootmaatschappyen zouden groote hoeveelheden eieren en pluimvee aannemen, indien zy op een geregelden voorraad kunnen rekenen".(125)

Daar was in die negentiger jare nog nie soveel bekend omtrent kruising en teling van hoeners as vandag nie en baie uiteenlopende sienswyses is in hierdie verband gehuldig. Boere wat hulle op eierproduksie toegelê het, het gekla dat henne van goeie lêrasse nie wou broei nie en dat die teel van hoenders daardeur bemoeilik word. Die heer Geo Roth van Pretoria het aangeraai dat die boere nie soos die naturelle van die lokasies moes maak nie, nl. om hane van nie-broeiende tipes te neem.[126] Ander was van oordeel dat daar geen gevaar in die kruising van hoendersoorte was nie. Nie-broeiende rasse soos Minorca en Leghorn kon met gewone rasse gekruis word. Vir vleisproduksie kon die gewone rasse met Franse rasse soos La Fleche, Houdan en Mantes gekruis word. Vir broei op 'n groot skaal is broeimasjiene aanbeveel.[127]

Dat pluimveeboerdery goeie vordering gemaak het, word bewys deur die stigting van 'n Transvaalse Pluimveegenootskap in Augustus 1897.[128] Die doel

---

124. Publikasies van die Suid-Afrikaanse Republiek, No. 135: „Proceedings and Balance Sheet of Het Pretoria Landbouwgenootschap", 28 Augustus 1891.
125. De Volksstem, 30 September 1893.
126. Ibid., 17 Julie 1899.
127. Ibid., 8 Augustus 1899.
128. R.10425/98, sekretaris van Pluimveegenootskap aan ouditeur-generaal, 24 Mei 1898.

van die genootskap was, volgens 'n skrywe van die sekretaris, die heer Karl Kriekhaus, „de bewoners van stad en land te interesseeren voor het teelen van nuttig pluimvee, en alzoo de hoeveelheid te vergrooten en de kwaliteit te verbeteren".(129) Om hierdie doelstelling te bereik, het die genootskap tentoonstellings van pluivee gehou, die eerste waarvan in November 1897 plaasgevind het. Die pluimveegenootskap het na aanleiding van die subsidies wat aan landbougenootskappe betaal is, in 1898 ook geldelike ondersteuning van die Regering gevra. In 'n brief aan die ouditeur-generaal verklaar die sekretaris van die genootskap dat die ledetal reeds 110 sterk was , versprei oor die hele Republiek, o.a. in Pretoria, Johannesburg, Heidelberg, Boksburg,Florida, Roodepoort, Potchefstroom, Klerksdorp, Venterskroon, Pietersburg en Eerste Fabrieke . Hy beklemtoon die noodsaaklikheid van uitbreiding van die pluimveeboerdery met verwysing na statistiek van ingevoerde pluimveeprodukte. Dit blyk dat gedurende die eerste kwartaal 1898 die volgende hoeveelhede ingevoer is: 201,666 dosyn eiers ter waarde van £11,192 ; 117,548 stuks pluimvee ter waarde van £9,253, wat 'n totaal van £20,445 gee. Ten opsigte van hierdie produkte het in 1897 £87,202 uit die land gegaan.

Die genootskap het die tussenkoms van die here Dieperink,Geldenhuys en Meintjies gesoek ten einde die gevraagde subsidie te verkry.Toe dit geen vrug afgewerp het nie, is die voorsitter van die Transvaalse Landbou-Unie , die heer J.Z. de Villiers, burgemeester van Johannesburg, gevra om sy invloed by die Regering te gebruik vir die toekenning van 'n toelae aan die genootskap. Die voorsitter van die Landbou-Unie het blykbaar die saak aan die ondervoorsitter, Dr. Gunning van Pretoria, oorgedra, want laasgenoemde het aan staatsekretaris Reitz geskryf om die toekenning van 'n toelae te bepleit.Op sy

129. Ibid.

deeglike manier skryf dr. Gunning:

> „In de Boerdery hier te lande worden de belangryke inkomsten die te verkrygen zyn uit de zoogen. 'kleine boerdery' (waaronder hoenderteelt,byenteelt en dergelyken begrepen worden) byna geheel uit het oog verloren, en indien men uit de statistieke opgaven ziet hoeveele duisende ponden maandelyks het land uitgaan voor den invoer van hoenders en eieren, die hier geproduceerd kunnen worden, lydt het geen twyfel dat Gouvernements steun en aanmoediging in die richting zeer nuttig en gewenscht is".(130)

Die aanmerking van die ouditeur-generaal in verband met die aansoek was : „Ik vind geene vrymoedigheid om het verzoek te steunen". Hoe die saak verder gevorder het, kon nie vasgestel word nie.

Saam met groentekwekery en melkboerdery was pluimveeboerdery die afdelings in die landboubedryf wat op meer intensiewe wyse beoefen is. Hierdie afdelings was gewoonlik om die dorpe gekonsentreer en nuwe intrekkers het dikwels leiding gegee.

## SAMEVATTING.

Die aanmoediging wat die boerderybedryf gekry het deur die koms van die myn- en ander sekondêre nywerhede in die Suid-Afrikaanse Republiek, het nie in alle opsigte tot ongekende ontwikkeling en opbloei gelei nie. Die reaksie van die boeregemeenskap op die skepping van 'n mark en die sirkulasie van geld was in die meeste gevalle langsaam en nie van baie belangrike aard nie. Die boerderybedryf wat 'n langtermynbeplanning nodig het, kon nie onmiddellik herskep word om aan die nuwe eise en omstandighede te voldoen nie. Die swak en ondoeltreffende vervoer- en verkeersmiddele en die vreemdheid van die nuwe was twee faktore wat die ontwikkeling, aanpassing en verbetering vertraag het. Tog is die gees van die bedryf verander na een van produksie vir die mark waarin kapitaal en handel 'n belangrike rol gespeel het.

'n Aansienlike aantal van die vooruitstrewende

---

130. Ibid., brief van dr. Gunning, 15 Augustus 1898.

boere het die nuwe geleentheid aangegryp om hulle bedryf te verbeter.Baie het dit as 'n nasionale taak beskou om die land van die noodsaaklikste lewensmiddele te voorsien en derhalwe alles in hul vermoë gedoen om produksie te verhoog en boerderymetodes te moderniseer. Vir baie het sukses op hulle pogings gevolg; vir ander het nuwe vraagstukke opgeduik en moes kennis gemaak word met die simptome van die hedendaagse ekonomiese lewe, o.a. die vraagstukke van kapitaalvoorsiening, bemarking en arbeid. Terwyl die boerderybedryf geleidelik 'n groter omvang aangeneem het en 'n meer direkte bydrae tot die vooruitgang van die land gelewer het, het hy ook die swaarste en hardste terugslae ondervind. Hier word gedink aan veesiektes soos runderpes, rooiwater, bloutong en perdesiekte, die sprinkaanplaag en natuurlike belemmeringe soos droogtes en verspoelings.

---------------

# H O O F S T U K  VI

## DIE ARBEIDSVRAAGSTUK IN DIE BOERDERY.

Vanaf die stigting van die blanke nedersetting in Suid-Afrika was die vraagstuk van voldoende arbeidskragte vir die ontwikkeling van die land 'n baie aktuele probleem. In Suid-Afrika wat nooit die geweldige toestroming van immigrante geken het soos die geval met Noord-Amerika was nie, was dit die taak van 'n betreklik geringe aantal blankes om 'n kontinent oop te maak en te ontgin. Die aantal blankes was nog altyd te gering om maar enigsins die ontwikkeling van die land vir eie rekening te neem. Sedert van Riebeeck met sy werk aan die Kaap begin het, het die vraagstuk hom voorgedoen dat die blanke element nie sterk genoeg was om in alle arbeidsbehoeftes te voorsien nie.Hierdie tekort aan arbeiders is nog sterker gevoel met die ontstaan van die permanente volksplanting toe die Vryburgers na vore gekom het as die grondleggers van 'n nuwe nasie en 'n nuwe beskawing. Die aanvaarding van 'n nasionale roeping in 'n onbekende en onontwikkelde wêrelddeel het 'n hoë roepingsbewustheid by die blanke pioniers laat ontstaan. Namate die nasionale taak om die Westerse beskawing hier te grondves en 'n nuwe volk in aansien te roep, duideliker geword het, na dié mate het die behoefte aan werkkragte sterker op die voorgrond getree. Dit was inderdaad vir die blanke pionier onmoontlik om gewone arbeider te wees soos in die gevestigde huishouding van die Europese lande. Daardeur sou sy vermoë om die land oop te maak en die Europese beskawing te vestig, aan bande gelê word. Die terrein van die arbeid van die blanke volksplanter was heeltemal te groot om hom toe te laat om al sy werk as pionier self te doen - vandaar die vraag na arbeidskragte.

Hierdie omstandigheid is verder versterk deur die aanwesigheid van talryke inboorlingvolke wat die werk kon doen waaraan die blanke andersins sy

tyd en kragte sou moes wy. In die onontwikkelde land moes die blankes in hul beperkte getalle optree as leiers, organiseerders en administrateurs ; as die verantwoordelike groep wat die taak van die ontwikkeling en opening van 'n donker kontinent op hom moes neem. As verder in gedagte gehou word dat die roepingsbewustheid ook daarin geleë was dat die heidense inboorlingvolke beskaaf en gekersten moes word, en dat arbeid beskou is as die vernaamste middel om die barbaar iets van die Europese beskawing en leefwyse te leer, dan is dit duidelik dat die bestaan van die inboorlinge noue verband gehad het met die arbeidsvraagstuk. In die loop van baie jare sou die gedagte van gesonde arbeid 'n belangrike middel word om die begeerde beskawing onder die primitiewe inboorlingvolke te vestig. Sodoende sou die naturellevraagstuk ook 'n arbeidsvraagstuk word. En so is dit vandag nog in 'n groot mate.

Hoe ongeskik die inboorling ookal was om te voldoen aan die vereistes van getroue en volhardende arbeid, moes van hom gebruik gemaak word in 'n huishouding waar daar omstandighede was wat onbeperkte arbeidskragte geverg het en waar die beskikbare blanke arbeiders veels te gering was. Hierdie feit het daartoe meegewerk dat die nasionale bedryf van die land, nl. die boerdery , aanvanklik en 'n baie lang tyd daarna nog hom aangepas het by die beskikbare arbeidskragte. Gebrek aan geskikte arbeiders, saam met ekonomiese faktore, het die volksbedryf verander van akkerbou na veeteelt.[1] Vir die intensiewer vorm van die landbou was die destyds verkrygbare kleurlingarbeiders nie geskik nie. Die getalle was ook heeltemal ontoereikend. Daar moes aanvulling van elders kom. Die aankoop van slawe het in 'n mate voorsien in die behoeftes, maar ook weer die ontwikkeling van 'n blanke arbeidersklas teengewerk.

Die besef van sy meerderwaardigheid en van sy hoë roeping as volksplanter het by die pionier die

---

1.Vergelyk Van der Merwe, P.J.: Die Trekboer in die geskiedenis van die Kaapkolonie, 1657-1842, p.23.

besef laat ontstaan dat die inboorling van nature bestem was om die gewone handearbeid te doen. In 'n land waar die wêreld oop was, waar genoegsame geleentheid bestaan het om 'n eie onafhanklike boerdery aan te hou, waar grond volgens die leningsplaasstelsel maklik bekombaar was, waar 'n selfversorgende staatshuishouding aan die orde van die dag was en waar geen strenge eise van harde arbeid gestel is nie, was die ontstaan van 'n blanke arbeidersklas ondenkbaar. Die Hottentotte van die Kaapkolonie was met hulle armoedige lewenswyse maar al te dankbaar om ter wille van gereelde kos en beskawingsgoedere as veewagters in diens van die blankes te tree. So het die inboorling mettertyd 'n onafskeibare deel van die boerdery geword.(2)

Vir die Trekker het die arbeidsvraagstuk nog dringender geword. Sonder slawe en in baie gevalle sonder hulle bediendes wat in die Kaapkolonie agtergebly het, was die boere in baie opsigte van hulle kinders en bure afhanklik .'n Nuwe wêreld moes oopgemaak, ontgin en beskaaf word. Daarvoor was arbeiders nodig. In 'n onbeboude landstreek moes plase aangelê en 'n nuwe begin in baie opsigte gemaak word. Die vraag na arbeiders was dus dringend. In die aanvangsjare, met al die gevare van moord en roof, van onsekerheid en onbestendigheid, was die blanke op homself aangewys vir die vereiste arbeid.Dit is bekend hoe die seuns en dogters op die trek moes help met die vee en ander werk. Na die eerste botsing het die gespanne verhouding tussen pionier en naturel versleg en verhoed dat die naturel gou op die arbeidsmark sou verskyn. So lank die heen en weer trek op soek na die geskikte woonterrein in Transvaal aan die gang was, was daar nie sprake van 'n omvangryke arbeidsveld nie. Sodra daar egter meer bestendigheid gekom het,het die vraag na arbeiders toegeneem.

Vir die Transvaalse boer was dit 'n uitgemaakte saak dat die naturel bestem was as arbeider vir die blanke.As vernaamste speerpunt van die Europese

2. Vergelyk Van der Horst, Sheila: Native Labour in South Africa, p.27.

beskawing in die nuwe land was die pionier so intens bewus van sy roeping dat alles moes swig wat nie bevorderlik was vir die bereiking van daardie doel nie. Dit was vir die boer vanselfsprekend dat die inboorling as arbeider diensbaar gemaak moes word aan daardie roeping.[3] Die armoede waarin die naturelle tydens die intog van die Trekkers in Transvaal geleef het, het hulle genoodsaak om bystand by die blankes te soek. Op hierdie wyse het Louis Trichardt en sy mense reeds die dienste verkry van die naturelle in Noord-Transvaal. Behalwe die dienste van die Buyskeffers is dikwels van ander nabywonende naturelle gebruik gemaak vir die oppas van vee, die kap van hout of die sny van dekgras.[4]

Sommige van die Trekkers het met enkele bediendes en ingeboekte kleurlinge in die nuwe gebied aangekom. Wat die ingeboektes betref, het die Trekkers gou van hulle ontslae geraak . Toe Gideon Joubert wat deur Sir George Napier na die Trekkers gestuur is om die ingeboekte bediendes na die Kaapkolonie terug te bring, by die Trekkers aankom, kon Potgieter meedeel dat die ingeboektes reeds in Oktober 1838 vrygelaat is.[5] Moontlik het daar van hierdie bediendes as huurlinge in die diens van die blankes agtergebly. Net soos dit die geval met Trichardt was, het die Potgietermense ongetwyfeld in hulle beperkte boerdery ook gebruik gemaak van die naturelle wat vir beskerming hulle toevlug na die Trekkers geneem het. Potgieter het aan Napier geskryf dat die hulp wat die naturellehoofde soos Maroko en Sikonjella aan hulle bewys het, nie afgeëis was nie, maar dat hulle uit eie vrye wil die hulp in verband met die veldtog teen Moselekatse verleen het.[6] Nadat Potgieter en sy mense Moselekatse uit Transvaal verdryf het, het etlike vriendskaplik gesinde kleiner stammetjies woonplek by die Trekkers kom vra. Reser-

3. Muller, C.F.J.: Die Britse Owerheid en die Groot Trek, p.22.
4. Preller, G.S.: Dagboek van Louis Trichardt, pp. 45, 52, 53.
5. Potgieter, C. en Theunissen, N.H.: Hendrik Potgieter, pp. 109-110.
6. Ibid., p.112.

wes en woonstreke is vir baie van die terugkomende stamme aangewys op voorwaarde dat die stamme nie gewere en ammunisie sou aanskaf nie.(7) Hoewel daar in hierdie jare van voortdurende verandering en beweging nie juis vaste werkvolk nodig was nie, kan ons aanneem dat die moontlikhede om geld en goedere deur arbeid by die Boere te verdien, die naturelle na die plase gelok het.

Die nedersetting by Ohrigstad het ook van die naburige naturellestamme gebruik gemaak vir werkvolk. Uit die Volksraadnotule blyk dat die Raad die hoofde van sulke stamme ontbied het om aan hulle opdrag te gee om van hulle volk „tot gebruik onder de ingeseetenen te geven voor betaling...".(8) Terselfdertyd is ook besluit dat stappe gedoen sou word teen diegene wat van onwettige vordering vir arbeid van naturelle gebruik maak. Daar word dus duidelik van betaling vir diens melding gemaak. Wat daardie betaling was, en hoe dit gedoen is, kan nie vasgestel word nie. Dit het seker selde in klinkende munt geskied. Die blankes het van die standpunt uitgegaan dat daardie naturelle vir hulle bestaan en veiligheid van die Boer afhanklik was en dat daar gevolglik aanspraak op hul dienste gemaak kon word. Dit blyk ook daaruit dat veldkornet Jan de Beer volmag ontvang om die hulp van die naturelle te gebruik by die maak van 'n pad van Ohrigstad na Delagoabaai.(9) Die werk wat naturelle vir indiwiduele persone in Ohrigstad gedoen het, was die grawe van watervore, sny van dekgras, die dek van huise en die oppas van vee.

Van die staanspoor is die arbeid van die naturel by die boerdery ingeskakel. Dit was die belangrikste bedryf waar die onbeskaafde naturel hom die beste kon aanpas. Namate die Transvaal bevolk geraak het, het die vraag na werkvolk groter geword. Die instroming

7. Ibid., p.133.
8. Volksraadnotule, Ohrigstad, art. 4, dd. 4 November 1847, S.A. Argiefstukke, Deel I, p.73 ; en R.129b/47:publieke bekendmaking, art. 7, Voortrekker -Argiefstukke, p. 288.
9. AdR.169/49:publieke bekendmaking,Ohrigstad, 8 Maart 1849, art.1, Voortrekker-Argiefstukke,p. 369.

van immigrante aan die begin van die vyftiger jare het groter veiligheid en 'n gevestigder bestaan noord van die Vaal teweeggebring. Lydenburg het in Oos-Transvaal die nuwe sentrum geword; Potgieter was gevestig in Soutpansberg, Pretorius in Potchefstroom en in Marico het die pioniers in getalle toegeneem. Die boer kon nou meer aandag aan sy boerdery bestee. Hierdie boerdery het arbeiders vereis, want die land was woes en wild; dit moes eers bewoonbaar gemaak word. Reeds in 1850 het die bewindhebbers die noodsaaklikheid van arbeiders uit die naturellestamme besef en in daardie jaar wetgewing aangeneem om werkvolk vir die boere te verkry.[10] Die veldkornet was verplig om die mense in sy wyk behulpsaam te wees met die verkryging van naturellewerkvolk. Die naturelle kon veertien dae lank gebruik word sonder vergoeding in die vorm van loon. Hulle moes egter van goeie voedsel voorsien word. Hierdie tydperk van veertien dae kon egter nie verleng word nie. Waar 'n naturel vir 'n langer tyd nodig was, moes so 'n naturel beloning vir sy diens ontvang. Verder is bepaal dat, indien 'n naturel homself vir 'n jaar verhuur, hy met 'n vers beloon moes word.

Die onbetaalde dienste van veertien dae is deur die pioniers beskou bloot as 'n geringe vergoeding vir die beskerming en bestaansversekering wat die blankes vir die naturelle gebring het. Hierdie reëling van arbeid is deur sendelinge en negrofiliste bestempel as „Labour Tax". Die naturel kon op geen ander wyse vergoeding bied nie en daarom het die Boer dit as 'n uiters billike tegemoetkoming aan die naturel beskou dat hy deur werk en diens daardie skuld aan die Boer kon betaal. Dan moet ook in gedagte gehou word dat dit 'n vaste oortuiging by die pionier was dat die naturel veral deur <u>arbeid</u> beskaaf kon word. Daarom is aan die veldkornet opgedra om toe te sien dat gevalle van weiering van diens deeglik deur hom ondersoek word, met die reg om in skuldige gevalle so 'n weieragtige naturel te straf, egter nie meer

10. Notule van die Volksraad, Potchefstroom, art. 34, dd. 23 Januarie 1850, EVR.3, pp.35-58, <u>S.A. Argiefstukke</u>, Deel I, p.117.

super NB

as 25 houe met 'n platriem nie. Kommandant-generaal A.W.J. Pretorius het in 1852 aan die here Hogge en Owen verklaar dat die Boere wat deur die sendelinge en selfs deur sir Harry Smith as monsters bestempel was, kon aantoon dat hulle naturelle wat drie jaar lank in diens van die Boere was, reeds bekwaam het as messelaars, saers en dekkers, sodat hulle in staat was „hun brood op een eerlyke wyze te verdienen".[11] Die beperkte mate van verpligte werk moet dus nie as dwangarbeid beskou word nie.[12]

Die sogenoemde „dwangarbeiders" is in die boerdery alleen gebruik vir periodieke werke soos die sny van koring en hawer, die skoonmaak van tuine en ander werk wat in betreklik korte tyd afgehandel kon word.Die veldkornet van 'n wyk het dikwels met sy hand in sy hare gesit om in al die behoeftes van sy wyk te voorsien, veral tydens oestyd. Vir die meer gereelde vaste werk is naturelle gehuur. Veewagters was gereeld betaalde werkvolk.[13]

Dat hierdie twee stelsels van die verkryging van arbeiders veel sukses opgelewer het, kan uit beskikbare gegewens nie bewys word nie. Inteendeel, die vraagstuk van werkvolk is nooit bevredigend

---

11. adR.376a/52: Pretorius aan Owen en Hogge, 10 Maart 1852.
12. Kistner,W.:„The Anti-Slavery Agitation against the Transvaal Republic,1852-1868",Argiefjaarboek, Deel I, 1952, p.213. Kistner skryf: „A system of forced labour thus undoubtedly existed in the Transvaal Republic.With independent tribes living outside the European area it would assume the form of taxation. With regard to Natives living within the European area under direct protection of the Boers, the furnishing of a regular labour supply would be regarded as payment for the land which had been assigned to them. Unrewarded labour, on the ether hand, was not allowed by the Transvaal government. Remuneration could either be made in kind or in money, or in the usufruct of land. In practice the employment of Natives without compensation was scarcely possible since the servant could not be induced by any other method to stay with his master".
13. Agar-Hamilton,J.A.I.: Native Policy of the Voortrekkers, p.201.

opgelos nie. Dit was ondenkbaar dat die naturel wat aan geen gereelde werk gewoon was nie, hom sommer die vereistes wat die boerdery gestel het, sou laat welgeval. Veral waar werkvolk deur die veldkornet ontbied is, kon wrywing en botsing verwag word. Inderdaad was die boer van die staanspoor af aangewys op minderwaardige arbeidskragte. Voortdurend was daar klagtes. In September 1850 het veldkornet F.J.Botes klagtes ontvang van werkvolk wat weggeloop het en van aanranding op blankes.[14] 'n Sekere Jan Hoorn se werkvolk, naturelle van die hoof Sambok, het weggeloop en toe Hoorn na Sambok gaan om te verneem waar die werkvolk was, is hy saam met sy swaer, Abraham Duvenage, aangerand. Later het veldkornet D. Erasmus aan kommandant-generaal Pretorius verslag gedoen van 'n stamhoof wat verhuis het. 'n Sekere hoof, Rantekwaan, het verdwyn en gevolglik moes Erasmus kla dat „de laatste kaffer van ons weggeloopen is".[15] Landdros J. de Clercq van Lydenburg het in dieselfde tyd aan Pretorius geskryf van die opstandigheid van Mapog en Maleuw , omdat hulle volk by die blankes moes werk.[16] 'n Verdere klagte kom van Frederik Scheepers dat sy volk weggeloop het, nieteenstaande hy die een vooruit betaal het.[17]

Dit is te begrype dat die naturel wat hoofsaaklik van die jag geleef het en wie se vrou die strokie land vir onderhoud bewerk het, nie in die plaaswerk wou of kon volhard nie. Die naturel was as arbeider 'n leerling wat eers geleidelik moes leer om te werk.

14. R.231/50: verklaring van veldkornet F.J.Botes insake aanranding op Adriaan Engelbrecht, Jan Hoorn en Abraham Duvenage, dd. 1 Oktober 1950, Transvaalse Argiefstukke, pp. 44-46.
15. R.270/51: veldkornet D.Erasmus aan kommandant-generaal A.W.J.Pretorius, dd. 22 April 1851, Transvaalse Argiefstukke, pp.79.
16. R.280/51: Landdros J.de Clercq aan kommandant-generaal A.W.J.Pretorius, dd. 16 Mei 1851, naskrif, Transvaalse Argiefstukke, pp. 85-86.
17. R.322/51: Scheepers aan Pretorius, 16 September 1851, Transvaalse Argiefstukke, pp.116-117.

Ander faktore het ook diensverlating in die hand gewerk.Die land was dun bewoon en leeglopery was nie maklik te beheer nie; weggeloopte bediendes kon moeilik opgespoor word. Die bestaan van talryke krale, groot en klein, was 'n sterk lokmiddel om weg te loop. Verder het die afwesigheid van huurkontrakte en gebrek aan beheer en toesig daaroor geleentheid aan naturel en boer gegee om taamlik willekeurig te werk te gaan. Die behoefte aan arbeiders het die blankes ook genoop om nie te kras op te tree nie en om die goeie verhouding met die opperhoofde en hoofde te behou. Die bewussyn by die Trekkers dat die Britse Regering en ander simpatiseerders met die naturelle elke handeling van die Boere met agterdog bejeën het, was aanleiding daartoe dat reeds vroeg wetgewing aangeneem is om mishandeling van werkvolk te verbied.In 1853 het die Volksraad besluit dat geen burger 'n naturellewerker soos 'n bandiet „in yzer of boeien" sou slaan nie. Die veldkornet moes waak dat daar nie mishandeling van werkvolk in sy wyk voorkom nie.[18]

Die beginsel van beperking van die aantal naturellehuisgesinne per plaaseienaar wat in die Republiek Natal van toepassing was, is blykbaar deur kommandant-generaal Andries Pretorius ook vir Transvaal oorgeneem. In 1853 skryf hy aan 'n sekere J.C.Hattingh dat elke burger geregtig was op vier naturellegesinne op sy plaas.[19] In die notule van die Volksraad word die aanvaarding van so 'n besluit egter nie gevind nie. Dit was heel moontlik 'n besluit van die Krygsraad wat in hierdie jare dikwels onder leiding van Andries Pretorius sake behandel het wat eintlik buite die jurisdiksie van die Krygsraad geval het.

---

18. Notule van die Volksraad, art. 77, dd. 24 Maart 1853, EVR. 3, pp. 289-316, S.A.Argiefstukke, Deel II, p.111.
Sien ook Kistner,W.:op.cit.,p.208:„The treatment of the servants , as a rule, though subject to the whims of the employer, was not unkindly, on one condition however: that they knew 'their place', and that in their words as well as in their actions, they remained aware of the 'proper relations between master and servant".
19. R.446/52: 3 November 1852, Transvaalse Argiefstukke, p.257.

Die beskikbare naturellekrale is gewoonlik deur die krygsraad aan die veldkornette uitgedeel. So is op 'n vergadering van 20 November 1852 'n verdeling gemaak.[20] Die veldkornet het voorwaar 'n onbenydenswaardige taak gehad om te vervul. Hy is dikwels oorval met aansoeke vir werkvolk en moes dan rondry om werkvolk te vind. Dikwels het 'n ander veldkornet die naturelle aangekeer vir diens en dan was daar klagte. In Maart 1853 skryf veldkornet D.Erasmus in verband met hierdie moeilikheid aan kommandant-generaal Andries Pretorius dat hy die assistent-veldkornet met drie manne gestuur het om werkvolk vir sy wyk se mense te gaan haal, maar dat hulle onverrigtersake moes terugkeer omdat Neethling, Malan en ander die jong kaffers weggeneem het. Hy skryf:

> „Het is voor myn onbestaanbaar zooals het nu gaat, ik heb dag en nacht myn paarden moet laaten loopen en afryden om die weinige kaffers die my door de Krygsraad toegekend is dienstbaar te maaken en nu dat ik het op een geregelde wys heb nu maakte andere menschen hun meester van zoodanige volk welk voor myn onbestaanbaar is".(21)

Pretorius moes ook klagtes hoor van burgers wat gegrief was dat die veldkornet hulle nie van werkvolk wou voorsien nie ; of hy moes opdrag gee dat die kommandant die naturelle moes regmaak, sodat hy werkvolk vir sy wyksmense kon kry.[22]

'n Verdere probleem waarmee die krygsraad te kampe gehad het, was die gebrek aan naturellewerkvolk in die een wyk en die aanwesigheid van te veel in 'n naburige wyk. Die naturelle kon nie gedwing word om hulle kraal te verlaat en na 'n naburige kraal verplaas te word nie. In sulke gevalle moes die betrokke veldkornet probeer om die naturelle met „goedwilligheid" te beweeg om te trek. Indien 'n naturel uit eie wil na 'n ander veldkornetswyk wou verhuis, is dit hom

---

20. R.463/52: Notule van die Krygsraad, Rustenburg, 20 November 1852, Transvaalse Argiefstukke, pp. 272-274.
21. R.508/53: veldkornet D.Erasmus aan Pretorius, 7 Maart 1853: Transvaalse Argiefstukke, pp. 319-320.
22. R.513/53: S.P.Riekert aan Pretorius, 23 Maart 1853, Transvaalse Argiefstukke, p. 325 ; R.526/53: J.H.Botha aan Pretorius, 5 Mei 1853: Transvaalse Argiefstukke, p.334.

toegelaat, indien hy na 'n boereplaas verhuis het. Indien sy huurtyd nog nie verstreke was nie, kon 'n naturellewerker nie na 'n ander kraal of stat verhuis nie.[23]

Die ander bron van voorsiening van arbeiders, nl. die inboekstelsel, is in Transvaal toegepas van die vroegste jare af. Omdat daar so baie oor hierdie stelsel geskryf is en die Boere hard gekritiseer is, moet nie aangeneem word dat die stelsel as middel om werkvolk te voorsien van veel betekenis was nie. Die hulp wat ingeboektes kon bied, was gering, omdat die ingeboektes vanselfsprekend jonk was en omdat die verkryging van sulke ingeboektes nie maklik gegaan het nie. Sulke ingeboektes het gewoonlik by die huis gehelp met huiswerk, terwyl die volwasse naturelle by die algemene boerdery moes help. Die omvang van inboeking van inboorlingkinders was gering, sowel wat die tydperk van diensbaarheid as die getalle betref. In 1844 reeds is 'n bepaling gemaak dat niemand die reg sou hê om na die verblyfplek van naturelle te gaan en naturellekinders op 'n onwettige wyse in besit te neem nie.[24] Die Trekkers was juis op hul hoede vir die Britse owerheid ten opsigte van enige vorm van slawerny. In Ohrigstad moes die nedersetters in 1846 reeds van vriende uit Natal verneem dat gerugte onder uitlanderhandelaars die rondte gedoen het dat die Trekkers slawe aanhou.[25] Daar is dan ook dadelik stappe gedoen om te voorkom dat vreemdelinge slawe oor die grens van die nedersetting sou neem. Die Volksraad het 'n versoek van Servaas van Breda om naturellekinders wat hy van die Portugese owerheid ontvang het, na Mooirivier te neem, van die

23. R.557/53: Notule van die Krygsraad gehou op Rustenburg, 10 Augustus 1853, Transvaalse Argiefstukke, pp. 370-371.
24. Drie en dertig Artikels, 1844, art. 28: S.A. Argiefstukke, Deel I, p.9. Vergelyk ook Kistner, W.: op.cit., p.227: „When the Voortrekkers left the Cape Colony, the apprenticeship system was still in force in a modified form and must have been generally practised in the frontier districts".
25. Notule van die Volksraad, art. 1, dd. 21 Januarie 1846, EVR.I, pp. 34-38, S.A. Argiefstukke, Deel I, pp.28-29.

hand gewys, omdat dit in stryd was met vorige bepalings en omdat die Raad niks te doen wou hê met slawehandel.[26]

Inboeking van naturellekinders was alleen geoorloof waar sodanige kinders reddeloos nagelaat is by die dood van die ouers. By gewapende botsing tussen 'n naturellestam en die Trekkers het dit dikwels gebeur dat kinders ouerloos geword het en dan geen sorg gehad het nie. In sodanige geval moes die bevelvoerende offisier toesien dat die weeskinders nie hulpeloos agtergelaat word nie. Daarom is sulke weeskinders onder toesig na blankes oorgebring waar hulle by goedgekeurde persone ingeboek is. In 1851 het die Volksraad bepalings gemaak ten opsigte van die inboek van weeskinders of kinders wat deur naturelle self vir inboeking aangebring is.[27] Die aanneem van sulke naturellekinders het nie net geskied om vir die wese te sorg nie, maar om hulle ook as arbeiders, as werkvolk, te hê. Die wet het bepaal dat enigiemand wat 'n kind as vrye gif ontvang het of op 'n ander wettige wyse verkry het, daarvan aan die veldkornet kennis moes gee binne agt dae na ontvangs. By die landdros moes dan die inboeking of registrasie geskied en 'n verklaring van die wyse waarop die kind verkry is, moes gemaak word. Verder moes die plek van herkoms en die geskatte ouderdom aangeteken word. Die inboeker moes onderneem om goed vir die ingeboekte te sorg en moes die ingeboekte nie mishandel nie. So 'n ingeboekte het in die diens van die aansoeker gebly totdat hy of sy mondig geword het, d.i. vir manlike kinders tot hul een-en-twintigste jaar en vroulike kinders tot hul agtiende jaar. Waar kinders aan beamptes oorhandig is by wyse van geskenk, of waar hulle as wese agtergelaat is, was dit die plig van die verantwoordelike beampte om die kinders na die landdros te bring. Die landdros het na vasstelling van die herkoms van die kinders, aansoeke ingewag van persone wat geskik was om kinders te neem. Die wese

26. Ibid., artikel 2, dd. 15 Desember 1847, EVR.I, pp. 34-38, S.A.Argiefstukke, Deel I, p.74.
27. Agar-Hamilton, op.cit., pp.180-181.

is by wyse van loting toegeken . Daar moes egter betaal word vir so 'n inboorlingkind.(28) By verwaarlosing of mishandeling van sy ingeboektes het 'n boer hulle verloor. As 'n baas te sterf gekom het, kon iemand anders onder goedkeuring die ingeboektes vir hom laat registreer.

Dat die ingeboektes veel bygedra het om die nodige arbeiders te voorsien, kan nie beweer word nie. Agar-Hamilton beweer dat hulle waarde daarin geleë was dat hulle volwassenes vrygestel het om op die lande te kan werk. Die inboekelinge kon ligte huiswerk verrig.(29) Die gebruik van ingeboektes het dan ook net in die aanvangsjare in Transvaal as arbeiders betekenis gehad. Nadat die toestand onder die naturellevolke vaste vorm aangeneem het en nadat vir hulle woonstreke aangewys is, of nadat hulle verdryf of onderwerp is, het die bron van inboekelinge opgehou om te bestaan.

Met die toename van die blanke bevolking teen 1858 het die vraag na werkvolk ernstiger geword. Die feit dat die boerdery nie as 'n beroep beskou is waarin alle kragte aangewend kon word nie, het aanleiding daartoe gegee dat die boer sy bedryf veelal aan naturellewerkvolk toevertrou het. Gevolglik moes hy 'n groot aantal naturellegesinne hê om die ekstensiewe boerdery waar te neem, meer as wat in 'n goed beplande bedryf nodig sou wees. Hierdie verskynsel het die aanvraag na werkvolk aansienlik verhoog. Waar die blankes omring was van talle naturellestamme en waar dit die doel was om die naturel deur arbeid vir die Christelike beskawing te wen, het die boereseuns al minder en minder self plaaswerk gedoen.

Die taak van die veldkornet om werkvolk vir die boere in sy wyk te vind, is bemoeilik deur die feit dat daar in die jare van geldskaarste niks was wat

28. Volksraadnotule, art. 3 , dd. 7 Oktober 1848, EVR.I; Hier is bepaal dat vir 'n sekere aantal kinders wat deur Manekos se volk aangebring is, betaal sou word: vir die twee kleintjies Rds. 35 elk en vir die ander Rds. 50. Sien ook <u>S.A. Argiefstukke</u>, Deel I, p.86.
29. Agar-Hamilton, op.cit., p. 188.

die boer as loon of vergoeding vir dienste kon aanbied wat buitengewoon aantreklik was nie. Die meeste naturelle kon leef en bestaan sonder die vergoeding wat van die blankes verkry kon word. Daar was dus nie 'n besondere prikkel, soos later by die diamantvelde, om gewere en ammunisie of kontantgeld in die hande te kry nie. Albei rasse het 'n naturaalhuishouding daarop nagehou en die naturel het meestal net gaan werk, omdat hy deur sy kaptein of opperhoof daartoe gedwing is. Aangeneem kan word dat die boere baie gou besef het dat die toekenning van naturelle om vir twee weke kosteloos diens te lewer, nie bevorderlik vir die boerdery was nie. Die tydelike aard van die dienste van sulke naturelle kon nie bevorderlik vir die boer se plaaswerk wees nie. Daar was meer sekerheid en vastigheid nodig in die boerdery.

Hierdie meer permanente diens kon alleen deur huur van werkvolk verkry word. In die instruksie vir veldkornette is in 1858 voorsiening gemaak vir die reëling van dienskontrakte tussen blankes en nieblankes. Artikel 56 van die instruksies het bepaal dat die huur van werkvolk per kontrak moes geskied.[30] Die veldkornet moes die ooreenkoms nasien en teken vir bekragtiging. In die kontrak moes die duur van die diensooreenkoms gemeld word, asook die loon wat die huurling sou ontvang. Werwing van diensvolk moes gedoen word met die tussenkoms van die veldkornet in wie se wyk die betrokke inboorlinge gewoon het.[31] Naturelle wat onder 'n kaptein of opperhoof gestaan het, kon alleen gewerf word deur bemiddeling van die veldkornet in wie se wyk die opperhoof of kaptein gewoon het.[32] Waar 'n boer op sy eie grond naturellegesinne gehad het, kon hy nie meer as vier aanhou nie en vir hulle dienste moes betaal word.[33] Blykbaar is aangeneem dat vier gesinne voldoende werkvolk vir die boerdery kon voorsien. Dit was moontlik ook die gedagte om deur hierdie bepaling opeen-

30. Locale Wetten der Z.A.Republiek,1849-1885, pp. 98-99.
31. Ibid., p.96: artikel 39 van genoemde instruksies.
32. Ibid., art. 40.
33. Ibid., art. 57, p.99.

hoping van naturelle op plase te voorkom en om 'n eweredige verspreiding van beskikbare werkvolk te bewerkstellig. Dit het spoedig geblyk dat vier naturellegesinne nie in al die arbeidsbehoeftes van die meeste boere kon voorsien nie. Later is toe ook verdere tegemoetkoming gedoen.

Die instruksies het o.a. bepaal: „De meesters en meesteressen zullen hunne gekleurde dienstboden goed voeden, goed behandelen en beloonen". Werkvolk kon by die veldkornet kla oor onbillike behandeling. As dit geblyk het dat die klagte teen 'n werkgewer ongegrond was, kon lyfstraf toegedien word, sodat dit ander voornemende klaers wat ongegronde klagtes gehad het, kon afskrik.[34] Ten einde die probleem van rondlopende naturelle die hoof te bied, is bepaal dat gekleurdes wat geen kaptein of opperhoof gehad het nie, nie sonder werk mag wees nie. Sodra 'n sodanige gekleurde uit diens was, moes hy hom by die veldkornet aanmeld ten einde weer 'n werkplek te kry.[35] Dit is in die eerste plek nie gedoen om werkvolk te verskaf nie, maar om leeglopery te bekamp en 'n gereelde werkgewoonte by onbeskaafde inboorlinge aan te kweek. Die probleem van leeglopery kon baie ernstig word in 'n land wat dun bevolk was en waar die naturel nog nie aan gereelde werk gewoon was nie. Tog het hierdie bepaling ook meegewerk om die vraagstuk van werkvolkvoorsiening te verlig.

Onder die selfversorgende nie-kommersiële boerderystelsel van die sestiger jare was die aanvraag na plaasarbeiders nie uitermate groot nie. Die naturellebevolking het onder die beskerming van die blankes aansienlik toegeneem in getal. Bestaande wetgewing het gehelp om 'n redelike hoeveelheid plaasvolk te voorsien. Dit was egter eers met die ontginning van die diamantvelde en die aanlê van spoorweë in die Kaapkolonie dat die vraagstuk in

34. Ibid., art. 44, p.97.
35. Locale Wetten der Z.A. Republiek,1849-1885, pp. 97-99, art. 45 van die instruksies.

erns toegeneem het. Vanaf 1870 was daar voortdurend klagtes oor gebrek aan werkvolk en is verskeie kommissies benoem om ondersoek te doen na moontlike oplossings van die skaarste aan arbeiders. Tot op daardie tydstip was die naturellebevolking hoofsaaklik bestem vir plaaswerk. Met die ontdekking van diamante tree 'n nuwe tydperk in die geskiedenis van Suid-Afrika in wat op velerlei terrein lastige vraagstukke geskep het. In al die state en kolonies van Suid-Afrika het die tekort aan werkvolk die owerheid laat gryp na maatreëls wat in die verskillende state groot ooreenstemming toon:

> " The mines and expanding industries which served them, competed for the factors of production, for land, for capital, and for labour. Complaints about the scarcity of labour became widespread, particularly in the coastal colonies where the construction of railways and harbours and the needs of the growing towns competed with the farmers in the market for Native Labour". (36)

In die Suid-Afrikaanse Republiek het die kommandant-generaal, onder wie se toesig die naturellebevolking gestaan het, in 1869 besef dat die beheer oor die inboorlinge nie na wens was nie. Hy het gevolglik wetgewing vir beter beheer van die nie-blankes voorgestel. Die doel van die wetgewing was om landlopery, diefstal en ongereeldhede te bestry en om beter beheer oor die inboorlinge uit te oefen.(37) Die werkgeleentheid vir kontantgeld, vir gewere en ammunisie wat deur die ontstaan van die diamantvelde in die suidwestelike deel van die Republiek geskep is, het ook baie van die naturelle van Transvaal daarheen gelok. 'n Algemene rondlopery het ontstaan en duisende naturelle het heen en weer deur die Republiek geloop. Die boere het gaandeweg baie van hulle werkvolk verloor. „The immense demand for labour

---

36. Van der Horst, Sheila: Native Labour in South Africa, p. 64 en p. 88.
Die konstruksie van spoorweë in die Kaapkolonie het in daardie geweste baie naturelle wat elders werk sou vind, getrek. Tussen 1874 en 1886 is daar meer as 1700 myl spoorweg aangelê, hoofsaaklik vanuit die hawens na die goudvelde.
37. Notule van die Volksraad, art.154, dd. 3 Junie 1870, EVR. 9.;
Locale Wetten der Z.A.Republiek 1849-1885, p.378, Wet No. 9 van 1870.

> created by the rapid growth of the Diamond Diggings, and the splendid wages given have attracted to our camps thousands of natives belonging to all tribes around and a long way north of the Vaal River. Kafirs, Korannas, Hottentots, of every colour from pale sickly yellow to polished ebony, swarm at the Fields. Formerly the "up-country" Kafirs used to contract with the Boers and other farmers for a year's services, at the end of which time they considered themselves well rewarded with a cow, value £3 or £4 ; now good "boys" are freely paid on the diggings 30 s. per month, and fed well into the bargain."(38)

Die naturelle wat nie wou werk nie en wat net rondgeloop het of in die krale leeggelê het, was 'n gruwel vir die boer wat werkvolk dringend nodig gehad het. Die Volksraad was van oordeel dat, indien sulke naturelle verplig word om belasting te betaal, hulle genoodsaak sou wees om te gaan werk ten einde geld in hande te kry. Die genoemde wet van 1870 het eerstens bepaal dat naturelle nie op goewermentsgronde sonder skriftelike verlof van die landdros kon woon nie. Verder word die dra van 'n pas vir elke naturel verpligtend gemaak, indien so 'n naturel hom buite die grense van sy woonplek begeef. Artikel 4 van die wet het bepaal dat, indien 'n inboorling die pasregulasies oortree, so 'n naturel onder kontrak by 'n burger as diensbode gestel sou word. Die veldkornet sou die maandelikse loon vir so 'n diensbode bepaal. Waar naturelle 'n veldkornetswyk binnekom om hulle daar te vestig, moes die veldkornet aan hulle 'n woonplek aanwys. Sulke naturelle sou onder dienskontrak by burgers gestel word. Die veldkornet moes toestemming gee by verlating van die wyk. Artikel 15 van die wet is belangrik:

> " Voor de voorregten en bescherming die de inboorlingen van dit Gouvernement genieten en met het doel hun daardoor dienstpligtig te maken aan de blanke inwoners, word by deze besloten en vastgesteld, dat de Kaffers en andere kleurlingen jaarlyks eene belasting ten behoeve van het Gouvernement dezer Republiek zullen betalen".

---

38. Payton, Charles: The Diamond Diggings of South Africa, p.137.

Die beginsel van belasting is hier aanvaar ten einde die naturelle tot werk uit te dryf.[39] Daarom is die belasting 'n hutbelasting en nie 'n hoofbelasting nie. Dit het getrag om die naturelle met 'n hele aantal vroue, en gevolglik met meer as een hut , te noodsaak om te gaan werk ten einde die belasting te kan betaal. Sulke naturelle het gewoonlik nie gewerk nie. Hulle vroue het vir die bewerking van die landerye gesorg. Vir naturelle wat by burgers in diens was en op die boer se plaas gewoon het, was die belasting 2/6 per hut per jaar. Vir die naturelle wat in diens was maar nie op die boer se plaas gewoon het nie, was die belasting vyf sjielings. Vir gevalle waar naturelle nie in diens was nie, was die heffing tien sjielings per hut. Sulke naturelle was diensbaar en die opperhoof was verantwoordelik vir die gereelde betaling van die belasting van sy onderdane.[40]

Die getal huisgesinne per plaas is verhoog tot vyf en opening is gegee dat boere verdere werkvolk kon huur onder behoorlike kontrak.[41] Met die aanname van hierdie wet het die Volksraad 'n tydperk binnegetree waarin voortdurend vir verandering van bepalings ten opsigte van die werkvolkvraagstuk geagiteer is. Die hele naturellevraagstuk het sedert 1865 aktueel geword en in die jare sewentig die Republiek hoofbrekens besorg. Talle memories het voortdurend by die Volksraad ingekom en gepleit vir die een of ander wysiging in die beheer van naturellewerkvolk.

In 1872 is afgesien van die hutbelasting en is bepaal dat elke naturel binne die grense van die

39. Ook in ander Suid-Afrikaanse state is die toevlug na belasting geneem ten einde daarmee die naturel te dwing om by blankes in diens te tree. In die Kaapkolonie, in Natal, Basoetoeland en die Oranje-Vrystaat is ten gevolge van gebrek aan werkvolk hutbelasting gehef.(Sien Van der Horst, Sheila,op.cit., p.112).
40. Locale Wetten der Z.A.Republiek,1849-1885, p.381: artikel 16, Wet No. 9 van 1870.
41. Ibid., art.17 van die wet.

Republiek 'n pas moes hê waarvoor hy jaarliks £1 moes betaal.[42] Om 'n pas te kan kry moes 'n naturel 'n huurkontrak kon toon of spesiale verlof van die Regering hê. Dit het beteken dat alle naturelle wat onderdane van die Republiek was, in diens van 'n blanke moes wees. Hierdie paswet is in 1873 weer hersien. In sy toespraak by die aanvang van die Volksraad van 1873 het president Burgers in verband met die paswet gesê:

> „Eene hersiening van de kaffer- en paswet is dringend noodzakelyk. Niet alleen heeft vooral de landbouw, wegens de gestrengheid der bestaande wet veel geleden, maar zelfs worden in andere opsigten de belangen van den Staat er door bedreigd, en het zal noodig zyn in deze zaak doortastende maatregelen te nemen".(43)

Na aanleiding hiervan het die Volksraad 'n kommissie van drie lede benoem om 'n verslag oor die aangeleentheid op te stel.[44] In sy verslag beveel die kommissie aan dat die Volksraad aan die Regering opdra om die kaffer- en paswet te hersien.[45] 'n Paar dae later is die wysigings dan ook aangeneem.[46] In hierdie wysigings word voorsiening gemaak vir kostelose uitreiking van passe op vertoning van 'n sertifikaat van 'n burger waarin verklaar word dat die aansoeker vir 'n pas behoorlik by hom verhuur is vir nie minder as ses maande nie. 'n Burger kon nie meer as tien sulke sertifikate uitreik nie.[47]

Dit blyk nie of hierdie wysiging die skaarste aan werkvolk enigsins verlig het nie, want klagtes, memories en voorstelle tot verdere wysiging het voortgeduur. Dat die skaarste aan werkvolk werklik ernstig was , blyk o.a. uit wat 'n burger skryf:

> „Wy lezen: er is eene stemme in Rama gehoord, geklag, geween en veel gekerm. Dat mag wel van onze Republiek gezegd worden, als men nagaat de schaarste van dienstvolk op de boerenplaatsen.

---

42. Ibid., p. 473, Wet No. 3 van 1872.
43. Notule van die Volksraad, art. 2(e) van die openingsrede, EVR.11.
44. Ibid., art.17, 1 Maart 1873. Die lede van die kommissie was die here P.J.Joubert, T.F.Dreyer en J.H.M. Kock.
45. Ibid., art.23, dd. 5 Maart 1873.
46. Ibid., art. 33, dd. 10 Maart 1873.
47. Locale Wetten der Z.A.Republiek,1849-1885, p.481: artikel 9 van Wet No. 4 van 1873.

> Als het niet beter wordt, wat zullen dan onze bloeiende plaatsen ons baten...Hier zyn zoo vele duizende kaffers en wy moeten hen beschermen voor £1, die zy aan het gouvernement betalen en die hen verder vry maakt en wy moeten Kerk en Staat ophouden...Gaat de verlegen landbouwer met zyn geld in den zak naar de kafferkraal om arbeiders te huren, dan moet men by hen zoete broodjes bakken en dan vragen ze nog zoo veel dat de boer dat niet kan geven en dat ze nimmer kunnen verdienen...".(48)

Die korrespondent het nog hoop dat die president sou help, aangesien laasgenoemde in antwoord op 'n rekwisisie belowe het om die boere van werkvolk te voorsien.

Die vyandige houding van die inboorlingvolke in al die state en kolonies in Suid-Afrika, tesame met die uitwerking van die toestroming na die diamantvelde, het die vraagstuk nadelig beïnvloed. Al meer en meer plase is nou geokkupeer en daar was werk wat gedoen moes word. As almal wou werk, was daar genoeg werkvolk, maar die feit dat die lewenspeil van die naturel baie laag was, sodat hy uit 'n karige inkomste aan produkte 'n bestaan kon maak, het hom nie na die plaaswerk aangetrek nie.

Tydens die Volksraadsitting die volgende jaar het die heer Munnik gevra dat die paswet gewysig word.(49) Talle memories teen die paswet het ook weer by die Volksraad ingekom. Weereens het die Volksraad besluit om 'n kommissie van drie lede te benoem om die paswet in hersiening te neem en verslag te doen so gou moontlik.(50) Die kommissie het sy doelstelling met sy ondersoek en aanbevelings as volg gestel: „Het bezorgen van arbeiders aan het nyvere deel der blanke bevolking in dezen Staat en het voorkomen van gebrek aan werkvolk".(51) In die paswet is die volgende belangrike wysiging voorgestel: die pasgeld vir 'n naturel moes na £5 per jaar verhoog word. Daardeur sou naturelle verplig word om by die blankes te werk. Die saak was egter so ingewikkeld dat dit

48. De Volksstem, 19 September 1873: brief van T.S.Bruwer.
49. Notule van die Volksraad, art. 153, dd. 23 Oktober 1874 en art. 159, dd. 26 Oktober 1874, EVR.12.
50. Ibid., art. 173, dd. 28 Oktober 1874,EVR. 12.
51. Ibid., art. 211, 5 November 1874, EVR.12.

tot 'n later datum uitgestel is. Dit was duidelik dat die paswet van waarde sou wees slegs as daar 'n doeltreffende polisiemag beskikbaar was om toe te sien dat die bepalings uitgevoer word. Tog was daar burgers wat van oordeel was dat die paswet daadwerklik toegepas moes word.[52]

Nuwe wetgewing is in die Volkraadsitting van 1876 aangeneem. Daar is weer na die hutbelasting teruggekeer. Vir 'n bewoonde hut in groot lokasies moes tien sjielings per jaar betaal word; vir kleiner lokasies of vir naturelle op privaat grond moes vyf sjielings per jaar betaal word. Waar nie-diensdoende naturelle bo 20 jaar tien sjielings per jaar opgaaf moes betaal, is naturelle in blankes se diens daarvan vrygestel. Rondlopernaturelle moes ook gelde vir paspoorte betaal.[53] Hierdie bepalings het, behalwe die voorkoming van rondlopery en diefstal, natuurlik ook gepoog om werkvolk aan te trek.

Met die ontstaan van die goudmynbedryf in Transvaal en veral op die Witwatersrand het die plaasarbeidvraagstuk ernstiger afmetings aangeneem. Behalwe dat die goudmyne talle naturelle gelok het as gevolg van goeie kontantlone en vasgestelde werkure, het die bedryf ook 'n verlewendiging van die boerderybedryf teweeggebring wat op sy beurt weer die vraag na plaasarbeiders verskerp het. Die blanke bevolking van die Republiek het binne 'n paar jaar geweldig toegeneem; die vraag na landbouprodukte het gestyg. Onder die nuwe inkomelinge was daar nie blankes wat hulle juis op die boerdery toegelê het nie, nog minder as plaasarbeiders aangemeld het.Net soos in die geval van die diamantvelde het die goudmyne veral spoorwegkonstruksie bevorder. Afgesien van die konstruksie van spoorweë buite die Suid-Afrikaanse Republiek , is in die Republiek self 889 myl spoorweg gedurende die jare

---

52. Ibid., art. 81, dd. 24 Mei 1876, EVR.12. 'n Memorie uit Waterberg vra dat die paswet toegepas moet word, want die naturelle wat nie belasting betaal nie, loop rond en wil nie werk nie. Honderde loop met gewere rond. Daar moet rydende polisie wees.
53. Ibid., art. 143, dd. 9 Junie 1876,EVR.12.

1888 en 1890 gebou. Hierdie werke het heelwat naturelle getrek en sodoende die beskikbare werkkragte vir die boerdery verminder. Die lone by die konstruksiewerke was hoog en het gevolglik makliker arbeiders getrek as die boerdery.[54]

Met die instroming van vreemdelinge ontstaan die sogenoemde kompaniesplase waar naturelle saamdrom. Ook boere met meer as een plaas het dikwels heelwat naturellegesinne op hul gronde aangehou. Terwyl sommige boere dus baie werkvolk gehad het, het ander weer te min gehad. Die saamdrom op ongeokkupeerde gronde het 'n ernstige vraagstuk geword. Die Regering het gemeen dat beter distribusie van naturellegesinne die arbeidstekort sou uitskakel. Daarom het die Volksraad in 1887 die Plakkerswet aangeneem. Hierdie wet het bepaal dat nie meer as vyf naturellegesinne op 'n plaas wat deur blankes self geokkupeer word, mag woon nie. Op plase wat nie deur blankes bewoon word nie, kon nie meer as twee naturellegesinne woon nie.[55]

Die strenge toepassing van die Plakkerswet was op hierdie stadium onmoontlik. Dit sou 'n geweldige verskuiwing en verhuising van die naturellebevolking teweegbring. Lokasies moes aangewys word vir stamme. Beamptes het nie die nodige mag gehad om die bepalings onverbiddelik te laat uitvoer nie. Die verwagting dat 'n ewerediger verspreiding van die naturelle bewerkstellig sou word, is nie verwerklik nie.[56] Sterk

54. Van der Horst, Sheila, op.cit., p.140.
55. Notule van die Volksraad, art. 1369, dd. 1 Augustus 1887, EVR.36. Sien ook Wet No.11 van 1887 en Brooks, E.H.: Native Policy, p.131, voetnoot 18. Die boere van die Kaapkolonie het ook gekla oor die saamdrom van naturellegesinne op ongeokkupeerde plase. Dikwels het 'n boer groot getalle naturellegesinne aangehou, terwyl sy bure sonder werkvolk moes klaarkom. In die Oranje-Vrystaat het dieselfde verskynsel voorgekom. In 1893 is 'n plakkerswet aangeneem wat die aantal naturellegesinne op 'n plaas beperk het. (Van der Horst, S., op.cit., pp. 146-153.)
56. Vergelyk wat die heer H.P.N. Pretorius daaromtrent geskryf het in De Volksstem van 8 September 1887. Sien ook hoofartikel van 8 Augustus 1887, De Volksstem.

twyfel is uitgespreek oor die vraag of die bepaling van vyf huisgesinne per plaas die arbeidstekort sou verlig. Gehuurde naturelle was baie duurder as woonkaffers en gevolglik sou baie min boere van daardie bron van werkvolk gebruik maak.Dit was ook moontlik dat die verskuiwing van naturelle hulle na die goudvelde en diamantdelwerye sou dryf.

Vanaf 1889 is die uitwerking van die goudvelde op die arbeidsvraagstuk in die boerdery skerper gevoel. Die styging van landboupryse ten gevolge van die groter aanvraag het gelei tot verhoging van produksie en produksiekoste. Baie van die nuwe ontwikkelings wat pryse van boerderyprodukte laat styg het, het ook gelei tot 'n groter vraag na arbeiders in ander rigtings en bedrywe. Nuwe geleenthede vir naturellewerkers is geskep. Onder toesig van blankes kon naturelle selfstandige produseerders word en produkte op die mark bring. Baie naturelle is deur transportryers in diens geneem en sodoende van die plase onttrek. Die plaas met sy onafgebroke werk van voor sonop tot donker in die aand , dag na dag, was minder aantreklik as werk in die myne, die industrieë en op die spoorweë waar werkure vasgestel was. Die boer het gewoonlik per jaar gehuur, terwyl die naturel nou maandeliks en soms ook weekliks loon kon kry. Die moontlikhede om sterk drank op die goudvelde te kry was 'n ander faktor wat daarvoor verantwoordelik was dat naturelle plaaswerk vermy het.[57]

Waar die boere nou geleentheid gehad het om produkte teen goeie pryse te produseer, het die gebrek aan plaaswerkers hulle ongeduldig gemaak. Geen wonder nie dat memories by die Regering en die Volksraad ingestroom het. De Volksstem het selfs 'n memorie gedruk en hierdie eendersluidende memories is by die Regering ingedien deur boere uit die distrikte Ermelo,Rustenburg, Lydenburg, Zeerust, Standerton, Heidelberg, Lichtenburg, Piet Retief en Utrecht.[58] So 'n memorie is ook namens die Afrikaner-

57. Van der Horst,Sheila, op. cit., p.99.
58. R.146/89, dd. Januarie 1889.

Bond,tak Rodenkoppen, Heidelberg, ingedien.[59] In hierdie memorie word die Regering versoek om die burgers van werkvolk te voorsien. Die memorialiste doen aan die hand dat alle manlike naturelle van hul veertiende tot hul een-en-twintigste jaar dienspligtig moet wees by burgers op plase teen 'n billike beloning. Hulle verklaar dat daarmee nie dwangarbeid begeer word nie („zoo als er elders hier of daar bestaat, waar huurtroepen verplicht zyn zich voor een shilling of wat te laten doodschieten..."). Die bloei en welvaart van 'n land is afhanklik van die boerderybedryf, word verklaar. Hulle wys verder daarop dat die grootste gedeelte van die naturelle na die goud- en diamantvelde gaan en daar in plaas van beskaafde , meer onbeskaafde sedes en gewoontes aanleer. Die Regering het geantwoord dat hy die behoefte insien, maar meen dat die voorgestelde maatreël nie geneem kon word nie. Die Regering laat nie na om gedurig sy aandag aan die saak te gee nie, soos blyk uit die aanname van die Plakkerswet.

Uit die distrik Middelburg het burgers gevra dat die Regering vir daardie distrik 'n naturellekommissaris moes aanstel om die naturellearbeid te reël. Die memorialiste verklaar ook dat die naturelle na die goudvelde gaan , sodat werkvolk vir die boer ontbreek en dat „ meer dan een getrouwe burger verpligt zal zyn het werk te staken door zwakheid aan werkkracht en tog bevind zich om ons vele kaffers, en ook in het midden van ons...".[60] Dit was egter nie die beleid van die Regering om in distrikte wat nie grensdistrikte was nie, naturellekommissarisse aan te stel nie.Al wat hy kon doen, was om te trag om die Plakkerswet toe te pas. Dit was die taak van die superintendent van naturelle om deur middel van die naturellekommissarisse en ander amptenare die Plakkerswet so getrou moontlik toe te pas.

Die Volksraad was genoodsaak om in 1891 aan die

59. R.4797/89 by R.146/89.
60. R.7139/90, 17 April 1890.

Regering op te dra om toe te sien dat naturelle nie op goewermentsgrond wat nie vir lokasies bestem was nie, plak nie.[61] 'n Kommissie is ook benoem om aanbevelings te doen i.v.m. afgebakende en onafgebakende lokasies.[62] Na aanleiding van die verslag van hierdie kommissie is besluit om die Regering te versoek om so spoedig moontlik die lokasies wat nog nie afgebaken was nie, te laat afbaken in ooreenstemming met artikel 19(2) van die Londense Konvensie, 1884.[63] Miskien was daar by die owerheid die stille verwagting dat naturelle liewers hulle by blankes sou vestig as om verskuif te word na lokasies. Maar blykbaar het die naturel liewer na 'n lokasie gegaan waar hy sy werklose bestaan kon voortsit. Indien hy moes werk, het hy die voorkeur gegee aan die myne waar hy vir 'n tydjie gewerk het en dan weer kon terugkeer met geld.[64]

Die arbeidstekort is veral verskerp deur die feit dat die beskikbare werkkragte in die Republiek ondoeltreffend en verkwistend gebruik is. In die selfversorgende boerderystelsel waar daar geen besondere aanleiding tot produksie was nie, waar plase groot was en rykdom of besit gemeet is aan die veetroppe, was daar maar min beplanning en oordeelkundige gebruik van die beskikbare werkvolk . Indiwiduele plase het dikwels 'n groot aantal naturelle in diens gehad. Die verspreiding was onreëlmatig en onbillik. Om hierin verbetering te bring, is die Plakkerswet aangeneem. Maar hierdie wet is verongeluk deur die begeerte van elke grondeienaar om die dienste van naturellearbeiders te monopoliseer. Die republikeinse boer kon nie verstaan waarom duisende leeglêers nie diensbaar aan die boerdery gemaak kon word nie. Vir die gewone boer was daar net een eenvoudige oplossing, naamlik, verpligte diensbaarheid. So eenvoudig was die vraagstuk egter nie.

---

61. Notule van die Volksraad, art. 359, dd.10 Junie 1891, EVR.44.
62. Ibid.,art.375, dd. 12 Junie 1891,EVR.44.
63. Ibid., art. 1232, dd. 3 Augustus 1891,EVR. 45.
64. Jennings, H., konsulterende ingenieur vir die firma H.Eckstein en Kie. voor die kommissie van ondersoek na die industrieë, 1897, aangehaal deur Sheila van der Horst, op.cit., p.128.

Met die koms van die myne en ander industrieë het die boer tot die ontnugtering gekom dat hy nie meer die enigste aanspraakmaker was op die arbeid van die naturelle nie. 'n Omwenteling het baie skielik plaasgevind waaraan die boer hom moeilik kon aanpas. Daarby het die verskyning van 'n meer liberaal gesinde werkgewer 'n sterk invloed op die naturel uitgeoefen. Die boer wat egter die nuwe omstandighede deurgrond het, het meestal sy werkvolk behou en sy eie optrede en houding teenoor sy plaasvolk aangepas by die nuwe beskouing. By menige boer het die ou beleid egter voortbestaan en hier is die grootste arbeidstekort ondervind. Die boere wat voldoende werkvolk gehad het, het gesorg dat die naturelle op geskikte plekke woon; dat daar wonings of strooise vir hulle was en dat hulle, behalwe hul loon, ook gereeld „pasella" ontvang. Hulle raad was:„ Klop hun uit, geef hun volop werk en kost, maar betaal ze behoorlyk, en beloof een kaffer nooit iets zonder daaraan te voldoen en liegt niet tegen hen, al liegen zy nog zoo veel".[65] As jy die naturelle wil laat padgee, sit die veldkornet op hulle in plaas van hulle self uit te klop; gee hulle aan ander mense uit om te werk en laat jou vee hul gesaaides opvreet.

Dit was gebiedend noodsaaklik dat die boer sy optrede en gesindheid teenoor die plaasvolk ernstig oorweeg in die tydperk van industriële ontwikkeling. Waar daar vir die naturel nou 'n veel wyer keuse van werkgeleenthede was, moes die boer versigtiger wees in sy behandeling van sy werkvolk. Drastiese maatreëls wat deur die burgers aan die hand gedoen is, kon nie deur die Volksraad aanvaar word nie. Die owerheid het deurgaans die memories wat vir verpligte arbeid van naturelle gevra het, van die hand gewys.[66] Die Regering moes telkens maar net ondersoek laat instel na klagtes uit die distrikte. In 1891 is weer so 'n ondersoek ingestel na aanleiding van klagtes

65. Sien korrespondensie oor hierdie saak in De Volksstem van 1890, in die besonder die uitgawe van 25 Augustus 1890.
66. Sien memories uit Carolina en Lydenburg: Eerste Volksraadnotule, arts. 357 en 359,dd. 10 Junie 1891, EVR.44.

oor werkvolk afkomstig uit die distrikte Potchefstroom, Lydenburg en Heidelberg. Die Regering het as opdrag ontvang die taak om toe te sien dat die Plakkerswet uitgevoer word. Toe die verslag oor die ondersoek in die Volksraad bespreek is,het die lid vir Waterberg gesê dat die naturelle saamtrek op goewermentsplase en gronde van spekulateurs:

> „Spreker wist van gevallen, waar kinderen het touw der ossen moesten leiden en de vrouwen met de zweep liepen, terwyl de man ploegde en kwam men op de locatie om werkvolk, dan werd men uitgelacht, terwyl de kaffer niets daar deed dan zyn zingen en spelen".(67)

Die toepassing van die Plakkerswet het vereis dat talle groot lokasies of reserwes vir naturellestamme aangewys word. Veral in dele soos die oostelike Transvaal waar baie naturelle buite enige kontak met die blankes gelewe het, moes groot reserwes aangewys word ten einde aan die wet te voldoen.Toe die Regering teen 1893 gronde tussen Krokodil- en Sabierivier verpag het aan veeboere, het die pagters baie las gehad van die naturelle wat nog nie in afgebakende lokasies gewoon het nie.Boere uit die distrikte Ermelo en Standerton het gekla dat die huurkontrakte bepaal dat die naturelle nie verplig was om te werk nie en dat hulle vry woning en weiding op die gronde moes hê. Die burgers versoek die Uitvoerende Raad om hulle die reg te gee, sodat hulle „eenige macht op de daarop woonende naturellen kunnen uitoefenen". Hulle sê verder:

> „Het is niet onze voornemens hun te verdrukken of te verdryven.Maar daar wy allen behoeftigen zyn aan arbeiders en er al met zooveel inspanning van kennis zyn gearbeid aan den arbeidskwestie...zyn het onze innerlyke begeerte Uw.Ed.Heeren er op atent te maken". (68)

Hulle sou die naturelle huur teen billike loon. Die mynkommissaris van die Kaapse goudvelde het ook vir die trekboere in die bresse getree. Hy verklaar dat wanneer die wintertrek in Mei en Junie plaasvind,

67. Notule van die Eerste Volksraad, art. 645, dd. 30 Junie 1891, EVR.44.
68. R.1719/95, dd. Wittebank(Standerton), 8 Februarie 1895 en R.3427/95,Ermelo, ongedateer.

die naturelle nog nie hulle mielies geoes het nie. Deur skaarste aan werklui ondervind die boere veel moeite om hulle vee uit die gesaaides van die naturelle te hou.

Die Regering het eindelik opdrag gegee dat die naturelle na lokasies verplaas moes word. Toe die lokasies aangewys is en talle naturelle daarheen verhuis het, het daar weer memories uit Carolina en Lydenburg by die Volksraad ingekom om beswaar te maak teen die skepping van lokasies. Die memorialiste verklaar dat sodoende kragtige naturellestamme gevorm word wat 'n gevaar vir die Republiek sou wees. Verder beweer hulle dat dit die arbeidskwessie nog ernstiger maak, want waar die naturelle voorheen moontlik geneig was om by blankes in diens te tree, het hulle nou 'n heenkome in die lokasies gevind waar 'n luilekker lewe gevoer kon word. Ook memorialiste uit Soutpansberg was oortuig dat lokasies beperk moes word, indien die arbeidsvraagstuk opgelos moes word.(69) Ander memories uit Pretoria en die Witwatersrand het gevra vir 'n nuwe belasting op lokasies en sendingstasies, asook 'n wegbelasting van 2/6 betaalbaar deur naturelle. Na aanleiding van die versoeke het die Volksraad besluit om die memories na die Regering te verwys, met opdrag om die superintendent van naturelle en ander amptenare te raadpleeg ten einde die Plakkerswet so te wysig, of 'n ander reëling in die plek daarvan te stel, wat sou lei tot tegemoetkoming aan die burgers.(70)

Intussen het die superintendent van naturelle na aanleiding van die opdrag van 30 Junie 1891 'n voorstel van wet „tot betere regeling op Naturellen-Arbeid" opgestel. Hierdie wetsontwerp is egter nie vooraf gepubliseer nie en kon nie deur die Volksraad

---

69. Memories onder behandeling deur die Eerste Volksraad, art. 1090, 9 Augustus 1892,EVR.47. Die owerheid in die Kaapkolonie het in dieselfde rigting gedink. Die sgn.Glen Grey-wet van 1894 was bedoel om die naturelle wat in reserwes gewoon het, te dwing om by blankes in diens te tree deur in die reserwes belasting te hef.(Sien Van der Horst,Sheila:op.cit., p.148)

70. Notule van die Eerste Volksraad, art. 1092, dd. 9 Augustus 1892,EVR.47.

behandel word nie. De Volksstem het egter op artikel 3 van die wetsvoorstel gewys en verklaar dat die beginsel van gedwonge arbeid nie toegepas kon word nie. Tog meen die blad dat in Suid-Afrika waar die ongeskoolde arbeid van naturelle skaars, onreëlmatig en baie duur is, daar op die lange duur 'n verandering gemaak sou moet word in die omstandighede wat die ekonomiese ontwikkeling van die land teëwerk. Maar om daartoe te kom, was daar nog baie vooroordele om te bestry, moeilikhede om te oorwin, invloed te ontsenu alvorens planne verwesenlik kon word wat uiteindelik die arbeidsvraagstuk op 'n gesonde grondslag sou plaas.(71)

Dat die arbeidsvraagstuk werklik dringend was, blyk uit die feit dat die heer De Beer by die sluiting van die Volksraadsitting in Augustus 1892, net na oorweging van memories omtrent die skaarste aan plaasarbeiders, weer die aandag van die Regering gevestig het op die moeilikhede van die burgers. Hy wou hê dat die Regering die superintendent van naturelle moes opdra om sy invloed te gebruik by groot kafferstamme om werkvolk vir die boerende bevolking te verkry. Die boere kon naturelle nie sulke hoë lone betaal as wat die goudmyne aangebied het nie.(72) 'n Wydverspreide pokke-epidemie het nou nog verder bygedra tot skaarste aan werkvolk. Die toestand was kritiek. 'n Mooi kykie op die verhouding tussen die boer met sy drukke werk aan die een kant en die onwillige naturel aan die ander kant word gegee in 'n beriggie van 'n korrespondent van Hoogeveld, Olifantsrivier. Die skrywer sê dat die hoëveld daar barbaars uitsien ten gevolge van die grasbrande en die snerpende winterwinde. En nadat hy op die noodlottige gevolge van grasbrand gewys het, gaan hy voort deur te sê dat die heropbou van die grond nie kan vorder nie „terwyl er geen arbeidskrachten zyn

> en de witman van de lieve morgen tot den laten avond met zyn voeten in het koude water moet staan om zyn koren nat te maken en het zwarte volkje lekker langs de paden loopt te singen en nog roept(morgen baas) en altemet een paar schaapjes of beestjes oppast".(73)

71. De Volksstem, 6 April 1892: hoofartikel.
72. Notule van die Eerste Volksraad, art.1334,EVR.47.
73. De Volksstem, 30 Julie 1892.

Hierdie vraagstuk was nie net 'n onoorkoomlike moeilikheid vir die boerdery nie, maar die goudmynbedryf moes ook worstel met 'n tekort aan arbeiders. Die Regering was in 'n moeilike posisie. Aan die eise en behoeftes van sowel boere as goudmyne moes sover moontlik voldoen word. Met die sitting van die Volksraad in 1893 het die Regering nog nie uitvoering kon gee aan die opdrag van die vorige jaar nie. Voor die Volksraad was daar weer talle memories wat hulp in die werkvolkmoeilikhede gevra het.[74] Omdat die Regering nog niks kon doen in verband met die opdrag van 9 Augustus 1892 nie, het die Volksraad 'n kommissie van drie benoem om in oorleg met die Regering en die superintendent van naturelle al die sake in verband met die memories na te gaan en verslag te doen, met aanbevelings in dieselfde sitting.[75]

Die kommissie het hom by die volgende twee sake bepaal:

a. Wat moes gedoen word om die arbeidsvraagstuk vir die toekoms te reël?

b. Wat kon intussen gedoen word om soveel verbeterings moontlik in die bestaande toestand aan te bring?

Wat die eerste saak betref, word aanbeveel dat die Regering in oorleg met die superintendent van naturelle wetgewing indien. Die konsep van die superintendent kon as leidraad dien. Wat die tweede saak betref, merk die kommissie op:

„ a. Dat er volgens hare overtuiging honderden, ja duizenden jonge frische kaffers thans een lui, werkeloos en vaak ook liederlyk leven leiden in de vele kafferkralen, op de zendingstaties en in de locaties;

b. Dat indien deze kaffers uitgingen om op plaatsen der Burgers tegen een billyk werkloon te arbeiden, hierdoor zeker de voorspoed van het land bevorderd zou worden en dat aan alle klachten over gebrek aan werkvolk ongetwyfeld spoedig een einde zou zyn". (76)

Hierdie toestand kon geskep word deur samewerking van kapteins en opperhoofde van lokasies en krale met

74. Notule van die Eerste Volksraad, art. 517, dd. 3 Julie 1893, EVR.48.

75. Ibid., arts. 1160-1161, dd. 22 Augustus 1893, EVR.49.

76. Ibid., art. 1251, dd. 31 Augustus 1893, EVR. 50.

kommissarisse en onderkommissarisse van naturelle en met werkgewers. Die sendelinge kon veel doen deur hulle invloed te laat geld by jong naturelle en op die beskawingskrag van arbeid te wys. Die kommissie beveel aan dat die kapteins vergoeding of loon moet ontvang na gelang van die aantal werkvolk wat hulle voorsien. Die jong naturelle moes eers op die plase werk voordat hulle na die myne gaan. Kommissarisse moet toesien dat die naturelleplaaswerkers billik behandel word. In oorleg met hoofde en kapteins moes die loon vasgestel word. Kommissarisse moet belet word om werkvolk teen beloning of onder kontrak te lewer.

Die Volksraad het die aanbevelings aanvaar behalwe die aanbeveling dat opperhoofde vergoed word vir verskaffing van werkvolk. Die Regering sou versoek word om in oorleg met die superintendent van naturelle dadelik uitvoering aan die besluit te gee. Hy moes ook 'n bepaling maak dat „het algemeene rondtrekken" van naturelle van een plaas na 'n ander voorlopig verbied word met die oog op die verspreiding van pokke.[77]

Dit was inderdaad 'n moeilike taak wat aan die Regering opgedra is. Daar was ander ingewikkelde vraagstukke wat op hierdie tydstip Kruger en sy regering besig gehou het. Terwyl die klagtes oor gebrek aan werkvolk ingestroom het, het ernstige moeilikhede opgeduik soos byvoorbeeld die onrus onder naturelle in Noord-Transvaal, die Uitlanderagitasie, droogtes en terugslae in die boerdery. Hierdie moeilikhede sou vanaf 1894 meer en meer gevoel word en veral die boerderybedryf lamlê in 'n tyd toe daar 'n winsgewende afset vir boerderyprodukte was. Die onafgebroke agitasie vir meer werkvolk by die boeregemeenskap kan goed begryp word. Die boerdery het winsgewend geword en op so 'n stadium was gebrek aan arbeidskragte 'n ernstige belemmering. Die toenemende belangstelling van die boere van die Oranje-Vrystaat en die Kaapkolonie in die goeie mark vir hulle produkte was 'n ander faktor wat die Transvaalse boer amper wanhopig gemaak het.

77. Ibid., art.1256, EVR. 50.

Die verslag van die superintendent oor die jaar 1894 het nie veel verwagting vir 'n beter toekoms ingehou nie. In verband met die arbeidskwessie skryf hy: „Alhoewel deze moeilyke kwestie niet de aandacht verloor, welke ze ten volle verdient, kon er tot dusverre toch nog maar weinig gedaan worden, om daarin verbetering aan te brengen...". By die aanvang van die Volksraadsitting in 1895 het president Kruger in sy openingsrede gesê:

> „ Ik hoop dat uwe vergadering in deze zitting de arbeidskwestie ter hand zal kunnen nemen, in het volste vertrouwen, dat uwe besluiten alsdan niet alleen weldadig zullen zyn voor het land en de bewoners, doch ook speciaal de naturellenbevolking ten goede zullen komen".(78)

Daar het reeds weer memories by die Eerste Volksraad ingekom en die memoriekommissie het aanbeveel dat, met die oog op die president se verwysing na die arbeidsvraagstuk en die dringendheid van die aangeleentheid, 'n kommissie benoem word om in oorleg met die Regering en die superintendent van naturelle die bestaande wetgewing i.v.m. die Plakkerswet en ander maatreëls te heroorweeg en na bevinding met 'n voorstel by die Volksraad te kom.(79)

Die kommissie het blykbaar die opdrag met veel erns opgeneem en probeer om 'n insig te verkry in die behoeftes van die land. Hy het getrag om soveel statistiese gegewens moontlik in te samel ten einde aanbevelings te kan maak.(80) Die verslag het gehandel oor die Plakkerswet, die Paswet, die Hutbelasting en die Goudwet. Oor die Plakkerswet het die kommissie verklaar dat dit in baie opsigte onvolledig was en moeilik om daaraan uitvoering te gee. Die kommissie het talle memories in verband met die Plakkerswet ontvang. Die meeste het versoek dat die wet streng toegepas moes word en dat lokasies afgebaken word. In hierdie verband het die kommissie dan ook aanbe-

78. Artikel 24 van die „Aanspraak",1895,EVR.59.
79. Notule van die Eerste Volksraad, arts. 262 - 263, dd. 5 Junie 1895, EVR.55.
80. R.6429/95: navraag deur die kommissie t.o.v. aantal blankes - vroue, kinders, mans en grondeienaars.

veel dat die wet streng gehandhaaf word en dat dadelik oorgegaan word tot die uitmeet van lokasies.[81] Die Volksraad het 'n wysiging aangeneem waarin sekere aspekte noukeuriger omskryf word. Die wysiging het bepaal dat, indien 'n boer meer as vyf naturellegesinne op 'n plaas wou aanhou, die uitdruklike verlof van die Regering verkry moes word. Aan die hoof van elke naturellegesin moes die grondeienaar of huurder 'n verlofbrief gee. Indien 'n naturel wou trek, moes hy drie maande vooraf kennis gee aan die blanke eienaar, bewoner of huurder. Dieselfde het gegeld vir 'n blanke wat nie meer die dienste van 'n naturel nodig gehad het nie.[82]

'n Nuwe paswet waardeur getrag is om onnodige rondlopery van naturelle aan bande te lê, is ook aangeneem.[83] Ten opsigte van die hutbelasting het die kommissie aanbeveel dat die belasting afgeskaf en vervang word deur 'n opgaaf van £2 vir elke mondige naturel. In hierdie verband het ook verskeie memories by die kommissie ingekom. Uit Lichtenburg is gepleit vir afskaffing van belasting op naturelle wat by boere werk en handhawing van belasting op naturelle in lokasies. Die Volksraad het dan ook 'n nuwe belasting gehef. Hierin is onderskeid gemaak tussen naturelle wat by blankes as diensbodes woonagtig was en naturelle wat nie by blankes werksaam was nie. Vir eersgenoemdes was die belasting tien sjielings per hut per jaar. Die vasstelling van die aantal hutte het as volg geskied: elke manlike naturel bo 21 jaar, ongetroud of met een vrou getroud, sou aangeslaan word vir <u>een</u> hut, en vir <u>elke</u> verdere vrou, een hut meer. Die naturelle buite die diens van boere moes bogenoemde belasting betaal plus 'n verdere opgaaf van £2 per jaar vir elke manlike naturel bo 21 jaar.[84]

---

81. Notule van die Eerste Volksraad, art. 1194, EVR.58.
82. Ibid., art.1209, dd. 16 September 1895, EVR.58, en Wet No. 21 van 1895.
83. Ibid., art. 1440, dd. 2 Oktober 1895, EVR.58, en Wet No. 22 van 1895.
84. Ibid., art. 1478, dd. 3 Oktober 1895, EVR.58, en Wet No. 24 van 1895.

Hierdie belasting wat bedoel was om die staatsinkomste te versterk, is ook gehef om die naturel tot gereelde werk te dwing. Die Regering het met hierdie wetgewing probeer om die arbeidsvraagstuk op te los. Op hierdie stadium was dit egter nog nie moontlik om die wette getrou toe te pas nie. Die Plakkerswet kon in die praktyk moeilik uitgevoer word:

> „This law could not be enforced. Whole tribes were living on land which had come into occupation or possession of private owners. On many farms throughout the Transvaal and especially in the Zoutpansberg, Lydenburg, Waterberg and Middelburg districts large unauthorised locations continued on private farms, the Natives paying either in labour or in money".(85)

Die stroom van memories na die Volksraad het na die aankondiging van die nuwe wetgewing nie opgehou nie. Gedurende die sitting van 1896 is 'n memorie uit Carolina ontvang waarin gevra word dat die naturelle verplig moet word om te werk.Deur die skaarste aan plaasarbeiders moes die boer se kinders vee oppas en kon hulle gevolglik geen onderwys ontvang nie.(86) By die bespreking van die aangeleentheid in die Volksraad het geblyk dat die grief van die boere teen die goewerments- en kompaniesplase was waar honderde naturelle saamgewoon het en uit saaiery genoeg gemaak het om die spesiale belasting te betaal. Die Volksraad het egter besluit dat die wetgewing wat in 1895 aangeneem was, eers in werking gestel moes word om te sien wat die uitwerking sou wees.(87) 'n Versoek dat die naturelle verplig moes word om Europese klere te dra, is ook van die hand gewys.Die memorialiste het geredeneer dat so 'n verpligting die naturel sou dwing om te werk ten einde die klere in die hande te kry. Die Volksraad het dit ook so ingesien, maar president Kruger het gewaarsku dat so 'n verpligting die werkvolk sou weghou van die blankes.(88)

85. Van der Horst,Sheila: Op.cit.,p. 152.
86. Notule van die Eerste Volksraad, art. 912, dd. 4 Julie 1896,EVR. 61.
87. Ibid., art. 914, dd. 15 Julie 1896.
88. Ibid., arts. 924-925, dd. 16 Julie 1896.

Die feit dat die naturel se lewensbehoeftes gering was en hy met 'n minimum aan voedsel kon bestaan, het hom die noodsaaklikheid van gereelde werk nie laat besef nie. Hy het baie min belang in die plaaswerk gehad. Die gedurige rondtrek van naturelle het die boere dikwels ongerief besorg en in verleentheid gebring. Die bepaling dat 'n naturel drie maande vooraf kennis moes gee van die voorneme om 'n boer se diens te verlaat, was geneem juis met die oog op die ongerief wat veroorsaak is wanneer 'n naturel onverwags sy diens verlaat het. In 1896 het die burgers per memorie versoek dat die periode van kennisgewing verleng moes word tot ses maande. Die Volksraad het hieraan nie gehoor gegee nie.(89)

Geoordeel na die aantal kommissies wat ondersoek ingestel het na die arbeidsvraagstuk en die wetgewing wat deur die Volksraad aangeneem is, sou verwag word dat die vraagstuk teen 1896 onder beheer was. Dog die toestand het nie verbeter nie. Lede van die Volksraad wat meestal self boere was, het ondervind dat baie van die maatreëls nooit in werking gekom het nie. In Julie 1896, terwyl die runderpes skrikwekkend toegeslaan het op die grootste gedeelte van die Republiek en toe werkvolk baie dringend nodig was, het die lede vir Pretoria, die here A.D.W.Wolmarans en S.P.Erasmus , 'n mosie by die Volksraad ingedien waarin navraag gedoen word in verband met opdragte wat aan die Regering gegee was.(90) Die mosie het verwys na artikel 359 van 1891 waar besluit is dat die Regering moes toesien dat naturelle nie op goewermentsgronde plak nie; na artikel 1256 van 31 Augustus 1893 waar kommissarisse en onderkommissarisse versoek is om in medewerking met hoofde en kapteins van krale naturelle te beweeg om diens te neem by boere.Daar was nou ook memories voor die Raad wat versoek het dat die Plakkerswet streng toegepas word. In antwoord op die mosie het die superintendent van naturelle verklaar dat dit sy

89. Ibid., art. 926, dd. 17 Julie 1896, EVR.61.
90. Ibid., art. 917, dd. 16 Julie 1896 en art. 952, dd. 20 Julie 1896.

oortuiging was dat die wetgewing van 1895 die vorige opdragte en besluite vervang het.[91] Die Volksraad het toe besluit om weer 'n kommissie te benoem met die opdrag om in oorleg met die Regering en die superintendent van naturelle die sake wat in die mosie en in die memorie voorkom, na te gaan om daarna aan die Volksraad verslag te doen, met aanbevelings.[92]

Die kommissie het bevind dat daar baie min gedoen is om uitvoering te gee aan die verskillende opdragte sedert 1891. Die kommissie beveel aan dat die kommissarisse en onderkommissarisse hulle morele invloed moet gebruik by die kapteins en hoofde ten einde hulle te beweeg om hulle onderdane te oorreed om by die boere te gaan werk, terwyl hulle nog jonk is. Kapteins en hoofde wat daartoe bereid was, moes jaarliks van die Regering 'n uniform kry, asook beloning namate hulle daarin slaag om werkvolk vir die boere te verkry. Vir hierdie vergoeding gee die kommissie ook 'n skaal aan die hand.[93] Die Volksraad het hierdie aanbevelings aangeneem.[94] Die indruk word egter gegee dat die uitvoering van die aanbevelings nie met erns oorweeg is nie. Aan die beamptes wat in beheer van sake was, is haas 'n onuitvoerbare taak opgedra. 'n Mens kom tot die gevolgtrekking dat die Volksraad van die gedagte was dat daar moontlik 'n paar beamptes was wat die nodige invloed sou uitoefen , soos deur die aanbeveling voorgehou is. Aangeneem moet word dat lede van die Volksraad goeie kennis van die naturel se leefwyse en beskouings gehad het en dat hulle op die meer uiterlik-praktiese middele, soos 'n uniform en 'n bonus, gereken het vir sukses. Om die Plakkerswet uit te voer was nie 'n gemaklike taak nie. Die samewerking van alle boere en grondeienaars was daartoe nodig. Etlike lede van die Volksraad was van oordeel dat die boere self die oorsaak was dat die wet nie toegepas word nie. Die

91. Ibid., art.1018, dd. 27 Julie 1896,EVR.61.
92. Ibid., art. 1019.
93. Ibid., art.2256,dd. 8 Desember 1896,EVR.64.
94. Ibid., arts. 2260 en 2262, dd. 8 Desember 1896, EVR.64.

boer wat meer as vyf naturellegesinne op sy plaas gehad het in stryd met die wet, het nie uit eie beweging van die naturelle laat trek nie. Solank as wat hy nie deur die daadwerklike optrede van die owerheid daartoe verplig is nie, het hy hulle op sy plaas gehou. Die vrees was altyd dat al die gesinne sou verhuis en moontlik na 'n lokasie, indien net'n paar aangesê was om die plaas te verlaat.[95]

Die voorsiening van werkvolk van owerheidsweë met behulp van wetgewing kon nie slaag nie, omdat die landsomstandighede ten gevolge van die runderpes sodanig was dat die bepalings van die wet nooit letterlik uitgevoer kon word nie en omdat die nodige masjinerie vir die uitvoering ontbreek het.Werkvolk kon nie deur middel van wetgewing voorsien word nie. Elke burger moes die vraagstuk self te bowe kom.[96]Baie boere het met ongenoeë gesien hoe op sekere plase tientalle gesinne woon, terwyl hulle self nie naturellewerkers kon kry nie. Veral die plak van groot getalle naturelle op sogenoemde spekulasieplase en kompaniesgronde was 'n doring in die oog van die boere. Dikwels het die eienaars van sulke plase in die buiteland gewoon en die plase verhuur of onder kontrak aan bywoners uitgegee. Die gewysigde plakkerswet het opening gelaat dat 'n eienaar wat meer as vyf plase besit het, 25 gesinne kon aanhou, indien noodsaaklik, net op een van die plase. Daardeur het op sulke plase lokasies ontstaan . Met die oog op hierdie toestand het die burgers die Volksraad versoek dat bywoners nie meer as drie naturellegesinne kon aanhou nie.[97]Die bedoeling was veral om die okkupeerder van spekulasieplase te belet om onbeperkte getalle naturelle op plase aan te hou.'n Memorie van die Burgermagkongres afkomstig, het gevra dat naturelle wat minder as ses maande per jaar by boere werk, 'n hoër belasting moes betaal. Die Volksraad het nie kans gesien om toe reeds wysigings in die Plakkerswet aan te bring nie, aangesien die wet deur lands-

95. Ibid., art. 1136, dd. 10 September 1897,EVR. 68.
96. Vergelyk Notùle van die Eerste Volksraad, art. 1136, dd. 10 September 1897, toespraak van die heer Botha.
97. Ibid.

omstandighede nog nie toegepas kon word nie.(98) Die owerheid was in 'n magtelose posisie om aan die voortdurende versoeke vir werkvolk enigsins tegemoet te kom. Die toestroming na die goudmyne, spoorweë en industrieë en die stigting van lokasies, tesame met die opeenhoping op spekulasiegronde, het die arbeidsvraagstuk steeds moeiliker gemaak.

Die superintendent kon in sy verslag oor die jaar 1896 nie veel beloof ten opsigte van die verligting van die arbeidsvraagstuk nie. Hy het gemeld dat die uitvoering van die Plakkerswet nie deurgevoer kon word nie vanweë die benarde omstandighede waarin die land verkeer het. Ten aansien van 1897 het hy gesê dat hy al meer en meer daarin slaag om boere van werkvolk te voorsien. 'n Leemte in die bestaande wetgewing was die feit dat werkvolk nie verplig was om byvoorbeeld twee jaar by 'n boer te werk nie. Sodra 'n boer baie werk het, soos byvoorbeeld met oestyd, het die treklus vaardig geword en was die boer in die grootste moeilikheid. Wat die vergoeding aan kapteins betref, het dit nie juis veel vrug afgewerp nie. Die superintendent het egter verklaar dat hulle hul bes doen om burgers te help aan werkvolk.Tydens die bespreking van die verslae van die superintendent het lede van die Volksraad weer gekla oor die plak op goewermentsgronde.Hulle het gepleit vir hoër belastings op naturelle wat nie werk nie. Dit was egter nie maklik om die plakkers te verwyder nie. Gewoonlik was die naturelle besig om te saai en dan het die beamptes dit onwenslik geag om te midde van dreigende hongersnood die naturelle te laat verhuis. Dan was die naturelle soms ook weer net besig om te oes en kon daar nie opgetree word nie.

Terwyl die myne, spoorweë en ander werke meer naturelle getrek het teen hoër lone, moes die boeregemeenskap bly worstel met 'n skaarste aan werkvolk. Die boere kon nie ten volle gebruik maak van die geleentheid om goeie pryse vir produkte te verkry nie want die arbeidskragte het ontbreek. Die Kaapkolonie en die Oranje-Vrystaat wat oor baie naturelle beskik

98. Ibid.

het, kon goedkoper produseer en was besig om deur die uitbreiding van die spoorweg die Transvaalse boer van die mark te verdring. Geen wonder nie dat daar kommer en wanhoop by menige boer geheers het.[99]

Nieteenstaande die verskeidenheid van wetgewing en regulasies wat sedert 1887 aangeneem is om die arbeidstekort die hoof te bied, het daar in 1898 nog talle memories ingekom in verband met hierdie vraagstuk. Sedert die uitbreek van die runderpes in die eerste halfjaar van 1896 het verskeie terugslae die boeregemeenskap getref. In so 'n kritieke tydstip is die gebrek aan werkvolk meer as ooit gevoel. Heersende droogtes met tussenpose van reën het vereis dat in die kort tydjie van gunstige weersomstandighede die maksimum in die boerdery verrig moes word. As die langverwagte reën uiteindelik aangebreek het en die boer sonder hulp gesit het, is hierdie struikelblok swaar gevoel.Daar was dan gewoonlik groot ontevredenheid en misnoegdheid oor die skynbare magteloosheid van die owerheid om die boer te hulp te kom.

Die werwing van die goudmyne was so doeltreffend dat die kapteins hulle onderdane nie kon beweeg om op die plase te werk nie. Onder sulke omstandighede het memories by die Volksraad ingestroom. In die eerste helfte van 1898 het talle versoekskrifte uit Soutpansberg en Middelburg by die Volksraad aangedring om wetgewing aan te neem wat jong naturelle onder 21 jaar sou belet om in die goudmyne te gaan werk. Die gedagte was dat sulke jong naturelle tussen 16 en 20 jaar by die boere in diens moes tree. Daardeur sou genoegsame huisbediendes en veewagters vir die boer beskikbaar wees.[100] Hierdie versoek het die Volksraad beweeg om die Paswet te wysig.[101] Op dieselfde dag dat hierdie besluit geneem is, het die Raad ook oor-

99. De Volksstem, 28 Oktober 1897,hoofartikel.
100. Notule van die Eerste Volksraad, art.1087, dd. 5 September 1898,EVR. 75.
101. Ibid., art. 1088, dd. 5 September 1898.

oorweging geskenk aan memories uit die distrikte Pretoria, Krugersdorp en Heidelberg waarin gevra word dat die Plakkerswet so gewysig moes word dat bywoners slegs vyf naturellegesinne kon aanhou as die naturelle vir die bywoner werk in sy boerdery. Waar naturelle nie kon bewys dat hulle vir vier maande by bywoners gewerk het nie, moes sulke naturelle hoër belas word.(102) Die doel was om die wanpraktyk van grondmaatskappye teen te werk waar sulke maatskappye bywoners op hulle gronde plaas en die bywoners dan weer op hulle beurt woonplek aan naturelle verhuur. Dat sulke gevalle voorgekom het, is oorvloedig deur die Volksraad bewys. Indien hierdie toedrag van sake verhinder kon word,sou daar 'n billiker en eweredigér distribusie van werkvolk wees.Die Volksraad het egter besef dat die uitwerking van die Plakkerswet nog nooit prakties ondervind is nie, omdat die wet nog nie streng toegepas was nie. Daarom was hy nie geneë om wysigings aan te bring nie.(103)

Dit was nie die einde van die geroep om hulp nie. In April 1898 het die boeregemeenskap in byna al die distrikte van die Republiek memories aan die Volksraad gestuur. Nie minder nie as 47 memories met 2369 naamtekeninge is ingedien, almal in verband met die naturellearbeidsvraagstuk.(104) Die toestand moes beslis kritiek gewees het, want die Volksraad het in die loop van daardie jaar etlike weke moes wy aan hierdie vraagstuk. Blykbaar het baie van die naturelle wat voorheen op boereplase gewoon het, na die verlies van hul beeste tydens die runderpesepidemie, na die dorpe gegaan om daar 'n heenkome te vind. Talle maatreëls is deur die memorialiste aan die hand gedoen. Sommige wou hê dat die naturelle verplig moes word om klere te dra; ander wou hê dat die tydperk van kennisgewing van diensverlating verleng moes word van drie tot ses maande; ander wou die veldkornet meer mag gee vir die verkryging van werkvolk vir burgers. Daar is ook gevra dat naturelle

---

102. Ibid., art. 1089,dd. 5 September 1898,EVR. 75.
103. Ibid.,art.1092, dd. 6 September 1898,EVR.75.
104. Ibid., art. 1821, dd. 23 November 1898,EVR.78.

op sendingstasies hoër belas moes word . In die krisis van werkvolkskaarste het die boere na alle moontlike middele gegryp om die toestand te probeer verhelp. Tien jaar lank het die Volksraad met die vraagstuk geworstel. Etlike wette is aangeneem en verskeie opdragte aan die Regering gegee. Die Regering was egter nie by magte om daardie maatreëls konsekwent uit te voer nie. Dit het ook geblyk dat die Regering teen 1898 met ander moeilike vraagstukke te doen gehad het. Die Uitlanderagitasie en die toenemende verarming van die boeregemeenskap het alle aandag opgeëis. Baie Volksraadlede het getwyfel of dit enige nut sou hê om verdere opdragte aan die Regering te gee. Die plak op kompaniesgronde was nog steeds die vernaamste oorsaak van ontevredenheid. Die toestand het nieteenstaande wisigings in die Plakkerswet sedert 1895 nie verbeter nie.

Die Volksraad het na aanleiding van die memories besluit om die saak na die Regering te verwys om, indien hy dit nodig vind, veranderinge in die bestaande wette en regulasies aan te bring en 'n konsepwysigingswet te laat publiseer.[105] Vir die Regering was dit 'n moeilike taak om uit die baie voorstelle, sommige waarvan in stryd was met mekaar, 'n beleid op te stel wat uitvoerbaar was en daadwerklik werkvolk aan die boere sou verskaf. Die talle memories wat jaarliks ingekom het, gee die indruk dat baie van die boere verwag het dat dit 'n plig van die Regering was om naturelle vir plaaswerk te voorsien. Feit is dat die boeregemeenskap nog altyd van die gedagte uitgegaan het dat die naturelle verplig was om op die plase te bly en te werk. Voortdurend is benadruk dat die naturelle meer voorregte gehad het as die blankes wat die land moes verdedig en die belastings betaal. Die aanspraak op die naturel se arbeid was so vanselfsprekend geoorloof dat min boere probeer het om 'n ander uitweg te vind vir beter voorsiening van die nodige arbeidskragte.Baie van die boere het die omwenteling wat besig was om plaas te vind, nl. die ontstaan van 'n maatskaplikekonomiese vraagstuk, nog nie begryp nie. Die enigste oplossing het hulle in wetgewing gesoek.

105. Ibid., art.1823, dd. 23 November 1898,EVR.78

In die laaste jaar van sy bestaan het die Suid-Afrikaanse Republiek geen verbetering in die toestand ondervind nie. Die arbeiders op plase was te min vir die werk wat verhoogde produksie meegebring het. Gemeganiseerde plaasgereedskap was grootliks onbekend. Die boer was hoofsaaklik van menslike arbeid afhanklik. Hierdie probleem is vererger deur ander vraagstukke wat in die nuwe omwenteling na vore getree het. Voorheen was die boer gewoon om geen produksiekoste aan te gaan nie; hy het geen hoë lone betaal nie. Waar hy nou hierdie kostes moes aangaan, het die gebrek aan beplanning en onoordeelkundige gebruik van die beskikbare arbeidskragte, tesame met nuwe vraagstukke soos veesiektes, akkerbouplae, droogtes en grondverarming , vooruitsigte vir winsgewende boerdery vertroebel.Die aanhoudende gewapende botsings tussen die blankes en naturelle het die gesindheid tussen die twee groepe sodanig beïnvloed dat daar van die kant van die blankes nie altyd met die nodige simpatie en insig opgetree is nie. Die naturel het in 'n sekere mate meer simpatie en toegeeflikheid van die kant van die liberale en kapitaalkragtiger uitlander gekry en gevolglik minder kwaaie gevoelens teenoor hierdie mense gekoester. Gaandeweg het die naturel ook bewus geword van die gespanne verhouding tussen die plaasbewoner en die nuwe inkomelinge van wie hy meer simpatie gekry het.

Die tradisionele boerderymetodes het noodwendig soveel werksmense vereis dat die boer nie veel kon uitrig met die hulp van sy seuns nie. Daarby het seuns dikwels ook jonk gaan trou en selfstandig met 'n boerdery begin. Die aandeel van die blanke as plaaswerker was dus hopeloos min. Elke blanke was 'n werkgewer en nie 'n werknemer nie. Die jaarlikse trek met vee na die laeveld het die toestand verder verswak. Naturelle is besonder geheg aan hulle woonomgewing en hou nie daarvan om verplaas te word nie. Die tydperk wat hulle van hul gesin verwyder was en die ongerief met die trek na die winterveld het die boerdery minder aantreklik gemaak. Dit het dan ook dikwels gebeur dat die plaasvolk drie maande voor die aanvang van die wintertrek kennis gegee het dat hulle die diens van die boer gaan verlaat.

Die swak gehalte werk wat die naturel gelewer het, het die saak verder bemoeilik. Die primitiewe naturel het geen benul gehad van die eise van die boerdery nie.Sy werktempo was stadig en daarby was hy nie geneig om enige verantwoordelikheid aan die dag te lê nie. Die ongereelde aanvraag na plaasvolk, veroorsaak deur die seisoensgeaardheid van die boerdery, was nie bevorderlik vir 'n bestendige vloei van arbeiders nie. By tye was daar baie werk op die plaas, gevolg deur tye van slapte. Dit het die arbeid duur en onwinsgewend gemaak.

Met die heropbou na die tweede Engelse oorlog het die owerheid 'n kommissie aangestel om ondersoek te doen na die tekort aan arbeiders in die landbou en industrieë. Die bevinding van hierdie kommissie was dat die naturellearbeiders vir die boerdery ontoereikend was. Volgens die berekening dat vyf naturelle die minimum was wat elke boer nodig gehad het, was daar 'n tekort van 50,000 naturellewerkers.[106] Onder die oorsake vir hierdie tekort word genoem die plak op ongeokkupeerde plase en in lokasies; die feit dat die boere nie sulke hoë lone as die myne kon betaal nie en die lae lewenstandaard van naturelle wat as 'n landbou- en herdersvolk genoeg besit het om maklik 'n bestaan te maak. Die gewoonte om vir ander teen 'n loon te werk kon nie so gou by die naturelle aangekweek word nie. Gronde vir naturellelokasies was volop en gevolglik was woonplek nie 'n aansporing om by die boere te werk nie.

SAMEVATTING.

Wanneer die moeilike arbeidsvraagstuk oorskou word, is dit duidelik dat hierdie probleem aktueel was, omdat daar in die eerste plek 'n aanpassing van beide kante moes plaasvind. Die Boer het 'n nuwe land ingetrek en was besig met baanbrekerswerk, 'n reuseonderneming. Om daardie taak te volbring het hy hulp in die vorm van plaasarbeiders nodig gehad, omdat sy getalle te gering was. Hiervoor het die inboorling in aanmerking gekom. Aan die ander kant moes die naturel 'n aanpassing

---

106. Report of the Transvaal Labour Commission, 1903 , p. 26.

ondergaan wat bemoeilik is deur die vyandelikhede van meer as 'n halwe eeu. Op die oomblik toe die aanpassing goed gevorder het, het 'n nuwe omwenteling plaasgevind, die koms van die industriële rewolusie in Suid-Afrika. Dit het op sy beurt weer 'n nuwe aanpassing vereis, terwyl dit bowendien rigtings geopen het wat aantrekliker was as die plaaswerk.

------------------

# H O O F S T U K  VII

## DIE STRYD VIR DIE INSTELLING VAN 'N LANDBOUDEPARTEMENT.

Die republikeinse burger was in hoofsaak boer. Sy hele lewe was verbonde aan die boerderybedryf, afgesien daarvan of hy by tussenpose transport gery het of militêre offisier was. Elke boer het hom beroem op die feit dat hy die ruggraat van die land was. Dit in aanmerking geneem, kan verwag word dat dit die eerste en vernaamste taak van die regering sou wees om die boerderybedryf te bevorder. En tog vind die navorser dat die teendeel in groot mate die waarheid is. Staatshulp en -beheer was feitlik geheel en al afwesig. Die hulp wat die staat aan die boerdery gegee het, was slegs hulp aan indiwiduele persone in tye van moeilike omstandighede. 'n Sterk staatsbeheer en -organisasie van die boerderybedryf was daar nie. Die boerdery het as private beroep van die burger buite die terrein van staatsbemoeiing en -kontrole gestaan. Dit was die heersende beskouing dat die boerdery alleen die saak van die boer self was; dat sy demokratiese reg verbied het dat sy bedryf van buite beïnvloed, gestuur en gelei word. Die boerdery was die private terrein waar die staat geen reg of noodsaaklikheid gehad het om hom daarmee te bemoei nie.

Hierdie oordrewe indidividualisme en onafhanklikheidsgedagte het gegroei uit die historiese vorming van die republikeinse boer. Selfstandig boer begin by die Vryburgers. Die boerdery word die roeping van die burger wat vry is, wat nie amptenaar was nie. Vanaf die eerste Afrikaanse boerdery word die bedryf derhalwe die lewensbedryf van die burger wat hom onderskei van die beroepe wat onder staatsbeheer en -toesig staan. Hierdie selfstandigheid van die boer word verder bevorder en versterk deur die afwesigheid van staatsbeheer oor die boer as <u>burger</u>. Toe die trek van die veeboer na die binneland 'n aanvang geneem het, is die gedagte van 'n vrye onbelemmerde selfstandige beroep verder gevoer. By gebrek aan enige vorm van beskerming en stoflike hulp aan die grensboer word die idee gevestig

dat die boerderybedryf die persoonlike belang van slegs die boer self is. Hierdie lewenshouding word met die Trek ook die Transvaal ingedra:

> „Ondanks die geestelike onselfstandigheid waarin byna sonder uitsondering elke persoon verkeer het, het die gemiddelde Boer van dié dae tog buitengewoon selfstandig gevoel. Dit kon ook nie anders nie. Hulle was daaraan gewoond om aan die oosgrens van die Kaapkolonie vir hulle eie onderhoud, eie verdediging en in groot mate eie regering te sorg. So het die Trekkers die gevoel van op eie bene te kon staan, as 'n erfenis na Transvaal saamgebring, waar dit deur die destyds heersende omstandighede verder versterk is".(1)

Sodra die boer grond van die staat ontvang het, was hy, wat sy beroep betref, vry om te maak wat hy wou. Dit was wel noodsaaklik dat die staat die reg daarstel, die militêre stelsel in die lewe roep, die kerk in 'n mate beheer, die posdiens reël en in stand hou en die geldelike sake van die land behartig, maar dit was nie sy taak om enige organisasie vir die boerderybedryf in die lewe te roep nie. Daarin kon die boer self oor die weg kom. So het dit gekom dat daar in die Suid-Afrikaanse Republiek voor die negentiger jare nie aan 'n staatsdepartement vir die landbou en veeteelt gedink is nie. In die tydperk van selfversorgende boerdery is aan die moontlikheid van staatshulp en staatsleiding in die boerdery nooit gedink nie. Die gedagte dat dit die taak van die staat was om die boerderybedryf te lei en te organiseer, het nog nie posgevat nie.

Die eerste poging in die Suid-Afrikaanse Republiek om 'n landboudepartement te laat instel, het dan ook in die tydperk gekom toe die tradisionele selfonderhoudende boerderystelsel moes plek maak vir die meer gekapitaliseerde vorm van boerdery waar beplanning van die bedryf noodsaaklik geword het ten einde die nodige inkomste daaruit te verkry. En dan nog was dit nie 'n boer nie, maar wel ene dr. Pronk wat die agitasie vir die skepping van 'n staatsdepartement vir landbou begin het.

Op 12 Desember 1887 het dr. J.J.Pronk van

---

1. Pelzer, A.N.: Wordingsjare, p.50.

Pretoria aan die Uitvoerende Raad en die staats-president geskryf om te plei vir die stigting van 'n landboudepartement.(2) Dr. Pronk het geskryf:

> „ Indien Regt- Finantie- Mynwezen, Onderwys, Naturellen, Publieke Werken en wat dies meer zy de byzondere zorg van den Staat vereischen en daarin hoofdzakelyk voorzien wordt door byzondere Hoofdambtenaren of Departementen,- dan voorzeker verdienen Landbouw en Veeteelt die zorg niet minder".

Hy gaan dan voort deur te wys wat in ander lande gedoen word. „Daar heeft men Ministers, Inspecteurs, Secretarissen voor Landbouw;-Gouvernements Model-boerderyen,-Proefstations; Landbouwscholen - Boeken- Bibliotheken , Museums; Gs. Stoeteryen, Zaad magazynen;- boomkwekeryen, Veeartsen - Wateringenieurs, Experts of deskundigen in de verschillende afdeelingen van Landbouw;- Om-heiningswetten;- Wetten tegen de Brandziekte -, tegen Phylloxera, tegen de invoering en voor de uitroeiing van allerlei besmettelyke vee ziekten, schadelyke dieren en planten ,- Landbouwtenstoonstellingen, Landbouw Prysvragen voor verbetering of uitvindingen; Kamers van Landbouw, Boeren Vereenigingen, Landbouw-couranten, enz.".

Van dit alles word in die Suid-Afrikaanse Republiek so goed as niks gevind nie. Dr. Pronk sê dat die goud-mynbedryf wel 'n mate van voorspoed gebring het, maar die ondervinding het oral geleer dat so 'n oplewing in een bepaalde rigting ook gepaard moet gaan van 'n soortgelyke ontwikkeling in die landbou. Welvaart berus ten slotte op 'n welgestelde en ontwikkelde boerestand. Jong state soos die Republiek behoort veral ook produseerders te wees van grondstowwe. Die Republiek, sê dr. Pronk, voer vir 'n groter bedrag landbou-produkte in as wat hy uitvoer en so 'n toestand kan nie voortduur nie.Die boere kan alleen meer produseer deur vermeerdering van hulle kennis hoe om te produseer. Hy skets wat gedoen kan word.

Deur deskundige en met beleid deurgevoerde proef-nemings en deur doeltreffende wette en regulasies kan byvoorbeeld die brandsiekte permanent uitgeroei word. Deur omheining kan die skaapteelt vermeerder en die weiveld verbeter word; 'n perderas wat moontlik on-vatbaar vir perdesiekte is, kan ingevoer en geteel word; longsiekte, rooiwater en „boschziekte" kan geheel

---

2.R.133/88: Dr.J.J.Pronk aan staatsdepartement en Uitvoerende Raad.

of gedeeltelik uitgeroei word; graan kan in groter hoeveelhede en goedkoper geproduseer word deur beter reëling van die arbeidskwessie, deur oordeelkundige gebruik van landboumasjinerie en deur boorgate en damme te bou volgens die reëls van die wetenskap en ervaring. Goeie wyn kan hier geproduseer word; tabak kan vir die Europese mark voorberei word. As dit alles gedoen kan word, is daar reeds veel tot stand gebring, meen dr. Pronk. Hy meen dat die noordelike deel van Transvaal moontlik 'n winsgewende gebied kan word vir die kweek van een of meer van die plante soos katoen, suiker, indigo, speserye, grondboontjies, kina, tee en so meer. Slegs wanneer hierdie dinge aangepak en deurgevoer word, sou die Suid-Afrikaanse Republiek aan sy hoë roeping beantwoord, nl. die hele Afrika oop te maak vir die beskawing „blootelyk met de wapenen des vredes , den toon aangevende in oeconomische en politieke beginselen". Dr. Pronk verseker die Regering dat die uitgawe verbonde aan die verwesenliking van so 'n verhewe doel buitengewoon gering sal wees in verhouding tot wat tot stand gebring sou word. Die Regering, sê hy, het reeds by Pretoria en elders in die Republiek geskikte plase wat vir proefnemings gebruik kon word.

Hy is van oordeel dat die eerste stap sou wees om 'n hoofamptenaar vir landbou aan te stel. Die kwalifikasie vir so 'n hoofamptenaar stel hy as volg:

> „Hy zou moeten zyn een Boer van ruime Zuid-Afrikaansche ondervinding, die tevens man van Wetenschap is en weet wat in andere landen in Landbouw zaken omgaat en hy zou er zich steeds van op de hoogte moeten houden door boeken, tydschriften en correspondentie".

Hierdie hoofamptenaar moes in organiese verband met die boere bly en in oorleg met hulle 'n verbeterde stelsel van Suid-Afrikaanse landbou opbou. Die boere sou die reg hê om van hom voortdurend die vereiste voorligting te ontvang en hy sou die Regering adviseer by die opstel van wette en regulasies vir die boerderybedryf. Indien die Regering nie wou instem tot die aanstelling van 'n hoofamptenaar vir landbousake nie, sou die beskermende invoerregte nie die gewenste uitwerking op die produksie hê nie en sou die betrokke artikel in die Onderwyswet van 1882 waar voorsiening gemaak word vir 'n modelboerdery, 'n doc letter bly.

Aan die staatspresident het dr. Pronk gevra dat hy in die betrekking van hoofamptenaar mag aangestel word. Hy grond sy aanspraak op die feit dat hy die eerste was wat die Regering op die noodsaaklikheid van so 'n instelling vir die landbou gewys het. Hy ag hom bekwaam vir die pos. Hy gee dan 'n beskrywing van sy kwalifikasies en ondervinding binne en buite Suid-Afrika. Hy beweer dat hy hom ook beywer het vir die instelling van die landboudepartemente van die Kaapkolonie.

Dr. Leyds, destyds staatsprokureur, het in 'n skrywe aan die staatsekretaris sy instemming betuig met die noodsaaklikheid vir die benoeming van 'n hoofamptenaar vir landbousake. Hy sê:

> „Wel echter komt my zeer wenschelyk voor de aanstelling van een ambtenaar, die aan het hoofd zou moeten staan van een gouvernements inrichting, zoo als zy in de meeste landen zyn, bestemd om de nationale landbouw en veeteelt te bevorderen. Die inrichting kan bestaan uit een Modelboerdery (waarvoor tevens zou kunnen voldaan worden aan de onderwyswet), een proefstation, een Stoetery, Zaad- en boomkwekeryen, die zaden en plantjes tegen geringen prys kan verkrygbaar stellen, enz.- Er valt natuurlyk zeer veel te beslissen alvorens zulk een plan tot uitvoering kan komen. Maar de zaak komt my van zoo groot gewicht voor dat ik haar in de meest ernstige aandacht der Regeering moet aanbevelen".(3)

Die nuwe jaar het nog nie ver gevorder toe dr. Pronk weer aan die staatspresident skryf om 'n nuwe voorstel te maak. Hy sê dat die koste verbonde aan die pos moontlik die Volksraad sou laat afsien van so 'n benoeming. Indien dit die geval is, wil hy daarop wys dat die pos van die superintendent van onderwys nou vakant is, en hy stel voor die kombinasie van die twee poste onder een hoof. Hy reken hy is bekwaam om daardie dubbele betrekking waar te neem.

Die Uitvoerende Raad het die saak nie in so 'n ernstige lig gesien as dr. Pronk nie. Laasgenoemde was genoodsaak om nog 'n keer te skryf. Op 19 Mei 1889 rig hy weer 'n skrywe aan die Uitvoerende Raad waarin

3. Ibid.

hy sy teleurstelling uitspreek dat die Volksraad nie in die sitting van 1888 die saak van 'n landboudepartement bespreek het nie. Hy verneem dat besluit is om 'n museum en botaniese tuin daar te stel waardeur die beskikbare fondse uitgeput sou word. „Ik acht het myn pligt tegenover alle ware burgers dezer Republiek er op te wyzen, dat in elk geval de aanstelling van een Hoofdambtenaar voor Landbouw alhier behoort vooraf te gaan...". Dan gee hy die redes waarom dit gedoen moet word. Hy beweer o.a. dat 'n museum en botaniese tuin los van 'n landboudepartement net sou dien tot vermaak van die inwoners van Pretoria of besoekers in plaas van tot nut van die boerestand en die Republiek in die algemeen.[4]

Die staatsekretaris se kommentaar op hierdie brief van dr. Pronk was dat die daarstel van 'n landboudepartement ontydig is. „Om dit nu reeds op te richten", teken hy aan, „zal in myn opinie wezen, wat men in engelsch noemt "a white elephant" - Alles onkoste en geen voordeel". Die pogings van dr. Pronk het, helaas, geen vrugte afgewerp nie.

Op 1 November 1889 het niemand minder nie as die destydse landmeter-generaal, die heer G.R. von Wielligh, die saak weer aangepak.[5] In sy pleidooi vir die stigting van 'n landboudepartement stel hy die taak van so 'n departement as volg:

1. Beheer oor lenings vir die bou van damme en dergelike inrigtings.
2. Beheer oor die invoer van opreggeteelde vee soos wolskape, volbloedperde, koeie en bulle van goeie melkrasse.
3. Beheer oor die invoer van nuwe soorte gewasse om nuwe aanplantings te bevorder.
4. Om onderrig te verskaf in die verbouing van onbekende gewasse, van wingerde en boomkwekerye.

Von Wielligh is oortuig van die noodsaaklikheid van 'n departement van landbou en van die groot waarde wat die staat daaruit sou verkry.

Die redakteur van <u>De Volksstem</u> het intussen die saak aangeroer. In 'n hoofartikel, „Landbouw -

---

4. Ibid.
5. Ibid., Von Wielligh aan staatsekretaris.

Staatszorg", gee die blad die eerste brief van dr. Pronk woordeliks weer.[6] 'n Paar maande later het die redakteur by die bespreking van die werk van die afgelope volksraadsitting weer na die saak verwys. In verband met die versoek van dr. Pronk skryf die blad:

> " De Regeering heeft er niet de minste notitie van genomen. De Boer, de voortrekker die het land schoongemaakt heeft, die nu nog de eenige steun der Regeering is in tyden van gevaar, de Boer en Landbouwproductie zyn niets. Shares zyn alles. En alles wat voor den Boer dit jaar verricht is in den Raad is dat men eene wet gemaakt heeft tegen de Australische Boomluis; eene wet die geheel onpractisch is en de boomen en den Boer zelf uitroeien mag, maar de boomluis zeker niet".[7]

Die Uitvoerende Raad het die saak eers in erns oorweeg toe president Kruger na die saak verwys het. By geleentheid van 'n besoek aan Christiana op 10 Maart 1890 het die staatspresident verklaar dat hy van voorneme was om 'n landboudepartement te laat instel.[8] Na aanleiding hiervan het De Volksstem die instelling van so 'n departement verwelkom.[9] Die redakteur het verwys na die veranderde omstandighede wat 'n nuwe stelsel van boerdery nodig gemaak het. Die blad verklaar dat daar voortdurend 'n tekort aan vleis, brood en ander lewensmiddele is. Die nuwe inkomelinge vereis groter produksie, maar hulle is selde self produseerders. Derhalwe het die kragte op landbougebied nie eweredig toegeneem nie met die bevolkingsaanwas nie. Die uitbreiding van die landbou het met 'n stadige tempo gegaan, terwyl die industrieë met rasse skrede toegeneem het. Verbruikers het vermeerder en ten gevolge gehad dat werkkragte van die boerdery weggetrek is. Daar is ook ander foute: die manier van teel van vee, die suiwelbereiding en die wolnywerheid geskied nie op die regte wyse nie. Die indiwidu moet die inisiatief aan die dag lê, maar die staat moet sekere sake behartig.Daarom is dit verblydend om van die staatspresident die voorneme te verneem om 'n landboudepartement in die lewe te roep. Die taak van so 'n departe-

6. De Volksstem, 6 Junie 1889.
7. Ibid., 8 Augustus 1889.
8. Ibid., 17 Maart 1890.
9. Ibid., 20 en 24 Maart 1890.

ment kan o.a. wees die invoer van opreggeteelde vee en van goeie saad; aanmoediging van tentoonstellings; die verspreiding van nuttige kennis en die bestryding van plant- en veesiektes. Die landboudepartement moet ook die taak hê om landboukrediet te voorsien.

By die opening van die Volksraad in 1890 het president Kruger die saak aangeroer en gesê:

„Het komt my wenschelyk voor dat een afzonderlyk departement worde ingesteld voor de behartiging der belangen van onzen landbouw en onze veeteelt. Ik stel my voor deze zaak aan uwe ernstige oorweging te onderwerpen". (10)

Die Uitvoerende Raad het uiteindelik aandag aan die belangrike saak gegee. Na aanleiding van die aangehaalde korrespondensie en die verwysing van die staatspresident het die Raad op 8 Mei 1890 besluit om aan die Volksraad voor te stel dat die instelling van 'n landboudepartement goedgekeur word.[11]

Die saak sou eindelik voor die Volksraad dien. Die huiwering waarmee die Regering vervul was om die saak op te neem, moet toegeskryf word aan die feit dat die Regering bekend was met die gesindheid van die boere teenoor so 'n aangeleentheid, nl. dat die gewone boer nie die noodsaaklikheid van so 'n staatsdepartement ingesien het nie. Die ware toedrag van sake sou dan ook aan die lig kom by die bespreking van die saak in die Volksraad. Daar was egter ook lede wat die behoefte aan so 'n departement besef het en hulle sou jaar na jaar daarvoor agiteer. Reeds in 1889 het die heer Celliers die saak aanhangig gemaak. Hy het versoek dat die Regering die saak moes oorweeg om in die sitting van 1890 'n voorstel in te dien vir die stigting van 'n landboudepartement.[12] Van verskeie kante is daar dus aangedring op die behartiging van boerebelange deur die instelling van 'n staatsdepartement vir landbou en veeteelt. Terselfdertyd het die skaarste aan lewensmiddele, veral op die goudvelde, die onvermoë van die bestaande boerderystelsel om in die

10. „Aanspraak", artikel 10, Mei 1890, EVR.40.
11. Besluite van die Uitvoerende Raad , art. 354, dd. 8 Mei 1890.
12. Notule van die Volksraad, art. 1249, dd. 2 Augustus 1889, EVR.40.

land se behoeftes te voorsien, aan die lig gebring.

Die aanbeveling van die Uitvoerende Raad het op 8 Mei 1890 in die Volksraad onder bespreking gekom. Daar was al heelwat oor die saak geskryf en die stukke voor die Raad was so lywig dat daar sprake daarvan was om die saak na 'n kommissie van die Volksraad te verwys vir 'n verslag. Daar is egter uiteindelik besluit om die betrokke stukke in die Raad te lees. „De Raad...besluit na lezing van al de desbetreffende stukken de zaak in den boezem van den Raad te behandelen".[13] Die tradisionele houding van die Transvaalse boer kom duidelik aan die lig uit die besprekings in die Volksraad. Die heer Lombard het gesê dat hy vir die saak al lank al moeg was. Hy het met niks saamgestem nie. So 'n instelling sou 'n hele aantal amptenare vereis. Die hoofbeampte sou tussen £1200 en £1500 per jaar ontvang. Hy sou in Pretoria sit en boekies skryf wat deur 'n paar mense gelees sou word maar nie deur die boere nie. „Bovendien zal hy de boeren heeten en gebieden op welke wyze zy hun boerdery moeten inrichten. Doen ze dat niet zullen ze nog beboet worden bovendien". Dit sou beter wees om die boere van werkvolk te voorsien. Die heer Spies het, verwysende na die lywige korrespondensie, gesê dat sy ondervinding hom meer geleer het as wat al die stukke bevat. Hy meen die huidige geslag het geen voorligting nodig nie. Hy kan nie verstaan dat 'n persoon nie in staat kan wees om 'n opreggeteelde ram van 'n minderwaardige tipe te kan onderskei nie. Die onderskeid was tog soos dag en nag. Wat baat dit om te praat van die bou van damme as dit nie reën nie? Die lede wat ten gunste van die instelling van 'n landboudepartement was, het gewys op die gebrek aan kennis ten opsigte van sekere boerderyaangeleenthede. Die doel van die Regering was nie om aan die boere voor te skryf nie, maar om voorligting te gee en kanale daar te stel waardeur inligting verkry kon word. So 'n departement sou byvoorbeeld opreggeteelde ramme, bulle en hingste aankoop, iets waartoe die boer nie altyd die nodige kennis gehad

---

13. Notule van die Volksraad, art.49, dd. 8 Mei 1890, EVR.40.

het nie. Die instroming van immigrante vereis 'n verhoogde produksie en die huidige stelsel van boerdery was daartoe nie in staat nie. Die staatspresident het gewys op die noodsaaklikheid van 'n departement om die boerderybelange te behartig. Arbeidbesparende masjinerie sou ingevoer word; landbouplae kon beter bestry word. Die Volksraad het eindelik besluit om die Regering opdrag te gee om regulasies vir die instelling van 'n departement van landbou te laat opstel en tydig in die Staatskoerant te publiseer.[14]

Vir die uitvoering van hierdie opdrag van die Volksraad het die Regering op 20 Mei 1890 dr.J.W. Fockens gevra om 'n verslag uit te bring oor die oprigting van 'n landboudepartement.Op 11 Junie 1890 het dr. Fockens sy verslag gereed gehad en aan die Regering voorgelê. Hy begin deur 'n aanduiding van sy bevoegdheid te gee, maar erken ewenwel dat hy nie genoegsame kennis van Suid-Afrikaanse omstandighede het nie . Hy neem die historiese ontwikkeling van die landbou in Nederland as leidraad vir die organisasie wat hy vir die Suid-Afrikaanse Republiek aanbeveel. En dan gaan hy van die standpunt uit dat 'n landboudepartement nie nodig is nie. Hy meen dr. Pronk se voorstelle is net moontlik op papier. Op die spoor van die organisasie van landbou-veeteelt in Nederland beveel hy aan dat vir elkeen van die vyftien distrikte van die Republiek 'n kommissaris van landbou of veeteelt benoem word. Elke landdros beveel 'n vooruitstrewende boer in sy distrik aan as kommissaris. Is daar meer as een bekwame boer, benoem die Regering uit die lys van name een boer as kommissaris van landbou as dit 'n oorwegende landbougebied is of 'n kommissaris van veeteelt indien veeboerdery die belangrikste tak van die boerdery is. So 'n kommissaris sal nie juis 'n besoldigde beampte wees nie, maar iemand wat dit as 'n erebetrekking beskou en tevrede sou wees met die vergoeding van sy reiskoste. Die gesamentlike werkkring van die vyftien kommissarisse sou die landboudepartement genoem kon word.

---

14. Ibid., art. 54, dd. 9 Mei 1890,EVR.40.

Een of twee keer per jaar reis die kommissaris deur sy distrik om elke plaas te besoek. Op vriendskaplike wyse verneem hy van die boere waaraan hulle hul sukses toeskryf of hy deel sy ondervinding mee en gee leiding in verband met wat hy reken gedoen kan word. So 'n kommissaris vind ook uit wat die behoeftes van sy distrik is. Wil 'n boer begin met besproeiing en moet 'n dam gebou word, ondersoek die kommissaris die noodsaaklikheid of die wenslikheid daarvan en beveel by die Regering aan om geldelike hulp te verleen uit die Landboufonds teen 'n geringe rentekoers. Sulke lenings word toegeken op verband van grond of op borgstelling en is terugbetaalbaar na ses jaar of langer.

Behalwe hierdie geldelike hulp moet aan elke distrik jaarliks 'n bedrag van £100 beskikbaar gestel word vir prysuitdeling. 'n Kommissie, bestaande uit die kommissaris as voorsitter, die landdros as sekretaris-penningmeester en die Volksraadslede as gewone lede, sal verantwoordelik wees vir die uitdeel van pryse. Hoofpryse kon uitgereik word aan die boer wat, na verhouding van die grootte van sy plaas, die meeste grond onder die ploeg bring, of die boer wat die grootste hoeveelheid landbouprodukte in die handel in omloop gebring het, of die boer wat die mees- in - die - ooglopende verbetering in sy veeboerdery aangebring het. Op die dag van die toekenning van hierdie pryse word 'n tentoonstelling in die hoofdorp van die distrik gehou. Pryse van geringer waarde word hier toegeken vir landbougewasse en vee. Op 'n bepaalde uur word 'n vergadering van boere en boervrouens gehou, desnoods in die kerkgebou as daar nie 'n ander lokaal beskikbaar is nie! Hier word die pryse oorhandig en sake van belang bespreek.

Aan die einde van elke jaar vergader die kommissarisse in konferensie in Pretoria om die ondervinding van die afgelope jaar mee te deel en belangrike aangeleenthede te bespreek. Hierdie konferensie word deur 'n afvaardiging van die Uitvoerende Raad bygewoon onder wie daar 'n regsgeleerde, 'n natuurkundige en die hoof van die Landboufonds moes wees.

Van hierdie konferensie ontvang die Volksraad 'n verslag.

Voorlopig beveel dr. Fockens nie 'n modelboerdery aan nie. Die oprigting en instandhouding sou te duur te staan kom. Vir die organisasie soos deur hom aan die hand gedoen, beraam dr. Fockens die koste as volg:

jaarlikse pryse vir 15 distrikte ......£1500
reiskoste vir kommissarisse gereken
teen £50 per jaar per distrik......... £ 750

Totaal...... £2250.

Vir hierdie verslag of skema stuur die heer Fockens 'n rekening van £10 aan die Regering.(15)

Hierdie ambisieuse skema van dr. Fockens het blykbaar glad nie in die smaak van die Regering geval nie, want daar is nooit daarna verwys nie. Die Regering was ongetwyfeld teleurgestel in die persoon van wie hy praktiese en deskundige raad en voorligting verwag het.

Die saak sou egter nie rus nie. Moontlik deur bemiddeling van dr. Pronk, het die redakteur van die Wynberg Times aan die staatspresident geskryf en hom 'n artikel uit die South African Agriculturist, byvoegsel tot genoemde blad, gestuur waarin die werk van die landboudepartement van die Verenigde State van Noord-Amerika bespreek word.(16) Die doel was om die staatspresident van inligting te voorsien ten einde die Volksraad met betrekking tot die instelling van 'n landboudepartement te kan voorlig. Van die kant van die boeregemeenskap was daar ook nog steeds belangstelling. Uit die Soutpansbergse distrik het S.J.Maré,C.J. Teves,Tzn., en 73 ander in 1891 die Volksraad versoek om 'n landboudepartement in die lewe te roep.(17) Die memoriekommissie het aanbeveel dat,

15. R.133/88: Verslag van dr. Fockens.
16. Ibid., Wynberg Times, 17 Mei 1890.
17. R.60/91: Memorie gedateer 12 Maart 1891.

weens die hoë koste verbonde aan so 'n instelling, die versoek van die hand gewys word.Etlike lede van die Volksraad kon hulle nie met die aanbeveling vereenselwig nie. Hulle wou weet wat van die opdrag van die vorige jaar geword het. Die staatspresident het nie eens melding gemaak van die verslag van dr. Fockens nie, maar verklaar dat die Uitvoerende Raad nog niks daaraan gedoen het nie.[18] Die Volksraad het egter by meerderheid van stemme beslis dat die aanbeveling van die memoriekommissie aanvaar word.[19] Die Soutpansbergers het weer die volgende jaar die instelling van 'n departement van landbou gevra. Die Volksraad het weereens afwysend geantwoord.[20]

Die Regering het in Februarie en Maart 1892 self pogings aangewend om op hoogte van sake te kom met die organisasie en die terrein van 'n landboudepartement. Eers is aan die regering van die Oranje-Vrystaat geskryf om besonderhede te vra van daardie staat se landboudepartement. In die Vrystaat het egter nog nie so 'n staatsdepartement bestaan nie. Ook Natal het geantwoord dat daar nog nie so 'n departement bestaan het nie. Die Kaapkolonie het verslae van sy departement gestuur, tesame met wette en regulasies.[21]

Vir president Kruger en ander verantwoordelike persone was dit beslis 'n teleurstelling dat die afkeuring van die Volksraad die saak van die boerdery benadeel het. Die teenkanting sou ook voortduur nieteenstaande sterker aandrang van die kant van ingeligte persone. Selfs hoofregter J.G.Kotzé het in 1892 in 'n antwoord op rekwisisies wat hom versoek het om as

18.Notule van die Eerste Volksraad,art.388,1891, EVR.44.
19. Ibid., art. 389.
20. Ibid., art.1056, 1892, EVR.47.
21. R.133/88:Kopieë van verslae van die landboudepartement, asook wette en regulasies.
Die eerste landboudepartement in die Kaapkolonie, onder beheer van 'n Sekretaris van Landbou, is in 1887 in die lewe geroep en het in verband met die kantoor van die Koloniale Sekretaris gestaan. In 1892 is 'n verandering gemaak toe die Departement van Landbou deel uitgemaak het van die Departement van Lande, Mynwese en Landbou. In 1894 het die Departement van Landbou egter 'n selfstandige staatsdepartement geword.(Wallace,R.:Farming Industries of Cape Colony,p.510.)

kandidaat vir die presidentsverkiesing te staan, sy oortuiging uitgespreek dat die boerdery agterlik bly, omdat daar nie 'n departement van landbou was nie.(22)

Die Volksraad moes in 1893 weer memories oorweeg in verband met 'n landboudepartement. Uit Potchefstroom het M.Fleischack en 83 ander die Volksraad versoek om 'n landboudepartement in te stel. Die memorialiste sê dat dit gewaardeer word dat die Regering die landbou bevorder deur aanmoediging van landbougenootskappe en deur heffing van invoerregte op landbouprodukte van buite. Dit alleen sal die landbou en veeteelt nie kragdadig vooruit help nie:

> „Er bestaat geen twyfel dat, tenzy die beide takken van industrie zich binnen kort krachtig ontwikkelen, dit land met zyne prachtige gelegenheden voor landbouw en veeteelt binnen enkele jaren byna geheel van het buitenland zal moeten afhangen voor leveringen van voedsel voor de steeds toenemende bevolking".(23)

Hulle wys ook op die gebrek aan kapitaal as 'n beperkende faktor vir die uitbreiding van die boerderybedryf. Vir die oplossing van die vraagstukke verbonde aan die boerdery stel die memorialiste die noodsaaklikheid van die stigting van 'n landboudepartement as van die grootste belang. Die hoof van hierdie departement moet die reg hê om uit fondse wat jaarliks op die begroting geplaas word vir die landbou, 'n voorskot aan boere te maak teen 'n lae rentekoers. Hierdie voorskot moet aangewend word slegs vir die verbetering van plase, die aanlê van damme en watervore en ander noodsaaklike werke. Die voorskotte moet by wyse van 'n reeks van aflossings terugbetaal word. Die amptenaar aan die hoof van die departement moet jaarliks verslag doen aan die Volksraad omtrent die toestand van landbou en veeteelt in die Republiek en middele aan die hand doen vir die verbetering daarvan, byvoorbeeld die invoer van hingste, bulle en ramme.

Talle ander memories uit die distrikte Soutpansberg,Pretoria,Waterberg, Heidelberg, Standerton en

22. Staats-Courant, 30 November 1892:byvoegsel bevattende rekwisisies uitgebring op kandidate vir die presidentsverkiesing met antwoorde daarop.
23. Inkomende stukke by die Volksraad,EVR 434/93: memorie van M.Fleischack en ander,1893.

Vryheid het, hoewel nie direk vir die instelling van 'n landboudepartement gevra is nie, versoek dat die Regering stappe doen vir die aanmoediging en bevordering van landbou en veeteelt.[24] Die memorie van die wyk Waterval, distrik Standerton, het verklaar dat daar baie moontlikhede bestaan het, maar dat die boere in die algemeen nie in staat was om self gewenste verbeterings en uitbreidings sonder regeringsteun aan te bring nie. Die Volksraad moes stappe doen om die landbou en veeteelt op 'n meer direkte wyse te bevorder as die heffing van invoerregte. Die aanbeveling van die memoriekommissie dat die Regering versoek word om 'n wetsvoorstel vir die daarstel van 'n landboudepartement te laat publiseer, is aangeneem.[25] Die staatsprokureur het op 23 Junie 1893 opdrag ontvang om so 'n wetsontwerp op te stel. By toesending van die ontwerp het hy aan die staatsekretaris geskryf:

> „Daar de opdracht spreekt van"oprigting" alleen en niet van "inrigting", m.a.w. het Departement van Landbouw Veeteelt moet eerst in het leven worden geroepen om zelf de regels en regulaties (ter nadere approbatie van den Volksraad) voor zich te maken, komt het my voor dat nevensgaande concept aan de opdracht van de Volksraad voldoet".(26)

Die konsep is deur die Uitvoerende Raad bespreek en op 18 Januarie 1894 goedgekeur.[27] In die konsep word slegs melding gemaak dat aan die hoof van die departement 'n hoofamptenaar sal staan wat die Regering van advies sou dien en wat jaarliks 'n verslag sal opstel oor die verrigtings van sy departement. Gelyktydig met die publikasie van die wetsontwerp het <u>De Volksstem</u> die noodsaaklikheid van 'n landboudepartement weer beklemtoon. Daar word, volgens die blad, nie ten volle gebruik gemaak van die middele en voordele wat die goudindustrie vir die landbou bring nie. As die Transvaalse boer sy oorspronklike reg van heer en meester

---

24. EVRR. 372/93, 689/93, 629/93,524/93,731/93,822/93, 1053/93 en 1054/93:memories uit Soutpansberg, Pretoria,Waterberg,Heidelberg, Standerton,Vryheid.
25. Notule van die Eerste Volksraad,art.384,dd.19 Julie 1893,EVR. 48.
26. R.133/88:staatsprokureur aan staatsekretaris.
27. Besluite van die Uitvoerende Raad, art. 33, dd. 18 Januarie 1894.

wil handhaaf, moet die saak van die boerdery daadwerklik aangepak word. Die eerste voorwaarde is samewerking van boer en boer en Regering. In die Kaapkolonie het die instelling van so 'n departement verreikende gevolge gehad vir die landbou. Die blad meen dat niemand beswaar kan maak teen geld wat bestee word in belang van hierdie belangrike nywerheid nie - nie die boer nie en ook nie die uitlander nie. Die grootste beswaar word gevrees van die kant van hulle wat teen nuwighede is. Maar hierdie nuwigheid is ten bate van die boerestand en daarom kan verset daarteen tog nie verwag word nie. Verder wys die redakteur op die taak van 'n landboudepartement. Daar moet proewe in verband met die grond en bodem gedoen word; daar is aankoop en beheer van waterbore, die verkryging van geskikte saad van allerlei soort; navorsing in verband met die heersende veesiektes , die uitgee van 'n landboutydskrif en nog veel meer is die taak van so 'n staatsdepartement. Die Regering doen nou sy plig. Die volk moet dit goedkeur.[28]

Ook De Boerenvriend het met die verskyning van die konsepwet die saak aangeprys:

> „Hoeveel ook de boeren der oude school mogen geneigd zyn wetenschappelyke boerdery te minachten en te bespotten, blyft nochtans het feit dat zoo wy onzelven niet op de hoogte brengen door landbouwers in andere landen bereikt, zullen wy nooit in staat zyn met hen te wedyveren".

Die blad wys ook op die doeleindes wat so 'n departement kan dien. Die noodsaaklikheid van 'n proefplaas waar die nodige proewe deur die staat gedoen kan word, word beklemtoon. Daar word gepleit vir 'n landbouskool onder beheer van die landboudepartement. Daar is ook voorligting nodig ten opsigte van besproeiing en die bou van damme. Die skaarste aan werkvolk maak dit des te meer noodsaaklik dat die boer van arbeidsparende masjinerie voorsien word deur middel van die landboudepartement.[29]

Na publikasie in die Staats-Courant het daar

---

28. De Volksstem, 30 Januarie 1894: hoofartikel, „Een Landbouw Departement".
29. De Boerenvriend, 17 Februarie 1894.

memories by die Volksraad ingekom.(30) Daar was tien memories wat die konsep afkeur, terwyl twee memories ten gunste van die konsep was. Twee memories het ook aangedring op die aanlê van 'n modelboerdery. Op 6 Julie 1894 is die memories en die konsepwet in behandeling geneem.(31) 'n Baie breedvoerige debat het gevolg by die bespreking van die strekking van die wet. Die twee uiteenlopende rigtings in die beskouing omtrent die boerdery, nl. die konserwatiewe rigting wat heeltemal tevrede was met die boerderystelsel van die dag, en die meer progressiewe rigting wat die noodsaaklikheid van wetenskaplike metodes besef het, tree hier baie duidelik voor 'n dag. Uit die bespreking kan afgelei word dat die meeste lede ten gunste van 'n landboudepartement was. Hulle het egter teen die wet gestem, omdat die meerderheid van die memories dit afkeur. Aan die kant van die voorstanders van 'n landboudepartement is kragtige pleidooie gelewer. Die lid vir Piet Retief, die heer Tosen, het gesê dat die boere nog geen wetenskaplike kennis gehad het nie en dit was baie nodig. Die boere weet byvoorbeeld nie hoe om koffie of rys of suiker te bewerk nie. Daarvoor is 'n deskundige nodig. In sy distrik was 'n moddervlei en niemand sou daar iets kon kweek nie. Toe kom daar vreemdelinge en lê die vlei droog en nou lewer dit duisend sak graan. In Piet Retief het nuwe inkomelinge skape wat die ander distrikte in die skande steek. Hierdie mense het 'n ander stelsel van boer. Hulle strewe die ou inwoners verby. Hulle het met niks begin nie en vandag staan hulle gelyk met die rykste boere. Die heer Meyer het verklaar dat so 'n departement voorligting kon gee in verband met bemesting, geskikte gewasse en grondontleding.

Aan die kant van die lede wat teen die wetsontwerp was, het die heer de Clercq gesê dat die boere self deskundiges op die gebied van die landbou en veeteelt was. Die heer Lombard sou hom nie laat voorskryf hoe om te boer nie. Die hoofamptenaar sou

---

30. Notule van die Eerste Volksraad, art. 722, dd. 6 Julie 1894, EVR. 52.
31. Ibid.

'n kantoor in die goewermentsgebou hê , bevele uitvaardig met 'n paar inspekteurs en dan sal daar memories instroom teen die pos en die persoon.

Die Raad het eindelik die konsep verwerp, „overwegende dat de overgroote meerderheid van het publiek zich daartegen verklaard heeft".[32] Die boeregemeenskap was teleurgestel in die konsep wat gepubliseer was en hierdie teleurstelling het uiting gevind in die memories wat daarteen ingedien is. Hierdie feit is later deur lede van die Volksraad erken.

President Kruger het in 1894 verklaar dat die instelling van 'n staatsdepartement vir die behartiging van die belange van die boere absoluut noodsaaklik was. Die burgers het egter nog nie die doel daarvan verstaan nie.[33] Daarom het hy nie daarby berus nie. By die opening van die Volksraad in 1895 het die staatspresident in sy openingsrede gesê:

> „Voor landbouw en veeteelt was het afgeloopen jaar over het algemeen voorspoedig. Doet het my genoegen ook op dit gebied vooruitgang te kunnen constateeren, toch meen ik andermaal U in overweging te moeten geven maatregelen te nemen deze van nature zoo ryke bronnen voor de meest algemeene welvaart in ons land te helpen ontwikkelen ,speciaal door het daarstellen van een Departement van Landbouw".(34)

Die voorstanders van 'n landboudepartement het in 1895 gesorg dat daar per memorie positief vir so 'n departement gevra word. Daar het 21 memories ingekom waarin versoek word dat die departement in die lewe geroep word. In die Volksraad het hierdie memories ter sprake gekom toe die „aanspraak" van die staatspresident aan die orde gekom het.[35] Die heer Jeppe het gesê dat die werk en pogings van al die landbougenootskappe nie die gewenste resultate gelewer het nie, omdat hulle werk nie gekoördineer was nie. Die koördinering van die werk van die landbougenootskappe moes uitgaan van die landboudepartement.

32.Ibid., art. 726, dd. 7 Julie 1894, EVR.53.
33.Ibid., art. 725.
34. Ibid., „Aanspraak", art. 21, 6 Mei 1895, EVR. 55.
35. Ibid., art. 429, dd. 20 Julie 1895, EVR.56.

Die heer F.Wolmarans het gevra waarom die Regering bulle wou invoer? So 'n stap sou die boerdery ten gronde rig, want ingevoerde beeste kan hier nie lewe nie. Iemand kan maar koei- of perdemis vir sy grond gebruik en nie mis wat uit Europa ingevoer is nie. Die departement sou nie die siektes en die droogtes kon afweer nie.

Na aanleiding van die groot aantal memories wat vir 'n landboudepartement gevra het, het die Volksraad die beginsel van die instelling van 'n departement van landbou aanvaar en besluit om die Regering op te dra om reëls op te stel vir die oprigting van 'n departement en dié te publiseer voor die eerskomende sitting. Die aansoek vir die in-die-lewe-roep van 'n modelboerdery is afgewys.[36]

Die Regering het die uitvoering van hierdie opdrag aan 'n kommissie opgedra wat die reëls vir die departement se praktiese werking moes opstel. Die kommissie het bestaan uit kommandant D.E.J.Erasmus van Grootfontein, Pretoria, as voorsitter ; die heer E.Strick (Ingenieur Agricole) as sekretaris, en as lede: dr. J.J.Pronk van Nylstroom, die here J.J. Enschedé van Sesmylspruit, H.J.Schoeman van Pretoria, N.J.Pretorius van Rietfontein en F.Fuchs.[37] Fuchs het egter nie aangeneem nie.Die kommissie het sy opdrag met erns aanvaar en probeer om statistiek in verband met landbou-veeteelt in te win . Hy het hom ook op hoogte van sake gestel met wat in ander state en kolonies gedoen word.[38]

Die besluit van die Volksraad om konsepregulasies vir die inrigting van 'n landboudepartement te laat opstel, is deur alle denkende persone verwelkom. Die Weekly Press het sy blydskap uitgespreek oor die besluit van die Volksraad.„The First Raad yesterday had a most important matter before it, and we are

---

36.Ibid., art. 430, dd. 20 Julie 1895, EVR.56.
37. R.11455/95,by R.7453/93.
38. R.10927/95: korrespondensie met die Kaapkolonie, Natal en die Oranje-Vrystaat.

pleased to see that it has, although by a bare majority, taken the right step and thus advanced a question that is of the greatest urgency to the burghers".(39)

Die kommissie wat sy werk op 4 November 1895 begin het, het die finale verslag op 22 November geteken. By die toesending van die verslag het die kommissie twee bylaes aangeheg, een 'n memorie van toeligting waarin die taak en funksie van so 'n departement uiteengesit word, en 'n tweede bylae bevattende kort uittreksels uit stukke wat deur die kommissie geraadpleeg is. Die doel was om aan die Regering verdere leiding te gee hoe om 'n landboudepartement in te rig. Uit die tweede bylae blyk dat die kommissie stukke geraadpleeg het in verband met landbou in die V.S.A.,België,Duitsland, Frankryk, Italië, die Kaapkolonie, Oostenryk, Nederland, Noorweë, Swede en Switserland. Daar is ook uittreksels uit 'n onderhoud met professor Fanner, M.B.A.,C.F.C.T. en professor Wallace wat deur die Britse regering aangestel was om 'n verslag op te stel oor die taak van die landboudepartement in die Kaapkolonie.(40) Die kommissie het verklaar dat die leidende gedagte by die opstel van die konsepbepalings die volgende was:

1. Die wenslikheid dat 'n departement van landbou en veeteelt wanneer dit tot stand gebring is, aanvanklik op 'n klein skaal met werksaamhede sal begin en hom gaandeweg sal bedien van advies van invloedryke boere ;
2. die oprigting van 'n Raad van Landbou wat die departement tersyde moet staan op so 'n wyse dat die departement nie op gesag van een persoon gewigtige besluite sal neem nie,maar as 't ware volgens die insigte van die kern van die hele boerende bevolking.

Artikel 3 van die konsepregulasies het voorsiening gemaak vir 'n Raad van Landbou wat die hoof van die departement van advies moes dien.Hierdie Raad sou bestaan uit drie verteenwoordigers van die Landboukommissies wat in vyf landboustreke benoem sou word. Omtrent die taak van die hoofamptenaar het die kommissie voorgestel dat die veestapel eers verbeter moes word deur beskikbaarstelling van 'n veearts en landbouskeikundige.

---

39. Weekly Press, 21 Junie 1895:„A Good Day's Work".
40. Professor R.Wallace se werk is te vind in sy boek: Farming Industries of Cape Colony,Londen,1896.

In die Memorie van Toeligting word die taak van die hoofamptenaar nader omskryf. Hy moes landboukennis versamel en versprei; hy moes ondersoek doen na die toestand van die boerderybedryf in die Republiek; „Hy moet zich in organisch verband stellen met de boeren, d.w.z.: Hy moet de Z.A.Republiek denkbeeldig verdeelen in vyf landbouwafdeelingen, elk zoveel mogelyk vertegenwoordigende een byzondere styl van boerdery, elk met een dorp of eene stad als middelpunt...". Uit so 'n streek moes uit die geledere van die boere 'n Landboukommissie saamgestel word. Die hoofamptenaar moes voortdurend in verbinding bly met die kommissie om te wete te kom wat die vraagstukke in elke besondere streek is. Onder die mees dringende sake waaraan so 'n amptenaar sy aandag moes gee, was:

1. Heersende en inheemse veesiektes waarvoor 'n staatsveearts aangestel moes word;
2. oplossing van die vraagstuk van gebrek aan water waarvoor 'n deskundige waterwyser gebruik moes word by die boor vir water;
3. verbetering van die veestapel, en
4. reëling van die arbeidskwessie.[41]

By 'n noukeurige deurlees van die stukke kan duidelik die spore van die stelsel van dr. Fockens bespeur word. Die gedagte was blykbaar om die ondervinding van praktiese boere nie verby te gaan nie en om nie die indruk te wek dat die hoof van die departement sal voorskryf hoe geboer moet word nie. Die uitgawes word ook soveel moontlik beperk.

Die Uitvoerende Raad het op 28 Januarie 1896 die konsepregulasies behandel en besluit om die stukke te publiseer vir inligting van die Volksraad en die publiek.[42] Daar het dadelik weer memories ingekom. Elf memories met 573 naamtekeninge het die konsep afgekeur en een memorie met 56 naamtekeninge het versoek dat die behandeling van die konsepregulasies uitgestel word.[43] Die persone wat die

---

41. R.133/88:Verslag van die kommissie, dd. 24 November 1895.
42. Besluite van die Uitvoerende Raad, art. 58, dd. 28 Januarie 1896.
43. Notule van die Eerste Volksraad, art. 544, dd. 9 Junie 1896,EVR.60.

vorige jaar memories ingedien het vir die verkryging van 'n departement van landbou , was tevrede dat die regulasies opgestel was en dat die Volksraad dit in sy sitting van 1896 sou behandel. Hulle het ongetwyfeld verwag dat die saak nie afgewys sou word nie en dit onnodig geag om weer per memorie hulle wense te kenne te gee. Die meeste van die lede van die Volksraad wat tydens die debat gepraat het, het hulle teen die aanname van die regulasies uitgespreek. Hulle besware was dieselfde as voorheen: die hoofamptenaar en sy personeel sou 'n hoë uitgawe meebring; die tyd was nog nie ryp nie en die volk was daarteen. Die heer Schutte het gesê :

> " Hy wilde naar de opinie van het Volk handelen en hoewel hy de wenschelykheid der zaak inzag, voelde hy zich niet gerechtigd er voor te stemmen, omreden het district Potchefstroom er tegen was". (44)

Die Volksraad het na breedvoerige bespreking die konsepregulasies verwerp en daarmee die saak van 'n landboudepartement vir die soveelste keer verongeluk.(45) Toe die Volksraad hierdie besluit geneem het, was die runderpes besig om verwoesting onder die beeste van die noordwestelike distrikte te saai en het die Regering vir Arnold Theiler as veearts benoem om die veepes die hoof te probeer bied.(46) Nie lank hierna nie sou die waarde van die wetenskap in die boerdery oortuigend bewys word. Vir die oomblik altans het onkunde en vooroordeel geseëvier en die boeregemeenskap die voorreg van 'n departement met deskundige leiding ontsê.

Die saak sou egter nie lank rus nie. Deur die ontsettende verlies aan vee deur die runderpes en die daarmee gepaardgaande verarming van 'n groot deel van die boerende bevolking, het die nood van die landbou en die veeteelt sterk onder die aandag van die volk en sy leiers gekom. Op 15 November 1897 hou die Vereniging van Transvaalse Landbougenoot-

---

44. Ibid., art. 545, dd. 9 Junie 1896, EVR. 60.
45. Ibid., art. 547.
46. Vir meer besonderhede sien hoofstuk XI, Veesiektes, p. 402.

skappe sy eerste kongres in Pretoria.[47] Die bestuur van hierdie Landbou-Unie het dr. J.W.B.Gunning, lid van die landbougenootskap van Pretoria en hoof van die staatsmuseum, gevra om 'n voorlesing by hierdie geleentheid te hou. Dr. Gunning het as tema geneem die onderwerp: „Waar zyn wy en waar moeten wy heen?" Hierdie geskiedkundige gebeurtenis in die ontwikkeling van die boerderybedryf in die Suid-Afrikaanse Republiek het met die rede van dr. Gunning 'n nuwe tydperk ingelui en die noodsaaklikheid van 'n landboudepartement met soveel oortuiging bepleit dat die denkende publiek dit nie kon verontagsaam nie. Naas dr. Pronk kom die eer aan dr. Gunning toe dat die doel en taak van 'n landboudepartement duidelik en helder gestel is.

Nadat dr. Gunning gewys het op die noodsaaklikheid van 'n landbouskool, 'n modelboerdery en 'n proefstasie, het hy voortgegaan:

> „Deze landbouwschool, die modelboerdery, en een natuurlyk daaraan verbonden proefstation, moeten onder één administratief hoofd vereenigd worden, waardoor vanzelf ontstaat een landbouwdepartement waarvan het hoofd, evenals de hoofden van alle andere departementen het volk zelf, dat is aan de Volksraad verantwoordelyk moeten wezen".(48)

Dr. Gunning het verklaar dat enkele persone miskien wou weet wat so 'n departement sou doen behalwe net die oog te hou oor die genoemde inrigtings. Dit sou die taak van so 'n departement wees om gereelde metereologiese gegewens te versamel ten einde reënvalstreke te kan aandui om daardeur te wete te kom watter streke geskik was vir veeboerdery, of watter gewasse in 'n sekere streek met sukses verbou kon word. Die departement moes die bosbou behartig; moes landboustatistiek versamel, sodat die Republiek kon weet wat sy bronne van inkomste en welvaart is.Hy het verklaar:

> „ Indien er geen speciaal departement is, dat zich uitsluitend bemoeit met landbouwzaken, wat zal er dan worden van de belangryke rapporten omtrent de uiterst gewichtige proeven genomen door Dr. Koch, Dr. Danysz, Dr. Bordet en Dr. Theiler? Deze zaken zullen helaas een

47. Publikasies van die Suid-Afrikaanse Republiek, No.135 :„Notulen van eene vergadering van Transvaalsche Landbouwkundige Genootschappen gehouden te Pretoria op Maandag, 15 November 1897".
48. Ibid.,pp.16-18.

ellendige rustplaats vinden in de loketkast, in het een of ander fraai gebouw in Pretoria, en na verloop van een paar jaar onherkenbaar en onleesbaar wezen, door de heerlyke invloed van Pretoria's stof, inplaats van dat zy bewerkt en gezift worden door kundige handen en dat de proeven verder genomen worden en de behandeling der veeziekten verder bestudeerd worden, zoodat wy met afdoende middelen gewapend zyn indien een of andere nieuwe pest later opnieuw onze grenzen mocht overschryden om ons vee te decimeeren".

Dr.Gunning het verder daarop gewys dat die rede vir die swak resultate wat die veeartse op hulle werk gevind het, toe te skryf was aan die gebrek aan 'n kragtige hoofamptenaar wat spesiaal met die administrasie van die landbou belas was; wat die veeartse moreel en geldelik kon steun en hulle belange by die Regering en Volksraad kon voordra:

„Wy hebben tans reeds enkele bekwame mannen door de Regering aangesteld om te werken in landbouw en veezaken; mocht toch de Regeering deze gelegenheid niet laten voorbygaan om ze te vereenigen onder één hoofd, zoodat de belangryke verkregen resultaten in Kapitaal, in nationale rykdom kunnen worden omgezet".

Hy het verder melding gemaak van die taak van die landboudepartement by die uitgee van 'n landboutydskrif, „ een blad waarvan de lezers niet behoeven geslingerd te worden in politieke kwesties maar waarin zy te lezen krygen op een eenvoudige en bevattelyke wyze wat hun eigen edel beroep aangaat". Hy het voortgegaan:

„ Dit departement moet eene vraagbaak worden voor allen die hulp en voorlichting zoeken omtrent parasitaire ziekten in planten, granen en dieren; aan dit departement behoorde als een integreerend deel verbonden te zyn een landbouwmuseum, eene doorlopende tentoonstelling en veraanschouwelyking van hetgeen in andere landen uitgevonden en uitgedacht is voor 't besparen van tyd, geld en arbeid".

Die saak was van soveel belang dat geen koste ontsien moes word nie. Is dit 'n skandaal waarvoor geywer word? het dr. Gunning gevra. „Staat niet onze nationale eer, ons nationaal belang en ons nationaal bestaan op het spel? Zyn soms landbouw en veeteelt onteerende bedryven, waarvoor wy schoorvoetend en steelsewyze gunsten moet vragen?".

Dr. Gunning het ten slotte gesê dat niemand so

dwaas was nie om te ontken dat die mynindustrie veel gedoen het vir die vooruitgang van die Republiek, maar God behoed dat die grond, die bodem self, wat deur bloed en stryd onafhanklik geword het, deur gebrek aan regmatige steun deur die Regering aan die boerebevolking uit die hande sal gaan van hulle en hulle kinders aan wie dit regmatig toekom.

Hierdie besielende rede van dr. Gunning het oortuigingswerk gedoen. Die kongres het dan ook die saak verder geneem en besluit dat 'n versoek aan die Regering gerig word om 'n landboudepartement daar te stel.[49] Die Regering het geantwoord met 'n verwysing na wat in 1896 gebeur het toe die Volksraad die konsepregulasies verwerp het.[50] Die bestuur van die Landbou-Unie het hierop 'n memorie opgestel en dit in verskeie distrikte laat teken. In die memorie word gewys op die agteruitgang van die landboubedryf gedurende die laaste aantal jare. Die Volksraad word versoek om 'n einde aan die benarde toestand te maak. Een van die stappe wat nodig was vir die herstel van die boerdery, was die stigting van 'n landboudepartement.

Die tweede kongres van die Vereniging van Transvaalse Landbougenootskappe het op 25 Februarie 1898 in Potchefstroom vergader. By hierdie geleentheid het dr. Gunning weer 'n rede gehou waarin die dringendheid van die behoefte aan 'n landboudepartement nogeens benadruk is. Hy het gewys op die veranderde omstandighede as gevolg van die toestroming van mense na die stede waardeur die produserende volksgedeelte kleiner word in vergelyking met die verbruikers. Daarom is vakkundige leiding nodig om die produksie te verhoog. Hy het verklaar dat 'n gees van laksheid en onverskilligheid ten opsigte van die boerderybedryf ingetree het. Die Regering wat verantwoordelik is vir die welvaart van die volk en land, behoort die oprigting van 'n landboudepartement deur te voer, selfs indien die volk daarteen gekant is. Die Regering skryf af

49. Ibid., Tweede kongres, 1898.
50. Vergelyk notule van die Eerste Volksraad, art. 547, dd. 10 Junie 1896, EVR.60.

en toe dae van verootmoediging uit, maar die volk maak self sulke dae „onwerkzaam", omdat nie gehandel word volgens wat gevra is nie. „Als er droogte is, wordt gevraagd: Geef regen! wy vergaan! terwyl zacht daarby gevoegd wordt: Geef regen en ik zal zorgen dat er zoo min als mogelyk in dammen bewaard zal worden, en dat het kostbare nat zoo spoedig mogelyk naar de rivieren kan afvloeien". Die boeregemeenskap besef nog nie die waarde en plek van hulle bedryf in die nasionale volksbestaan nie. Hulle moet daartoe opgelei en voorberei word:

> „Wy moeten als natie opgewekt worden en opstaan tot een werkelyk groeiend leven. Wy moeten allen ons steentje aandragen tot opbouw van onze nationale bloei. Deze Republiek heeft een roeping, ook op politiek gebied. Door zyn enormen rykdom in mineralen , door zyn uitgestrektheid van bebouwbaren grond, door zyn overheerlyk klimaat, moet dit land het centrum van Z.Afrika worden in elk opzicht".

Die Republiek moet die bakermat van die Afrikaanse nasie word.„Wy kunnen en moeten onze naburen jaloersch maken om tot onze Afrikaansche natie te behooren door dat de Regeering toont, dat zy een open oog heeft en zorgt voor de ware belangen van de landbouwende bevolking". Dr. Gunning het gesê dat daartoe nodig is 'n kragtige kern waarvan na alle rigtinge besielende krag en 'n dinamiese lewe uitgaan. Hierdie aktiewe kern is die departement van landbou. Hoewel dit heelwat sal kos, is dit 'n baie goeie belegging. Hy verwys vervolgens na wat die deskundiges onder leiding en beskerming van die landboudepartement in die Kaapkolonie gedoen het deur die bestryding van brandsiekte, Phylloxera en die Australiese Boomluis.

Op die spoor van die Regeringskommissie wat in 1895 ontwerpregulasies vir die daarstel van 'n landboudepartement opgestel het, beveel dr. Gunning ook aan 'n Raad van Landbou wat as verteenwoordiging van die boerende gemeenskap en die handel moes optree. Hierdie Raad sou 'n skakel tussen die hoof van die departement aan die een kant en die boere en die handel aan die ander kant wees. Verder het hy nadruk gelê op die dienste wat 'n landboutydskrif sou verrig; op die taak van so 'n departement ten opsigte van

besproeiing; die noodsaaklikheid van koöperasie en die belangrikheid van veeartse. Ten slotte het hy aan die hand gedoen dat 'n kragtige versoek van die kongres uitgaan tot die Regering vir die stigting van 'n departement vir die behartiging van die landboubedryf.[51]

Die kongres het sy goedkeuring betuig met die opstel van memories onder leiding van die uitvoerende bestuur van die Landbou-Unie. Die vergadering het nog verder gegaan en besluit om 'n memorie van die kongres, geteken deur die afgevaardigdes, aan die Volksraad deur te stuur in tyd vir die sitting in Mei 1898. In hierdie verband is dit wenslik geag om 'n konsepwet op te stel en aan die Volksraad voor te lê, met die versoek dat dit gepubliseer word. Verder is besluit dat, indien die Volksraad daar nie gehoor aan wou gee nie, die lid vir Vryheid, die heer Louis Botha, die saak in die Volksraad sou opneem. 'n Kommissie is benoem om die konsepwet te formuleer.[52]

Kort hierna, op 4 Maart 1898, het die here C.Tosen, Dieperink en tien ander volksraadslede die Regering versoek om weer 'n konsepwet vir die in-die-lewe-roep van 'n landboudepartement te publiseer en dit vir behandeling aan die Volksraad in die komende sitting voor te lê. Die lede het verklaar dat die saak geen uitstel kon duld nie.[53]

Die staatsprokureur aan wie die opstel van 'n konsepwet opgedra was, het die Regering verwys na die geskiedenis van die hele aangeleentheid en erken dat hy as leek op landboukundige gebied nie 'n beter konsep kon opstel as wat die kommissie van deskundiges in sy verslag van 22 November 1895 aan die Regering voorgelê het nie. Die Uitvoerende Raad het daarop besluit om dieselfde konsep weer aan die Volksraad voor te lê.[54] Die konsep is egter nie weer gepubliseer nie.

51. Publikasies van die Suid-Afrikaanse Republiek, Z.A.R. No.135: Notule van die tweede kongres van die Landbou-Unie, Potchefstroom, 1898.
52. Ibid. Die lede van die kommissie was: J.Z. de Villiers, dr. Gunning, J.J.Enschedé, A.von Levetsow en F.T. Nicholson.
53. R.2587/98.
54. Besluite van die Uitv.Raad, art. 472, 3 Mei 1898.

Intussen het die memories onder leiding van die Landbou-Unie by die Volksraad ingekom. Die memories was afkomstig uit Potchefstroom, Pretoria, Ermelo, Nylstroom, Lydenburg, Utrecht, Wakkerstroom en Vryheid.[55] Die memories het gewys op die agteruitgang in die boerdery gedurende die afgelope aantal jare. Daaraan moes 'n einde gemaak word en hulle glo dat die eerste noodsaaklike stap die skepping van 'n landboudepartement was „ zooals breedvoerig besproken werd op 't eerst Landbouwkundig Congres, gehouden te Pretoria, 15 November 1897". Die memories uit Wakkerstroom het gesê dat daar veel vir die myne gedoen word maar bloedweinig vir die boerderybedryf.

Die urelange bespreking van die saak in die Volksraad het gegaan oor die vraag of die saak behandel kon word as dit nie volgens die grondwet eers vir kennisname gepubliseer was nie. Die Raad het besluit om die regulasies nie in behandeling te neem nie, maar om die Regering te vra om na aanleiding van die memories weer regulasies te laat opstel en te publiseer, minstens drie maande voor die aanstaande gewone sitting van die Eerste Volksraad , sodat die volk kon besluit. Verder het die Raad dit nodig geag dat die Regering 'n deeglike ondersoek instel na die toestand van die boerderybedryf. Die verslag moes saam met die konsepregulasies in die aanstaande sitting behandel word.[56]

Na aanleiding van hierdie besluit het die staatsekretaris op 27 April 1899 'n sirkulêre brief opgestel en aan die landdroste gestuur waarin gevra word dat hulle in oorleg met en met raadpleging van die veldkornette en kommandant van hulle distrikte so spoedig moontlik die gevraagde inligting moes verstrek ten opsigte van die volgende vrae:

1. Wat is die toestand van die landbou in u distrik?
2. Hoeveel graan is daar hierdie jaar in u distrik gewen of hoe groot sal die oes wees?

---

55. Notule van die Eerste Volksraad, art. 845, dd. 18 Julie 1898, EVR. 73.
56. Ibid., art. 847, dd. 19 Julie 1898,EVR. 73.

3. Watter voorstelle het u te doen vir die verbetering van die landbou?
4. Kan die distrik in eie behoeftes voorsien?
5. Kan die distrik nog uitvoer na ander distrikte?
6. Hoe staan dit met die veeteelt?
7. Is daar nog siektes, so ja, watter siektes?
8. Watter voorstelle het u te doen vir die verbetering van die veeteelt?[57]

In Junie 1899 het vyftien landdroste reeds geantwoord op die navraag. Ongelukkig kan hierdie belangrike verslae nie gevind word nie. Slegs die verslag van veldkornet Derksen van Boksburg kon gevind word. Onder aanbevelings onder vraag 3 beveel hy o.a. dat voorsiening gemaak moet word vir „Mest" en „Guano" , want dit is dringend nodig. Vir die verarmde burgers moes landbougereedskap teen geringe pryse verskaf word. Onder vraag 8 beveel hy aan dat die Regering opreggeteelde hingste, ramme en bulle moet invoer wat dan op billike voorwaardes aan die burgers verhuur of verkoop kon word.[58]

Die Uitvoerende Raad het verder ook in opdrag van die Volksraadbesluit van 19 Julie 1898 die konsepwet met memorie van toeligting wat in 1896 verwerp is, nogeens gepubliseer.[59] Die opdrag van die tweede kongres van die Transvaalse Landbou-Unie aan 'n komitee om 'n konsepwet op te stel vir leiding van die Volksraad het ook nie werklikheid geword nie. Op die derde kongres, gehou in Mei 1899, is gerapporteer dat die saak in die huidige sitting van die Volksraad bespreek sou word en dat die inligting wat deur die Landbou-Unie versamel is, die basis kon vorm vir die uitvoering van die voorstelle in die konsepwet.[60] Die kongres het toe die gepubliseerde konsep met memorie van toeligting bespreek. 'n Paar wysiginge

57. Sien omsendbrief aan landdroste: R.2587/98 by R.133/88.
58. R. 2587/98, antwoord van veldkornet Derksen.
59. Buitengewone Staats-Courant, 1 Februarie 1899.
60. Publikasies van die Suid-Afrikaanse Republiek, Z.A.R. No.135: Notule van die derde kongres van die Vereniging van Transvaalse Landbougenootskappe, 6 Mei 1899, in Johannesburg.

is aanbeveel: waar artikel 2 van die konsep bepaal dat die hoof van die departement 'n bekwame en ervare persoon moes wees, het die kongres dit gewysig tot 'n „deskundige" persoon. Ten opsigte van artikel 3 van die konsepregulasies beveel die kongres aan dat die „Raad van Landbou" sou saamgestel word uit lede van die Uitvoerende bestuur van die Transvaalse Landbou-Unie . In distrikte waar nog geen landbougenootskappe bestaan het nie, kon die Regering 'n lid vir die Raad aanstel of die publiek kon een kies. Dit sou die beswaar van die Landbou-Unie teen artikel 2 van die memorie van toeligting uit die weg ruim. Die Landbou-Unie maak beswaar daarteen dat die Republiek in vyf denkbeeldige landbouafdelings verdeel word met vyf permanente landboukommissies, kommissies wat moontlik teenstrydige advies aan die hoofamptenaar kon verstrek. Die kongres het voorts besluit om aan die Regering voor te stel dat artikel 11 van die konsep geskrap word, aangesien genoemde artikel in stryd met die memorie van toeligting was , in die besonder artikel 6, en aangesien die landswette bowendien voorsiening maak vir die aanstel van nuwe amptenare.[61]

Hierdie voorstelle is deur 'n afvaardiging uit die bestuur van die Landbou-Unie met die Uitvoerende Raad bespreek. Die Uitvoerende Raad het besluit om die voorstelle te verwys na 'n kommissie wat nog aangewys moes word. Die dreigende oorlog met Groot-Britanje het van nou af alle aandag van die Regering en Volksraad opgeëis en toe die oorlog in Oktober 1899 uitbreek, was die stryd vir die instelling van 'n landboudepartement nog nie gewen nie.

## SAMEVATTING.

Twaalf jaar lank is daar van verskeie kante en met behulp van verskillende organisasies en persone geagiteer vir 'n staatsdepartement wat belas sou wees met die behartigting van boerebelange. 'n Volksraad

61. Artikel 11 het bepaal dat die Regering nie meer amptenare in die departement kon aanstel voordat die Volksraad sy goedkeuring gegee het nie.

wat vir die grootste gedeelte daarvan uit boere bestaan het, het self telkemale die saak verongeluk. As die oortuigende en kragtige wyse waarop dr. Pronk en dr. Gunning en ander die saak bepleit het, en die omstandighede wat in die negentiger jare die stigting van 'n landboudepartement gebiedend noodsaaklik gemaak het, in aanmerking geneem word, word eers ten volle besef hoe die konserwatisme van die republikeinse boer blind was vir die eise van die tyd. Waar die boer bereid was om hoë koste aan te gaan in belang van die goudmynbedryf, daar wou hy geen koste maak vir hulp en leiding aan sy eie mense en sy eie bedryf nie. Die afwesigheid van 'n staatsdepartement vir landbousake was oorsaak dat geen beplanning van die boerderybedryf ooit plaasgevind het nie; dat pogings om hulp te verleen in baie gevalle misluk het en dat koördinering van die pogings uitgebly het. Die meeste boere het gereken dat 'n staatsdepartement niks kon vermag teen droogtes, sprinkaanplae en veesiektes nie. Die taak en funksie van 'n landboudepartement is nooit begryp en gewaardeer nie.

---------------

RHODES UNIVERSITY LIBRARY